# Die gesin as primêre geloofseenheid in 'n postmoderne konteks: 'n pastorale studie

**Thomas Larney**
HDB, Hons BA, Hons BBibl, MA

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Pastoraal aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof dr GA Lotter

September 2009

# INHOUDSOPGAWE

**Inhoudsopgawe ..... i**

**Hoofstuk 1: Inleiding, oriëntering en probleemstelling ..... 1**

1.1 Oriëntering en probleemstelling ..... 1

1.1.1 Oriëntering ..... 1

1.1.1.1 Die gesin – 'n definisie ..... 2

1.1.2 Probleemstelling ..... 4

1.2 Doelstelling en doelwitte ..... 6

1.3 Sentrale teoretiese argument ..... 6

1.4 Metode van ondersoek ..... 7

1.5 Hoofstukindeling ..... 7

**Hoofstuk 2: Skrifperspektiewe op die gesin ..... 9**

2.1 Inleiding ..... 9

2.1.1 Skrifberoep oor die gesin ..... 9

2.2 Die tipering van Bybelse gesinne ..... 10

2.3 Die Ou Testament ..... 12

2.3.1 Algemeen ..... 12

2.3.2 Terminologie ..... 12

*2.3.2.1 Shevet* ..... 13

2.3.2.2 *Mispachah* ........ 13

2.3.2.3 *Bet av / bait* ........ 13

2.3.3 Sleutelkenmerke van die huishouding ........ 14

2.3.3.1 Gesinsvorm ........ 14

2.3.3.2 Ekonomiese ingesteldheid van die huishouding ........ 14

2.3.3.3 Onderlinge saamgebondenheid ........ 14

2.3.4 Patriargaat en gesinstruktuur ........ 15

2.3.5 Die priesterskap van die gesin ........ 16

2.3.6 Die gesin as metafoor vir Israel se verhouding met God ........ 18

2.4 Die Nuwe Testament ........ 19

2.4.1 Algemeen ........ 19

2.4.2 *Oikos* – die gesin as heiligdom ........ 19

2.4.3 Die vroeë Christendom as uitdaging vir die gesin ........ 20

2.4.4 Die huistafels ........ 21

2.4.5 Huwelik, gesin en kerklike leierskap ........ 22

2.5 'n Bybelse model van die gesin ........ 22

2.5.1 Grondslae van die gesin in die huwelik ........ 23

2.5.1.1 Die man se behoefte aan 'n maat ........ 23

2.5.1.2 Die gelyke en helper ........ 23

2.5.1.3 As beeld van God ........ 24

2.5.1.4 Verlating en vereniging ........ 24

2.5.2 Die doelstellings van die gesin ........ 25

2.5.2.1 Die gesin as draer van verlossing ........ 25

2.5.2.2 Die gesin as basis vir voortplanting ... 26

2.5.2.3 Die gesin as getuienis – 'n demonstratiewe doelstelling ... 26

2.5.2.4 Die gesin as medium vir koestering en opvoeding ... 27

2.5.3 Gesin en kerk ... 28

2.5.3.1 Die gesin as (historiese) voorganger van die kerk ... 28

2.5.3.2 Die gesin as komponent van die kerk ... 29

2.5.3.3 Die gesin as beeld vir die kerk ... 29

2.5.3.4 Die kerk teenoor die gesin ... 31

2.6 Gevolgtrekkings ... 32

2.7 Ten slotte ... 33

**Hoofstuk 3: Die gesin: kontinuïteite, diskontinuïteite en essensies ... 35**

3.1 Inleiding ... 35

3.2 Historiese perspektiewe ... 35

3.2.1 Die gesin in die antieke Israel ... 36

3.2.2 Gesinne in die Grieks-Romeinse wêreld ... 37

3.2.3 Die gesin in die vroeë Christendom ... 38

3.2.4 Die gesin in die Middeleeue en die Reformasie ... 40

3.2.5 Die gesin ná die Industriële Revolusie ... 41

3.3 Essensiële aspekte van die gesin ... 45

3.3.1 Die gesin as basis van veiligheid, liefde en geborgenheid ... 45

3.3.2 Onderrig en dissipline ... 47

3.3.3 Ekonomiese rol ... 48

3.3.4 Verhouding tot die breër gemeenskap ... 50

3.4 Die gesin in 'n postmoderne tydsgewrig ... 52

3.4.1 Inleidend ... 52

3.4.2 Modernisme en postmodernisme: wortels ... 54

3.4.3 Fasette van die postmodernisme en die postmoderne wêreld ... 54

3.4.4 Invloede op die gesin ... 57

3.4.4.1 Die moderne gesin – 'n tipering ... 58

3.4.4.2 Ontwikkeling van die postmoderne gesin ... 59

3.4.4.3 Spesifieke invloede op gesinne en kinders ... 60

3.4.5 Die Christendom en die postmodernisme ... 62

3.5 Gevolgtrekkings ... 63

3.5.1 Geen vaste vorm ... 63

3.5.2 Ekonomiese entiteit ... 64

3.5.3 Nie 'n private bastion ... 64

3.5.4 In wisselwerking met ander ... 65

3.5.5 Draer van waardes ... 65

3.6 Ten slotte ... 66

**Hoofstuk 4: Metateoretiese perspektiewe op die rol van die gesin ... 67**

4.1 Inleiding ... 67

4.1.1 Metateorie: 'n verantwoording ... 67

4.2 Tipering van hulpwetenskappe ........ 68

4.2.1 Godsdienssosiologie ........ 68

4.2.2 Godsdienspsigologie ........ 69

4.2.3 Gesinstudies ........ 70

4.3 Die verhouding tussen georganiseerde godsdiens en gesinne of families ........ 72

4.3.1 Historiese ontwikkeling en kulturele variasies ........ 72

4.3.2 Godsdiens en gesin: wedersydse invloede ........ 74

4.3.2.1 Veranderinge in die gesin ........ 75

4.3.2.2 Invloede op godsdiensbelewing en kerke ........ 77

4.3.2.3 Veranderinge op die kerklike toneel ........ 79

4.4 Die rol van ouers in die morele en etiese ontwikkeling van die kind ........ 80

4.4.1 Filosofiese perspektiewe ........ 81

4.4.2 Moderne wetenskaplike modelle van morele ontwikkeling ........ 82

4.4.2.1 Strukturalistiese beskouing ........ 82

4.4.2.2 Sosiale leer-beskouing ........ 83

4.4.2.3 Psigoanalitiese beskouing ........ 84

4.4.3 Die rol van ouers binne die verskillende modelle ........ 84

4.4.3.1 Strukturalistiese beskouing ........ 84

4.4.3.2 Sosiale leer-beskouing ........ 85

4.4.3.3 Psigoanalitiese beskouing ........ 85

4.4.4 Determinante by effektiewe waarde-oordrag ........ 86

4.4.4.1 Gesinskohesie ........ 86

4.4.4.2 Gesinsaanpasbaarheid ........ 86

4.4.4.3 Gesinskommunikasie en ooreenstemming tussen ouer en adolessent ... 87

4.5 Die ouer en godsdienstige ontwikkeling en oordrag ... 87

4.5.1 'n Algemene model ... 89

4.5.2 Relatiewe invloed van ouers ... 90

4.5.2.1 Vaders en moeders ... 90

4.5.2.2 Ander verbande se invloed ... 90

4.5.3 Die proses van godsdienstige ontwikkeling ... 91

4.5.4 Determinante van godsdienstige ontwikkeling ... 92

4.6 Gevolgtrekkings ... 94

**Hoofstuk 5: Gesinsbelewenisse *oor* waardes, geloof en kerk: 'n empiriese studie ... 97**

5.1 Inleiding ... 97

5.2 Metodologiese verantwoording ... 99

5.2.1 Verskillende paradigmas ... 99

5.2.2 Kwalitatiewe navorsing ... 102

5.2.2.1 Aard en kenmerke ... 102

5.2.2.2 Toepassing ... 103

5.2.2.3 Komponente en metodes ... 103

5.3 Keuse van 'n benadering ... 105

5.3.1 Basiese individuele onderhoude ... 107

5.3.2 Fokusgroep-onderhoude ... 107

5.3.3 Keuse van respondente ... 108

| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | Identifikasie van temas vir onderhoude | 109 |
| 5.4.1 | Resultate van basis- en metateorie | 109 |
| 5.4.1.1 | Die gesin en die Skrif | 109 |
| 5.4.1.2 | Die gesin se verhouding tot die kerk | 110 |
| 5.4.1.3 | Die priesterskap van die gesin | 111 |
| 5.4.1.4 | Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline | 111 |
| 5.4.1.5 | Onderlinge saamgebondenheid van die gesin | 112 |
| 5.4.1.6 | Die verhouding van vader tot moeder | 112 |
| 5.4.1.7 | Die openbare rol van die gesin | 113 |
| 5.4.1.8 | Die verhouding met ander samelewingsverbande | 113 |
| 5.4.1.9 | Die ekonomiese rol en waardes van die gesin | 114 |
| 5.4.2 | Riglynvrae vir onderhoude | 114 |
| 5.4.2.1 | Die gesin en die Skrif | 115 |
| 5.4.2.2 | Die gesin se verhouding tot die kerk | 115 |
| 5.4.2.3 | Die priesterskap van die gesin | 115 |
| 5.4.2.4 | Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline | 115 |
| 5.4.2.5 | Onderlinge saamgebondenheid van die gesin | 115 |
| 5.4.2.6 | Die verhouding van vader tot moeder | 116 |
| 5.4.2.7 | Die openbare rol van die gesin | 116 |
| 5.4.2.8 | Die verhouding met ander samelewingsverbande | 116 |
| 5.4.2.9 | Die ekonomiese rol en waardes van die gesin | 116 |
| 5.5 | Bespreking van onderhoudresultate | 116 |
| 5.5.1 | Deelnemende gesinne | 117 |

5.5.1.1 Gesin met kleuters ... 117

5.5.1.2 Gesin met laerskoolkinders ... 118

5.5.1.3 Gesin met groter skoolkinders ... 118

5.5.1.4 Gesin met een kind in die hoërskool ... 118

5.5.1.5 Gesin met studente en groter hoërskoolkinders ... 118

5.5.1.6 Gesin met getroude kinders en kleinkinders ... 119

5.5.2 Belangrikste temas ... 119

5.5.2.1 Die gesin en die Skrif ... 119

5.5.2.2 Die gesin se verhouding tot die kerk ... 121

5.5.2.3 Die priesterskap van die gesin ... 122

5.5.2.4 Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline ... 123

5.5.2.5 Onderlinge saamgebondenheid van die gesin ... 124

5.5.2.6 Openbare betrokkenheid van die gesin ... 125

5.6 Slot ... 125

**Hoofstuk 6: Gesin, geloof en waardes: kontoere van 'n praktykteorie ... 127**

6.1 Inleiding ... 127

6.2 Oor praktykteorie ... 128

6.2.1 Aard en doel ... 128

6.2.2 Die pastorale dimensie van die studie ... 130

6.2.3 Bestek ... 132

6.2.4 Bestemming ... 132

6.3 Op weg na 'n praktykteorie ... 133

6.3.1 'n Matriks van roepings ... 133

6.4 Spesifieke terreine ... 135

6.4.1 Die gesin en die Skrif ... 135

6.4.1.1 Rigtende beginsels ... 135

6.4.1.2 Praktiese toepassing ... 135

6.4.2 Die gesin se verhouding tot die kerk ... 136

6.4.2.1 Rigtende beginsels ... 136

6.4.2.2 Praktiese toepassing ... 136

6.4.3 Die priesterskap van die gesin ... 137

6.4.3.1 Rigtende beginsels ... 137

6.4.3.2 Praktiese toepassing ... 137

6.4.4 Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline ... 138

6.4.4.1 Rigtende beginsels ... 138

6.4.4.2 Praktiese toepassing ... 138

6.4.5 Onderlinge saamgebondenheid van die gesin ... 139

6.4.5.1 Rigtende beginsels ... 139

6.4.5.2 Praktiese toepassing ... 139

6.4.6 Openbare betrokkenheid van die gesin ... 140

6.4.6.1 Rigtende beginsels ... 140

6.4.6.2 Praktiese toepassing ... 140

6.5 Ten slotte ... 140

**Hoofstuk 7: Finale verantwoording** ..... **143**

7.1 Inleiding ..... 143

7.2 Tekortkominge van hierdie studie ..... 143

7.3 Aanbevelings vir verdere studie ..... 144

7.4 'n Laaste woord ..... 145

**Opsomming en Sleutelwoorde** ..... **147**

**Abstract and Keywords** ..... **149**

**Bibliografie** ..... **151**

**'n Persoonlike Nawoord** ..... **165**

# HOOFSTUK 1

# Inleiding, oriëntering en probleemstelling

## 1.1 Oriëntering en probleemstelling

### 1.1.1 Oriëntering

Die sentrale posisie wat die gesin universeel as sosiale eenheid in die breër gemeenskap en in beskouings en studies daaroor inneem, is nie te misken nie. In die meeste ideologiese en ander denkrigtings word die primêre posisie van die gesin in ontwikkeling en die bewerking van stabiliteit as 'our most universal social institution' (Anderson *et al.*, 1998:17), erken. Hierdie standpunt word ook gehuldig deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, wat, te midde van 'n veelheid van ander pogings tot ontwikkeling en herstrukturering in Suid-Afrika, werk aan die daarstel van 'n nasionale gesinsbeleid (Department of Social Development, 2003).

Binne die breër veld van die sosiologiese wetenskappe het gesinstudies veral in die VSA ontwikkel tot 'n duidelik onderskeibare vakgebied met sy eie benaderingswyses, metodes en wetenskaplike ontwikkeling. Doherty *et al.* (1993:7-19) periodiseer hierdie ontwikkeling van die studiegebied. Hulle toon aan hoe daar na die aanvanklike ontwikkeling daarvan in die negentiende eeu, in die daaropvolgende twintigste eeu 'n sterk beweging was in die rigting van empiriese studies en 'n duideliker positivistiese benadering. Gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu het ook dié studieveld, soos ander, die effekte ervaar van wat hulle as 'postpositive trends' bestempel (1993:18). Beide die werke van Boss *et al.* (1993) en Sussman *et al.* (1987 – met 'n tweede uitgawe in 1999) bied 'n beeld van die omvattendheid waarmee die gesin in al sy fasette as sosiale eenheid die voorwerp van wetenskaplike studies geword het.

Dit is opmerklik dat die verband tussen die gesin en godsdiens in die wetenskaplike literatuur nie 'n algemene of uitvoerige tema is nie en dat waar dit wel aan die orde kom, dit dikwels toegespits is op gesinsterapie, soos in die werk van Friedman (1985), waarin dit veral gaan oor 'n sisteemteoretiese beskouing van die gesin binne die kerk en sinagoge en oor die terapeutiese hantering daarvan. Doherty *et al.* (1993:17) toon wel aan hoe groter aandag aan die etiek, waardes en godsdiens juis een van die neigings was waarna in die vorige paragraaf verwys is. In hierdie verband verwys hulle na veral die pionierswerk van D'Antonio (1980) en Marciano (1987). Onder die verdere ontwikkelings in hierdie verband is veral die *Religion, Culture and Family Project*, wat aan die *Divinity School* van die Universiteit van Chicago tot stand gekom het en waarvan die navorsingsresultate veral in die reeks *The*

*Family, Religion, and Culture* neerslag gevind het (Anderson *et al.*, 1998), 'n belangrike bydrae. Dat hierdie groter aandag nie universeel is nie, blyk tog negatief uit die feit dat in 'n standaardwerk soos dié van Boss *et al.* (1993) die enigste verwysing na godsdiens in die omvattende indeks dié na Doherty *et al.* (1993:17) se stelling oor nuwe tendense is waarna hierbo verwys is. In 'n ander belangrike werk soos dié van Day *et al.* (1995) kom daar in die indeks selfs geen verwysing na godsdiens voor nie.

Uiteraard vind hierdie besinning oor die plek van die gesin ook binne en ten opsigte van die kerk plaas. Meer as waarskynlik by enige ander omvattende samelewingsverband het die kerk nog altyd 'n hoë premie geplaas op die rol van die gesin as konstituerende komponent binne sy werk. As enkele voorbeelde gee Post (2000:65-91) uitvoerig aandag aan die historiese ontplooiing van die rol van die gesin in die Christendom, terwyl beide Louw (1989:193-250) en Anderson *et al.* (1998:107-191) beduidende afdelings van hulle werke aan gesinsbediening binne die kerk wy. Dit is egter opmerklik dat, terwyl daar in die algemene sosiologiese literatuur aandag is vir die rol van ouers in die oordrag van godsdienstige en ander waardes (Dudley & Dudley, 1986; Hoge *et al.*, 1982), daar in die meer kerkgerigte benadering minder klem hierop is in vergelyking met dié op amptelike verantwoordelikheid.

In hierdie verband is dit ook belangrik om daarop te let dat die kerk, nie minder as ander verbande nie, die invloed van 'n postmoderne tydsgees belewe wat steeds groter druk plaas op tradisionele gesagspatrone en die aanvaarding van metanarratiewe (Grenz, 1996:44-46; Vorster, 1999:110-111). Die rol wat die gesin as intieme en relatief sterker binding te speel het, is daarom belangriker as ooit.

#### 1.1.1.1 Die gesin – 'n definisie

As dit in hierdie proefskrif gaan oor so 'n belangrike samelewingsverband as die gesin, is dit noodsaaklik dat daar ten minste besin word oor 'n moontlike definisie daarvan. Juis as gevolg van die universaliteit van die gesin het dit mettertyd 'n metafoor vir baie ander sosiale verbande geword. Miskien geld dit meer algemeen vir die Engelse begrip 'family', wat (natuurlik in sy breë betekenisveld van 'familie') van toepassing gemaak kan word op enigiets van die Mafia tot by die mensdom ('the Family of Man') (Bernardes, 2003:83). Daarby kom die feit dat wat in verskillende kulture, verspreid oor die breë spektrum van die geskiedenis en die geografie, as 'gesin' bestempel word, 'n baie kaleidoskopiese patroon vertoon.

Murdock (2003:19) gee 'n baie basiese dog omvattende definisie van die gesin: volgens hom is dit 'n sosiale groep wat gekenmerk word deur 'n gemeenskaplike woonplek, ekonomiese samewerking, en voortplanting, en waarin daar beide volwassenes van verskillende geslagte

voorkom (waarvan ten minste twee 'n sosiaal goedgekeurde seksuele verhouding het), sowel as eie of aangenome kinders. Hill (2003:56-57) toon aan hoedat bepaalde aannames oor die gesin ten grondslag lê aan baie van die openbare beleid wat daaroor gevorm word. Sy onderskei die volgende vyf basiese aannames:

- *Struktuur.* Die gesin is 'n kerngesin, met 'n vader, moeder en kinders.
- *Ekonomiese gedrag.* Die man of eggenoot is deel van die arbeidsmag, maar die aannames oor die vrou wissel van tyd tot tyd.
- *Verwantskap.* Bloedbande, aanneming en huweliksbande is belangrik vir die definisie van wie lid van die gesin is.
- *Woonreëlings.* 'n Gemeenskaplike woonplek word veronderstel.
- *Hulpbronverdeling.* Gesinslede voeg hulpbronne saam en deel dit.

Hill (2003) gaan dan voort om hierdie aannames te toets aan die hand van empiriese gegewens oor die situasie rondom gesinne in die VSA en kom, eintlik voorspelbaar, tot die gevolgtrekking dat met verloop van tyd baie van die aannames wat oor die struktuur en funksionering van gesinne gemaak word, nie in die praktyk realiseer nie, of ten minste dat beduidende afwykings voorkom.

Dit sou maklik wees om aan die hand van empiriese of historiese gegewens aan te dui hoedanig die definisies of aannames wat hier vermeld is, te kort skiet. Die probleem is egter dat geen toevoeging mens ooit by 'n volledige en universele definisie uitbring nie. Daarom word, eerder as om self 'n werksdefinisie van die gesin daar te stel, die volgende aspekte wat in die voorafgaande ontbreek, aan die orde gestel.

- *Oorsprong.* Wie erns met die Skrif en die skeppingsordinansie van God wil maak, moet die oorsprong van die gesin in die instelling van die huwelik en die verhouding tussen man en vrou, soos dit voor die Sondeval gegee is, soek en verreken.
- *Versorging.* Die verantwoordelikheid van gesinslede teenoor mekaar, en veral van ouers teenoor kinders, setel in meer as net die deel van leefmiddele, maar tewens ook in fisiese en emosionele versorging.
- *Opvoeding.* Die versorging van kinders deur ouers behels ook die verdere verantwoordelikheid om hulle op te voed en op verskillende wyses tot selfversorgende volwassenheid te lei.

### 1.1.2 Probleemstelling

Die onderskeidenheid van die Christendom van ander godsdienste is al beskryf as bestaande daarin dat dit 'n 'getekstualiseerde godsdiens' is (vgl. Barton, 1996:4). Die besondere plek van die gesin in die verbondsvolk kom juis sterk na vore uit die Skrif. Die hele Ou Testament is vol van voorbeelde van die rol wat die gesin en breër familieverbande speel in die kulturele en veral godsdienstige lewe van die volk Israel, en die beskrywing van God se gebruik van veral die gesin as draer van sy verbondsbeloftes en -eise. Die sleutelverse in hierdie verband is stellig dié in Deut 6:4-8 en spesifiek die opdrag van verse 6-7: *Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.* Negatief kom die dringendheid van God se opdrag tot opvoeding in die verbond na vore in die wyse waarop Hy die verontagsaming daarvan straf (Rig 2:10-14; 1 Sam 3:11-14, 4:11).

In die Nuwe Testament word hierdie patroon voortgesit. Die opdrag tot opvoeding van Deut 6 word in Ef 6:4 herhaal en bevestig, terwyl die negatiewe oordeel oor die nalate daarvan veral ten opsigte van die ouderlinge in 1 Tim 3:4-5 gestel word. Op verskeie plekke kom die rol van die gesin as komponent van die Nuwe-Testamentiese kerk sterk na vore. By die doop van Kornelius kan die afleiding logies gemaak word dat dit nie net oor homself gaan nie, maar oor sy familie en dus waarskynlik ook sy gesin (Hand 10:24,44,48; volgens Barret [1998a:513] sluit die woord wat met 'familie' vertaal word, ten opsigte van 'n soldaat op diens feitlik verseker sy kinders in), terwyl by die bekering van Lidia spesifiek vermeld word dat sy en haar huisgesin gedoop is (Hand 16:15; alhoewel volgens Barret [1998b:783] nie uit die woord wat hier as 'huisgesin' vertaal is, afgelei kan word dat dit klein kinders ingesluit het nie, en ook nie die teendeel nie). Die doop as verbondsmeganisme van die nuwe verbond vind sy plek, soos die besnydenis van die ou verbond, juis binne die gesin. Louw (1989, 37-38) lê besondere klem op die feit dat dit deur die gesin is wat die kerk deur evangelieverkondiging gebou word. Binne die gemeenskap van die heiliges word die gesin getransformeer na God se heiligdom wat nou nie net meer 'n kerngesin is nie, maar ook 'n verbondsgesin.

'n Verryking van die rol van die natuurlike huisgesin is die wyse waarop die gesin, veral in die briewe van Paulus, toenemend figureer as metafoor vir die gemeenskap van die gelowiges (Mounce, 2000:221; Towner, 1994:94-95). In 1 Tim 3:15 verwoord Paulus dit spesifiek as *...die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God.*

Natuurlik moet hierby in gedagte gehou word dat die gesin in Bybelse tye, soos tewens ook in die daaropvolgende eeue en millennia van die geskiedenis van die kerk, allermins die

struktuur vertoon het van die moderne kerngesin soos dit veral in die Westerse wêreld van vandag bekend is en dikwels ten onregte veridealiseer word. Dit doen egter nie afbreuk aan die klaarblyklike belangrikheid van primêre familie- en bloedbande in die ontwikkeling van die kerk nie.

'n Addisionele kritiese oorweging by die bepaling van die posisie en die rol van die gesin is die verhouding daarvan tot die kerk self. 'n Skrywer soos Clapp gaan uit van die begrip van 'church as first family' (1993:67) en rig hom veral teen 'n tradisionalistiese opvatting wat die gesin as dominant binne en teenoor ander lewensverbande sien. Daarteenoor lê 'n skrywer soos Van Haaren (1965) (weliswaar uit 'n bepaalde Christelike tradisie, naamlik die Katolisisme) besondere klem op die gesin as 'geloofsgemeente'.

Daar is in die oriënterende paragraaf hierbo melding gemaak van die effek van die tydsgees van die postmodernisme. Die kerk ontkom in sy ampswerk nie aan die gevolge van 'n kompleks van benaderings wat op sy minste sterk relativerend is en op sy ergste baie negatief op die gesag van die kerk en ander instellings inwerk nie. Die oortuiging dat daar nie 'n enkele waarheid is nie en die gevolglike klem op pluralisme, subjektiwiteit en relativisme en die ondermyning van 'n gemeenskapsopvatting of -moraliteit, maak dit vir die kerk al moeiliker om aandag vir en verbondenheid aan leerstellings te eis. Veith (1994:191) verwys in hierdie verband onder andere na 'spirituality without truth'. Dit is ironies dat, terwyl daar 'n duidelike herlewing van godsdienstigheid en spiritualiteit is, dit nie 'n herlewing van Christenskap beteken nie. Dit verdien ernstige aandag hoe hierdie denkrigtings op die gesin inwerk en op sy vermoë om binne die kerk diensbaar te wees.

Die basiese vraag wat logies uit bostaande voortspruit, is: ***Wat is die besondere rol van die gesin as primêre geloofseenheid in 'n postmoderne konteks?***

Meer in besonder bring dit die volgende vrae na vore:

- Wat openbaar die Skrif oor die rol van die gesin binne die volk van God en hoe is hierdie rol binne die geskiedenis van die kerk tot nou toe vergestalt?

- Watter lig werp verwante wetenskappe soos die sosiologie en die psigologie op die rol van die gesin in die vorming en oordrag van waardes?

- Watter effek het verskillende ontwikkelings binne die konteks van die postmoderne era op die gemeenskap en watter uitdagings stel dit aan die kerk?

- Hoe beleef lede van kerklike huisgesinne die funksionering van die gesin binne die kerk en veral ten opsigte van die geloofslewe van die lede van sodanige gesinne self?
- Watter rol kan die kerk deur middel van die ampte en as gemeenskap speel om die funksionering van gesinne tot heil en voordeel van die kerk en sy lidmate verder te versterk?

## 1.2 Doelstelling en doelwitte

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om ondersoek te doen na die rol wat die huisgesin as primêre geloofseenheid behoort te speel in 'n postmoderne konteks en hoe die kerk die gesin daarin pastoraal moet begelei.

Die spesifieke doelwitte van die studie is:

- om Skrifperspektiewe oor die plek en rol van die gesin te ondersoek, sowel as die rol van die gesin in die (kerk)geskiedenis
- om ondersoek in te stel na gegewens en insigte uit bepaalde sosiale wetenskappe wat verdere lig op die belangrikheid van waardes en die rol van die gesin in die oordra daarvan werp
- om as deel van die historiese ontleding te bepaal wat die effek van die postmodernisme op die gemeenskap is en watter uitdagings dit aan die kerk stel
- om gesinslede se belewenis van die funksionering van die gesin binne die kerk en ten opsigte van die eie geloofslewe te bepaal
- om praktykteoretiese riglyne daar te stel vir die rol van die kerk as breër gemeenskap om die funksionering van gesinne te versterk

## 1.3 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die gesin in 'n postmoderne konteks 'n primêre rol te speel het in die uitbouing en handhawing van die geloofslewe van sy lede en dat die kerk deur die ampte en as gemeenskap 'n besondere roeping het om gesinne daarin pastoraal te begelei.

## 1.4 Metode van ondersoek

Hierdie studie word gedoen vanuit die gereformeerde tradisie.

- Om die Skrifgegewens en historiese gegewens oor die rol van die gesin te ondersoek, sal vanuit 'n openbaringshistoriese benadering te werk gegaan word.

- Ook vir die ondersoek na die resultate van wetenskappe soos die Sosiologie en Psigologie om die verband tussen gesin, godsdiens en waarde-oordrag te belig, asook om die effek van die postmoderne tydsgees te ondersoek, sal van literatuurstudie gebruik gemaak word.

- Om die belewenis van moderne huisgesinne oor die funksionering van gesinne binne die kerk te beoordeel, sal gebruik gemaak word van kwalitatiewe opnametegnieke binne 'n voorstedelike gereformeerde kerk. Die definisie van die opnamepopulasie sal geskied deur middel van doelbewuste seleksie.

- Vir die bepaling van die rol wat die kerk kan speel om die funksionering van gesinne te versterk, sal van literatuurstudie en gevolgtrekkings (na analise) daaruit gebruik gemaak word. Daarnaas sal 'n analise van die gegewens wat deur middel van die opname verkry is, daarmee in verband gebring word om sodoende 'n praktykteorie te formuleer en 'n moontlike model te struktureer.

## 1.5 Hoofstukindeling

Die volgende hoofstukindeling word gevolg:

1. Inleiding, oriëntering en probleemstelling
2. Skrifperspektiewe op die gesin
3. Die gesin: kontinuïteite, diskontinuïteite en essensies
4. Metateoretiese perspektiewe op die rol van die gesin
5. Gesinsbelewenisse oor waardes, geloof en kerk: 'n empiriese studie
6. Gesin, geloof en waardes: kontoere van 'n praktykteorie
7. Finale verantwoording

Bibliografie

# HOOFSTUK 2

# Skrifperspektiewe op die gesin

## 2.1 Inleiding

Daar is min twyfel daaroor dat familiebande en die gesin 'n besondere plek in die Bybel inneem. Bloot net 'n oppervlakkige lees van die Skrif bring aan die lig dat op kritiese punte in die ontplooiing van God se heilsaktiwiteit met sy volk gesinne en gesinsbande teenwoordig is en deur God gebruik word. In die Ou Testament begin God se verbintenis met die mens deur die daarstelling van 'n huwelik en 'n gesin. Dit word gevolg deur die daaropvolgende smartvolle uiteenskeur van die gesin, maar die Ou Testament eindig weer in Maleagi 4:6 met die hoopvolle boodskap van versoening tussen vaders en kinders (Anon, 1998:116).

Insgelyks begin die Nuwe Testament nie net met die opgawe van God se genadevolle bemoeienis met sy volk deur die geslagte nie, maar veral ook met die geboorte van sy Seun binne 'n aardse gesin en dié se daaropvolgende wegvlug na Egipte toe (Mat 2). Verderaan in die evangelies en in die res van die Nuwe Testament is die gesin en gesinsbande nooit weer afwesig nie, en word dit opnuut, soos reeds in die Ou Testament, 'n metafoor vir die groter en ryker verbintenisse binne die verbondsvolk.

In die rykdom van geskiedenisse wat in die Bybel verhaal word, neem die gesin en familiebande 'n sentrale plek in. Dit word dikwels naak en in al die gebrokenheid wat altyd deel daarvan is, uitgebeeld. Te midde van hierdie voortgesette teenwoordigheid oor eeue word dit nooit verdoem as onherstelbaar gebroke nie maar ook nooit verhef tot 'n ideale of enigste geleiding van God se genade nie. In al die rykdom daarvan bly dit egter grondliggend aan 'n gemeenskap se lewe voor God (Anon, 1998:116).

In hierdie hoofstuk gaan daar agtereenvolgens uit die Ou en die Nuwe Testament verskillende aspekte van die perspektief wat die Skrif op die gesin bied belig word, veral sover dit definisies asook sekere potensiële probleemaspekte betref. Die doel is om uiteindelik te kom tot 'n Skrifgefundeerde sistematiese beskouing oor die grondslae en die rol van die gesin en veral oor die verhouding daarvan tot die kerk.

### 2.1.1 Skrifberoep oor die gesin

Dit is nodig, voordat daar inhoudelik ingegaan word op die perspektief wat die Skrif oor die gesin bied, om rekenskap te gee oor die wyse waarop die Skrif in hierdie verband gebruik kan en mag word. Sonder om die besinning in die res van hierdie hoofstuk vooruit te loop,

moet dit intuïtief duidelik wees dat die Bybel nie 'n eenvoudige en rooskleurige beeld van die gesin bied nie. Veral in die Ou Testament, reeds van die Tuin van Eden af, bied die Skrif grootliks beelde van gebrokenheid in hierdie verband. Hoe gemaak daarmee? Leen die Skrif homself dus werklik daartoe om beginsels oor die gesin en hoe dit moet funksioneer uit af te lei?

Op die spoor van Vorster (2008:464-465) kan die volgende in hierdie verband as uitgangspunte gestel word:

- Binne 'n openbaringshistoriese hermeneutiese benadering gaan dit oor die goddelike inspirasie van die Skrif, die eenheid daarvan en die teenwoordigheid daarin van deurlopende temas soos die Verbond, die Koninkryk van God en dies meer.
- Binne die verband van die Skrif ontplooi hierdie temas teen die agtergrondstafereel van die historiese en kulturele milieu van die Skrif. Gedeeltes van die Skrif moet dus binne die raamwerk van die volledige openbaring verstaan word.
- Daarom moet daar 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die historiesbeskrywende in die Skrif en die preskriptiewe daarin, waar veral laasgenoemde dit leen tot die formulering van duidelike (etiese) beginsels wat na die huidige deurgetrek kan en moet word.

Die rykdom van die Skrif as die verhaal van God op weg met sy volk kan nooit anders as om ook die studie van en besinning oor die gesin te informeer nie, maar dan altyd met inagneming van die wisselwerking tussen gebrokenheid en herstel.

## 2.2 Die tipering van Bybelse gesinne

Daar bestaan deesdae in baie kringe die gevaar dat die gesin veridealiseer kan word en dat daar kritiekloos aangeneem word dat wat die Skrif oor die gesin en onderlinge bande en strukture te sê het, eenvoudig en summier toegepas kan word op die moderne Westerse kerngesin van 'n ouerpaar en enkele kinders soos dit veral in moderne ontwikkelde en stabiele omgewings ervaar word. Clapp (1993:9-) gee 'n interessante uiteensetting van hoe 'n bepaalde gesinsvorm deur Amerikaanse 'evangelicals' veridealiseer word, terwyl dié vorm van 'n kerngesin soos dit meesal ook in Suid-Afrika hoog aangeslaan word, volgens hom eintlik 'n bourgeois-produk van die ontwikkeling van kapitalisme in die negentiende eeu is. Ook Barton (2001:9) wys die konserwatiewe koppeling van die gesin aan 'n bepaalde ekonomiese filosofie uit. Soos uit die latere ontledings in hierdie hoofstuk sal blyk, is die saak nie so eenvoudig nie. 'n Verskeidenheid van historiese, etniese en sosio-ekonomiese

omstandighede het veroorsaak dat die Bybelse familie of gesin (as daar van so 'n algemene begrip sprake kan wees) heel ander strukture en eienskappe vertoon het as wat vandag graag geglo word. Clapp (1993:34-39) gee in 'n bespreking van wat hy 'the 'unbiblical' Israelite family' noem, 'n insiggewende uiteensetting van hoe die Ou Testamentiese Joodse gesin of familie wat betref grootte, samestelling, ekonomiese aktiwiteit en emosionele ingesteldheid drasties verskil het van wat vandag normatief vir gesinne geag word.

Soos Rogerson (1996:25) aantoon, is dit haas onmoontlik om te probeer om die Bybelse gesin samevattend te omskryf. Daarvoor is, in die eerste plek, die tydperk van die Bybelse geskiedenis waarin die gesin bestaan het en waarin die aktiwiteite van verskillende gesinne beskryf word, gewoonweg te lank en divers. Oor 'n tydperk van ten minste tien eeue het daar in die Ou Testamentiese tydperk soveel politieke, ekonomiese, sosiale en godsdienstige omwentelings plaasgevind wat almal 'n invloed gehad het op interpersoonlike en gesinsverhoudings, dat dit haas onmoontlik is om te veralgemeen. Block (2003:33) toon aan dat selfs die term 'Israelities' om die Joodse volk in die Ou Testament te definieer, problematies is omdat soveel verskillende duidelike historiese tydperke in die lewe van dié volk onderskei kan word. Dieselfde oorweging geld tot 'n mate vir die Nuwe Testamentiese tydperk. Alhoewel die tydsverloop heelwat korter was, is dit ook gekenmerk deur politieke en ander woelinge en die saamleef van verskillende kulture en agtergronde wat 'n enkele model haas onmoontlik maak.

Die bronne vir so 'n ontleding is daarby nie besonder uitgebrei en sistematies nie. Wat argeologiese rekords betref, is daar oor Israel beperkte bronne beskikbaar (Block, 2003:34), definitief minder as by ander Midde-Oosterse volke. Wat die Bybelse literatuur betref, is daar ook nie sprake van 'n sistematiese ontleding van die gesin of van familiebande nie. Ons kennis oor die samestelling van gesinne word ontleen aan historiese gedeeltes van veral die Ou Testament, aan die wetsvoorskrifte van die Ou Testament en byvoorbeeld die 'huistafels' van die Nuwe Testament, en aan gedeeltes uit die wysheidsboeke, maar nêrens vind ons hierin 'n saamgevatte en sistematiese behandeling nie. Daarby, soos Rogerson (1996:25) aantoon, is die historiese gesinne waarvan ons in die Bybel lees veral dié van die leiers of heersersfigure, met die uitsondering van die geskiedenis in die boek Rut. In die Nuwe Testament is daar selfs minder historiese inligting oor gesinne, met dié van Jesus amper die belangrikste.

Soos Rogerson (1996:41) waarsku, kan mens van die Ou Testamentiese gesin slegs 'n model vir die moderne gesin maak deur middel van 'n baie selektiewe en oppervlakkige gebruik van die Bybelse teks. Dis sonder te veel diepgaande ontleding duidelik dat gesins- en verhoudingspatrone in die Ou Testament baie duideliker ooreenstemming toon met die

gesinne van die ontwikkelende wêreld soos ons dit vandag ken as met dié van die Westerse wêreld, waar daar dikwels soveel ophef gemaak word oor die besondere plek van die gesin.

Ten slotte moet daar nog verwys word na die feit dat, afgesien van baie onsekere patrone en parallelle, die geskiedenis van gesinne in die Bybel wat wel bekend en relatief duidelik is, dikwels min vertoon van die vroomheid wat agterna vermoed word. Genesis 12-50, met die geskiedenisse oor die aartsvaders en hulle gesinne, word dikwels veronderstel om die basis te wees van wat geopenbaar word oor die gesin se rol in die verbondsvolk se ontplooiing en in die verhouding daarvan met God. Nogtans openbaar dit soveel disfunksionaliteit, intrige en gebrokenheid (Dearman, 1998:119) dat mens net verstom kan staan daaroor dat God steeds voortgaan om mense en hulle onderlinge verbande te bewaar en te seën in die uitvoering van sy raadsplan.

## 2.3 Die Ou Testament

### 2.3.1 Algemeen

Grondliggend aan enige beskouing en ontleding van die gesin en familiebande in die Ou Testament moet die uitgangspunt lê wat ook by Israel geleef het, naamlik dat alle mense in en na die beeld van God geskep is en dat menslikheid primêr in terme van gemeenskap en die individu se lidmaatskap daarvan gedefinieer en uitgeleef word.

Oor dié aspek van die beeldskap van God word daar later gehandel. Betreffende gemeenskap is kinders se lewens in Israel op vertikale vlak beskou as uitbreidings van dié van hulle ouers en op horisontale vlak het elkeen sy of haar sekuriteit binne die gemeenskap gevind. Binne dit alles was die vader die fokuspunt van die gesin. As die gesinstelsel van Israel met al sy wisselings en al sy onvolkomenhede enige riglyne vir vandag bied, is dit dié van die soeke na identiteit binne die gemeenskap (Block, 2003:102). Dan, soos later aangetoon sal word, moet hierdie soeke egter nie beperk word tot dié na identiteit binne die gesin as selfgenoegsame en selfs belangrikste sosiale struktuur nie. Die plek van die gesin en die rol van ouers en kinders as lede daarvan binne die kerk en in die opbou van die koninkryk van God, moet hierdie gemeenskapsbeskouing aanvul.

### 2.3.2 Terminologie

Wanneer daar oorsigtelik gelet word op die verskillende terme wat in die Bybel gebruik word om na familie- en gesinsverwantskappe en -bindinge te verwys, moet enkele kwalifikasies in ag geneem word:

- Wat ons weet oor verwantskappe in die Bybel, is, soos reeds gesê, ontleen aan die narratiewe gedeeltes van die Ou Testament en uit die verskillende wetsvoorskrifte. Die besonderhede waaroor ons beskik, is, soos dit in die Bybel te verwag is, nie van 'n analitiese aard nie.

- Selfs waar terminologie redelik eksak vasgestel kan word, moet daar dikwels nie te veel van gemaak word nie, omdat taal en terminologie dikwels stadiger verander as die onderliggende verwantskappe (Rodd, 1967:19).

- Israel en die strukture en gebruike wat dié volk gekenmerk het, het nie in 'n sosiale en kulturele vakuum ontwikkel nie. Daar is genoeg aanduidings van beïnvloeding deur die omliggende volke om daaruit ook te kan leer (Perdue, 1997a:163).

Oorkoepelend kan daar gestel word dat daar geen enkele term in Hebreeus bestaan het vir wat vandag in Westerse tale as gesin aangedui word nie (Rogerson, 1996:30). Daar is wel drie terme wat in verskillende verbande voorkom en wat afwisselend na gesinne en familiebande verwys, te wete (in volgorde van meer na minder omvattend), *shevet, mispachah*, en *bait / bet av* (Van Gemeren, 1997:I-219).

#### *2.3.2.1 Shevet*

Hierdie omvattende term verwys na die twaalf stamme waarin Israel georganiseer was. Alhoewel dit oorspronklik voortgekom het uit die huishouding van Jakob en die twaalf stamme die nasate was van dié se twaalf seuns, was die onmiddellike terugbinding na die huishoudings beperk en kan dit hier verder geïgnoreer word.

#### *2.3.2.2 Mispachah*

Dit is moeilik om hierdie term in Afrikaans te vertaal – die beste vertaling is waarskynlik die Engelse woord 'clan'. As begrip kom dit meer as 300 keer in die Ou Testament voor (Louw, 1989:33) en dui dit op 'n breër groepering van gesinne wat van dieselfde voorvader afstam en wat saam gewoon het, alhoewel elkeen nog sy eie grond bewerk het. So 'n *mispachah* sou, naas hulle saambinding deur verwantskap en huweliksbande, ook verenig gewees het deur godsdiens en taal, ekonomiese samewerking, gebruike en veral deur die gemeenskaplike oorlewering van verhale oor die voorouers (Perdue, 1997a:177; Van Gemeren, 1997:I-219).

#### *2.3.2.3 Bet av / bait*

In hierdie twee terme het ons te doen met die basiese benaming vir die Ou Testamentiese gesin en kom ons stellig die naaste aan die moderne begrip. *Bet av* beteken 'huis van die

vader' en *bait* bloot 'huis'. Nogtans moet op grond van literêre en argeologiese getuienis aanvaar word dat ons hier steeds, anders as vandag se kerngesin van twee geslagte, met 'n uitgebreide of saamgestelde huishouding te doen het (Perdue, 1997a:177). Nie net kon dit soveel as vier geslagte van voorouers en afstammelinge bevat nie, maar ook meer as een huishouding van broers wat saamwoon, sowel as ander afhanklike familielede, arbeiders en slawe. Naas die persone wat deel van so 'n huishouding uitgemaak het in hulle onderlinge saambinding, is ook die besittings (diere en huise en dies meer) tot die huishouding gereken, asook die nagedagtenis van die afgestorwe voorvaders. Juis hierdie wye omvang van die *bait* of *bet av* dui daarop dat die huishouding nie 'n vaste normatiewe gegewe was nie, maar 'n samestelling wat deur noodsaak pragmaties gestruktureer is en van tyd tot tyd en van plek tot plek variasie kon vertoon.

### 2.3.3 Sleutelkenmerke van die huishouding

Perdue (1997a:166-7) bring drie kenmerke van die Ou Testamentiese huishouding na vore wat die wese daarvan definieer:

#### 2.3.3.1 Gesinsvorm

Die wyse waarop die Ou Testamentiese huishouding uit verskillende geslagte en verskillende gesinne bestaan het wat saam gewoon het, het as 't ware ook die ander kenmerke daarvan geïntegreer. Van groot belang in hierdie verband was veral die sentrale plek wat die vader in die samestelling van die huishouding gespeel het: nie alleen is afstamming deur die manlike lyn bepaal en is die woonplek deur die vader bepaal nie, maar die gesagsvorm was ook grootliks patriargaal.

#### 2.3.3.2 Ekonomiese ingesteldheid van die huishouding

Baie meer as die moderne gesin was die Ou Testamentiese huishouding veral ingestel op ekonomiese integrasie en oorlewing. Elke lid van die huishouding het sy of haar toegewysde funksie gehad om te verseker dat die geheel ekonomies voortbestaan. Dit is waarskynlik juis ook om hierdie rede dat individue wat in moderne terme waarskynlik as hoogstens toevallige meegangers of aanhangsels beskou sou word, soos bediendes of slawe, as integrale dele van die huishouding geag is.

#### 2.3.3.3 Onderlinge saamgebondenheid

Die interafhanklikheid van die lede van die huishouding is nie net in ekonomiese terme gedefinieer nie, maar was ten diepste 'n morele verstandhouding dat hulle wedersyds verantwoordelik is vir die volledige sorg en welsyn van al die lede van die huishouding. Hierdie etiese solidariteit het 'n onderlinge verstandhouding geskep wat deur die

konsentriese kringe uitgebrei het tot die volledige Israel. Louw (1989:34-5) verwys in dieselfde verband na die beskerming van menseregte en die voorkoming van uitbuiting as 'n kernfunksie van die patriargale familiesisteem.

Voortspruitend hieruit sou ons ook die fisiese beskermingsfunksie van die huishouding kon noem. Baie meer as in die relatief geordende samelewings waaraan ons vandag gewoond is, was mense in die Ou Testamentiese tyd blootgestel aan bedreigings en moes hulle die beskerming van 'n sentrale staatsgesag ontbeer. Eie (militêre) organisasie, ook in familieverband, was dus glad nie ongewoon nie. 'n Enkele voorbeeld hiervan is Abram se veldtog ter bevryding van Lot (Gen 14:14).

### 2.3.4 Patriargaat en gesinstruktuur

Hierbo is meerdere male verwys na die feit dat die familiestruktuur in Israel primêr patriargaal van aard was, dus met 'n organisasie waar die vader of die oudste manlike persoon die hoof van die familie was en afstamming deur die manlike lyn geskied het, sowel as met 'n algemene ingesteldheid op die primêre belang van die man. Bloot die term *bet av* as 'huis van die vader' vat dit al saam, tesame met die feit dat beide afstamming en die bepaling van die woonplek deur die lyn of posisie van die vader bepaal is. Soos aangedui, koppel Louw juis die onderlinge beskerming in die familie sterk aan hierdie basis daarvan in 'n patriargale struktuur.

Dat daar baie historiese voorbeelde is van die absolute gesag van die vader oor die welsyn en die lewens van sy gesinslede, is onteenseglik. 'n Taamlik ekstreme voorbeeld daarvan kan gevind word in Gen 38:24, waar Juda as 't ware die doodsvonnis oor sy skoondogter Tamar uitspreek. Daarteenoor neig 'n skrywer soos Block (2003:40-48) weg van die term 'patriargie' en verkies hy eerder 'patrisentrisme' as 'n beter weergawe van die normatiewe situasie in die huisgesin van destyds. Vir hom is die voorbeelde van onbeperkte manlike gesag oor die vrou en vaderlike gesag oor kinders dikwels juis tekens van afwykings, terwyl die man in gesonde en funksionele huishoudings nie 'n despoot of 'n diktator was nie (Block, 2003:43).

In dieselfde asem toon Block (2003:60-78) aan dat, terwyl daar baie duidelik sprake is van patrisentrisme en die oorheersende posisie van die man, 'n siening dat die vrou bloot as ondergeskik en minderwaardig en selfs as eiendom geag is, nie water hou nie. Beide in die skeppingsgeskiedenis in die eerste hoofstukke, sowel as later in Genesis en in die latere boeke van die Ou Testament is daar oorvloedige aanduidings nie net oor die komplementariteit van man en vrou nie, maar ook van die roeping van man en vrou teenoor mekaar en van die rol van die vrou in die opvoeding van kinders en in die gemeenskap

(Block, 2003:65-8). Ook Van Gemeren (1997:I-219-220) dui aan hoe die vrou 'n sosiale en geestelike belang gehad het wat dikwels misgekyk word. As Louw (1989:42) dit het oor die vader in die Israelitiese gesin as draer van die verbondsbeloftes, dui hy aan hoe die vrou terselfdertyd dikwels funksioneer as skakel in die genealogie en as draer van wysheid. Heel dikwels gaan die vermaning oor die respek wat kinders aan hulle vader verskuldig is, met 'n soortgelyke vermaning oor die moeder gepaard.

Dit is gepas om in hierdie verband ook melding te maak van die voorkoms van poligamie in die geskiedenis van Israel. Dis opmerklik dat poligamie veral wyd vermeld word in die geskiedenis van die leiers van Israel, nie net in die tyd van die aartsvaders nie, maar ook in die tyd van die konings (Rogerson, 1996:26-27). By die gewone volk lyk monogamie meer na die reël (Perdue 1997a:185) , alhoewel daar ook klaarblyklike uitsonderings is, soos in die geval van Elkana (1 Sam 1:1-2). Waar poligamie toegepas is, was dit gewoonlik om die arbeidskrag in die gesin te versterk of om die koms van 'n manlike afstammeling te verseker.

### 2.3.5 Die priesterskap van die gesin

Daar is reeds verwys na die besondere wyse waarop die gesin in die Ou Testament nie net instrumenteel was in die bevordering van onderlinge belange deur die gemeenskaplike ekonomiese aktiwiteit nie, maar ook in die beskerming van die individu se regte. Hierdie bevordering van onderlinge heil hang baie direk saam met die wyse waarop die gesin ten nouste betrokke was en inderdaad die geleier was van God se verbondsverhouding met die volk Israel. Louw (1989:39) maak die stelling dat die Israelitiese familie die plek was waar die seën van die Here sy konkrete toepassing gevind het. Ook Smalley en Trent (1990:25) bring God se verbond van seën sterk in verband met die gesin as hulle aandui hoe dit gemaak is met en voortgesit word deur een gesin (Abraham s'n) se nasate. Hulle maak (1990:27) 'n ontleding van Bybelse seën en toon aan hoe dit, dikwels in gesinsverband, uit vyf betekenisvolle komponente bestaan, te wete betekenisvolle aanraking, 'n gesproke boodskap, die heg van hoë waarde aan die geseënde, die voorsien van 'n spesiale toekoms vir die geseënde, en 'n aktiewe onderneming om die seën uit te voer.

Die wyse waarop die seën by verskillende oorgange of hoogtepunte in die lewe van die Israeliet toegesê is, is telkens opmerklik. Bekend is byvoorbeeld die heilwense van die vroue aan sy grootmoeder Naomi by die geboorte van Obed (Rut 4:14) en die seën van Simeon oor Maria en Jesus (Luk 2:34), Rebekka se familie se seën oor haar toe sy aan Isak gegee is (Gen 24:60), en die seën wat Jakob oor al sy seuns uitgespreek het voor sy dood (Gen 48-49). Die seën was nie net menslik nie, maar die vrede van die Here was daaraan gekoppel

(Louw, 1989:39). Hy of sy wat die seën uitgespreek het, was daarmee priesterlik besig om die heil wat God bewerk, deur te gee.

Insgelyks dui Louw aan (1989:39-43) hoe die genadige bemoeienis van die Here by spesifieke feesgeleenthede op die gesin toegespits is en in werklikheid deur die gesin gekanaliseer word:

- Die besnydenis as verbondsteken (opmerklik in onderskeid van die gebruike by die omringende volke) het heel spesifiek binne die gesinsverband plaasgevind. Dit was die taak van die vader om sy seun op die agste dag te besny. (Die wyse waarop by die instelling van die besnydenis in Genesis 17 Abraham in opdrag van die Here al die lede van sy huishouding, die slawe ingesluit, besny, is 'n duidelike bewys van die omvattendheid van die Israelitiese huishouding waarna reeds verwys is.)
- Ook die Pasga was in sy wese 'n gesins- of familiefees (Louw, 1989:40). By die instelling daarvan met die uittog uit Egipte word dit baie duidelik aan gesinsverantwoordelikhede gekoppel. Op die tiende van die maand moet daar vir elke huisgesin (of saam met 'n ander as die gesin te klein is) 'n lam gekry en geslag word (Eks 12:3-6). Terselfdertyd kyk God in sy voorskrifte aan die volk vooruit na die tyd wanneer die volk in die Beloofde Land sou wees, met die voorskrif om sy weldade weer, klaarblyklik in gesinsverband (Eks 12:25-27), te verkondig.

Tereg kom Louw (1989:41-42) hieruit tot die konklusie dat die gesin 'n geloofsgemeenskap is waarin hierdie liturgieë die gesin aan die teenwoordigheid van God en sy weldade koppel en waarbinne die vader as priester en leraar optree. Vir die oorweging van die rol van die huisgesin as primêre geloofsgemeenskap binne die kerk is hierdie gegewens van kardinale belang. De Klerk (2001:108) wys op die kragtige uitwerking wat die gesinsliturgie (die gesin in sy luister na en aanbidding van God) op 'n verskeidenheid van lewensverbande, waaronder veral die kerk, kan hê.

'n Laaste opmerking is hier van pas: Rogerson (1996) het dit in sy artikel spesifiek oor wat hy noem 'structures of grace' in verband met die gesin in Israel. Dis 'n term wat moeilik is om te vertaal, maar basies verwys hy daarmee na die verskillende wetsvoorskrifte soos dié oor die jubeljaar, oor die verantwoordelikhede van lossers, en oor die leen van geld aan volksgenote waaroor onder andere in Eksodus 2:25-27 sprake is. Die onderliggende motief van al hierdie voorskrifte is die bewaring van die gesin as belangrike komponent van die samelewing en die herstel daarvan wanneer dit as gevolg van moeilike omstandighede dreig om vernietig te word. In die algemeen bevestig dit uiteraard die sleutelposisie van die gesin. Die versoeking

is egter groot om die term 'structure of grace' ook direk op die gesin toe te pas en te sê dat die wyse waarop God die gesin in die lewe van sy kinders gebruik, dit 'n draer van genade maak.

### 2.3.6 Die gesin as metafoor vir Israel se verhouding met God

Soos Dearman (1998:124) tereg aantoon, het die sentrale plek wat die gesin in die lewe van Israel ingeneem het, daartoe aanleiding gegee dat dit 'n kragtige metafoor vir die verhouding tussen God en die verbondsvolk geword het. Omdat die gebruik van die gesin en gesinsverhoudinge so 'n belangrike rol in die Skrif speel (daar word in 'n latere afdeling hierop teruggekom), is dit nodig om 'n wyle stil te staan by die funksionering van metafore. Louw (1996:119-120) dui aan hoe in 'n metaforiese model opklaring gesoek word in terme van die betekenis van konsepte binne verhoudings. Hy lê klem op verskillende beelde van God en dui aan hoe metaforiese teologie as 't ware van onder begin met mense se soeke na betekenis. Elders (1997:74-75) wys hy uit hoe die familiemodel met die verstaan van God as vader of moeder een van die modelle is wat in die pastorale sorg aangewend kan word om die belewenis van sorg, ontferming en ondersteuning te bewerk. Botha (2005:410) se besinning oor die dinamiese aard en funksionering van metafore binne en tussen domeine val buite die bestek van hierdie studie, maar verdien sekerlik verdere studie oor die verhouding van gesin en kerk, soos ook Van Huyssteen se konsep van die metafoor as grenstaal wat 'n grensdimensie ontsluit ter wille van 'n bo-wêreld (1986:159).

Baie vroeg reeds in die Skrif funksioneer gesinsverhoudinge in die uitbeelding van God en sy verhouding tot sy volk. Aan die Farao moes Moses sê dat Israel God se oudste seun is (Eks 4:22), met al die implikasies van die voorregte wat die eersgeborene sou geniet. God word op verskillende plekke uitgebeeld as vader, eggenoot, losser en moeder, terwyl Israel afwisselend uitgebeeld word as vrou, seun en dogter en in 'n verskeidenheid ander rolle (soos slaaf) wat met die gesin in verband staan (Perdue, 1997b:229).

In verskillende van die profeteboeke word 'n verskeidenheid beelde gebruik vir die verhouding tussen God en sy volk. Van die bekendste hiervan is in Hosea, waar in 1:2-11 die kinders van die prostituut beeld is van die afvallige Israel wat uiteindelik weer aangeneem word as kinders van die lewende God, en in hoofstuk 11, waar Israel uitgebeeld word as God se afvallige seun wat weer met sy Vader versoen word. Ook in Jesaja, Jeremia en in Esegiël is daar verskillende beelde oor God se huwelik met sy volk. Die implikasie van Jeremia 3:1-5 is selfs dat by God 'n hertroue met Israel, wat in terme van die wet onmoontlik sou wees, wel moontlik is (Dearman, 1998:124).

## 2.4 Die Nuwe Testament

### 2.4.1 Algemeen

Ten minste wat Israel self betref, het die Nuwe Testamentiese wêreld nie 'n radikale breuk verteenwoordig met dit wat reeds ten opsigte van die Ou Testamentiese tydperk geskilder is nie. Die gesin, uiteraard die ontwikkeling oor eeue in ag genome, het in die meeste opsigte steeds dieselfde sosiale en liturgiese rol in die lewe van die volk gespeel. Die uitbreiding van die volk van God ook na die heidendom deur die vestiging van die Christendom en die baie meer direkte aanraking met die breër leefwêreld van daardie tyd, sou egter besliste invloede hê.

Louw (1989:36) verwys daarna dat die Ou Testament as 't ware die bakermat is vir familiepatrone in die Nuwe Testament, maar dat in laasgenoemde die verband tussen die heil en genealogie of afstamming baie sterker na vore tree. Afstamming is nie bloot afstamming nie, maar 'n terugwysing na God se bemoeienis met Israel. 'Genealogie word op hierdie wyse opgeneem in God se uitverkiesende genade. Die openbaring neem afstamming in diens met die oog op God se heilsdade in die menslike geskiedenis. Familie word sodoende 'n instrument van God se heilshandelinge dwarsdeur die geskiedenis van die menslike geslag; die familie word 'n metafoor vir God se groot familie: sy verbondsgemeente' (Louw, 1989:36).

By Paulus vind ons hierdie verbintenis tussen afstamming en heil ten duidelikste as hy in Romeine 4:16 (en selfs duideliker in Galasiërs 3:7) die afstammelinge van Abraham nie net beperk tot dié wat die wet ontvang het nie, maar ook dié wat glo daaronder insluit. Dit word inderdaad 'n genealogie primêr nie van afstamming nie, maar van geloof (Moxnes, 1997:28-29).

### 2.4.2 *Oikos* – die gesin as heiligdom

Net soos in die Ou Testament is dit moeilik en eintlik onmoontlik om in die Nuwe Testament 'n term te kry wat die moderne begrip van gesin weergee. Beide die Latynse terme *familia* en *domus* het meer nuanses van 'huishouding' as wat dit op die gesin self slaan (Moxnes, 1997:21). Dit is egter die Griekse woord *oikos* wat in die Nuwe Testament baie sterker na vore kom en in 'n wyer verband gebruik word. Dit kon in verskillende opsigte gebruik word: as duidende op 'n huis self as gebou, op die besittings van die hoof van die huishouding, en ook as verwysing na die lede van die huishouding in sy breedste vorm, dit wil sê die gesin met al die bybehorendes, soos slawe (Louw & Nida, 1989:113, 181; Moxnes, 1997:21).

Soos Louw (1989:37) aandui, kry die begrip in die Skrif 'n ruimer betekenis vir byvoorbeeld die huis van Dawid en selfs vir Israel as die mense van God. Juis deur hierdie woord ontwikkel daar 'n verband tussen die gesin en die gemeente van God, sodat die familie 'God se heiligdom in die klein' (Louw, 1989:37) word. Daar ontwikkel in die Nuwe Testament al meer 'n noue verbintenis, juis in die gebruik van die term 'huis', tussen die gesin en die gemeente as die volk van God. In Efesiërs 2:19 noem Paulus die gelowiges eksplisiet 'lede van die huisgesin van God', terwyl Petrus in 1 Petrus 2:5 die gelowiges oproep om hulle as lewende stene te laat opbou tot 'n geestelike huis.

Die begrip en karakter van die huis kry nie net 'n uitkringende betekenis vir die huisgesin van God oftewel die kerk nie, maar die gesin en die individu word in hulle gebrokenheid ook weer opgevang in die 'terapeutiese gemeenskap van die gemeente as God se groot huishouding en heiligdom' (Louw, 1989:38). Dit is per slot van rekening Christus wat reeds in die evangelies (Mar 10:29, Mat 19:29, Luk 18:29) die ewige lewe as groter rykdom belowe aan dié wat ter wille van die koninkryk van God van huis en familie afgesien het. Die familieverbande word gerelativeer sodat die gesin sy 'eintlike karakter as God se heiligdom terugvind' (Louw, 1989:38) binne die gemeente en die kerngesin 'n verbondsgesin word.

### 2.4.3 Die vroeë Christendom as uitdaging vir die gesin

Daar is hierbo verwys na die relativering van die gesin en familieverbande. Ook op baie praktiese vlakke het die inslag van die Christendom uitdagings vir die gesinslewe teweeg gebring.

Waar dit vir die eerste gelowiges uit die Jodedom minder moeilik was om tot die Christelike geloof te kom (hulle kon per slot van rekening die geloof in Christus koppel aan die belofte van die Messias van oudsher af), was dit vir gelowiges uit die heidendom dikwels moeiliker: van hulle is dikwels gevra om 'n radikale breuk met die heidense tradisies van hulle voorouers en familielede te maak. '...the early Christian movement brought into question not only ethnic but also family solidarities' (Barclay, 1997:73). Dit is duidelik dat onder die meer radikale verwagtinge wat van die nuwe Christene gekoester het oor die implikasies van hulle geloof, selfs 'n asketiese afwysing van seks, voortplanting en die daarstelling van 'n gesin ingesluit het.

Alhoewel die apostels as leiers van die vroeë gemeentes hierdie probleme en tendense raaksien, moedig hulle dit nie aan nie. Inteendeel. In 1 Korintiërs 7:12-16 moedig Paulus juis gelowige mans en vroue aan om nie van hulle ongelowige huweliksmaats te skei nie en hou in vers 16 die moontlikheid oop dat die gelowige huweliksmaat die ongelowige een kan red. Hierdie benadering word in 1 Petrus 3:1-6 baie eksplisiet deur Petrus beaam ten

opsigte van vroue met ongelowige mans. Op hierdie wyse word die huis 'a locus of evangelism' (Freedman, 2000:613). Ook oor die neiging tot asketisme in Korinte is die advies van Paulus in die vroeë gedeelte van 1 Korintiërs 7 allesbehalwe afwysend teenoor die gesin.

### 2.4.4 Die huistafels

Dit is onvermydelik dat daar by enige oorweging van die aard en plek van die gesin in die Nuwe Testament aandag gegee sal moet word aan dié gedeeltes wat voorkom in Kolossense 3:18-4:1, Efesiërs 5:22-6:9, 1 Petrus 2:18-3:7, 1 Timoteus 2:8-15, 1 Timoteus 6:1-2 en Titus 2:1-10 en wat algemeen bekend staan onder die benaming wat Luther daaraan gegee het, naamlik die huistafels (Floor, 1986:1).

Die aard van die vermanings wat daarin voorkom, is juis aanduidend van die uitgebreide aard van die huishoudings van destyds, met insluiting van byvoorbeeld ook die slawe. Wesentlik gee die teenwoordigheid van hierdie huistafels op soveel plekke in die Nuwe Testament 'n aanduiding van die belangrike plek wat aan die gesin gegee is in 'n belangrike formatiewe tydperk in die geskiedenis van die Christendom (Dunn, 1996:43). Volgens Floor (1986:1) was die hele samelewing nog sterk beheers deur die struktuur van die huisgesin. 'n Klaarblyklike aanname onderliggend aan die huistafels is dat orde in die huishouding orde in die breër gemeenskap sal verseker. Daarby sou Christene se onderhouding van sodanige voorskrifte onvermydelik bydra tot die respek waarmee die Christendom in die omringende gemeenskap aangeslaan sou word en kon dit bydra om die evangeliseringstaak van die kerk te vergemaklik (Köstenberger, 2003:275). Die huistafels veronderstel 'n kontinuïteit tussen huislike verantwoordelikheid en kerklike verantwoordelikheid (Dunn, 1996:57). Paulus trek reeds in 1 Timoteus 3:2-5 en 12 die parallel deur as hy die goeie beheer oor die huishouding as 'n vereiste stel vir ouderlinge en diakens.

Juis omdat die Christelike gesin binne 'n breër gemeenskap respektabel moes lewe en so 'n getuienis moes wees van deugsaamheid en orde tot verbreiding van die evangelie, sou dit nie vreemd wees om op allerlei wyses invloede uit die breër kulturele wêreld van die eerste eeu te kry nie. Die klem in Kolossense 3:18 en elders op die gepastheid van bepaalde gedrag kan ooreenkomste vertoon met die Stoïsynse opvatting dat dit goed is om in harmonie met die natuurlike orde te leef (Dunn, 1996:51-52). Insgelyks is daar duidelike inhoudelike en strukturele invloede uit die Joodse leefwêreld (Dunn, 1996:52). Maar nog meer duidelik uit herhaalde verwysings in Kolossense 3:18-4:1 is die eintlike basis vir die onderlinge verhouding van respek en liefde en goeie behandeling wat daar tussen lede van die huishouding moet bestaan die geloof in die Here (3:18), die eise van die Here (3:20), die

eerbied vir die Here (3:22), die lewe vir die Here (3:23), die diensbaarheid aan Christus die Here (3:24), die regverdigheid van die Here (3:25), en die onderworpenheid aan die Here (4:1). Hierdie kompakte weergawe van die huistafels word op die ou end 'n magtige stortvloed van aanduidings dat alle verhoudings en die eise wat daarvoor geld, ook in die huis ten diepste bepaal word deur wat God in sy liefde skenk en dan vra, en deur die gehoorsaamheid wat die Christen in 'n verbondsverhouding aan Hom verskuldig is.

### 2.4.5 Huwelik, gesin en kerklike leierskap

Daar is reeds verwys na die verband wat Paulus in sy eerste brief aan Timoteus lê oor die verband tussen die goeie beheer oor die eie huishouding en die geskiktheid van gelowiges vir die amp van ouderling en diaken. Köstenberger (2003:277) maak hieroor drie belangwekkende (en sommiges selfs kontroversiële) gevolgtrekkings:

- Dat jonger kandidate wat nog bewys moet lewer dat hulle hulle huishoudings goed kan bestuur, normaalweg nie met leierskapposisies in die kerk toevertrou moet word nie.

- Dat dit dwaasheid is vir iemand om bekwame leierskap in die kerk uit te oefen en terselfdertyd sy pligte teenoor sy eie gesin te versaak. Hy suggereer dat sodaniges self soos Paulus in 1 Korintiërs 9:27 moet waak om nie ander tot die stryd op te roep en dan self nie te kwalifiseer nie.

- Dat die Nuwe Testament met die noue verbintenis tussen die huis en die kerk laasgenoemde inderdaad as die eskatologiese uitbreiding van die huis sien. Via die gesin trek Paulus as 't ware die lyn deur van die skepping van die eerste man en vrou na die kerk in sy verhouding met Christus (Ef 5:31-32).

## 2.5 'n Bybelse model van die gesin

Ten spyte van die klaarblyklike wisselende aard van die gesin in die Bybel oor 'n tydperk van eeue, van die gebrokenheid van die werklikheid wat daarin dikwels ook so jammerlik na vore gekom het (en tot vandag toe ook nog in Christelike gesinne blyk), en van wat reeds uitgewys is oor die onmoontlikheid daarvan om die gesin eenduidig te tipeer, het die gesin 'n duidelike aard, funksie en bestemming binne God se koninkryk. Nie net die geskiedenis van gesinne nie, maar veral die duidelike Goddelike opdragte aan die gesin dwarsdeur die Skrif, laat iets blyk van die unieke aard en veral van die taak wat God daarvoor in die oog het.

Die onderstaande afdeling is 'n poging om veral aan die hand van die werk van Slaughter (1996) en Maston (1983) verskillende aspekte en grondslae van die gesin soos dit uit die Skrif na vore kom, te sistematiseer. Soos met enige sisteem moet daarteen gewaak word om die aangeduide aspekte as wedersyds uitsluitend te beskou – dit is per slot van rekening dieselfde werklikheid wat uit verskillende oogpunte beskou word en waar een aspek van die grondaard noodwendig sy uitwerking in die bestemming van die gesin moet hê. Uit die aard van die saak sal daar, veral wanneer dit gaan oor die grondslae van die gesin, meer klem gelê word op die instelling van die huwelik tussen man en vrou as die basis van die gesin. Dit vorm egter 'n onlosmaaklike fondament vir en deel van die gesin.

### 2.5.1 Grondslae van die gesin in die huwelik

Ongeag latere ontwikkelings en die geregverdigde aandag aan nie-konvensionele vorms van die gesin, kan dit geen twyfel lei dat die gesin basies en ten diepste gegrond is op die instelling van die huwelik en op die verbintenis tussen die man en vrou soos dit in God se skepping gestalte gekry het nie.

#### 2.5.1.1 Die man se behoefte aan 'n maat

Deurgaans in die verhaal oor God se skepping word daar vermeld dat wat God gemaak het, goed was. Telkens het God gesien wat hy gemaak het, is goed (Gen 1:10, 12 en elders). In Gen 1:31 kyk God na alles wat hy gemaak het en dan word selfs vermeld dat dit baie goed was. Net daarna egter, in Gen 2:18, sien God dat dit nie goed is dat die man alleen is nie. As die unieke kroon van die skepping is die mens klaarblyklik nog nie volledig om aan sy skeppingsdoel te beantwoord nie – God moet vir hom iemand, sy gelyke, maak om hom te help.

#### 2.5.1.2 Die gelyke en helper

Die woorde *ezer kenegdo*, vir gelyke en helper, word in Gen 2:20, waar vermeld word dat die mens name aan die diere gegee het, herhaal. Dit lê opnuut klem op die klaarblyklike baie goeie van God se skepping wat in die mens nog nie sy volheid bereik het nie. Baie klaarblyklik is die implikasie dat die diere nie die gelyke van die mens is nie en dat die man iemand nodig het wat soos hy is en waarmee hy saam die bestemming wat God vir die mens in gedagte het, kan volvoer. Die algemene bestemming van die mens om as God se verteenwoordiger oor die skepping te heers, word in Gen 1:28 voorafgegaan deur die opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder. Dit is alleen moontlik deur die komplementariteit waarmee God man en vrou geskape het. Van der Walt (1987:5) verwys na die verskil tussen man en vrou as nie 'n teenstellende nie, maar 'n 'komplementêre, aanvullende, vervolmakende verskil'.

#### 2.5.1.3 As beeld van God

Die skepping van die vrou as gelyke en helper vir die man word in Gen 2 verhaal. Reeds egter in Gen 1:27 word verhaal dat God die mens as man en vrou geskep het as sy verteenwoordiger, en dan met die belangrike toevoeging '...as beeld van God het Hy die mens geskep'. Waltke (2001:65) sê dis opmerklik dat waar al die skepsels 'almal na hulle aard' (Gen 1:21) geskep word, alleen die mens na die beeld van God geskep word. Maston (1983:36) sien hierin besondere belangrikheid vir die studie van die gesin en bring dit in verband met Paulus se uitspraak in Gal 3:28 dat dit nie saak maak of iemand man of vrou is nie, maar dat almal in Christus Jesus een is. Volgens Maston moet hierdie eenheid in Christus ten diepste die kerk se houding teenoor vroue, kinders en alleenlopers beïnvloed.

Verhoef (2000:15) dui op die wyse waarop God, eerder as om net 'n bevel te gee soos by die skepping van die heelal en die ander wesens, as 't ware in beraadslaging met Homself gaan en daarmee die besondere verhouding van die mens tot Hom beklemtoon. Die mens moet God as 't ware in sy optrede reflekteer (Verhoef, 2000:18). Maston (1983:36-37) sien onder andere die betekenis van die mens as beelddraer van God daarin dat God 'n persoon is en so die mens ook. As persoon kan iemand dink, voel, wil en van (H)hom- of haarself en van ander bewus wees. Die aard van 'n persoon vereis kommunikasie met ander en so vind die mens sy vervulling in kommunikasie met God. Waltke (2001:88) sê dat die verhouding tussen man en vrou gebaseer is op God, wat nie in isolasie bestaan nie, maar 'n drie-eenheid is in 'n hemelse hofhouding. Op die menslike vlak het die mens die mees sinvolle kommunikasie met mekaar as man en vrou (Maston, 1983:37).

#### 2.5.1.4 Verlating en vereniging

Aan die einde van die gedetailleerde beskrywing van die skepping van die vrou as gelyke helper vir die man in Gen 2 word daar in vers 24 'n uiters belangrike grondslag vir die aard van die huwelik en die gesin gegee met die vermelding dat die man sy vader en moeder (dus sy gesin van oorsprong) sal verlaat en saam met sy vrou sal lewe en met haar een sal word. Die huwelik is dus beide 'n proses van skeiding en saamvoeging en so word uit twee oorspronklike gesinne (natuurlik nie in die geval van die eerste mensepaar nie) 'n nuwe gesin gevorm. Volgens Slaughter (1996:19) is hierdie skeiding nie net 'n fisiese nie, maar ook 'n emosionele proses waardeur die egpaar na God opsien vir leiding vir hulle lewe saam. Maston (1983:44) sien in die 'daarom' van Gen 2:24 'n noodwendigheid: juis omdat die man en vrou vir mekaar geskep is, volg dit dat hulle hulle gesinne van oorsprong sal verlaat. Dis dus inderwaarheid 'n skeppingsgegewe dat man en vrou in hulle saamhoort hulleself sal afskei in 'n nuwe gesin. Maston sien in God se ideaal vir die huwelik en die gesin ook 'n ideaal van eksklusiwiteit (1983:44). Juis in die voorvaderlike geskiedenis as basis van die

geskiedenis van die volk Israel is daar in Gen 24 die aandoenlike geskiedenis van Rebekka wat saam met Abraham se dienskneg as vrou vir Isak haar ouerhuis en die sekerhede daarvan verlaat na 'n land en man wat sy nie ken nie, om so haar roeping te volvoer.

Binne die huwelik word daar die diepste fisiese en geestelike eenheid tussen 'n man en 'n vrou voltrek (Maston, 1983:45). Die woord *dabaq* wat in Gen 2:24 gebruik word, is 'n besondere sterk een vir permanente vereniging en die sterkste denkbare regverdiging vir die huwelik as 'n monogame verhouding (kyk Van Gemeren, 1997:I-978). In Mat 19:5 haal Jesus juis hierdie vers aan in sy afwysing van egskeiding en voeg Hy die belangrike woorde daaraan toe dat die man en vrou nie meer twee is nie, maar een. Daar kan geen twyfel wees nie dat hierdie vereniging ook baie sterk slaan op die fisiese vereniging van man en vrou. In 1 Kor 6:16 gebruik Paulus dieselfde terminologie in sy afwysing van seksuele immoraliteit as hy sê dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is. Die 'diep geheimenis' (Ef 5:32) van hierdie onderlinge verbintenis word deur Paulus in Ef 5:31-33 gebruik om die verbintenis tussen Christus en die kerk mee uit te beeld. Net so ondenkbaar as wat dit is om die verhouding tussen Christus en die kerk te verbreek, so ondenkbaar is dit om die huwelik tussen man en vrou te verbreek (Muddiman, 2001:271).

### 2.5.2 Die doelstellings van die gesin

Dit behoort uit die voorafgaande oorvloediglik duidelik te wees dat dit nie net die mens is wat die kroon van die skepping is nie. Juis in die skepping van man en vrou as onderling intiem verbonde en in die daarstelling van die huwelik as grondslag van die gesin, stel God die gesin as die basiese boublok van die gemeenskap daar. Wat die huwelik en die gesin is, is nie die resultaat van 'n toevallige sameloop van omstandighede nie, maar deel van God se plan vir die wêreld. In die strukturering van sy skepping is daar 'n duidelike volgorde en planmatigheid. Juis die gesin, so blyk dit uit 'n veelheid van uitsprake in die Skrif, word deur God gebruik as sluitstuk in die ontplooiing van sy plan vir die wêreld.

#### 2.5.2.1 Die gesin as draer van verlossing

In beide die Ou en die Nuwe Testament word veral die eerste boeke daarvan gekenmerk deur die teenwoordigheid van geslagsregisters en deur die belangrike plek wat dié inneem, hetsy in die ontplooiing van die verdere geskiedenis of in die begronding van die beloofde verlossingswerk van Jesus Christus. In Genesis alleen is daar 'n verskeidenheid van geslagsregisters in verskillende groeperinge. In Gen 5 is daar eers 'n uiteensetting van Adam se nasate tot by Noag, dan in Gen 10 en 11 die geslagsregister van Noag en sy seuns wat in Gen 11:26 oorvloei in dié van Tera, die vader van Abram, en later in die boek verskillende geslagsregisters van die nasate van Abraham. Juis familiebande en kindskap

word hier gebruik om die totstandkoming van God se uitverkore volk, met wie Hy so dikwels verskillende verbonde sou sluit, te demonstreer en te volg (Waltke, 2001:109-192).

Dis egter veral in die Nuwe Testament, met die twee weergawes van Jesus se geslagsregister in Mat 1 en Luk 3 dat die implikasie van die gesin en familieverbande as draer van die beloofde verlossing vir God se volk sterk na vore kom. Dit dien by uitstek daartoe om te bewys dat Jesus kwalifiseer as 'n wettige erfgenaam van die troon van Dawid. Later in Mat 22:42-45 neem Jesus self dié tema op as Hy na sy afstamming van Dawid verwys (Slaughter, 1996:23).

**2.5.2.2 Die gesin as basis vir voortplanting**

Daar is reeds verwys na die opdrag wat God aan die mens gee nadat hy die eerste man en vrou vir mekaar geskep het. In Gen 1:28 gee Hy die opdrag aan die mens om vrugbaar te wees, baie te word en die aarde te bewoon, 'n opdrag wat volgens Maston (1983:39) daarop neerkom dat die mens as 't ware 'God's deputy creators' word. Daar kan met reg gesê word dat die opdrag tot vrugbaarheid en voortplanting nie 'n toevallige byvoeging by die skepping van die mens is nie, maar dit onlosmaaklik daaraan verbind as die eksklusiewe domein van die huwelik.

Insgelyks, al is voortplanting nie die enigste rede waarom God 'n seksuele vermoë en ingesteldheid aan die mens gee nie, dien die huwelik as die kanaal waarbinne die mens ordelik uiting kan gee aan haar of sy seksuele drange. Daar is oorvloedige voorbeelde in beide die Ou en Nuwe Testament van die afwysing van seksuele aktiwiteite buite die huwelik, terwyl Paulus in 1 Kor 7:9 juis, ten spyte van sy voorkeur vir die ongetroude staat in die vorige vers, positief die huwelik aanwys as die oplossing vir die uitlewing van (seksuele) hartstog.

**2.5.2.3 Die gesin as getuienis – 'n demonstratiewe doelstelling**

Dit is opmerklik dat die twee metafore wat konsekwent in die Bybel gebruik word om God se verhouding met Israel en die verhouding tussen Christus en die kerk te tipeer en te verduidelik, uit die kring van die gesin kom. Dit is in die eerste plek dié van die verhouding tussen man en vrou en tweedens die beeld van die liefdevolle vader (Slaughter, 1996:25).

Die verhouding tussen man en vrou as sinnebeeldig van die verhouding van God tot Israel en van Christus tot sy kerk kom in beide die Ou en Nuwe Testament voor. Baie bekend is die opdrag wat God aan die profeet Hosea gee om met 'n ontugtige vrou te trou en die wyse waarop Hosea haar dan met groot liefde behandel as beeld van God se geduld met sy ontugtige volk Israel en van sy troue liefde waarmee Hy hulle, ten spyte van hulle sonde,

elke keer weer tegemoet kom (Davies, 1992:64-91). Oor die Nuwe Testament is daar reeds verwys na Paulus se uitgebreide gelykstelling in Ef 5:22-33 van die verhouding tussen man en vrou met dié tussen Christus en die kerk.

Ook die beeld van God as vader kom beide in die Ou en die Nuwe Testament voor (Slaughter, 1996:25). In Eks 4:22 gee God self die opdrag aan Moses om aan die Farao te gaan sê dat Israel sy (God se) oudste seun is, terwyl in Hosea 11:1 God weer sê dat Hy Israel as sy seun uit Egipte geroep het. In die Nuwe Testament is die gelykenis van die verlore seun sekerlik die bekendste identifikasie van God in die rol van die troue, barmhartige en ontfermende vader, terwyl die gebed wat Jesus sy dissipels in Mat 6 leer, met die aanspreek van God as 'Ons Vader', 'n kragtige bevestiging is van dié verhouding tussen God en sy volk.

Dit volg logies uit die voorafgaande dat waar God so doelbewus in sy Woord die gesin as verteenwoordigend van sy eie genade en ontferming gebruik, daar 'n geweldige roeping op gesinne rus om daardie beeld waardig te wees en juis die warmte en ontferming wat alleen van God af kom, in hulle gesinslewe te vertoon as 'n kragtige getuienis van God se genade.

#### 2.5.2.4 Die gesin as medium vir koestering en opvoeding

Een van die aspekte waarin in die sogenaamde huistafels aandag gegee word, is aan die verhouding tussen ouers en kinders. In Ef 6:4 is daar beide 'n negatiewe en 'n positiewe opdrag aan vaders. Hulle word enersyds vermaan om nie hulle kinders so te behandel dat hulle opstandig word nie, en andersyds word dit aan hulle opgedra om hulle kinders met tug en vermaning groot te maak, met die uiters belangrike toevoeging daarby 'soos die Here dit wil'. Die opvoeding en koestering van kinders binne 'n positiewe atmosfeer word hier dus baie eksplisiet as die domein van die huisgesin gestel en daarby word dit gekoppel aan die wil van die Here, presies soos wat drie verse vroeër, in Ef 6:1, die gehoorsaamheid van kinders aan hulle ouers in verband gebring word met wat die wet van God in die vyfde gebod vereis. In die klein blik wat Luk 2:51-52 ons op die geskiedenis van Jesus se kinderjare bied, word sy liggaamlike en verstandelike opgroei en toename in guns by God en die mense (52) nie los geskets van sy saamwoon met en onderdanigheid aan sy ouers nie (51).

Die gesin is egter nie net 'n passiewe en koesterende groeimedium vir kinders nie. Die positiewe en aktiewe opvoeding van kinders in die vrees van die Here is op verskillende plekke in die Skrif 'n pertinente opdrag aan ouers. Sekerlik die bekendste en die mees rigtinggewende hiervan is dié van Deut 6:4-9, kort voor die Israeliete se intog in die Beloofde Land. In hierdie gedeelte kom twee baie belangrike aspekte van ouers se opvoedingstaak na vore (Slaughter, 1996:26). In die eerste plek gebied God die Israeliete om die Here hulle

die huishoudings gerig. Interessant genoeg vind ons hier in Eks 12:26 reeds 'n voorloper van die opdrag in Deut 6 oor die onderrig van kinders as taak van die gesin.

#### 2.5.3.2 Die gesin as komponent van die kerk

Dit is meer as duidelik uit die rol wat die Ou Testament nog aan die gesin gee, selfs na die instelling van die tabernakel/tempel en die priesterdom, dat die gesin as verband en die ouerlike gesag nog ten nouste funksioneer binne die formele Joodse godsdiens. Van die enkele meer bekende historiese voorbeelde hiervan is die wyse waarop Hanna in 1 Sam 1 en 2 haar seun na die priester van die Here in Silo neem, asook die wyse waarop Jesus se ouers hom in Luk 2 op die bestemde tyd en volgens die voorskrifte wat daarvoor bestaan, na die tempel toe neem vir die handelinge wat daar verrig moes word, te wete die lossing en die reiniging van die moeder (Van der Walt, 2006:130).

Die rol van die huis en die gesin in die wordingsjare van die vroeë Nuwe Testamentiese kerk na die uitstorting van die Heilige Gees is sprekend. Dat die gelowiges aanvanklik in huise bymekaargekom het, word herhaaldelik vermeld (Oostenbrink & Lotter, 1999:16-17). Van die duidelikste hiervan is Paulus se groete in Rom 16:5 'aan die gemeente wat gereeld in hulle [Priscilla en Akwila se] huis bymekaarkom' en net 'n paar verse verder in Rom 16:15 die groete ook aan 'Filologus en Julias, Nereus en sy suster en Olimpas en al die ander gelowiges daar by hulle'. Wat die uitbreiding van die kerk betref, kan ons met drie voorbeelde volstaan. In Hand 10 lees ons aanvanklik van die kaptein Kornelius dat hy saam met sy hele huisgesin (wat uiteraard na die gebruik van daardie tyd ook slawe en ander kon insluit) godsdienstig en godvresend was. Na Petrus se aankoms in Sesarea roep Kornelius sy familie en huisvriende bymekaar en aan die einde van die hoofstuk lees ons hoe hulle in opdrag van Petrus gedoop word en daardeur lidmate van die kerk word. In Hand 16 kom Lidia in Filippi tot bekering en word sy en haar huisgesin gedoop, terwyl daar later in dieselfde hoofstuk, en nog steeds in Filippi, verhaal word hoe die bewaarder in die tronk waar Paulus en sy genote gevange gehou word, die moontlikheid van redding deur geloof saam met sy huisgesin toegesê word.

#### 2.5.3.3 Die gesin as beeld vir die kerk

Soos Maston (1983:53) tereg aantoon, word die belangrikheid van die gesin veral beklemtoon deur die simboliese en figuurlike gebruik daarvan in die Skrif. Dit is veilig om te sê dat beide in die Ou en die Nuwe Testament die beelde wat verreweg die meeste gebruik word om die verhouding tussen God en die gelowiges en tussen gelowiges onderling uit te beeld, uit die gesinslewe afkomstig is.

God met hart en siel en met al hulle kragte lief te hê en om sy gebooie in hulle gedagtes te laat bly. Die basis van enige opvoeding is dus 'n eie hartstogtelike en toegewyde verbintenis met God. In die tweede plek lê God klem op die voortgesette en deurlopende inskerping van hierdie gebooie by die kinders. Dit is dus nie 'n blote formele of eenmalige oordrag daarvan nie, maar moet geskied in 'n verskeidenheid van verbande: in die huis en op pad, wanneer hulle gaan slaap en wanneer hulle opstaan. Dit moet dus 'n totaal geïntegreerde en natuurlike deel van beide ouers en kinders se lewens wees: 'Dit moet 'n merk op jou voorkop wees.' (Deut 6:8)

Die aktiewe opvoeding van kinders kom herhaaldelik na vore in ander Skrifgedeeltes. Die tug wat vaders oor hulle kinders uitoefen, word in Heb 12:7-8 beide voorgehou as beeld van God se verhouding met sy kinders en ook as 'n baie vanselfsprekende en natuurlike deel van die opvoedingsproses. In die boek Spreuke is daar herhaalde verwysings (bv 1:8-9, 4:1-4, 6:20) na ouers se opvoedingsverantwoordelikheid teenoor hulle kinders, waarvan die vader se aanspraak teenoor sy seun in Spr 3:1-12 seker die bekendste is.

### 2.5.3 Gesin en kerk

Een van die interessantste verhoudings waarin die gesin tot ander entiteite staan, is die verhouding daarvan tot veral die Nuwe Testamentiese kerk of gemeente. Daar is 'n versoeking om dit bloot te sien as die gesin se rol as (gewaardeerde) onderafdeling of bousteen van die kerk, wat dit sekerlik is. Dis egter nie daartoe beperk nie en laat nie reg geskied aan die rykdom van Skrifuitsprake oor dié twee samelewingsverbande nie.

#### 2.5.3.1 Die gesin as (historiese) voorganger van die kerk

Dis belangrik om te onthou dat selfs in die Ou Testament die godsdienstige organisasie van Israel as verbondsvolk van die Here eers op 'n later stadium sy beslag kry rondom die priesterdom, die tabernakel, die offers en die ander gepaardgaande kultiese voorskrifte. Twee van die belangrikste komponente van die Joodse godsdiens word pertinent vir en binne die gesin en met opdragte aan die vader as eerste priester ingestel. As God sy verbond met Abraham sluit en daar in Gen 17:10 vir die eerste keer die opdrag tot die besnydenis gegee word, is God in gesprek met Abraham alleen. Nadat God van Abraham af weggegaan het, is Abraham se eerste aksie op daardie dag om sy seun Ismael en sy slawe self te besny.

Insgelyks, wanneer die Pasga ingestel word net voor die bevryding en vertrek van die volk uit Egipte, word God se uitvoerige voorskrifte daaroor in Eks 12 via Moses aan die vaders van

In die Ou Testament gebruik God self dikwels die beeld van vader en eggenoot om sy verhouding tot sy volk uit te beeld. Soos reeds na verwys, laat Hy Moses aan die Farao in Eks 4:22 sê dat Israel sy oudste seun is. Die tipering van God as vader en die volk as sy seun word herhaal in Deut 1:31 en Deut 8:5. Ook in die profeteboeke vind ons in Jes 63:16 en Jer 3:19 onder andere die verwysing na God se vaderskap, terwyl Hy in Ps 68:6 selfs die vader van die vaderloses genoem word. Daar is eweneens reeds verwys na die besondere wyse waarop God deur die profeet Hosea Homself laat uitbeeld as die in liefde opsoekende eggenoot van die volk as ontroue vrou. Elders in die profeteboeke kry ons onder andere hierdie beeld in die pragtige eerste verse van Jes 62 en ook in Es 16:32. Die beeld van die volk as bruid begin in die Ou Testament (bv Jes 62:5, Jer 2:2, Hos 2:19) en word deurgedra in die Nuwe Testament (bv Joh 3:29, 2 Kor 11:2, Op 21:9) (Venter, 2004:5).

In die Nuwe Testament is die gebruik van gesinsterminologie om verhoudinge uit te beeld, selfs nog meer uitgebreid en algemeen. Daar is in die Nuwe Testament byna 300 verwysings na God as Vader, waarvan meer as 'n honderd in die Johannes-evangelie voorkom (Maston, 1983:54). Jesus Christus se eie gebruik van die woord Vader om na die eerste persoon van die Godheid te verwys en dié se tipering van Jesus as sy Seun is oorbekend (Mat 6:9, 7:21; Mat 3:17). Die gelykenis van die verlore seun en die liefdevolle, versorgende vader in Luk 15:11-32 is 'n verdere sterk bevestiging daarvan. Reg deur die sendbriewe, beide van Paulus en die ander skrywers, word die gebruik van gesinsterminologie voortgesit as die baie natuurlike beeld van die kerk en die verhoudinge daarbinne. Die gebruik van die terme 'broer/broeder' en 'suster' om na medegelowiges te verwys en wat tot vandag in die kerk van Christus voortleef, dui ook die sterk verbondenheid tussen gelowiges aan. Ook die verwysings na kindskap (bv Gal 3:26) en God as Vader (bv Gal 4:6) is talryk en versterk die idee van die kerk as 'gesin'. Soos die Bybel in die eerste boek daarvan begin met die daarstelling van die huwelik en die begin van die gesin, is die simboliek van die huwelik en die gesin in die laaste boek, Openbaring, ook nie afwesig nie as daar na die kerk as die bruid van die Lam verwys word (Op 19:7).

Heystek (2000:82-125) maak 'n uitvoerige ontleding van die 'mekaar'-opdragte in die briewe van Paulus (bv 'aanvaar mekaar' in Rom 15:7, 'dien mekaar' in Gal 5:13 en 'vergewe mekaar' in Kol 3:13) en van die belang daarvan met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Slegs een daarvan, naamlik 'Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig' (Ef 5:21), slaan in die teks direk op 'n huweliks- of gesinsituasie. Tog is dit duidelik dat die toepassing hiervan onder gelowiges nie losgedink kan word van die innige verbintenis wat deur die beeld van die gesin daargestel word nie. Versteeg (1979:93) wys daarop dat die geloof wat

ons aan Christus verbind, ons tegelyk aan medegelowiges verbind. Ook hieroor sou gesê kon word dat dit in verhewigde mate verhoudinge binne die gesin geld.

#### 2.5.3.4 Die kerk teenoor die gesin

Ten spyte van die baie belangrike plek wat die huwelik en die gesin op baie wyses in die ontplooiing van God se heil inhou, sou dit verkeerd wees om dit te idealiseer as die een en die al en om dit op dieselfde vlak as die kerk te plaas. Maston wys tereg uit (1983:40-41) dat die gesin nie 'n doel op sigself is nie, maar slegs diensbaar is in die bereiking van 'n groter doel, naamlik die bevordering van die koninkryk van God. Ook Barton (2001:48) beklemtoon dat die gesin nie 'n doel op sigself is nie en wys wat hy bestempel as die modernisme se 'idolatry of the family' af.

Die Christen se eerste lojaliteit is daarom nie teenoor die gesin nie, maar teenoor die kerk. In Mat 10:34-37 maak Jesus besondere skerp uitsprake oor hoe Hy nie gekom het om vrede op die aarde te bring nie, oor hoe daar tweedrag en selfs vyandskap tussen familielede sal wees, en dat dié wat hulle familielede liewer het as vir Hom, nie werd is om aan Hom te behoort nie. Dieselfde teenstelling tussen natuurlike familie en die bande van die geloof vind ons baie opmerklik in Mar 3:31-35 as die moeder en broers van Jesus buite bly staan en Hy teenoor sy volgelinge wat rondom Hom is, die uitspraak maak dat juis hulle sy moeder en broers is as hulle die wil van God doen. Natuurlik het ons hiermee nie 'n totale afwysing van die natuurlike verbande nie: Maria volg Jesus verder op sy omwandelinge en aan die kruis besorg Jesus haar nog aan Johannes (Joh 19:26-27), terwyl ons weet dat sy broer Jakobus later 'n leidende rol in die kerk gespeel het.

Clapp (1993:67-) bestempel die kerk as 'first family' en sê oor die verhouding tussen dié twee verbande: 'Allegiance to the kingdom *precedes* the family. It does not destroy the family.' (Clapp, 1993:77). Alles wat in Genesis beskryf word oor die totstandkoming van die huwelik en die gesin moet gelees word in die lig van die openingsverse van die Johannes-evangelie dat die Woord (Christus) in die begin daar was (1993:68). Die belang van Christus en sy liggaam gaan dus voor dié van die gesin.

Sonder om die kerk spesifiek teenoor die gesin te stel, wys Garland (1999:306-7) tog uit hoe juis die geboorte van Jesus 'n transformasie van die gesin en blote afstamming teweeg bring en hoe Hy, deur sy aanneming deur Josef, as 't ware in die geslagslyn van Dawid ingeënt word. God skep Adam, neem Dawid as sy seun aan (2 Sam 7:14) en neem Jesus in die lyn van Dawid op. 'All along, God has not been constrained by biological descent' (Garland, 1999:307). Ook Colijn (2004:74) dui aan hoe God op verskillende verrassende wyses ingryp in die meganiese proses van afstamming.

## 2.6 Gevolgtrekkings

2.6.1 In feitlik geen deel van die Bybel is die huwelik, die gesin of die verhouding tussen ouers en kinders ooit afwesig as kernelement in die voortgang van die geskiedenis van die volk Israel of van die kerk, of in die wyse waarop God lerend en vermanend met sy kinders besig is nie. Die wyse waarop hierdie kompleks van verhoudinge 'n groter rol speel as dié van enige ander instelling in die Bybel, berus op vier stelle gegewens:

2.6.1.1 Die **skeppingsgegewe**. Terwyl God die res van die skepping met 'n blote bevel in aanskyn roep, is die wyse waarop Hy vir die mens 'n maat maak, hulle aan mekaar verbind en hulle taak aan mekaar gee, 'n duidelik meer uitgesproke proses. Waltke (2001:64) sê met verwysing na Gen 1:26: 'Only in the creation of humanity is the divine intent announced beforehand.'

2.6.1.2 Die **genealogiese gegewe**. Die voortbestaan van die menslike geslag is nie die van disjunkte individue of groepe nie. God bind geslagte oor millennia aan mekaar en laat beide vooruitskouend (Gen 3:15) en terugskouend (Mat 1 en elders) sy ewige plan daarmee blyk.

2.6.1.3 Die **simboliese gegewe**. Die wyse waarop God regdeur sy Woord doelbewus die terminologie van en verhouding tussen man en vrou en ouers en kinders van toepassing maak nie net op sy kerk nie, maar op Homself en op sy Seun, is geen terloopse gebruik nie.

2.6.1.4 Die **bestemmingsgegewe**. God gebruik in die instelling van die besnydenis en die Pasga die gesin vir niks minder as die daarstelling van die kultiese godsdiens nie. Net so gebruik Hy in die Nuwe Testament, weliswaar minder eksklusief, die gesin as 'n bousteen vir die kerk.

2.6.2 Bostaande berus op die feit dat God, nadat Hy die mens as die kroon van sy skepping en as onderkoning daargestel het, ook die huweliksverhouding en gesin wat Hy daarmee saam geskep het, as basiese boublok en prototipe vir haas elke ander verband wil gebruik.

2.6.3 Grondliggend aan God se wil vir die gesin staan klaarblyklik die monogame huweliksverhouding, met daarnaas die gesags- en opvoedende verhouding tussen ouer en kind. Wie ook normatiewe krag toeken aan tydsgebonde gebruike oor gesinsamestelling en -aktiwiteit, gaan verder as wat die Skrif openbaar.

2.6.4 Soos met individue self, gebruik God die huwelik ook in al sy gebrokenheid en disfunksionaliteit. Hy voer vrymagtig sy heilsplan uit sonder dat eiewil, veelwywery, owerspel of wat ook al in die pad daarvan kom staan.

2.6.5 Die gesin is nie God se enigste of laaste woord oor die belewing van gemeenskap en oor die gee van identiteit nie. As Hy met die kerk 'n nuwe gestalte aan die gemeenskap van die gelowiges en hulle verbondenheid met Hom gee, maak Hy die gesin en die belang van die huweliks- en gesagsverhoudinge nie tot niet nie, maar plaas Hy dit wel in 'n ryker raamwerk van ondersteuning, koestering en opoffering.

2.6.6 Die *priesterlike funksie van die gesin as draer en deurgewer van God se seën, nie* net binne die gesin self nie, maar ook na 'n breër gemeenskap, blyk herhaaldelik in beide die Ou en die Nuwe Testament en vorm saam met die eksklusiwiteit van die huweliksverhouding en die gesagsfunksie van die gesin van die fondamente van die gesin. Gesinslede is daarom besonderlik verantwoordelik om mekaar op te bou in die geloof.

2.6.7 Ten spyte daarvan dat die gesin se posisie deur die kerk gerelativeer word, sit daar 'n groot ontginbare rykdom in die verhouding tussen die gesin en die kerk. Die een is nie volledig funksioneel sonder die ander nie.

## 2.7 Ten slotte

Dis nie sterk genoeg gestel om, soos in die inleiding van hierdie hoofstuk, te sê dat die gesin 'n besondere plek in die Skrif inneem nie. Die huwelik en die gesin is nie maar net 'n instelling waar***oor*** daar in die Bybel gehandel word nie – veel meer gebruik God dit as 'n meganisme waar***deur*** Hy sy heilsplan nie net wil laat blyk nie, maar ook tot werklikheid wil laat kom. Wie daarom vandag nog erns wil maak met die gesin en biddend wil vra na God se wil in hierdie wêreld, sal baie besonders moet besin oor hoe Hy steeds die gesin in sy koninkryk wil gebruik.

# HOOFSTUK 3

# Die gesin: kontinuïteite, diskontinuïteite en essensies

## 3.1 Inleiding

Dis nie maklik om by 'n enkelvoudige tipering van die gesin uit te kom nie. Daarvoor is die historiese en kulturele gegewens en determinante doodeenvoudig te kompleks. Tog is dit vir doeleindes van analise noodsaaklik om te bepaal hoe die gesin oor eeue ontwikkel het, om sodoende te bepaal wat die historiese essensies van die gesin as sosiale struktuur is, en om op grond daarvan 'n evaluering te maak van dié se rol in drasties veranderende omstandighede.

In die vorige hoofstuk is aandag gegee aan Skrifperspektiewe op die rol van en verhoudinge binne die gesin, sowel as aan die manifestering daarvan in die Ou en die Nuwe Testament. In 'n volgende hoofstuk sal daar aandag gegee word aan historiese en moderne beskouings in die sosiologie en psigologie oor die rol van die gesin in die oordrag van waardes en die vorming van geloof. Die oogmerk met hierdie hoofstuk is om, sonder om in te veel besonderhede te verval, te let op die tipiese aard van die gesin in verskillende historiese tydperke en om op grond daarvan veral te let op beide gemeenskaplike en veranderende aspekte van die funksionering van die gesin. Voortvloeiend hieruit is dit noodsaaklik dat daar gekom word, in aansluiting by waartoe in die vorige hoofstuk gepoog is, by wat as die *kernfunksies* van die gesin beskou kan word.

Ten slotte sal daar aandag gegee word aan 'n uiters belangrike aspek wat tewens ook in die titel van hierdie proefskrif aan die orde kom, naamlik die postmoderne konteks en juis die funksionering van die gesin daarin.

## 3.2 Historiese perspektiewe

Om 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die gesin te gee, stuit voor 'n hele aantal probleme. In die eerste plek is die tydsverloop sedert die eerste antieke beskawings tot die huidige gewoon te omvangryk om meer as 'n voëlvlug te kan maak. Daarby is die keuse van verteenwoordigende tydperke of gemeenskappe of beskawings wat 'n ontwikkelingslyn (as so iets bestaan) daarstel, 'n moeilike taak. So 'n keuse is noodwendigerwys gebonde aan wat in die literatuur beskikbaar is, wat tewens nie altyd 'n konsekwente keuse of lyn vertoon nie. So is daar byvoorbeeld groot spronge van die vroeë Christendom na die Middeleeue en daarvan weer na die Industriële Revolusie. Wat hier aangebied word, pretendeer egter nie 'n

volledige oorsig nie, maar is slegs snitte om verteenwoordigende gesinstyle aan te dui of om bepalende momente wat 'n beduidende invloed uitgeoefen het, vas te vang.

### 3.2.1 Die gesin in die antieke Israel

'n Beperking wat nie hierbo uitgewys is nie, is dat die vorige hoofstuk oor Skrifperspektiewe op die gesin al grotendeels 'n blik bied op historiese gegewens uit wat as die funderingstydperk van die Westerse gesin beskryf kan word. Daar word dus gepoog om nie hier te veel uit die voorafgaande te dupliseer nie.

Frymer-Kensky (1998) bring in sy oorsig oor die gesin in Israel sekere kernelemente na vore wat van belang is vir die plasing daarvan in 'n historiese perspektief.

Hy wys in die eerste plek uit (1998:277) hoe die Bybel in die geskiedenis van oud-Israel, in teenstelling met die gebruike in ander Nabye-Oosterse beskawings en verhale, spesifiek die huwelik as basis vir die samelewing definieer as 'n intergeslagtelike eenheid tussen man en vrou. Beide in Gen 1:27 en weer in Gen 2:24 word wat Frymer-Kensky (1998:277) as die byna ontologiese aard van die man-vrou-verhouding bestempel, beklemtoon. As daarna, reeds in Gen 4, direk voortvloeiend uit hierdie eerste huwelik, vermelding gemaak word van die lewensonderhoud en kulturele aktiwiteite van die eerste mensepaar se nageslag, wil mens iets aanvoel van die basis wat daar in die huwelik geskep is vir die verdere sosiale en ekonomiese ontplooiing van die mensdom.

In aansluiting by die bekende kulture waartussen die volk hom bevind, is die verhouding tussen man en vrou in Israel ook van die begin af 'n baie sterk hiërargiese een, met die man as die hoof van die vrou en die gesin en met baie sterk heersersgesag. Opmerklik egter is hoe die absolute uitoefening en misbruik van daardie gesag reeds in die Ou Testament getemper word. Reeds in die tyd van die aartsvaders word iets geskets van die disfunksionaliteit wat die gevolg is van die ongebreidelde uitoefening van die man se gesag en hoe God as 't ware ingryp om dit te herstel. In Deuteronomium is daar groeiende blyke van hoe deur die wette wat uitgevaardig word, sentrale gesag perke plaas op die gesag van die man oor die vrou en van ouers oor kinders (Frymer-Kensky, 1998:279). Deut 4:9-10, 6:20-25 en 11:19 is wel nie so 'n beperking nie, maar lê met die herhalende opdrag tot inskerping by kinders en kleinkinders die klem eerder op roeping as op mag. In Deut 18:10 (met die verbod op die offer van kinders) en weer in Deut 21:18-21 (die verwysing van 'n ongehoorsame seun na die leiers) blyk die daadwerklike beperking van ouerlike willekeur al. Daar is min bewyse van die misbruik of mishandeling van vroue, maar eerder van hoe hoog hulle geag is en die belangrike posisies wat hulle dikwels in die gemeenskap ingeneem het (Leslie & Korman, 1989:151). Die verdere politieke transformasie van die Joodse

samelewing, onder andere deur die verskillende ballingskappe en die uiteindelike politieke beheer van die Romeinse Ryk, het verder sentrale beheer oor die aard van die huwelik en die gesin en beperkinge op die mag van die vader teweeg gebring (Leslie & Korman, 1989:155).

Grant (2000:14) wys ook op die noodsaak van 'n sterk onderlinge verbondenheid tussen gesinslede (soos die vyfde gebod gebied) as 'n noodsaaklike voorwaarde vir oorlewing en die effektiewe funksionering van die gesin binne die breër gemeenskap.

Die besondere plek van die gesin in Israel kom juis na vore in die wyse waarop, soos in die vorige hoofstuk uitvoerig uitgewys is, dit dien as 'n metafoor vir die verhouding tussen God aan die een kant en die volk Israel aan die ander kant.

### 3.2.2 Gesinne in die Grieks-Romeinse wêreld

Wat algemeen in die literatuur as die Grieks-Romeinse beskawing(s) bestempel word, is in werklikheid 'n komplekse reeks historiese gegewe. In beide hierdie beskawings het daar oor eeue ingrypende politieke en sosiale ontwikkeling plaasgevind, in Griekeland met die bestaan van verskillende (stad)state soos Athene en Sparta, en in Rome met die lang historiese ontwikkeling van 753vC tot 453nC met verskillende historiese ontwikkelings wat kort voor die begin van die Christelike jaartelling tot die totstandkoming van die keiserryk gelei het. Dis daarom kwalik moontlik om 'n enkele patroon vir gesinne en die ontwikkeling daarvoor uit te wys. Enkele saakmakende aspekte kom egter tog na vore.

Soos Bartchy (1998:282) aantoon, het ons al die belangrikste woordstamme wat vandag nog voortleef om die gesin en huislike lewe aan te dui, naamlik *familia*, *domus*, en *oikos*, aan antieke Latyn en Grieks te danke. Nie een van die eerste twee (uit Latyn) se moderne vereenselwiging met die kerngesin van onmiddellike bloedverwante is egter uit die oorspronklike betekenisse te regverdig nie (afleidings van *oikos* word nie meer direk op die gesin of sy omstandighede toegepas nie). *Familia* se oorspronklike betekenis was al die mense, insluitende slawe en bediendes, wat aan die beheer van een man onderwerp was, terwyl *domus* (soos *oikos* uit die Grieks) bloot die woonplek of -eenheid van die *familia* was. Dis duidelik dat hierdie patroon van wat 'n huishouding was, veral wat die bemiddelde klasse betref, grootliks ooreenstem met wat ook in Israel die geval was.

Twee aspekte van die gesin of huishouding se funksionering binne 'n groter geheel verdien vermelding. Bartchy dui aan dat veral die Romeinse huishouding 'n 'sacred aura' (1998:283) gehad het daarin dat daar 'n private kultus van eer aan die voorvadergeeste en ander beskermgeeste bestaan het. Daarby kom die duidelike onderskeid wat daar tussen die

openbare sfeer van betrokkenheid en die private sfeer van die huishouding bestaan het (1998:283). Terwyl die mans en geleidelik ook die seuns hulle eer daarin gevind het om by die openbare lewe betrokke te raak (die openbare sfeer is tewens ook eerbaarder as die private geag) en daarin hulle huishoudings te verteenwoordig, is van die vroue en dogters verwag om hulle hoogste eer te vind en die belange van die huishoudings en die mans te dien deur 'n lewe van terugtrekking in die huishouding en van onderworpe deugdelikheid.

Drie ander belangrike aspekte verdien vermelding in die verband van gesinne of huishoudings uit die tydperk van hierdie twee beskawings:

3.2.2.1 Die patriargale beginsel het ook in hierdie beskawings baie sterk gegeld, veral wat betref die beheer oor en die oordrag van eiendom. Die *paterfamilias* het letterlik onbeperkte beheer oor die besittings van sy familie gehad solank as wat hy geleef het. In terme van die Romeinse reg was hierdie mag nie net oor eiendom nie, maar ook oor selfs die lewe van sy kinders. Bartchy (1998:284) toon egter aan dat hierdie reg deur die gewoonte aansienlik getemper is en dat in die praktyk min uitwasse na vore gekom het. Kinders was gewoonweg te belangrik en moes dikwels as gevolg van die betreklike lae lewensverwagting gereed wees om op 'n betreklike jong ouderdom die belange van die familie oor te neem.

3.2.2.2 Anders as wat in baie gemeenskappe die geval is en wat steeds in 'n ideale gesin verwag word, is daar in die Grieks-Romeinse wêreld baie sterk klem gelê op die onderlinge emosionele verbondenheid en lojaliteit tussen broers en susters (*siblings*) (Bartchy, 1998:285). Nie soseer owerspel en egskeiding is beskou as aanduiding van verval in gesinne nie, maar eerder swak verhoudinge en onderlinge dislojaliteit tussen broers en susters.

3.2.2.3 Daar is alle aanduidings uit die literatuur dat die gesinslewe in Rome as vreugdevol belewe is (Bartchy, 1998:286). Ten spye daarvan, en in onderskeid wat deesdae dikwels as die sin van die gesin beskou word, was die gesin geen private toevlugsoord weg van die openbare lewe nie, maar juis 'n uiters belangrike konstituerende komponent daarvan.

### 3.2.3 Die gesin in die vroeë Christendom

In die vorige hoofstuk is daar, net soos ten opsigte van die gesin in oud-Israel, aandag gegee aan die lig wat die Nuwe Testament en dus die praktiese gestalte van gesinne in die vroeë kerk, vir ons insig bied. Dit is egter goed om steeds aan die hand van Osiek (1998:287-290)

aandag te gee aan vyf belangrike aspekte wat uit hierdie era na vore kom oor die gesin, die onderlinge bande daarbinne, en die plek van hierdie samelewingsverband.

3.2.3.1 Die belang en plek van die eie gesin kan gerelativeer word deur die roeping van die individu in die Koninkryk van God. Jesus se verwysings na en hantering van sy eie familie waarna reeds verwys is en soos dit na vore kom in onder andere Mark 3:31-35, sowel as sy afwysing van hulle wat hulle eie gesin liewer as vir Hom het (Mat 10:37) en sy voorspelling oor die vyandskap tussen gesinslede as gevolg van die verkondiging van die evangelie (Mark 13:12) is enkele voorbeelde hiervan.

3.2.3.2 Die sogenaamde 'huistafels' (kyk ook 2.4.4 hierbo) bevestig in die voorskrifte wat dit vir die verhoudinge tussen lede van die gesin gee en veral vir dié tussen man en vrou klaarblyklik die patrone van ondergeskiktheid en gesagsverhoudinge soos dit in oud-Israel en in Rome en Griekeland bestaan het, maar dit bring 'n baie belangrike dimensie daarby na vore as dit hierdie verhoudinge 'n spieël maak van die eerbied en liefde wat Christene vir die Hoof van die Kerk, naamlik Christus, moet hê.

3.2.3.3 Ook die huistafels, maar veral die Johannes-evangelie met sy sterk klem op die verhouding tussen die eerste twee persone van die Drie-eenheid as Vader en Seun, het 'n baie sterk rol gespeel in die vroeë kerk en om die patriargale mag van die vader in die gesin te versterk, ook deur die wyse waarop die leiers van die kerk mettertyd veral deur patriargale titels geken is. Osiek (1998:289) sien hierin niks minder nie as 'n negering van die relativering wat ons in die eerste twee evangelies aantref en waarna in die eerste punt hierbo verwys is. Elders (Osiek, 1995:8) beklemtoon sy egter juis die positiewe aspek van die huistafels daarin dat dit, anders as ander tydgenootlike voorskrifte, voorskrifte nie net aan die man gee nie, maar aan al die partye betrokke in die verhoudinge en daarmee reeds hulle persoonskap erken.

3.2.3.4 Die gevolge van hierdie intieme koppeling van gesinsverhoudinge aan dié tussen God en sy kerk is egter nie net negatief nie. Dit kon wel daartoe bydrae om die waardigheid van die gesinslewe en die roepingsbesef van gesinslede te verhoog, terwyl die analogie van die vaderbeeld onteenseglik in baie gevalle 'n dieper besef van hulle verantwoordelikheid by aardse vaders teweeg gebring het.

3.2.3.5 Die situasie van die vroeë Christelike kerk bly 'n herinnering daaraan dat, ten spyte van die huidige veridealisering van die kerngesin, die gesin verskillende vorms kan

aanneem en dat dit in al daardie vorms diensbaar in die koninkryk kan wees. Ook die siening van die kerk as 'n huisgesin, soos dit spoedig ontwikkel het, dra by tot 'n gesonde bevestiging van die relatiwiteit van die konsep soos dit in elke nuwe era gestalte kry.

### 3.2.4 Die gesin in die Middeleeue en die Reformasie

Aan die kerk van die Middeleeue was daar veral drie ontwikkelings wat betref die huwelik, en by implikasie dus die gesin, te danke:

3.2.4.1 Die beskouing van die huwelik as 'n kerklike sakrament wat die verhouding tussen Christus en sy kerk uitbeeld en wat 'n heiligende effek het nie net op die individue wat betrokke is nie, maar ook op die gemeenskap (Witte, 1998:291).

3.2.4.2 Die beskouing, ten spyte van die sakramentstatus van die huwelik, dat dit ondergeskik aan en minderwaardig is teenoor dié van die selibaat, wat die voorgeskrewe status vir priesters was.

3.2.4.3 'n Uitgebreide stel kerklike wette en voorskrifte oor haas elke aspek van die huwelik en die seksuele lewe, wat in detail voorgeskryf het wat toelaatbaar was en wat verbode.

Op elkeen van hierdie aspekte het die Hervormers van die sestiende eeu 'n radikale ander benadering gevolg. Ander faktore het natuurlik ook 'n rol gespeel in die aanslag op die Room-Katolieke Kerk se benadering, soos die groeiende individualisme as gevolg van tegnologiese en filosofiese veranderinge, en die aansien wat die kerk ingeboet het as gevolg van die interne stryde tussen pouse (Grant, 2000:6). Saam met ander sakramente van die Rooms-Katolieke Kerk het ook die huwelik dié status ingeboet en is dit deur die Hervormers beskou as 'n burgerlike instelling, uiteraard nie sonder sy plek in God se voorskrifte vir sy volk en sonder sy nut vir die beperking van allerlei sosiale euwels nie, met die gevolg dat baie van die verbiedinge van voor die Reformasie tog sy plek in die Protestantisme behou het (Witte, 1998:292). Ook die gewaande superioriteit van die selibate staat is deur die Hervormers radikaal afgewys en die kerk het voortaan 'n baie meer aktiewe rol gespeel om die huwelik vir al sy lidmate te bevorder as 'n middel tot vermyding van die kwaad. Waar Luther aanvanklik nog betreklik konserwatief in sy benadering is, is dit Calvyn wat nie net die begrip van die huwelik as 'n verbond na vore bring nie, maar ook kameraadskap as die basis daarvan beklemtoon ten koste van die meer gebruiklike klem op voortplanting (Grant, 2000:63). Ook die uitgebreide reekse kerklike wette vir die ordening van die huwelik en die seksuele lewe is in sy formele gestalte afgewys, alhoewel daar, soos reeds aangetoon,

andersins deur die kerk in sy voorskrifte en veral deur sy invloed op die burgerlike wetgewing baie daarvan behoue gebly het.

Wat die gesin en die verhouding tussen ouers en kinders betref, lê Luther veral klem op die wyse waarop God se gesag in die gesag van ouers oor hulle kinders weerspieël word en op die sogenaamde 'verborge majesteit' van ouerskap (Exalto, 1977:41). Soos die latere Hervormer, Johannes Calvyn, lê ook Luther se klem by die gesin eerder op ouerlike gesag en op die (godsdienstige) opvoeding van kinders as op strukturele aspekte of die wyer doelstellings van die gesin as samelewingsverband. Dieselfde klem kry ons ook by die Nadere Reformasie (Exalto, 1977:47-52)

Karant-Nunn (2000:434) toon aan hoe die Hervorming 'n belangrike bydrae gelewer het nie soseer tot die *totstandkoming* van die kerngesin nie, maar tot die prominensie daarvan in die samelewing deur die wyse waarop die rol van die gildes en die kloosters as kwasi-gesinne deur die Hervorming aan bande gelê is. Sy toon ook aan (2000:453-455) hoe juis die Hervormers besondere klem geplaas het op die onderwys van kinders, asook hoe die liefde en toegeneentheid wat, anders as wat dikwels vermoed word, reeds in die Middeleeue tussen ouers en kinders bestaan het, juis in die Hervorming verder uitgebou is.

Ook Garrett (1998:227) beklemtoon die feit dat die sienings van Luther en Calvyn (sterker veral by laasgenoemde), ten spyte van die tradisionalistiese vooroordele wat nog daarin teenwoordig was, 'n belangrike heroriëntasie van die benadering ten opsigte van die huwelik en die gesin was en die basis gelê het vir moderne benaderings daartoe. As erfgenaam van Calvyn se benadering, en soos dit veral in Engeland en sy Amerikaanse kolonies neerslag gevind het, het die Puritanisme opmerklike veranderings en modernisering in die benadering tot die gesin teweeg gebring (Garrett, 1998:228-230):

- Die klem op liefde as basis van die huwelik en om God daardeur te verheerlik.
- Die groter rol en invloed van die vrou in die gesinslewe en die besluite daarbinne.
- Die algemene aanvaarding van die kerngesin as norm.
- Die groter klem op liefde tussen ouers en kinders.

### 3.2.5 Die gesin ná die Industriële Revolusie

Alhoewel die tendense wat Browning (1998:295-299) uitwys, veral op die VSA betrekking het, is baie daarvan meer universeel van aard of ten minste grotendeels ook van toepassing op 'n groot deel van Europa en ander lande met 'n Europese koloniale erfenis, soos Suid-

Afrika. In die sin dat baie van die openbare debat oor die huwelik en die gesinslewe wat ook in ons gemeenskappe gevoer word, berus op standpunte, slagspreuke en feitelike gegewens wat hulle oorsprong in die VSA het, is dit gewens om kennis te neem van die ontwikkelings wat Browning uitlig. Samevattend kan die volgende vermeld word:

3.2.5.1 Van die 'progressiewe' invloede wat op beskouings oor en die status van gesinne in die VSA ingewerk het, was die revolusionêre oorloë, die begin van stedelike industrialisasie, die opkoms van herlewingsgodsdiens, en die invloed van die Verligting (Browning, 1998:295).

3.2.5.2 Ironies genoeg het juis die wyse waarop toenemende industrialisasie veral mans van die plase weggetrek het na loonarbeid – 'n beweging wat Leslie & Korman (1989:189) en ander die verandering van die gesin van 'n produksie- na 'n verbruikerseenheid noem – gekoppel met 'n bepaalde styl van Metodistiese prediking en spiritualiteit, 'n konserwatiewe invloed uitgeoefen op die siening oor en inrigting van gesinne daarin dat 'n veridealiseerde beeld van die gesin daargestel is met groot klem op die verdienende vader en die afhanklike, huishoudende moeder (Browning, 1998:295).

3.2.5.3 Hierdie beskouing oor die gesin is vanaf die einde van die negentiende eeu toenemend geïnstitusionaliseer deur die opkomende fundamentalisme in die evangeliese Amerikaanse kerke en verpolitiseer deur die wyse waarop veral die Republikeinse Party dit deel van sy politieke agenda gemaak het (Browning, 1998:296).

3.2.5.4 Teenoor die bovermelde konserwatiewe beskouing staan die erfgename en die erfenisse van die progressiewe invloede op die Amerikaanse samelewing en sosiale beskouings, te wete groot dele van die Demokratiese Party, die meer liberale vleuels van die hoofstroomkerke in die VSA en feministiese groeperings. Die teenstellings tussen hierdie twee hoofgroeperings veroorsaak toenemende polarisasie in die Amerikaanse samelewing, terwyl die politieke stelsel waarskynlik juis as gevolg daarvan betreklik weinig invloed kan uitoefen op die toenemend prekêre situasie van groot dele van die Amerikaanse samelewing as gevolg van die verval wat ingetree het in huwelike en in die situasie van gesinne en kinders.

3.2.5.5 (Alhoewel nie spesifiek *ex* Browning nie, moet verwys word na die invloed wat spesifiek die Tweede Wêreldoorlog gehad het om deur die mobilisasie van alle moontlike werkskragte die vrou opnuut, maar dan in eie reg en nie slegs binne die

gesin nie, tot haar reg te laat kom as 'n ekonomies aktiewe persoon. Rosie the Riveter [daardie ikoniese verteenwoordiger van 'n gemobiliseerde burgerlike bevolking] *sou nooit weer volledig bloot huisvrou word nie.*)

Clapp, wat duidelik skepties is oor die veridealisering van die gesin, lê klem daarop (1993:11) dat wat in evangeliese kringe voorgehou word as die tradisionele gesin, in werklikheid niks anders is nie as die bourgeois- of middelklasgesin wat in die negentiende eeu sterk na vore gekom het met die opbloei van die kapitalisme en die vooruitgang van die VSA as 'n wêreldmag. Hy haal, sonder om dit noodwendig af te wys, aan die hand van Berger se werk *The War over the Family* die volgende ses kenmerke van die tipiese bourgeoisgesin aan (1993:31-33), maar lê klem daarop dat dit nie tekenend van die Bybelse gesinspatroon is nie en ook nie normatief vir alle tye is nie. Hierdie voorbehoud word gedeel deur Clark (1995:19) wat aantoon dat die sogenaamde 'tradisionele gesin' nie 'n universele struktuur is nie, maar een wat spesifiek vir die industriële samelewing aangepas is. Clark (1995:20) pleit op grond hiervan vir 'n onderskeid tussen die begrippe tradisionele en kerngesin.

- Die gesinslewe is aantreklik en die huis is 'n belangrike fokus vir die gesinslede en 'n toevlugsoord weg van die harde openbare lewe.
- Daar is besondere besorgdheid oor kinders en besonderlik vir hulle onderwys en opvoeding.
- Die gesin is die bron van persoonlike waardes en die identiteit vir albei geslagte.
- Romantiese liefde is 'n belangrike aanleiding tot die huwelik.
- Huweliksmaats is besonderlik lief vir en respekvol teenoor mekaar.
- Die vrou neem 'n besondere plek in die huis as haar spesiale domein in. Grant (2000:8) wys ook op hierdie ontwikkeling en voer dit onder andere terug na die invloed van teoloë en predikers soos Bushnell en Beecher.

Later, in 'n afdeling met die treffende titel *Yahweh as a Household God* kom Clapp (1993:54-57) terug op wat hy sien as 'n ongesonde ontwikkeling in die gesin sedert die Industriële Revolusie. Terwyl daar voor hierdie tydperk weinig onderskeid was tussen die gesin se openbare en private funksies, het dit daarna al meer van sy funksies verloor en verskraal geraak tot 'n private toevlugsoord, die domein van die vrou en met versorging deur die verdienende man. Die gevaar daarvan is dat vir baie mense godsdiens grootliks sinoniem

geword het met die gesinslewe tot uitsluiting van 'n wyer betrokkenheid (Clapp, 1993:57). Vir Clapp is hierdie privatisering van die gesin 'n gevaar vir die effektiewe funksionering daarvan in die gemeenskap en in die kerk.

Die veranderinge wat veral in die twintigste eeu op die huwelik en die gesin geïmpakteer het, is te veelvuldig om hier te beskryf. Buitendien word daar later in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die effek van die postmodernisme of laat-kapitalisme. Dis genoeg om aan die hand van Grant (2000:129-154) die volgende ontwikkelings te lys wat op die Amerikaanse situasie gebaseer is, maar wat waarskynlik dieselfde patroon in baie ontwikkelde lande van die wêreld vertoon:

- Alhoewel daar 'n verskeidenheid wisselings was, is die twintigste eeu gekenmerk deur 'n steeds dalende geboortesyfer, onder andere as gevolg van die effektiewer beskikbaarheid van geboortebeperkingsmiddele en die groter etiese en sosiale aanvaarbaarheid daarvan.

- Ten spyte van die ideale beeld van die huwelik soos dit in sekere kringe ontwikkel het en hierbo uiteengesit is, is die twintigste eeu en veral die tweede helfte daarvan gekenmerk deur al groter getalle vroue wat buitenshuis gaan werk het.

- As gevolg van 'n verskeidenheid redes het die aantal egskeidings in die twintigste eeu hand oor hand toegeneem, met die vanselfsprekende gevolge vir gesins- en selfs gemeenskapstabiliteit.

- Behalwe in die mees konserwatiewe van subgemeenskappe was daar oor die algemeen 'n radikale verskuiwing in gesagsverhoudinge binne die huwelik en in beskouinge oor die aard van die verhoudinge tussen die twee partye in huwelike, van 'n eienaar/besitting- via 'n hoof/ondergeskikte- en later 'n senior/junior- tot die feitlik algemene gelyke-vennote-model van vandag.

- Vir kinders in die meeste huwelike waarop bostaande tendense geïmpakteer het, was die gevolge grotendeels negatief, met baie gegewens wat daarop dui dat selfmoordsyfers, obesiteitsvlakke, leerprobleme en fisiese en emosionele stresvlakke onder kinders in sulke gemeenskappe hoër as ooit is, terwyl hulle ook geraak word deur toenemende armoede by versteurde gesinne (Grant, 2000:151-152). In Suid-Afrikaanse verband toon beide Pienaar (1989:46ev) en Von Wielligh (2003:19ev) die nadelige en dikwels vernietigende gevolge aan wat egskeidings op kinders het.

## 3.3 Essensiële aspekte van die gesin

Soos uit die voorafgaande op verskillende wyses duidelik moes word, was die gesin oor eeue en in verskillende gemeenskappe nooit 'n eenvormige of homogene entiteit nie. Dit was altyd, en is selfs vandag nog, 'n samelewingsverband wat reageer op die omstandighede en die historiese verband waarbinne dit dit bevind. Selfs binne 'n redelike afgebakende historiese tydperk is die gesin nooit eendimensioneel nie. Grant (2000:144) toon aan hoedat die huwelik (en dus by implikasie die gesin) verskillende rolle in die Amerikaanse geskiedenis gespeel het: om 'n kontinent te bevolk, 'n hawe vir seksualiteit te skep, en om die omstandighede te skep waarin huweliksmaats en kinders kan oorleef. Elders (Grant, 2000:153) verwys hy daarna as 'n multifunksie-verwantskap. Dit sou redelik voor die hand liggend wees om dieselfde onderskeide ook vandag op gesinne van ons eie tyd en eie gemeenskap van toepassing te maak.

Nogtans is dit noodsaaklik om iets van 'n ekstraksie te probeer maak uit hoe die gesin hom deur die geskiedenis in verskillende omstandighede aangebied het, en om te probeer kom, al is dit nie tot 'n volledige en allesomvattende tipering nie, tot sekere basiese essensies van die gesin en die rol wat dit gespeel het en waarskynlik steeds speel. Onderstaande vier subafdelings poog om iets van so 'n tipering te gee, al is dit net by wyse van grepe uit verskillende tydperke soos dit uit die literatuur blyk. Twee daarvan sou getipeer kon word as verwysende na die interne funksionering van die gesin, te wete dié oor die gesin as basis van beskerming, liefde en geborgenheid, asook as setel vir onderrig en dissipline. Die ander twee, naamlik dié oor die ekonomiese rol van die gesin en oor die gesin se verband met die breëre gemeenskap, wil iets vertoon van die nabuitegerigtheid van die gesin. Gesamentlik dui dit op die twee fokusse wat altyd in die wese van die gesin ingebed is, naamlik dié na binne en dié na buite.

### 3.3.1 Die gesin as basis van veiligheid, liefde en geborgenheid

'n Mens sou waarskynlik die drie aspekte wat in die opskrif van hierdie afdeling na vore kom, goedskiks in twee verskillende afdelings kon behandel. Per slot van sake bring die begrippe liefde en geborgenheid die meer emosionele aspekte na vore, terwyl dit wat veiligheid betref, oor 'n minder sentimentele benadering gaan. En tog is die drie nie los te dink van mekaar nie, want ten diepste gaan dit hierin om die voortbestaan van die gesin.

Wat veiligheid betref, hoef daar nie uitvoerige voorbeelde aangehaal te word nie. Dit is waarskynlik haalbaar om te konstateer dat hierdie rol van die gesin in die ontwikkeling van geordende samelewings en van die regstaat geleidelik minder belangrik geword het. In antieke tye was dit egter van veel groter belang. So sien ons dat die onderlinge

verbondenheid ('cohesiveness') van die gesin/groep in Israel nodig was ter wille van oorlewing (Grant, 2000:14). Die geskiedenis in Genesis 14 van hoe Abram as 't ware sy eie persoonlike leër saamgestel het om sy neef Lot uit die hande van die Kanaänitiese konings te red, gee iets daarvan weer, al is dit dan in 'n ietwat breër verband as dié van die kerngesin. In die Middeleeuse Europa weer het juis lidmaatskap van uitgebreide verwantskapsgroep soos die *sippe* 'n belangrike rol gespeel om die veiligheid van die individu te verseker (Leslie & Korman, 1989:169).

Ten spyte van die ontwikkeling van die moderne staat met sy uitdruklike taak om die beskerming van onderdane op hom te neem en om die veiligheid van die individu en dus by implikasie ook van die gesin te verseker, leef iets van daardie beskouing van die gesin as 'n hawe steeds voort. Herlihy (1991:1) praat van die opvatting wat bestaan van 'the family as loving and of the outer world as loveless'. Hy haal byvoorbeeld 'n Amerikaanse regter aan wat in 1990 nog die huisgesin bestempel het as 'the last citadel of the tired, the weary and the sick'.

Dat die benadering wat uit die laaste paragraaf duidelik is (ook uit uitsprake wat dikwels 'n al te sentimentele beeld van die gesin na vore bring) nie sonder sy gevare is nie, blyk uit Post (1998:23) wat daarvoor pleit dat nie toegelaat moet word dat die gesin 'n burg van private afskeiding van die buitewêreld moet word nie.

Die onderlinge liefde van ouers en kinders teenoor mekaar in die gesin, weet ons, is gegrond in niks minder as die Woord van God nie. Die eer en liefde wat kinders aan hulle ouers volgend die vyfde gebod moes bewys, was 'n normale en vanselfsprekende reaksie van dankbaarheid vir die genade wat God geskenk het in die gesin om die vreugde en voordele van 'n verbond met Hom te beleef (Grant, 2000:14).

Elders in die antieke wêreld kom hierdie benadering oor die besondere rol wat die gesin moet speel, egter ook na vore. Reeds by Cicero kry ons die onderskeid tussen die ontspanning en genot van die huislike lewe teenoor die beproewing van die openbare lewe, terwyl Augustinus van die huislike geborgenheid 'n analoog vir hemelse rus maak as hy die *requies temporalis* (die rus in die huis) met die *requies sempiterna* (die ewige rus) vergelyk (Herlihy, 1991:8). Herlihy (1991:5) wys uit hoedat, juis met en selfs dalk as gevolg van die tempering van die ysere dissipline in die gesin, onderlinge liefde en toegeneentheid (met verskillende Latynse terme aangedui as *amor*, *amicitia*, *caritas* of *dilectio*) gegroei het as 'n band om die gesin te versterk. Net so verwys Tertullianus in die derde eeu na die gemeenskaplike gees in gesinne wat daartoe lei dat gesinslede emosionele belewenisse deel en daardeur gedeelde hoop, vrees, vreugde, pyn en lyding (Herlihy, 1991:6).

Nader aan die moderne tyd toon Grant (2000:63) aan hoedat juis die Hervorming, en spesifiek Johannes Calvyn, die klem verskuif het van voortplanting as die primêre fokus van die huwelik na dié van onderlinge kameraadskap, en hoedat dit verder die belangrikste Protestantse teologiese fokus op die huwelik geword het. Lotter (2004:27) toon op sy beurt aan hoedat die vier groot solismes van die hervorming juis op verskillende maniere ingewerk het om die volheid van die liefdesverhouding tussen man en vrou in die huwelik tot sy reg te laat kom, teenoor die oorheersende posisie wat die kerk enersyds oor en die man andersyds binne die huwelik ingeneem het. Tog moet Clapp (1993:13-14) se siening hierdie ontwikkeling van die liefdesband in die gesin in perspektief stel. Hy beklemtoon dat sentimentaliteit teenoor kinders en romantiese liefde as voorvereiste vir die huwelik nie deel van die Puriteine se benadering tot die huwelik en die gesin was nie.

Nog nader aan die hede is dit Clark (1995:19) wat aantoon hoedat dit juis die ontwikkeling van na die Industriële Revolusie en die ontwikkeling van die vader as die verdiener was wat van die huis 'n noodsaaklike toevlugsoord vir rus en herstel gemaak het.

Twee uitsprake van hedendaagse skrywers gee iets weer van die funksionering van die gesin deur liefde. Post (1998:21) beskou wat hy bestempel as die 'socialization [of children] through highly personal love' as een van hooffunksies van die gesin, terwyl Heaney-Hunter (1998:24) Callhan goedkeurend aanhaal dat die wesentlike van Christelike optrede in die gesin die najaag van 'n gemeenskaplike morele doel en die sorg vir mekaar en vir die wyer gemeenskap behels.

Samevattend kan hierdie aspek van die gesin se funksionering waarskynlik bestempel word as die liefdevolle beskerming en koestering onderling tussen huweliksmaats maar veral van ouers teenoor kinders met die oog op die roepingsvervulling van ouers in die onderrig van hulle kinders.

### 3.3.2 Onderrig en dissipline

Die rol van die gesin in die vorming en oordrag van waardes na kinders lê aan die hart van hierdie studie. In die volgende hoofstuk sal daar uitgebreid aandag gegee word aan 'n verskeidenheid aspekte van en beskouings oor die rol van die gesin hierin. Daarom word daar in hierdie afdeling net met enkele grepe daarna verwys.

Deuteronomium 6 (spesifiek vers 7 en weer van vers 20 af) is die klassieke verwysing in die Ou Testament na die plig wat ouers het om hulle kinders te leer om God lief te hê. Vir Clark (1995:9) impliseer dit ook 'n verantwoordelikheid vir die gemeenskap om die ouers hierin te begelei. Grant (2000:13) toon aan dat die verhouding tussen ouer en kind, eerder as dié

tussen man en vrou, aan die kern van die gesin in Oud-Israel gelê het. Ouers, en spesifiek vaders, se beheer en seggenskap oor kinders was veral in moderne terme taamlik skrikwekkend, soos byvoorbeeld in Deuteronomium 21:18-21 oor 'n opstandige en ongehoorsame seun na vore kom. Tog is die mag van die vader ook weer beperk daarin dat hy sy seun nie self mag doodmaak nie. Te midde van ander verbiedinge is daar in Levitikus 19:29 ook 'n verbod op ouers om hulle dogter 'n prostituut te laat word. God temper dus reeds vroeg die mag van ouers en buig dit om in die rigting van opvoeding.

Ook in vroeë Griekse gemeenskappe het ouers baie uitgebreide mag oor kinders gehad, selfs oor lewe en dood (Leslie & Korman, 1989:157). In Sparta kry ons byvoorbeeld dat seuns op sewe weggeneem is om in barakke te lewe en só op die kruuste wyse in belang van ouers en eintlik die breër gemeenskap gedissiplineer is (Leslie & Korman, 1989:156).

In feodale Europa is kinders dikwels weggestuur na ander gesinne om dissipline en deugde aan te leer (Leslie & Korman, 1989:173). Op dieselfde wyse as wat dit 'n ingeslote ekonomiese eenheid was, was die gesin in die Amerikaanse kolonies ook 'n opvoedingseenheid en 'n godsdienstige eenheid rondom die vader gesentreer (Leslie & Korman, 1989:180).

Kyk mens na die siening van tydgenootlike skrywers, veral uit Christelike kring, is dit duidelik dat meer as enige ander aspek, die rol van ouers in die vorming van hulle kinders besondere klem ontvang. Post (1998:21) benadruk die inherente beter vermoë van ouers om die opvoeding van kinders te behartig as selfs 'n uitgebreide familie. Hy pleit (1998:23) daarom vir 'n hernude Protestantse etiek vir die huwelik en die gesin wat, weliswaar gebaseer op geslagsgelykheid, veral klem sal lê op wat ouers onder andere aan hulle kinders verskuldig is. Heaney-Hunter (1998:24-25) dui aan hoe die konsep van die huisgesin as huiskerk ('domestic church') baie sterk in die Katolieke tradisie ingebed lê en daarmee van die huisgesin die primêre agent vir die vorming van geloof maak.

Sonder om dit dus te oorbeklemtoon, is dit duidelik dat liefde en koestering, waaraan in die vorige subafdeling aandag gegee is, uiteindelik nie doel op sigself is nie, maar voorafgaan aan en afgestem is op die vorming van kinders.

### 3.3.3 Ekonomiese rol

Uit wat in die voorafgaande gesê is oor die versorgende en opvoedende funksie van die gesin, volg dit eintlik vanself dat dit ook 'n ekonomiese funksie sou moes hê ten einde in die behoeftes van die lede daarvan te voorsien. Afgesien daarvan is die ekonomiese sy van die gesin altyd onderliggend, al is dit net op grond van die ekonomiese aktiwiteit van ouers.

In die antieke wêreld was die ekonomiese duiding van die gesin al in die benaming daarvan teenwoordig. Die Latynse woord *familia* het verskillende konnotasies en verwys na beide mense en besittings (Herlihy, 1991:2). Die term is dan ook, wat mense betref, toegepas op almal wat onder die *paterfamilias* gestaan het, slawe en diensknegte ingesluit (Herlihy, 1991:3). Dis juis die teenwoordigheid van die laasgenoemde twee groepe as deel van die gesin wat na vore bring dat die gesin in dié tyd geen afgesonderde kerngesin was nie, maar sterk afgestem was op sy eie ekonomiese onderhoud. In die Bybelse voorskrifte oor die goeie orde in die samelewing is dit opmerklik dat dit in Exodus 21 juis gaan oor twee aspekte van ekonomiese belang vir die gesin, naamlik oor slawe, oor beserings en oor skade aan persoonlike besittings. Ook dit bring na vore hoe ingebed die ekonomiese sy in die lewe van die gesin is.

'n Ander aspek wat die sterk ekonomiese begrondheid van die gesin in die antieke tyd na vore bring, is die uitgebreide reëlings wat daar bestaan het vir bruidskatte (kyk bv Leslie & Korman, 1989:158 oor die situasie in antieke Griekeland). In Rome, veral in die tydperk na die oorloë teen Kartago, het juis die toename van welvaart veroorsaak dat ouers minder geneë was om hulle dogters met dié se bruidskat onder die volle beheer van die man te bring en het juis dit die mag van die man in die huwelik beperk (Leslie & Korman, 1989:163).

In die Amerikaanse kolonies was die gesin feitlik 'n onafhanklike ekonomiese eenheid (Leslie & Korman, 1989: 180). Dit behoef eintlik geen bewyse om te konstateer dat dit in Europa, maar veral in ander pioniersamelewings, soos in Suid-Afrika, ook die geval was nie. In hierdie en ander kontekste was dit nie net die taak van die vader of ouers om die kinders te onderrig nie, maar ook om hulle werk te bestuur (Clark, 1995:19). In hierdie patroon het daar egter veral na die Industriële Revolusie 'n wending gekom toe die gesin opgehou het om 'n produksie-eenheid te wees en dit eerder in 'n verbruikerseenheid ontwikkel het (Leslie & Korman, 1989:189).

By die gesin as ekonomiese eenheid, hetsy produserend of verbruikend, het dit nie gebly nie. Boggs en Pollard (2003:449) sien die gesin as 'n sentrale ideologiese konstruk in die Amerikaanse kultuur wat veral vereenselwig word met sukses en geluk en wat, naas die morele en sosiale rol daarvan, as 't ware die materiële spil van die persoonlike lewe geword het.

Hierdie ekonomiese patroon van verdien en verbruik wat rondom die gesin ontwikkel het en wat dit veelal deesdae al meer afstem op materiële behoeftes en prioriteite, bring vrae na vore. Kort gestel: is dit geregverdig om die vader te reduseer tot 'n moeë en afgesloofde verdiener en die moeder tot iemand wat moet sorg dat haar gesin en huis van buite blink?

Soos Browning (1998:298) tereg aantoon, hoef die handhawing van die integriteit van die huweliksband tussen man en vrou nie onkritiese aanvaarding van die veridealiseerde beeld van 'n verdienende vader en 'n vrou wat huishou te beteken nie. Ook Clark (1995:21) argumenteer dat die spesifieke ekonomiese verwantskappe van die sogenaamde 'tradisionele gesin' nie toepaslik is vir Christene in elke situasie nie. Binne die konteks van die gesin se taak om waardes oor te dra, is die oordrewe klem op die ekonomiese rol daarvan ongetwyfeld 'n risikofaktor.

### 3.3.4 Verhouding tot die breër gemeenskap

Net soos wat die lede van die gesin nie as individue optimaal kan bestaan nie en van mekaar afhanklik is in die vervulling van hulle funksies en vir hulle voortbestaan, so is die gesin ook deel van 'n groter geheel en is dit afhanklik van ander samelewingsverbande om volledig te kan funksioneer en binne die gemeenskap tot voordeel van die lede daarvan te kan bestaan. Hoedanig hierdie verhouding tot die breëre gemeenskap is, is dikwels van kardinale belang.

Dis is nie seker dat daar altyd sodanige onderskeid tussen die gesin en wyer verbande bestaan het nie. In die feit dat daar in die meeste antieke tale geen spesifieke term vir die gesin was nie, sien Herlihy (1991:2) 'n aanduiding dat die belewing van die gesin as entiteit afsonderlik van die res van die gemeenskap eers geleidelik posgevat het. Daar het egter spoedig 'n duidelike onderskeid posgevat tussen wat tot die huis behoort en wat tot die openbare sfeer behoort, die *res domestica* en die *res publica* (Herlihy, 1991:4). Osiek (1995:3) praat van die skerp onderskeid tussen die private en die openbare sfeer in die Nuwe-Testamentiese tyd as 'n geslagsonderskeid, met die wêreld van die handel en die politiek wat dié van die man was en die huis dié van die vrou.

Amper teenstellend met wat hierbo vermeld is, het die krag van die gesin in die aanvanklike Joodse gemeenskap juis te doen gehad daarmee dat dit bestaan het in 'n sosiale konteks waar daar min ander ontwikkelde instellings was (Leslie & Korman, 1989:154). Die politieke, ekonomiese en religieuse organisasie was grootliks afhanklik van die gesin. 'n Aanduiding in 'n ander kultuur van hoe die gesin rolle vervul het wat later met wyer verbande geassosieer is, is die feit dat in Athene die huwelikseremonie, ten spyte van die uitgebreidheid daarvan, basies 'n private seremonie was, met die vaders wat as priesters opgetree het (Leslie & Korman, 1989:158). Later het veral die ontwikkeling van landbou ander, meer sentrale, instellings na vore gebring (Leslie & Korman, 1989:155), maar selfs nog in die Middeleeue het die gebruik bestaan dat die *sippe*, as 'n uitgebreide verwantskapsgroep langs die vaderlike lyn, groot bevoegdheid oor regstoepassing gehad het en inderwaarheid tussen die gesin en die staat gestaan het (Leslie & Korman, 1989:169).

Wat die verhouding van die huwelik (en dus ook die gesin) tot die kerk en selfs ander verbande betref, dui Wall en Miller-McLemore (2002:268) aan hoe die subsidiariteitsteorie van die Rooms-Katolieke Kerk op die spoor van Aquinas die huwelik en gesin beskou as 'n instelling wat besondere gawes vir die lede daarvan bewerk en van ander lewensverbande, waaronder ook die staat, verwag om ruimte vir die gesin te skep en om dié te ondersteun. Die gesin is 'n boublok van die groter gemeenskap en kan inderdaad ook as 'n 'domestic church' funksioneer (Wall & Miller-McLemore, 2002:269).

Insgelyks toon Wall en Miller-McLemore aan dat in die Protestantse beskouing die huwelik as 'n aparte samelewingsverband gelykelik langs ander verbande lê en een van die boustene van die werklikheid is (2002:270). Die Hervormers het van die huwelik nie net 'n spirituele eenheid gemaak nie, maar ook 'n sosiale instelling (Wall & Miller-McLemore, 2002:271). Hulle onderskei derdens 'n benadering wat sy oorsprong in die bevrydingsteologie het (Wall & Miller-McLemore, 2002:274-5) wat nie net die gerigtheid van die huwelik op breër verbande raaksien nie, maar ook die wyse waarop dit, dikwels nadelig as gevolg van politieke en ekonomies ongelykhede, deur daardie verbande beïnvloed word.

Heaney-Hunter (1998:25-26) lê klem daarop dat in die Katolieke sienswyse die gesin nie net 'n versameling individue is nie, maar 'n gemeenskap wat as 'n model van liefde en sorg vir die hele kerk (en dus by implikasie vir die gemeenskap) moet dien en moet deelneem aan die ontwikkeling van die gemeenskap. Ook Bayme (1998:28) benadruk (hierdie keer uit 'n moderne Joodse perspektief) dat die gesin nou vervleg is beide met persoonlike vervulling en met die bou van 'n gesonder gemeenskap.

Natuurlik moet onthou word dat juis die Skrif self die aansprake van die gesin teenoor die koninkryk van God relativeer (kyk byvoorbeeld Matteus 10:37 en Markus 3:31-35), alhoewel soos Osiek (1998:288) aantoon, die huistafels van die sendbriewe eerder vervulling as spanning in gesinsbande sien.

Soos Herlihy (1991:15) tereg uitwys, is die wisselende aard van die verhouding tussen die huisgesin en die breëre gemeenskap die resultaat van baie faktore, waaronder patrone van die politieke inrigting in gemeenskappe maar een is. Hy toon byvoorbeeld aan dat in die Middeleeuse Florence die groter klem op samehorigheid en toegeneentheid binne die gesin minder te doen gehad het met ontwikkeling binne dié struktuur self, en meer met die wyse waarop die regering deur sy beleide en belastings al meer inbreuk gemaak het op die individu en die gesin se privaatheid en posisie.

Op sy minste word die kerngesin in die moderne kapitalistiese Westerse gemeenskap gesien as 'n steunpilaar van sosiale orde en ekonomiese stabiliteit waarbinne geslagsverhoudinge en persoonlike lewens genormaliseer en voorspelbaar is en wat 'n stabiele gemeenskap verseker (Boggs en Pollard, 2003:447). Tog is hierdie koppeling van die gesin aan die breër gemeenskap, veral in sy gesagstrukture, nie altyd onvoorwaardelik nie. Grant (2000:172) toon aan hoedat op die politieke spektrum in die VSA (ook op die spektrum wat gevorm word deur meer konserwatiewe kerklike groeperinge aan die een kant en meer liberales aan die ander), dit veral aan die meer konserwatiewe kant is waar daar dikwels 'n agterdog is teenoor breër strukture en die openbare sfeer en dikwels 'n poging tot afskeiding wat na selfversorgendheid neig.

Uit bostaande moet dit duidelik wees dat ons in die gesin se plek binne, langs of teenoor ander verbande, en dan veral die staat, met 'n baie komplekse saak te doen het. Terwyl die ouers in 'n gesin geroepe is om hulle kinders te beskerm, te versorg en tot wasdom te lei ook deur die oordrag van waardes, is die gesin maar een van die verbande wat sy roeping in die samelewing het en moet uitvoer. Nie afskeiding en ook nie oorheersing nie, maar medewerking is die roeping van die gesin teenoor beide staat en kerk.

## 3.4 Die gesin in 'n postmoderne tydsgewrig

### 3.4.1 Inleidend

Uit die bostaande afdelings behoort dit duidelik te wees dat verskillende tydsgewrigte en die politieke, sosiale en ekonomiese omstandighede wat eie daaraan is, onmiskenbare invloede op die huwelik en die gesin, soos tewens ook op ander samelewingsverbande, uitgeoefen het. Dit sou tewens vreemd gewees het as dit nie die geval was nie: die gesin as die intiemste verband waarin individue saamleef, moet die invloede ervaar wat in die wyer verbande gegenereer word.

Die vraag wat nou tereg gevra kan word, is wat die invloede van die huidige tydsgewrig op die gesin is. Om te poog om hierdie vraag te beantwoord, is dit noodsaaklik dat die huidige tydperk behoorlik gedefinieer word en die belangrikste kenmerke daarvan wat op die gesin kan inwerk, onderskei word. Dat die moderne tyd dramaties invloede op die gesin het, val nie te ontken nie. Hierbo is al na aspekte daarvan verwys. Clapp (1993:17-19) toon aan hoedat 'n verskeidenheid ontwikkelings die mensdom van vandag konfronteer met 'n baie kleiner en 'n baie vinniger veranderende wêreld. Volgens hom (Clapp, 1993:10) verkeer die evangeliese simbool van stabiliteit en deug, naamlik die gesin, meer as ooit tevore op onsekere voet. Uitgangspunte wat as onaantasbaar aanvaar is, soos oor die moeder se

posisie in die huis, oor voorhuwelikse seks en oor homoseksualiteit is ewe skielik alles in die gedrang te midde van wat deur baie mense aanvaar word as 'n aanslag op die gesin. Voorbeelde hiervan sou uit baie bronne vermenigvuldig kon word.

Die algemeenste wyse waarop die samelewing van die laat-twintigste eeu deur baie skrywers getipeer word, is as die postmoderne era, die postmoderne samelewing of gewoon as die postmodernisme. Dis opmerklik hoe daar by baie skrywers iets van 'n dualiteit bestaan in hulle behandeling van wat as die postmodernisme bestempel word. Uit die aard van die saak word daar beide aandag gegee aan enersyds die filosofiese denkrigtings, of tendense wat as postmoderne denke getipeer kan word en andersyds aan sosiale neigings wat as kenmerkend van die postmoderne era beskou kan word. Van die eerste hiervan is Grenz (1996:83-160) 'n uitstekende en baie bruikbare voorbeeld. Tog moet kennis geneem word van 'n siening soos dié van Strauss (2004:259-276) wat 'n vraagteken plaas agter die siening dat die postmodernisme 'n ontwikkeling van die laat-twintigste eeu is en wat uitwys hoe belangrike aspekte daarvan (en van die modernisme) geantisipeer word deur veel ouer filosofiese opvattings.

Wanneer dit egter by die tweede aspek, naamlik die meer sosiale uitwerking kom, is die onderskeiding tussen die moderne en die postmoderne minder seker. White, byvoorbeeld, stel hom ten doel om 'n begrip van die dinamika van die postmoderne wêreld te ontwikkel (2001:169) en gaan dan onmiddellik voort om dit te doen aan die hand van wat hy noem 'Three processes of modernity' (2001:170-172) en 'The four marks of modernity' (2001:172-173). Middleton en Walsh (1995:55) kom tot die gevolgtrekking dat op sosio-ekonomiese vlak die postmoderne weinig meer is as die logiese uitvloeisel van die kapitalistiese kultuur en dat die verbruikerskultuur bloot verskuif het na die sug na beelde en gewaarwordinge.

Daar moet dus gewaak word teen 'n benadering om die postmodernisme of die postmoderne era sonder meer te beskou as 'n monolitiese eenheid of tydperk in duidelike en afgebakende onderskeid van die moderne en tewens selfs teen die versoeking om alle sosiale uitwerkinge wat waargeneem word, té direk in verband te bring met eksplisiete denkrigtings of wysgerige benadering. Miskien is dit nie onwys om ten minste voorlopig in die benadering van wat intuïtief en algemeen as 'n veranderde tydperk ervaar word, iets van die ambivalensie wat deel is van baie denke oor die postmoderne, ook te aanvaar nie. Soos Clapp (1993:23) juis aantoon, het die postmoderniteit as konsep geen presiese definisie nie, maar is dit juis dubbelsinnig: dit wil bloot konstateer dat ons die grense van die moderne verbygesteek het, al kan dit nie presies definieer wat verby daardie grense lê nie. Vir Grenz (1996:12) beskryf die term postmodernisme meer as 'n intellektuele ingesteldheid. Die afwys van die rasionaliteit van die modernisme vind in baie aspekte van die kultuur neerslag, waaronder

van die disjunktiewe elemente in popvideos tot by die soeke na spiritualiteit en die mengsel van style in moderne kleredrag.

### 3.4.2 Modernisme en postmodernisme: wortels

Grenz (1996:2) toon aan dat die term postmodernisme en die begrip daarvan as 'n geskiedkundige oorgang uit die dertigerjare van die vorige eeu dateer, maar dat die begrip eers in die sewentigerjare algemene aandag begin kry het. Aanvanklik is dit gebruik om 'n nuwe argitektoniese styl aan te dui, later het dit die benaming geword vir nuwe teorieë in die letterkunde en die filosofie, en uiteindelik het dit aanduidend geword van 'n baie breër kulturele verskynsel.

Volgens hom is die geboortedatum van die moderne tyd te vinde in die Renaissance, wat die mens verhef het tot die sentrum van die werklikheid (1996:2). Die Verligting van die agtiende eeu, wat voortgebou het op die erfenis van die Renaissance, was soos Clapp (1993:21) aantoon, gebaseer op 'n diepgesetelde geloof in die menslike rede wat as basis vir 'n nuwe moraliteit moes dien wat sou afreken met die verkeerde van die verlede – so is die moderne nasiestaat en liberale demokrasie gebore. Oden (2001:23) sien die maklikste manier om die tydvak van die modernisme te plaas, as van 1789 tot 1989, oftewel van die Franse Revolusie tot by die val van die Kommunisme – by uitstek juis die tydperk in die wêreldgeskiedenis wat gekenmerk is deur dramatiese veranderinge en vooruitgang op wetenskaplike en ekonomiese terrein en wat gevolglik op sosiale en politieke gebied 'n ryk teelaarde gebied het vir eksperimente en verandering om vordering en vooruitgang ook dáár te bewerkstellig.

Al hierdie vooruitgangsgeloof is in die twintigste eeu verpletter deur twee wêreldoorloë en ander politieke omwentelings wat die geloof in redelikheid die deur gewys het, en deur die besef dat die siening oor die objektiwiteit van die wetenskap ook maar 'n illusie was. Verre daarvan dat alle kennis as inherent goed beskou word, het die postmodernisme die optimisme van die negentiende en vroeg-twintigste eeu met 'n knaende pessimisme vervang. Die moderne mens is allermins seker dat die mensdom al sy probleme sal kan oplos of dat hulle beter daaraan toe sal wees as die vorige geslag (Grenz, 1996:7).

### 3.4.3 Fasette van die postmodernisme en die postmoderne wêreld

Vir Clapp (1993:23) is die ontdekking van die postmodernisme die besef dat die groot rigtende lig van die rede deur die prisma van verskillende kulture in teenstrydende, kompeterende ligbane opgebreek word. Grenz (1996:6) toon in dieselfde verband aan dat postmoderne filosowe die opvattings van die literêre dekonstruksionisme uitgebrei het na die

werklikheid as 'n geheel, met die implikasie dat daar nie een enkele betekenis vir die wêreld is nie, maar verskillende betekenisse soos dit deur elkeen gelees word.

Ofskoon, soos later ook aangetoon word, hierdie groter openheid vir betekenisse aan Christene geleentheid bied vir die verkondiging van die evangelie, bring dit ook weer 'n ander aanslag op die Christendom mee. Veith (1994:19-20) toon aan dat waar uit modernistiese kringe geargumenteer sou word teen die waarheidsaansprake van die Christendom, die postmodernistiese aanslag nie die aansprake van die Christendom ontken nie, maar dit juis summier verwerp *omdat* dit voorgee om waar te wees. Grenz (1996:17-18) bring die postmoderne wêreld as opvolger vir die moderne ook in verband met die industriële samelewing wat al meer plek maak vir die inligtingsamelewing, waarin die proletariaat met 'n 'kognitariaat' vervang word.

Clapp (1993:24-25) onderskei drie belangrike komponente van die postmoderne wêreld:

Dit is in die eerste plek 'n wêreld wat sy gewaande universele sekerhede en gedeelde waardes prysgegee het. Veith (1994:48-49) praat van hierdie uitgangspunt van die postmodernisme as 'n 'anti-foundationalism' wat wêreldbeskouings of metanarratiewe (omvattende teorieë of beskouings oor die werklikheid) as totaliserende diskoerse afwys. Greer (2003:13) vat dit taamlik eenvoudig saam as hy sê dat waar die modernisme die bestaan van absolute waarhede bevestig, die postmodernisme juis die nie-bestaan van absolute waarhede konstateer. White (2001:16) konstateer op sy beurt dat 'at its heart, postmodernity is the removal of all foundations'.

Wat betref die sosiale impak daarvan betref, som Veith (1994:16) hierdie aspek van die postmoderne wêreld op as 'there are no absolutes'. Volgens hom glo 66% van Amerikaners nie dat daar so iets soos 'n absolute waarheid is nie, en selfs onder evangeliese Christene is hierdie verhouding so hoog as 53%. Hy toon aan (1994:17) hoe op 'n verskeidenheid gebiede, waaronder die seksuele met sake soos voorhuwelikse seks, morele sekerhede wyk voor hierdie benadering. Dit word verder versterk deur wat White (2001:170) sien as die proses van sekularisasie waar die Christelike geloof en sy implikasies vir baie mense, moontlik selfs Christene, gewoon nie deel is van die werklike wêreld nie. Elders praat White (2001:172) van morele relativisme as een van die produkte van hierdie proses.

'n Ander aspek hiervan word uitgewys deur Middleton en Walsh (1995:18-23). Hulle kenskets die era van moderniteit as een van grootskaalse vertroue in die vermoë van die mens om deur wetenskaplike metodes en tegnologiese ontwikkelings sy eie lot te beheer en te verbeter – die mens het as 't ware *homo autonomus* geword. Maar dan kom die twintigste

eeu met twee wêreldoorloë, 'n groot depressie en 'n verskeidenheid ander ellendes wat hierdie sekerheid oor die mens se selfbeskikking ondermyn en van veral die laat-twintigste eeu 'n baie minder selfversekerde era maak.

Ten spyte van hierdie gevare sien Clapp (1993:24-25) juis dat dié aspek van die postmoderne wêreld aan Christene en die Christelike gesin die vryheid bied om onbeskaamd volgens sy eie opvattinge te lewe. Uit 'n ander invalshoek sien ook Veith (1994:63-64) in die wyse waarop die postmodernisme die aannames van die modernistiese besware teen die Christendom blootlê, 'n geleentheid vir Christene: 'Christians can play this game too'.

Die tweede belangrike komponent wat deur Clapp onderskei word, is dat die gefragmenteerde wêreld al meer bewoon word deur geïsoleerde en ronddrywende individue en wat van die huidige tyd een van hiperindividualisme (Clapp, 1993:25) maak. Elders (Clapp, 1993:49) gebruik hy die beeld van voorstedelike lewe in 'n groot stad as dié van 'n hidroponiese plant wat op die oppervlakte van die water dryf en ewe maklik na 'n ander tenk water verskuif kan word. White (2001:170) stel ook privatisering (saam met sekularisasie en pluralisering) as een van die kenmerkende eienskappe van die huidige (Amerikaanse) kultuur. Dit behels die proses waardeur in die moderne wêreld 'n kloof tussen die private en die openbare wêreld geslaan word en waar die private sfeer by uitstek die arena vir persoonlike vryheid en vervulling word. Op die ou end bring dit verskillende grade van geprivatiseerde godsdiens en eie keuse daarbinne teweeg en in baie gevalle 'n outonome individualisme (White, 2001:172) waar morele gesag selfgegenereerd is en waar die individu nie aan enigiemand behalwe homself verantwoording verskuldig is nie. Hierdie relativering vind insgelyks neerslag in 'n narsissistiese hedonisme met die klem op eiebelang en die self as enigste arbiter oor wat reg is (White, 2001:173).

Terwyl godsdiens in die private lewe baie belangrik kan wees, word dit sosiaal irrelevant (White, 2001:171). Vir Clapp is die Christelike gesin se antwoord op hierdie tipe verskeurdheid die beklemtoning van die kerk as die enigste werklike Christelike gemeenskap (1993:25).

Die derde van Clapp se kenmerke van die postmoderne wêreld gaan oor die benadering van ander. Die postmoderne wêreld is 'n wêreld wat akuut bewus is van die ander of die vreemdeling, en wat uiters agterdogtig is oor die aanname dat enige argument of lewenswyse 'n besondere plek of tyd of kultuur kan transendeer. In sy kensketsing van pluralisasie as een van die kenmerke van die moderne tydsgewrig wys White (2001:171) uit dat hierdie aspek nie net gaan oor die vermeerdering van opsies en van gedagterigtings wat

vir die ondersteuning van die man op die straat meeding nie, maar ook oor die geïmpliseerde gelykheid van godsdienste en hulle waarheidsaansprake.

Clapp is veral begaan oor die Christelike gesin se vermoë om met vreemdelinge om te gaan, 'especially when those strangers are their own children' (1993:25). Daarteenoor sien Grenz (1996:12) die kenmerkende (en voordelige?) van die postmoderne daarin dat dit 'n respek vir verskille en 'n waardering vir die plaaslike ten koste van die universele bevorder.

Alhoewel hy dit nie in dieselfde konteks noem nie, is Clapp se siening oor die grootskaalse privatisering van die gesin en die gevare wat dit daarvoor inhou, ook 'n aspek van die moderne wêreld wat hier genoem kan word. Na sy mening (Clapp, 1993:65) is dit fataal vir die gesin wanneer dit gestroop word van sy wyer, openbare betekenis en gereduseer word tot private en intieme verwantskappe. 'Family needs purpose beyond itself and its sentimentality to survive and prosper' (Clapp, 1993:65).

### 3.4.4 Invloede op die gesin

In voortbouing op wat in die voorafgaande subafdelings te berde gebring is, sou daar geredeneer kon word dat die postmodernisme as begrip ten beste in vier konsentriese sirkels voorgestel kan word:

- Die binneste kiemsirkel is die begrip soos dit in die eerste helfte van die twintigste eeu ontwikkel het as 'n baie spesifieke rigting binne die kunste.
- Daaromheen lê 'n verskeidenheid filosofiese begrippe oor die verbygaan van die moderne en die relatiwiteit wat dit teweeg gebring het.
- Die derde sirkel word gevorm deur die praktiese effekte wat hierdie beskouings op veral gesagsverhoudinge en -beskouings binne die gemeenskap gehad het en steeds het.
- Vir die doeleindes van hierdie afdeling gaan dit hier om die vierde sirkel: die praktiese effek wat hierdie breër ontwikkelings vir bepaalde aspekte of komponente van die samelewing, in hierdie geval die gesin, gehad het. Dit is ook juis wat hierdie aspek betref dat dit besonder moeilik raak om effek direk terug te trek na vermeende filosofiese grond of agtergrond. Of ons, wat heelwat van die aspekte betref wat in die volgende subafdelings onder die loep geneem word, te doen het met verskynsels van die laat-kapitalisme en die laat-modernisme of inderdaad van die postmodernisme, is nie altyd sekuur te beoordeel nie.

Daar word vervolgens gelet op wat die wesentlike van die moderne gesin was (om die veranderinge daaraan ten beste te kan beoordeel), na hoe die postmoderne gesin ontwikkel het en tewens steeds ontwikkel, en op enkele praktiese effekte van die tydsgewrig op gesinne.

#### 3.4.4.1 Die moderne gesin – 'n tipering

Stacey (1991:8) onderskei vier grondliggende veranderings wat die moderne Amerikaanse gesin van premoderne vorme onderskei het:

- Die skeiding tussen gesinswerk en 'produktiewe' werk, met die gevolg dat vroue se werk al minder sigbaar geword het namate hulle toenemend van die man se verdienste afhanklik geword het.
- Liefde en kameraadskap as die ideale oogmerke van huwelike, 'n aspek wat sy elders (1991:9) as die 'vulnerable linchpin of the modern family order' bestempel.
- Die konsep van privaatheid en die onttrekking van gesinne aan die openbare oog.
- Groter toespitsing van die vrou op die opvoeding van al minder kinders en groter klem op moederskap as 'n natuurlike roeping.

Vir Stacey (1991:251) is die gebruik van die term 'moderne gesin' soos dit in die geïndustrialiseerde VSA (en tewens groot dele van die wêreld) na vore gekom het en mettertyd gesentimentaliseer is tot die 'tradisionele gesin', eintlik 'n oksimoron, omdat dit aan mans moderniteit geskenk het deur dit van vroue te weerhou. Vir haar (1991:252) is hoër egskeiding- en saamblysyfers, werkende moeders, twee-inkomste-huishoudings, enkelmoeders en matriliniêre gesinne en ondersteuningsnetwerke almal 'departures from domesticity'.

In aansluiting by Stacey se sienings oor moderniteit ten koste van die vrou, praat Elkind (1994:9-10) van 'n wanbalans in die sogenaamde moderne gesin juis as gevolg van die wyse waarop vroue hulle belange ondergeskik aan dié van hulle mans en kinders moes stel. Maar hy sien 'n nuwe wanbalans in die sogenaamde deurdringbare gesin daarin dat kinders hulle eie behoefte aan sekuriteit ondergeskik moet stel aan die verwagtinge van hulle ouers en die gemeenskap dat hulle onafhanklik en selfstandig moet wees (Elkind, 1994:11) (hierdie is eintlik al 'n vooruitgryp na wat as die postmodernistiese gesin getipeer sal word, wat op sigself al aandui hoe moeilik periodisering hieroor is).

Elkind (1994:30-31) bring ook iets van die relatiwiteit van die moderne gesin na vore as hy die aandag vestig op die gebreke waaraan hierdie geïdealiseerde konstruk eintlik mank gegaan het in die vorm van hoë vlakke van geweld en liefdeloosheid. Dit is hierdie insigte wat al meer gelei het tot 'n dekonstruksie en 'onttroning' van die tradisionele gesin en die onvermydelike soeke na nuwe aanvaarbare patrone.

### 3.4.4.2 Ontwikkeling van die postmoderne gesin

So moeilik as wat dit is om die postmoderne gesin sekuur te tipeer, is daar tog 'n paar duidelike temas te bestudeer in die besinning oor hierdie verskynsel. Vir Cheal (1993:11) is daar 'n aantal temas wat in postmoderne denke teenwoordig is en wat terselfdertyd sy invloed op die postmoderne gesin uitoefen:

- Tanende optimisme en 'n besef dat daar geen waarborg vir vooruitgang is nie.
- 'n Kulturele verwarring met 'n veelheid van standpunte wat sekerheid moeilik of onmoontlik maak.
- 'n Al vinniger tempo van verandering, met al meer verwagtinge wat teleurgestel word.
- Die vervanging van produksie deur konsumpsie as 'n sentrale lewensaktiwiteit vir baie mense, met sy implikasies vir die betekenis van menslike handelinge en sosiale verhoudinge.
- Die vermoede dat, al het die moderne era nog nie tot 'n einde gekom het nie, dit in elk geval 'n vreemde verandering ondergaan het.

Elkind (1994:1-1) karakteriseer een van die belangrikste veranderings wat die moderne gesin ondergaan het, as die deurdringbaarheid ('permeability') daarvan. In die konvensionele kerngesin het daar duidelike grense bestaan tussen die private en die openbare, tussen huis en werk en tussen ouers en kinders, al was hierdie begrensdheid ook maar relatief daarin dat dit veral middelklas blanke gesinne tot voordeel was. Daarteenoor is die postmoderne gesin baie meer vloeibaar en aanpasbaar en blootgestel aan druk van buite.

Stacey (1991:16-18) praat van die era waarin al meer alternatiewe modelle van die gesinslewe na vore kom as 'recombinant family life', met gesinsreëlings en -vorme wat al meer 'diverse, fluid and unresolved' word. Volgens haar is die postmoderne gesin nie 'n volgende stadium of model in die ontwikkeling daarvan nie, maar slegs die stadium waarin die geloof in 'n ordelike progressie van vorme afgebreek word. Sy bring dit in verband met

die konsep van 'n postindustriële gemeenskap wat bloot die verbygaan van die industriële gemeenskap konstateer, sonder om 'n alternatief op opvolger te identifiseer (1991:18).

Volgens Zeitlin *et al.* (1995:1) was daar teen die sewentigerjare van die vorige eeu veral drie eienskappe wat die ontwikkelende postmoderne gesin onderskei het, naamlik ongeërgdheid by adolessente oor die identiteit van die gesin, onstabiliteit in die lewens van ouerpare wat stygende egskeidingsyfers tot gevolg gehad het, en, met die bevryding van vroue, die vernietiging van die geborgenheid van die kerngesin as 'n hawe van veiligheid. Daarmee saam het die geweldige invloed van die elektroniese media gegaan om die grense tussen huis en werk en tussen huis en die openbare lewe af te breek en die gesin al meer deurdringbaar te maak. Deur veral die invloed van die media en ander tegnologiese ontwikkelinge het die eens rustige huis al meer die terrein van al meer uiteenlopende bedrywighede by gesinslede geword en is die eensgesindheid wat daarin geheers het, al meer vervang met potensiële botsings.

Stacey (1991:9) verwys na die wyse waarop, veral in die tweede helfte van die twintigste eeu, die kulturele beperkinge wat beide mans en vroue aan 'n lewenslange huweliksband gebind het, al losser geword het. Volgens haar (Stacey, 1991:12-16) was feminisme en die wyse waarop dit huisvroue gesensitiseer het vir die wyse waarop hulle ingeperk het en die grootskaalse toetrede van al meer vroue tot die arbeidsmark aangemoedig het, inderdaad 'n vroedvrou wat die geboorte van die postindustriële gemeenskap moontlik gemaak het.

### 3.4.4.3 Spesifieke invloede op gesinne en kinders

Een van die belangrikste invloede wat die ontwikkeling van die postmoderne gesin op kinders gehad het, is, soos Zeitlin *et al.* (1995:2-3) aantoon, die wyse waarop kinders deur dagsorg en op ander wyses op al jonger leeftye blootgestel is en word met die brute realiteite van die buitewêreld. Op dié manier, onder andere, is postmoderne ontwikkelinge eintlik 'n omkeer van die moderne gesin na aspekte en kenmerke van 'n pre-moderne era, daarin dat die skerp onderskeid tussen huis en werk, die hoë premie op romantiese liefde en die veridealisering van die moeder as versorger, naas ander sake, moes plek maak vir radikale ander benaderings en sienings (Zeitlin *et al.*, 1995:3). Dit beteken egter nie dat die postmoderne in alle opsigte 'n terugkeer na die pre-moderne is nie: daarvoor is daar net te veel ander kulturele verskille.

In aansluiting wat ook al hierbo aan die orde gestel is, lig Hahlo (1999:229-230) 'n aantal sake uit wat in 'n baie praktiese opsig ook sy invloed op gesinne en kinders het:

- Liberalisering en al groter verdraagsaamheid binne die gemeenskap.

- Die agteruitgang van groepsidentiteite onder kinders en die jeug en al groter klem op individualiteit.

- Verskuiwende geslagsrolle.

- Die ineenkalwing van bekende instellings en sekerhede rondom die kerk en ander gesag in die gemeenskap.

Van die kritiese gevolge hiervan vir kinders wat Hahlo (1999:231) uitlig, is swakker ondersteuningsnetwerke en baie minder betrokkenheid deur ouers by die aktiwiteite en by die nood van kinders. Ironies genoeg gaan dit dikwels gepaard met druk op kinders om al meer verantwoordelikhede van volwassenes oor te neem, soos om 'n enkelouer of jonger broers en susters te ondersteun. In baie ander gevalle word grootouers verplig om as 't ware as die psigologiese steunpunt van gesinne op te tree (Hahlo, 1999:232).

Aan die hand van 'n drietal temas of motiewe wat Elkind (1994:20-26) by die postmodernisme identifiseer, pas hy dit op die gesinslewe toe (1994:30-37):

- *Verskeidenheid ('Difference')*: Die proliferasie van verskillende gesinsmodelle en die aanvaarding van die geldigheid daarvan is beide oorsaak en gevolg van wat Elkind die deurdringbare gesin noem. Ironies genoeg is die openheid, diversiteit en vryheid wat die gevolg hiervan is, dikwels die ouers ten goede en nie kinders nie.

- *Partikulariteit*: Daar is 'n postmoderne begaandheid oor partikuliere reëlings en geldigheid in teenstelling met die groot narratiewe of skemas. Toegepas op die gesin beteken dit toenemende rol-dedifferensiasie tussen die geslagte, tussen ouers en selfs tussen ouers en kinders.

- *Ongereeldheid*: Die postmodernistiese aanvaarding van ongereeldheid ('irregularity') in dinge soos byvoorbeeld taal dra ditself oor op die wyse waarop die lewe van ouers wat toenemend onder ekonomiese en beroepsdruk is, al minder ruimte laat vir 'n konstante en 'kontraktuele' bemoeienis met en teenwoordigheid in die lewe en aktiwiteite van hulle kinders.

Tiperings en skematiserings van die postmodernisme, ook in sy invloed op die gesin, sou sekerlik geprolifereer kon word. Soos reeds aangetoon is, sou daar selfs geldige vrae gevra kon word of daar werklik van postmodernistiese invloede sprake is. Waaroor daar egter geen twyfel kan bestaan nie, is dat gesinne, en dan veral die kinders binne die meeste gesinne, gekonfronteer word met 'n geweldige mate van onsekerheid as gevolg van al groter

diversiteit en die wegkwyn van sekerhede in die vorm van gevestigde rolle binne die gesin en die gemeenskap. Op die ou end is die vraag nie die akademiese een oor die postmodernisme al dan nie, maar die praktiese en kritiese een oor al groter nood by gesinne in die laat twintigste en vroeg een-en-twintigste eeu.

### 3.4.5 Die Christendom en die postmodernisme

Grenz (1996) dui aan hoe die evangeliese Christendom die resultaat is van die modernisme, met hulle klem op wetenskaplike denke, 'n empiriese benadering en gesonde verstand. Hy waarsku daarteen dat die kerk, ten spyte van die gevare van die postmodernisme, kan vasval as verdedigers van die sterwende moderniteit. Hy pleit daarvoor dat die kerk die postmoderne konteks vir Christus opeis deur die Christelike geloof in te klee op wyses wat 'n nuwe geslag kan verstaan.

Baie spesifiek pleit hy (1996:163-174) dan ook vir spesifieke beklemtonings in die Christendom se benadering van die postmodernisme. Hy bepleit 'n afwysing van die postmodernisme se verwerping van enige metanarratiewe. As dit gaan oor die verwerping van die wetenskap se aansprake, kan Christene saampraat, maar die aanvaarding van Jesus Christus as die ewige Woord en as 'n verenigende blik op die werklikheid is noodsaaklik in teenstelling met die postmodernistiese opvatting. Daar kan aanvaar word dat verskillende en uiteenlopende vertolkings en sienings van die werklikheid in sekere opsigte geldig is, maar dit beteken nie dat almal ewe geldig is nie (Grenz, 1996:165). Die Christelike geloof kan nie gerelegeer word tot een van baie gelowe nie. In sy skets van kontoere vir 'n postmoderne evangelie (Grenz, 1996:167-174), sien hy vier aspekte:

- **'n Postindividualistiese evangelie**. Alhoewel daar waardering moet wees vir individualisme in die erkenning van die waarde van die individu en die afwysing van totalitarisme, moet radikale individualisme afgewys word. Daar moet erkenning en waardering wees vir 'n gemeenskapsbenadering en 'n erkenning dat die funksionering van die gemeenskap van die gelowiges 'n kragtige manier is om die evangelie uit te dra.

- **'n Postrasionalistiese evangelie**. Alhoewel Grenz nie pleit vir 'n anti-intellektualisme en die afwys van die winste van die Verligting nie, pleit hy vir 'n erkenning dat ons menslikheid nie net in die kognitiewe dimensie bestaan nie. Daar moet plek gemaak word vir die misterie, nie as 'n irrasionele element nie, maar as 'n herinnering dat God se werklikheid menslike rasionaliteit transendeer.

- **'n Postdualistiese evangelie**. Daar moet 'n erkenning wees dat die nuwe geslag toenemend geïnteresseerd is in die mens as 'n geheel en dat die evangelie wat verkondig word, tot daardie geheel moet spreek. Daarby moet die bediening van die kerk nie net op die individu in isolasie gerig wees nie, maar op die mens wat in verhoudinge staan.

- **'n Postnoëtisentriese evangelie**. Hier word gepleit vir 'n evangelie(verkondiging) wat duidelik is daaroor dat ons bestaan meer behels as net die versameling van kennis, en dat die oogmerk van die regte leer die verwerwing van wysheid is. Kennis is net goed as dit wysheid en die regte optrede bevorder. 'n Postnoëtisentriese evangelie, in die woorde van Grenz (1996:173), beklemtoon die relevansie van geloof vir elke dimensie van die lewe.

## 3.5 Gevolgtrekkings

In die lig van wat hierbo aan die hand van Grenz se siening oor die postmodernisme en die Christendom gesê is, is die versoeking sterk om tot 'n soortgelyke skematiese gevolgtrekking oor die implikasies van die postmodernisme vir die gesin te kom. So 'n poging word aan bande gelê enersyds deur die klaarblyklike gebrekkige besinning in die literatuur oor dié subonderwerp en andersyds die feit (miskien oorsaaklik) dat daar klaarblyklik min konseptuele onderskeid getref word tussen die postmodernisme as spesifieke tydsgewrig en die malaise wat so algemeen gekoppel word aan die laat-kapitalistiese era van die laat-twintigste en vroeg-eenentwintigste eeu (kyk byvoorbeeld wat hierbo onder 3.4.1 opgemerk is oor White [2001] se probleme daarmee).

Wat daarom hier eerder aan die hand kom, is om by wyse van gevolgtrekkings uit die hele hoofstuk aandag te gee aan enkele aspekte en tendense van die ontwikkelingsgang van die gesin soos dit steeds voortduur en waarskynlik ook in die toekoms steeds van belang sal wees in die wyse waarop hierdie besonder samelewingsverband sy rol vervul. Dit is opmerklik hoedat meerdere van die ontwikkelings en opvattings wat in verband met die denkstrome van die postmodernisme vermeld is, relevant is daarby.

### 3.5.1 Geen vaste vorm

Dat wat tans algemeen as die gesin (of op Engels as *family*) bekend staan, oor millennia nie net verskillende benamings gehad het nie, maar veral ook uiteenlopende vorms aangeneem het, is baie duidelik. Tussen die uitgebreide vorms van die antieke tyd en die kerngesin soos wat dit tans veral in die welvarende kapitalistiese Westerse maatskappy veridealiseer word,

is daar 'n groot verskil. Miskien moet die klem hier juis op die woord 'veridealiseer' val, omdat die kerngesin (wat juis by die beeldskeppers van die advertensiewêreld so geliefd is) verreweg nie meer die enigste vorm van dié kleinste sosiale eenheid is nie. Egskeidings en 'n duisternis ander redes veroorsaak dat gesinne baie wisselende vorms aanneem.

Dit behoef weinig betoog dat die moderne konsep van die kerngesin juis 'n produk van 'n selfbeskermende moderne kapitalistiese samelewing is. In hierdie verband moet die waarskuwende opmerking van Clapp (1993:16) dat hedendaagse 'tradisionaliste' se siening van die gesin net so 'trendy' en kultureel bepaald kan wees as ander wat as meer afwykend ervaar kan word, ter harte geneem word. Daar moet gewaak word daarteen om die gesin tot 'n ikoon te verhef en dit dan op te volg met die gebruik daarvan as 'n werktuig of strydfront ter bevordering van 'n gewaande konserwatiewe sosiale en politieke agenda. Daarom is juis die postmoderne voorkeur vir die lokale teenoor die universele hier belangrik: al is daar nog soveel voordele verbonde aan die kerngesin as 'n belangrike manifestasie, moet daar baie goed kennis geneem word van baie ander vorms wat die gesin kan aanneem en moet daar in die hantering van die gesin, sy dit in kerk of staat, ook ruimte gelaat word daarvoor. Afkeer aan die redes daarvoor durf nie tot ontkenning en 'n weiering tot akkommodasie aanleiding te gee nie.

### 3.5.2 Ekonomiese entiteit

Soos hierbo genoem is, sou die gesin al as 'n ekonomiese entiteit beskou moes word bloot op grond van die rol wat dit as verbruiker speel en op grond van die feit dat ten minste een ouer (of ander hooffiguur in alternatiewe vorms daarvan) ekonomies aktief is en sodoende bydra tot die onderhoud van die gesin. Hierdie rol sit tewens ingebed in die konsep van versorging as een van die verpligtinge van ouers teenoor hulle kinders.

In die moderne kapitalistiese samelewing is die ekonomiese rol van die gesin egter veelal 'n risikofaktor. Daar moet gewaak word daarteen dat die ekonomiese as een van die primêre verantwoordelikhede van die gesin beskou word. Dit moet in alle omstandighede, of dit nou in die verband van die kwynende rol van die gesin as produksie-eenheid of in die altyd-toenemende funksie van die gesin as verbruikerseenheid is, beklemtoon word dat dit bloot 'n middel tot die primêre doel van versorging en opbou is.

### 3.5.3 Nie 'n private bastion

Alhoewel daar nie 'n volslae parallel is nie en daar ouer historiese presedente daarvoor bestaan, is dit duidelik dat die beskouing van die gesin as 'n private bastion grootliks saamloop met wat in die vorige afdeling vermeld is oor die kerngesin as 'n veridealiseerde

produk van die kapitalistiese ontwikkeling van die vroeg negentiende eeu en later. Hierin bestaan 'n wesentlike gevaar vir die gesin en vir ouers om effektief te kan reageer op ontwikkelings in die gemeenskap en effektief te kan bydra tot hulle eie en hulle kinders se vermoë daartoe. Ironies genoeg bevorder so 'n onttrekkingsbenadering juis die hiperindividualisme wat gesien word as een van die nadelige produkte van die postmodernisme

### 3.5.4 In wisselwerking met ander

Hierbo is gesê dat die gesin nie 'n private bastion moet word nie. Dit kan ook anders gestel word: as die gesin as samelewingsverband werklik optimaal wil funksioneer, moet dit nie 'n toevlugsoord weg van die openbare sfeer word nie, maar moet dit op 'n aktiewe wyse in wisselwerking daarmee verkeer. Die staat en die kerk en die gesin as samelewingsverbande in die koninkryk van God moet altyd deur mekaar gerelativeer word, maar nie geïsoleer word nie – die wisselwerking tussen hierdie drie is juis 'n manifestasie van die rykdom en volheid van God se skepping ook op die sosiale terrein. Slegs waar die gesin 'n funksie het in verhouding tot die breëre gemeenskap en nie verwyderd daarvan nie, stel dit die lede daarvan in staat om hulle verantwoordelikhede na behore na te kom en mekaar ook binne die gesin te dra en op te bou.

### 3.5.5 Draer van waardes

Dit gaan in hierdie proefskrif besonderlik oor die rol van die gesin as primêre geloofseenheid in 'n postmoderne konteks. In die hoofstuk wat hierop volg, gaan daar spesifiek aandag gegee word aan perspektiewe op die gesin se rol in die oordrag van waardes na die kinders daarvan. Uit wat in die voorafgaande, en veral in die gedeelte oor die postmodernisme gesê is, moet dit duidelik wees dat hierdie rol van die gesin meer as ooit in die gedrang kom, maar juis daarom belangriker as ooit is. Dit kan nie anders as dat die morele relativisme wat deur die postmodernisme voorgestaan word, een van die natuurlikste draers van waardes en morele sekerhede, naamlik die gesin, onder verdenking sal bring nie. Die tradisionaliteit van die gesin as 'n feitelike gegewe (nie as 'n politieke slagspreuk nie) spring nie die skeptisisme van die postmoderne benadering oor alles wat tradisioneel is, vry nie. Die prysgee van gewaande sekerhede (oftewel die relegering van alle sekerhede na waan) kan nie anders as om negatief te impakteer op die gesin, waarvan die status so intiem te doen het met vertroue nie.

En tog is die aanslag op sekerhede en die openheid vir nuwe betekenisse wat bepleit word, nie sonder sy voordeel vir die gesin nie. Die skeptisisme oor groot narratiewe is duidelik ook 'n skeptisisme oor groot strukture wat as die verkondigers daarvan gesien word. Dit maak

nie net deure vir die gesin oop nie, maar plaas dit ook voor 'n besondere roeping. Waar die staat en die kerk dit al moeiliker mag vind om 'n gewillige gehoor te vind, het ouers binne 'n gesin die vermoë om deur middel van 'n liefdes- en vertrouensverhouding met hulle kinders nog veel meer te doen en om kinders toe te rus om in eie kleiner kringe buite die gesin, ook na ander gesinne, self draers van waardes te wees. In 'n wêreld van steeds groter sinisme en afskeidende individualiteit is die gesin, waar dit gedra word deur 'n koesterende liefdesband, nooit risikovry nie, maar tog uiteindelik beter toegerus as enige ander verband om sekerhede te bewaar en oor te dra.

## 3.6 Ten slotte

Die gesin deur die geskiedenis vertoon 'n durendheid en rykdom wat ongeëwenaard is. Te midde van historiese variasie is daar ongetwyfelde en onmiskenbare voortgang en struktuur. Dis daardie vastigheid wat die gesin meer as enige ander struktuur of verband geskik maak as voertuig en draer van dit wat geestelik waardevol is.

# HOOFSTUK 4

# Metateoretiese perspektiewe op die rol van die gesin

## 4.1 Inleiding

Binne die bestek van die oorweging van die gesin as basiese geloofseenheid in prakties-teologiese verband het dit in die tweede hoofstuk van hierdie studie gegaan oor basisteoretiese aspekte. Die lig wat die Skrif op die plek van die gesin en die verantwoordelikheid van ouers in die opvoeding en geloofsontwikkeling van hulle kinders speel, het daarin onder die loep gekom, saam met wat in die derde hoofstuk algemeen-histories belig is. Op die pad na die ontwikkeling van 'n eie praktykteorie (wat in die laaste hoofstukke aan die orde kom), word in hierdie hoofstuk aandag gegee aan metateoretiese aspekte. Dis daarom gepas om opnuut te verantwoord wat daarmee bedoel en beoog word.

### 4.1.1 Metateorie: 'n verantwoording

Zerfass se model vir prakties-teologiese navorsing en teorie-ontwikkeling sit die logiese verwantskap uiteen van wat Heyns en Pieterse (1998a:38) die 'teologiese oorlewering' noem, met 'n situasie-analise om daardeur tot 'n prakties-teologiese teorie te kom. Daarvolgens moet, wanneer 'n empiriese situasie-analise gedoen word, die hulp van ander wetenskappe ingespan word. Heyns en Pieterse (1998a:39) maak in dié verband by wyse van voorbeeld spesifiek melding van die sosiologie, sielkunde, kommunikasiekunde, antropologie, filosofie en statistiek. Elders (1998b:49) definieer Heyns en Pieterse metateorie as teorie wat uitgangspunte definieer wat min of meer universeel met ander wetenskapsvelde gedeel word. Venter (1993:247) noem in hierdie verband as voorbeeld die kommunikasie wat met die homiletiek die aspek van die oordrag van 'n boodskap deel.

Met dié siening het twee verskillende aspekte van die gebruik van die hulpwetenskappe reeds na vore gekom, naamlik dat dit aangewend kan word vir situasie-analise en meer spesifiek vir empiriese werk in hierdie verband. Juis die laasgenoemde aspek lyk te beperkend. Natuurlik moet die waarde van empiriese werk nie geringgeskat word nie, maar juis wetenskappe met 'n sterk kwalitatiewe en teoreties-ontledende aard soos die sosiologie en die psigologie kan ook konseptueel sterker ingespan word.

Die gebruik wat in hierdie hoofstuk van die sosiologie en spesifiek van gesinstudies gemaak word, sal dus eerder dié wees waar 'n breër historiese en kulturele agtergrond oor die wisselwerking van godsdiens aan die een kant en familie- en gesinsbande aan die ander kant geskets word, as dat empiriese werk op grond van 'n enkele teorie aangepak word.

In die afdeling wat hierop volg, word eerstens oorhoofs gekyk na godsdienssosiologie, godsdienspsigologie en gesinstudies, sonder om te spesifiek te let op die rol van die gesin in eersgenoemde twee gevalle of dié van godsdiens in laasgenoemde. In volgende afdelings word dan gekyk na die rol van die gesin in die morele en etiese ontwikkeling van kinders, asook na veral empiriese gegewens uit 'n veelheid van studies oor die aard van ouers se invloed in die godsdienstige ontwikkeling van hulle kinders.

## 4.2 Tipering van hulpwetenskappe

### 4.2.1 Godsdienssosiologie

O'Toole (2001:13106-13112) gee 'n nuttige oorsig oor die eb en vloei van die godsdienssosiologie oor veral die afgelope eeu. Hy dui aan hoe daar in die werk van klassieke figure in die sosiologie duidelike oorweging van die godsdiens as verskynsel was, maar hoe hierdie begaandheid gaandeweg op die agtergrond verdwyn het, totdat in die jongste jare etnoreligie en die na vore kom van militante elemente binne prominente godsdienste nuwe oorweging geverg het.

Onder die klassieke sosioloë is dit veral Durkheim, met sy begaandheid oor die rol van godsdiens in die vorming van sosiale kohesie, groepstabiliteit en die reproduksie van sosiokulturele vorms (O'Toole, 2001:13107), wat 'n grondslag gelê het vir wat verder in hierdie studie aan die orde kom.

Van die hooftemas wat O'Toole (2001:13108-9) identifiseer in die oplewing van godsdienssosiologie vanaf veral die sestigerjare, het oor die algemeen min relevansie vir die rol van kleiner groeperinge soos die gesin. Hieronder tel fundamentalisme, pentekostalisme en die oplewing van 'n verskeidenheid van nuwe religieuse bewegings oor die afgelope vier dekades, waarvan baie sterk tekens van eksperimentering, sinkretisme en paganisme openbaar.

'n Belangwekkende kompleks van ontwikkelings waarop O'Toole die aandag vestig (2001:13111) is dié van toenemende individualisering en privatisering wat godsdiensbelewing betref. In waarna deur waarnemers as 'n 'third disestablishment' verwys word, lê die klem toenemend op persoonlike outonomie en op 'n vermenging van persoonlike voorkeure ('religion a la carte'). Compaan (2005:10) verwys na die invloed wat 'n politieke kultuur van regte en 'n ekonomiese kultuur van gerief en genot het om 'narcistiese, na binne gerigte mense' te skep, met 'n gevolglike verlies vir die NG Kerk van lidmate aan charismatiese kerke en groter druk om self te charismatiseer. Daarnaas verwys Müller en De Koker (2002:448) na die neiging selfs by gemeentes in 'n bepaalde kerkverband wat met

mekaar wedywer om die beste resultate te behaal en, vermoed 'n mens, om meer lidmate as die ander te trek. Dekker (1996:253) bring 'n perspektief na vore wat, alhoewel hy dit hoegenaamd nie in 'n Suid-Afrikaanse konteks stel nie, sonder twyfel op Suid-Afrika in die laaste dekade toegepas kan word, naamlik dat die proses van demokratisering 'n beweging na 'n meer mensgerigte ('human') en immanente godsdienstigheid teweeg bring, in kontras met die transendentheid van tradisionele godsdiens. Hierdie byna fundamentele verandering in die benadering van godsdiens sluit ten nouste aan by die invloed van die postmodernisme, waaraan in die vorige hoofstuk aandag gegee is.

In die breë veld van die godsdienssosiologie is daar dus nie net reeds die grondslag van wat ook in die meer spesifieke studies oor die oordrag van waardes aan die orde sal kom nie. Daar is ongetwyfeld ook 'n verrekening van en 'n duidelike teenwoordigheid van tendense, soos die groeiende individualisme in godsdiensbelewing, wat vir die verdere praktiese neerslag van hierdie studie van belang is.

### 4.2.2 Godsdienspsigologie

Soos in die geval van O'Toole hierbo, gee ook Watts 'n beknopte, dog insiggewende oorsig oor die godsdienspsigologie (2001:13102-6). Onder die klassieke outeurs waarna hy verwys, tel veral William James met sy kwalitatiewe studies en veral die tipering van verskillende persoonlikheidstipes ten opsigte van godsdiensbelewing, Sigmund Freud met sy skeptisisme oor godsdiens wat dit eintlik maar tipeer as wensvervulling, en Carl Jung met 'n meer simpatieke benadering in die bestudering van godsdienstige simboliek.

Onder huidige tendense in die godsdienspsigologie vestig Watts (2001:13103-5) veral die aandag op die rol van persoonlikheidsverskille, die wisselwerking tussen godsdiens en geestesgesondheid, neuropsigologiese aspekte, bekeringsbelewing en dies meer. Wat egter van groter belang vir hierdie studie is (en weer aan die orde sal kom) is die oorweging van godsdiensontwikkeling in die ontwikkelingspsigologie, waar veral Piaget en Fowler, naas ander, bydraes gelewer het. In die oorweging van hoe godsdiensbelewing ontwikkel en hoedanig ouers daarin betrokke is by hulle kinders se geloofsontwikkeling, is dit vir hierdie studie uiteraard relevant. Watts wys egter uit (2001:13104) dat daar bedenkinge bestaan oor die mate waartoe dit moontlik is om geloofsontwikkeling volgens stadia te tipeer.

Alhoewel die verdere oorweging in hierdie hoofstuk oor waarde- en godsdiensoordrag sekerlik 'n sterker sosiologiese klem het en minder aandag gaan gee aan pertinente psigologiese konsepte of modelle, kan die wisselwerking tussen ouer en kind nooit losgemaak word van die invloed van diepgesetelde persoonlikheidskenmerke en behoeftes nie.

### 4.2.3 Gesinstudies

Dit is duidelik dat daar oor die afgelope eeu, maar veral oor die afgelope vier dekades, en dan hoofsaaklik in die Verenigde State van Amerika, 'n feitlik afsonderlike wetenskapsterrein rondom gesins- en familiestudies ontwikkel het. Dis moontlik riskant om daarna as 'n afsonderlike terrein te verwys, juis omdat dit so wyd gebruik maak van en integreer uit 'n verskeidenheid van ander vakwetenskappe, waaronder veral die sosiologie en psigologie, waarna hierbo verwys is. Naas baie ander publikasies, waarna in veral die res van hierdie hoofstuk verwys sal word, gee die werke van Sussman *et al.* (1987 en 1999) en Boss *et al.* (1993) 'n beeld van die omvangrykheid van hierdie veld. Terwyl eersgenoemde veral op 'n hele aantal inhoudelike temas toegespits word, is dit veral die werk van Boss *et al.* wat 'n beeld gee van die omvangrykheid van teorieë en metodes wat binne die veld aangewend word.

Te midde van 'n bewustheid oor die snel veranderende situasie rondom beide die godsdiens en gesinne (waaraan veral in die volgende afdeling aandag gegee sal word), is dit interessant om te let op die ontwikkeling in die wetenskapsveld self, soos deur Doherty *et al.* (1993:7-14) getipeer. In dié verband is dit duidelik hoe bepaalde sosiale verskuiwings ook die wetenskap daaroor beïnvloed het:

4.2.3.1 Met die totstandkoming van gesinstudies in die laaste twee dekades van die negentiende eeu en die eerste twee van die twintigste, het die klem sterk gelê op progressiewe sosiale hervorming, veral in die lig van die probleme wat deur toenemende industrialisasie en verstedeliking geskep is.

4.2.3.2 In die volgende twee dekades is studies oor families en gesinne toenemend gekenmerk deur 'n wegswaai van die makro-benadering af na groter klem op individuele aktiwiteite en voorkeure.

4.2.3.3 Die tydperk na die breuk wat die Tweede Wêreldoorlog noodwendig teweeg gebring het, was een van 'n terugkeer na normaliteit en veral weer van klem op die rol van die gesin binne 'n groter geheel. Talcott Parsons se struktureel-funksionalisme (Doherty *et al.*, 1993:10) het veral, in reaksie op die afbraak van sosiale norms en stabiliteit as gevolg van die oorlog en die voorafgaande ideologiese stryde, gefokus op die gesin as 'n noodsaaklike substelsel binne die gemeenskap ter wille van die sosialisering van kinders en die stabiliteit van volwassenes.

4.2.3.4 Veral die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu het 'n vinnige afbraak gesien van die optimistiese konsensus wat die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog gekenmerk het. Parallel met die politieke onrus in veral die VSA en Europa en die opkoms van 'n verskeidenheid kontra-kulturele bewegings, het daar ook in die benadering van gesinstudies baie meer diversiteit na vore getree.

Ten tye van hulle skrywe en oorsig van die steeds ontwikkelende wetenskapsveld in die vroeë negentigerjare het Doherty *et al.* (1993:15-17) 'n aantal neigings geïdentifiseer. Meer as een daarvan is van belang vir hierdie studie, hetsy direk of in die blyke wat dit gee van toenemende postmodernistiese neigings in die wetenskap:

- Die toenemende impak van feministiese benaderings en die perspektiewe en teorieë van etniese minderhede.
- Die aanvaarding dat familie- en gesinsvorms dramaties verander het. (Juis van hierdie aspek sal die kerk met groot versigtigheid en verantwoordelikheid moet kennis neem. Dit deug nie meer om in die bediening van gesinne van die tradisionele struktuur alleen uit te gaan nie.)
- Groter professionele inklusiwiteit daarin dat wetenskaplikes uit 'n baie groter verskeidenheid velde betrokke is by gesinstudies.
- Groter teoretiese en metodologiese diversiteit, wat noodwendigerwys gepaard sou gaan met die groter professionele inklusiwiteit waarna hierbo verwys is.
- Meer aandag aan taal en betekenis.
- 'n Beweging na meer konstruktivistiese en kontekstuele benaderings.
- Toenemende aandag aan etiek, waardes en godsdiens.
- 'n Wegdoen met die skeiding tussen die private en openbare sfere van die gesinslewe en tussen wetenskap en toepassing.
- 'n Groter aanvaarding dat daar perke is aan wetenskaplike kennis en dat dit ten beste tentatief en onvolledig is.

Teenoor die bloot wetenskaplike klem op die identifikasie van neigings soos dit hierbo blyk, lê 'n skrywer soos Don Browning in 'n verskeidenheid werke sterk klem op die hervorming en die herlewing van die huwelik en gesin as 'n hoë prioriteit om die verweer wat deur

modernisering teweeg gebring is, teë te werk. Hy identifiseer (2001:17-20) 'n aantal elemente wat teenwoordig behoort te wees in so 'n beweging:

- Navorsing en nadenke oor die Westerse godsdienstige erfenis en die implikasies daarvan vir die huwelik.
- Herkonstruksie en hervorming van die Westerse huwelikstradisies naas die verstaan daarvan.
- Die verskafing van teologiese begronding deur godsdienstige instellings oor waarom die huwelik steeds gesien moet word as 'n kernbelang van die staat.
- Groter aandag deur beide die staat en die kerk aan werk en gesinsaangeleenthede, onder andere byvoorbeeld in die daarstelling van meer tydelike en skiktyd-werkgeleenthede.
- Groter aandag aan huweliksopvoeding.

## 4.3 Die verhouding tussen georganiseerde godsdiens en gesinne of families

Van grondliggende belang vir die verstaan van die rol van die gesin in die geloofsontwikkeling van sy lede is die verhouding wat daar oor eeue bestaan het en steeds bestaan tussen familiestrukture aan die een kant en die kerk of georganiseerde godsdiens aan die ander kant. Hierdie voortdurende 'changing relationship', soos D'Antonio (1980:89) dit noem, het oor geslagte heen en van beide kante af telkens drastiese veranderinge ondergaan en daarmee nie net hoë eise vir die verstaan daarvan gestel nie, maar ook vir die hantering daarvan. In 'n tydvak waarin juis die postmodernisme en ander tendense dikwels ingrypende veranderinge meebring, verg dit deurlopende studie en besinning. Soos Wittberg (1999:503) oor een aspek tereg aantoon, is die populêre beeld van 'n vader, 'n moeder en twee klein kinders in 'n kerkbank op 'n Sondag nie net 'n relatiewe onlangse vindsel nie, maar ook reeds verouderd. Dit is inderdaad gevaarlik om te volstaan met geykte en geïdealiseerde beelde van 'n sosiale instelling van soveel ingrypende belang as die gesin.

### 4.3.1 Historiese ontwikkeling en kulturele variasies

Gedurende die grootste gedeelte van die mens se geskiedenis het daar 'n uiters noue band bestaan tussen godsdiens en die daaglikse lewe van die individu, tot die mate dat 'n persoon se godsdiens 'n baie belangrike deel van sy of haar identiteit uitgemaak het (Wittberg, 1999:503). Hierdie noue verweefdheid van godsdiens en samelewing het veroorsaak dat

lidmaatskap van 'n godsdienstige groep dikwels nòg persoonlike keuse, nòg besondere toewyding geïmpliseer het. Die individu was (en is soms nog) dikwels Katoliek of Protestant of Moslem omdat dit in sy volk of kultuurgroep of woonarea andersins ondenkbaar sou wees. (Binne die Afrikaanse gemeenskap kon daar tot betreklik onlangs 'n terloopse aanvaarding waargeneem word dat veral leiersfigure tot een van die sogenaamde 'susterskerke' of 'Afrikaanse kerke' sou behoort en dat nie-lidmaatskap amper noodwendig mense tot randfigure gereduseer het.) Waar godsdienste anders as die aanvaarde (dikwels antieke) groepsgodsdiens gepoog het om 'n invloed op die gesinslewe uit te oefen, is sodanige pogings verstaanbaar met 'n groot mate van agterdog en afwysing bejeën. 'n Voorbeeld hiervan is die aanvanklike weerstand teen die Christendom se aandrang op sy lede se reg om te kan kies met wie om te trou (Wittberg, 1999:504).

Gedurende die Middeleeue het die kerk algaande 'n groter en alomvattende invloed op die lewe van die gemeenskap en dus van die gesin ook begin uitoefen. Alhoewel baie opvattinge oor die gesin en verhoudinge nie noodwendig Christelik van oorsprong was nie, het die kerk spoedig die finale arbiter oor alle aspekte daarvan geword (Hargrove, 1983a:21). Na die Hervorming het die Katolieke Kerk toenemend ook amptelik sy stempel begin afdruk op godsdiensbeoefening in die gesin (Wittberg, 1999:504), tot dié mate dat dit dikwels tot spanning tussen die geïnstitusionaliseerde kerk en die gemeenskap gelei het. Wittberg (1999:504) toon aan hoedat hierdie konflik veral gestalte gekry het in die wyse waarop die kerk 'n aktiewe rol aan vroue ontsê het, terwyl dié juis binne die gesin 'n baie prominente en aktiewe rol in die antieke en Middeleeuse Katolieke godsdiensbeoefening gespeel het. Hargrove (1983b:114) toon daarnaas aan hoedat die Hervormers juis die rol van die vrou herstel het.

Die wyse waarop hierdie konflik en verskillende benaderingswyses vir die moderne mens in Amerika (en sekerlik ook in Suid-Afrika) vreemd moet aandoen, word deur Wittberg (1999:504) juis verklaar daarin dat die Hervorming 'n radikale verskuiwing na die beginsel van 'voluntaryism' teweeg gebring het. In stede daarvan dat religieuse identiteit met lidmaatskap gepaard gegaan het, het die konsep van individuele verantwoordelikheid voor God en van vrywillige lidmaatskap van die geloofsgemeenskap posgevat.

Juis hierdie verskuiwing van outomatiese identiteit na vrywillige assosiasie het 'n meer spesifieke interafhanklikheid tussen kerk en gesin tot stand gebring. Die kerk was nie meer seker van outomaties kontinuerende lidmaatskap nie, terwyl ouers ook nie kon seker wees dat kinders noodwendig hulle godsdienstige opvattings en lidmaatskap sou deel nie (Wittberg, 1999:505) Dit het die wedersydse voordelige werksverdeling tot stand gebring waarin die ouers die verantwoordelikheid aanvaar het om kinders so te sosialiseer dat hulle

die regte keuses sou maak, terwyl die kerk die strukture geskep het om die ouers hierin by te staan.

D'Antonio (1980:91-97) stel teenoor die tradisionele verhouding tussen die gesin en godsdiens 'n meer moderne een. Terwyl daar in die tradisionele benadering 'n baie noue verwantskap tussen werk, godsdiens en die gesinslewe was, tree daar in die moderne tyd 'n groter skeiding tussen hierdie aspekte in. Aan die hand van Lenski se werk in die vyftigerjare van die vorige eeu koppel D'Antonio dit aan die invloed van Puriteinse Protestantisme. Teenoor die geïntegreerde benadering van die Rooms-Katolisisme bewerk dié groter klem op persoonlike outonomiteit dikwels konflik tussen godsdiens en gesin. Waar in die Katolieke model die verpligtinge teenoor die gesin en familie voor persoonlike belang staan, 'in the modern family model (exemplified by the Protestants), primacy of the relationship is at the level of individual happiness' (D'Antonio, 1980:94). D'Antonio toon aan hoedat die beweging na persoonlike outonomie in die laaste dekades van die twintigste eeu gelei het tot die botvier van onbeskaamde persoonlike belang sonder dat die tradisionele godsdiens in staat was om 'n beperkende invloed daarop uit te oefen. Dit lei hom daartoe om drie moontlike verder ontwikkelings te postuleer (1980:97):

- 'n Post-Christelike gedagtelose liberalisme waarin die gemeenskap meer en meer geld en mag sal aanbid.
- 'n Terugkeer na 'n meer tradisionele outoritêre benadering.
- 'n 'Revolusionêre' benadering, met groter aktiwiteit van nie-tradisionele Christelike groeperings om 'n terugkeer na Christelike waardes teweeg te bring.

Ook Hargrove (1983a:22-24) gee aandag aan die invloed van die Hervorming op die modernisering van die verhouding tussen godsdiens en die gesin en op die onttrekking van die gesin uit uitgebreide familieverwantskappe. Sy koppel die Hervorming sterk aan hierdie modernisering en dui aan dat die invloed van die Protestantisme juis die alternatief, naamlik die Marxistiese revolusionêre benadering wat alle religieuse invloed wil verwyder, teëgewerk het. Die Marxisme as alternatief het juis sterk na vore gekom in tradisionele gemeenskappe waar die invloed van die Protestantisme nie teenwoordig was nie.

### 4.3.2 Godsdiens en gesin: wedersydse invloede

Soos uit die voorafgaande afdeling blyk, het daar oor die eeue sedert die Hervorming, en veral oor die afgelope tweehonderd jaar, ook as gevolg van die invloed van die Industriële Revolusie, ingrypende veranderinge in beide die omstandighede van gesinne en in die

georganiseerde godsdiens of die kerk plaasgevind. Nie al hierdie veranderinge is toe te skryf aan direkte wedersydse beïnvloeding van hierdie twee entiteite nie, maar het nogtans onderlinge invloede wat nie geringgeskat kan word nie.

#### 4.3.2.1 Veranderinge in die gesin

Fundamentele veranderinge in die Westerse gemeenskap oor die afgelope tweehonderd jaar het grondliggende invloede op veral die gesin gehad. Hieronder tel ontwikkelings soos langtermyn ekonomiese ontwikkeling, industrialisasie, verstedeliking, toenemende skoolbywoning, laer sterftesyfers, en die groei van wetenskaplike kennis en die ontwikkeling van die tegnologie (Thornton, 1988:28). Samevattend sou mens die veranderinge wat in die gesin plaasgevind het, kon beskryf as die terugkrimp van wat Van der Walt (1995:ii) 'n 'comprehensive community with regard to its responsibilities' noem, na dié van 'n eenheid met beperkte onderlinge verantwoordelikheid vir sy kernlede.

##### 4.3.2.1.1 Ekonomiese veranderinge

Die ekonomiese diversifikasie wat veral deur die Industriële Revolusie teweeg gebring is, het veroorsaak dat die rol van die gesin as basiese ekonomiese eenheid aansienlik verminder is. Waar die primêre ekonomiese aktiwiteit van die gesin vroeër dikwels agraries van aard was en gesinslede almal daarby betrokke was onder leiding van die gesinshoof, het ekonomiese veranderinge toenemend begin meebring dat gesinslede hulle ekonomiese funksies buite die gesin ('further afield' [Department of Social Development, 2003:22]) en buite die beheer van die gesinshoof kon verrig. Thornton (1988:30) verwys hierna as 'the shift of the primary locus of employment from the household to the market place'. Die afwesigheid van vaders en moeders as gevolg van die eise wat werk buite die huis stel, het veranderinge aan gesagspatrone bewerk, terwyl die ekonomiese onafhanklikheid wat veral kinders hierdeur verkry het, noodwendig 'n negatiewe invloed moes uitoefen op die bindingskrag van die gesin.

##### 4.3.2.1.2 Verstedeliking

'n Onvermydelike effek van die voorafgaande was die feit dat dramaties groter getalle mense hulle in stedelike gebiede kom vestig het, en dit dikwels buite gesinsverband. Juis die ekonomiese onafhanklikheid wat gesinslede deur eie werk kon verkry, het meegebring dat in die VSA die aantal ongetroude mense tussen 25 en 34 wat hulle eie huishoudings onderhou, tussen 1950 en 1982 viervoudig toegeneem het (Thornton, 1988:31). In Suid-Afrika is die ingrypende gevolge van verstedeliking oor die afgelope aantal dekades op 'n verskeidenheid wyses baie duidelik sigbaar, waarvan die skreiendste sekerlik die bestaan van uitgestrekte areas informele behuising met min sosiale stabiliteit is. Dit word geraam dat in Afrika as 'n

geheel meer as die helfte van die stedelike bevolking in informele behuising woon (Department of Social Development, 2003:23). Meer as 50% van Suid-Afrika se bevolking is reeds verstedelik, met die syfers in Gauteng en die Wes-Kaap so hoog as 97% en 89% onderskeidelik (Department of Social Development, 2003:23).

**4.3.2.1.3 Geboortes en sterftes**

Die dramatiese verbetering wat daar oor die afgelope twee eeue in die mediese wetenskap en gesondheidsdienste plaasgevind het, moes onvermydelik ook sy invloed op die moderne gesin uitoefen. Die daling in sterftesyfers het meegebring dat gemeenskappe hulleself getalsgewys in stand kon hou met 'n veel laer geboortesyfer as wat vroeër noodsaaklik was. Hiermee saam het veral die ontwikkeling van moderne middels vir geboortebeperking meegebring dat die uitbou van gesinne veel eerder 'n faktor van keuse deur huweliksmaats was as 'n natuurlike en onvermydelike proses, met die gevolg dat in alle ontwikkelende gemeenskappe daar 'n dramatiese afname in geboortesyfers was.

**4.3.2.1.4 Samestelling van gesinne**

'n Onvermydelike gevolg van al die voorafgaande moes wees dat daar in Westerse gemeenskappe al minder merkbaar is van wat tradisioneel beskou is as die ideale samestelling van die gesin. Die hele konsep van die kerngesin of 'nuclear family' as normatief moet versigtig, indien nie skepties nie, bejeën word. Soos Weiner (1997:111) aantoon, het gesinne deur die geskiedenis deurgaans ontwikkel en kan die Westerse kerngesin eintlik maar beskou word as 'n moment in die wêreldgeskiedenis. Wittberg (1999:506) toon aan dat waar die persentasie huishoudings in die VSA wat uit getroude persone met kinders bestaan in 1970 nog op 40% gestaan het, dit in 1990 tot 26% afgeneem het. Die aantal huwelike wat in egskeiding eindig, staan op 40%, terwyl meer as die helfte van alle kinders op een of ander stadium in 'n enkelouer-huis woon en 6% van alle Amerikaanse pare saamwoon sonder om getroud te wees (Wittberg, 1999:506). In Suid-Afrika is in 1999 'n totaal van 37 098 egskeidings, oftewel 83 egskeidings per 100 000 lede van die bevolking, aangeteken. 45 360 minderjarige kinders is deur dié egskeidings geraak (Department of Social Development, 2003:51).

Tussen 1970 en 1990 het die gemiddelde ouderdom van mense wat trou, met drie jaar gestyg, terwyl die aantal kinders per gesin steeds afneem. In van die meer gemarginaliseerde gemeenskappe in die VSA is hierdie omstandighede nog meer skreiend waar te neem. Inderdaad lyk die moderne 'gesin', as daarvan nog sprake kan wees, toenemend dramaties anders as die geïdealiseerde beeld daarvan.

Soos Thornton (1988:34) aantoon, is die tendense wat hierbo uitgelig is, nie beperk tot die VSA nie, maar is dit 'n patroon wat in die hele ontwikkelende wêreld sigbaar is. In Suid-Afrika, en veral onder die Swart bevolking, het juis verstedeliking al meer tot die ontstaan van nie-tradisionele gesinsvorms begin lei. Terwyl, volgens die sensus van 1996, soveel as 61.9% van blanke stedelike gesinne geklassifiseer sou kon word as kerngesinne, was die ooreenstemmende syfer onder Swartmense slegs 44.1% (Department of Social Development, 2003:25). Daar moet egter oor Swartmense versigtig omgegaan word met die konsep van nie-tradisionele gesinsvorme. Selfs in stedelike gebiede, al is dit dan minder as elders, bestaan uitgebreide gesinne oor drie of meer geslagte heen nog, iets wat in die bepaalde kulturele verband kwalik as nie-tradisioneel bestempel kan word.

Alarmisme oor die einde van die gesin is egter waarskynlik voortydig. Die meeste Amerikaners lê steeds klem op die belang van 'n gelukkige huwelik en gesinslewe en 80% van Amerikaners bestempel hulle huwelike as bogemiddeld gelukkig, terwyl 90% van alle jongmense steeds aandui dat hulle beplan om te trou en kinders te hê (Thornton, 1988:34).

#### 4.3.2.2 Invloede op godsdiensbelewing en kerke

Gegewe die algemeen aanvaarde verband tussen familie- en gesinslewe aan die een kant en godsdiens aan die ander kant, en in die lig van die veranderinge wat hierbo uitgelig is, sal dit uiters verbasend wees as die invloed van evolusie in die gesinslewe nie in die kerk en in godsdiensbelewing merkbaar sou word nie. Soos Wittberg (1999:508) aantoon, is daar heelwat studies wat onder andere aantoon dat persone wat trou en kinders het, meer stabiel is in hulle verhouding tot die kerk, terwyl daar ook studies is wat aantoon dat die houding van huweliksmaats negatiewe invloede op godsdiensbelewing kan hê.

In die onderstaande word enkele aspekte van die invloed van elemente van die gesinslewe op die godsdiens belig.

##### 4.3.2.2.1 Geloofsoordrag oor geslagte

Dit is onvermydelik dat bepaalde veranderinge in die moderne gesinslewe negatief sal inwerk op die oordrag van geloofswaarhede en -verbintenis van ouers na kinders. Van die belangrikste hiervan is die verminderde binding as gevolg van die groter en vroeër ekonomiese onafhanklikheid van kinders waarna reeds verwys is. Ook die hoër ouderdom van ouers wanneer kinders gebore word, verleng die tydperk van eie optimum kerklike betrokkenheid en die oordrag van geloof en affiliasie na kinders (Wittberg, 199:508). Selfs waar die motivering nog daar is om sodanige oordrag te laat geskied, is die omringende sosiale omstandighede dikwels te negatief om dit moontlik te maak.

#### 4.3.2.2.2 Veranderinge in leer

Soos Wittberg (1999:509) aantoon, het veranderinge in die omstandighede van families en gesinne nie net bepaalde invloede op die vraag of die geloof aan 'n volgende geslag oorgedra word nie, maar ook op die inhoud van wat oorgedra word. Die invloed hiervan is merkbaar onder andere in die beeld van God wat deur gelowiges nagehou word en wat in die leer van kerke na vore kom, en ook in aspekte van die leer wat spesifiek betrekking het op die huwelik en die gesin. In hierdie verband verwys Wittberg veral na die dramatiese houdingsveranderinge wat in die meeste kerke plaasgevind het ten opsigte van geboortebeperking en ook in die klaarblyklike gewilligheid van baie kerke om verhoudings buite die huwelik, soos in saamwoon, te gedoog. Dit kan moeilik geargumenteer word dat van hierdie veranderinge bloot op die beter verstaan van die Skrif en nie op die gedwonge aanvaarding van sosiale omstandighede gegrond is nie. Dekker (1996:248) verwys na hierdie tendens as 'n derde vlak van sekularisasie, waar nie net individue minder godsdienstig word en die invloed van godsdiens in die gemeenskap daal nie, maar waar die georganiseerde godsdiens homself aanpas by veranderinge in die gemeenskap.

#### 4.3.2.2.3 Die klem op die gesinslewe

Afgesien van die subtiele en dikwels meer direkte invloed van gesinsveranderinge op basiese leerstellings van kerke, is daar in baie kerke ook ander grondliggende klemveranderinge ten opsigte van die gesinslewe merkbaar. Wittberg (1999:510-511) verwys na drie sulke tendense op die Amerikaanse toneel:

4.3.2.2.3.1 By veral konserwatiewe en meer fundamentalistiese groeperinge is daar baie sterk klem op die gevare waaraan die gesinslewe en die beheer daaroor in 'n vyandige omgewing van veranderings en sameswerings blootgestel word.

4.3.2.2.3.2 Ook by die Rooms-Katolieke Kerk het die agteruitgang van politieke invloed as gevolg van toenemende liberalisering in die samelewing gelei tot groter klem op die een terrein waar die Kerk nog in staat was om invloed uit te oefen, naamlik op gesinne en gesinsmoraliteit.

4.3.2.2.3.3 By die hoofstroom Protestantse kerke is daar steeds 'n begaandheid oor die gesin, maar terselfdertyd 'n groter bereidheid om die onvermydelike veranderinge te aanvaar en so goed as moontlik daarvoor voorsiening te maak deur byvoorbeeld die daarstel van dagsorgsentrums en voorsiening vir nie-tradisionele gesinsvorms in die bediening van die kerk.

#### 4.3.2.2.4 Vervreemding van nie-tradisionele gesinsvorme

Ten spyte van die pogings van kerke om nie-tradisionele gesinsvorms te akkommodeer, is daar duidelike tekens dat juis nie-tradisionele gesinsvorms (en dié met sterk klem op geslagsgelykheid) negatiewe voorspellers van godsdienstige betrokkenheid is (Wittberg, 1999:511). Dit is ironies dat in die VSA selfs dié kerke wat hoofsaaklik swart Amerikaners as lidmate het, probleme het om mense wat gesinsgewys gemarginaliseer is, as lidmate te trek en te behou.

### 4.3.2.3 Veranderinge op die kerklike toneel

Dis nie nodig om hier in detail in te gaan op die veranderinge wat in en om die meeste kerke plaasvind nie. Wat wel duidelik is, is dat daar ten opsigte van die moderne mens se godsdiensbelewing en -aktiwiteit 'n sterk beweging in die rigting van groter individualisme is (Wittberg, 1999:506-7). As gevolg van wat genoem word 'n 'second disestablishment' het die kerk in die VSA veral baie van sy oorblywende mag en invloed in die gemeenskap en selfs ten opsigte van sy eie lidmate verloor. Godsdiens en kerklidmaatskap het grootliks 'n geprivatiseerde saak geword. Hier te lande is dit gemene saak dat veral die tradisionele Afrikaanse kerk op beduidende skaal lidmate verloor, al is die kompleks van redes daarvoor nie altyd duidelik of klinkklaar te onderskei nie. So het die totale lidmatetal van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se tradisioneel 'blanke' kerke van 116 117 in 1985 tot 87 830 in 2007 gedaal (Almanak, 1986:42; Almanak, 2008:419), 'n proses wat steeds voortgaan.

Desnieteenstaande is daar nog 'n beduidende invloed van godsdiens en kerklidmaatskap op die huweliks- en gesinslewe van mense sigbaar. Net soos wat veranderde gesinsomstandighede, soos reeds aangetoon, 'n invloed op die werk van die kerk uitoefen, is die omgekeerde steeds waar. Ten spyte van die erodering van morele waardes en die institusionele invloed van kerke, is daar onmiskenbare invloede waarneembaar (Wittberg, 1999:513-7):

4.3.2.3.1 Verskillende studies dui aan dat oor 'n wye spektrum van groepe in die VSA daar by mense (en veral jongmense) wat kerklike betrokke is of wat aandui dat geloof vir hulle belangrik is, 'n merkbare kleiner geneigdheid tot voorhuwelikse seks of saamwoon is.

4.3.2.3.2 Ook ten opsigte van die ouderdom waarop jongmense trou, is bevind dat godsdienstige betrokkenheid 'n definitiewe invloed uitoefen, maar ironies genoeg

neig dit by lidmate van die Katolieke Kerk tot 'n uitstel van trou en by die meer konserwatiewe Protestantse groeperinge tot huwelike op 'n vroeër ouderdom.

4.3.2.3.3 Oor die grootte van gesinne is dit duidelik dat kerklidmaatskap 'n invloed uitoefen, maar dis nie ondubbelsinnig daaraan te koppel nie. Wat wel duidelik is, is dat daar veral by die meer konserwatiewe groeperinge 'n geneigdheid tot die vorming van groter gesinne is.

4.3.2.3.4 Ook ten opsigte van die rolle van man en vrou binne die gesin en beroepsbeoefening deur die vrou, is daar 'n merkbare invloed van die kant van konserwatiewer groeperinge, met 'n meer tradisionele rolverdeling tussen man en vrou en 'n kleiner geneigdheid by vroue om buitenshuis te werk.

4.3.2.3.5 Ten opsigte van kinderopvoeding is dit duidelik dat, terwyl daar verskille is tussen verskillende godsdiensgroeperings, kerklidmate geneig is om heelwat groter klem te lê op die waarde van duidelike ouergesag in die opvoeding van kinders en ook op die wenslikheid van lyfstraf.

4.3.2.3.6 Ook oor die komplekse saak van huweliksgeluk is daar aanduidings dat daar 'n positiewe korrelasie tussen kerklike betrokkenheid en 'n aktiewe geloofslewe aan die een kant en 'n bevredigende huwelikslewe aan die ander kant is.

4.3.2.3.7 Soos aan die hand van die voorafgaande tewens te wagte kan wees, is die egskeidingsyfer by kerklidmate beduidend laer.

## 4.4 Die rol van ouers in die morele en etiese ontwikkeling van die kind

Alhoewel moraliteit of etiese gedrag in sy breedste sin uiteraard nie sondermeer met godsdiensbeoefening of met bepaalde godsdienstige opvattings gelykgestel kan word nie, behoef dit weinig betoog dat daar meer as toevallige verwantskappe tussen hierdie aspekte en veral met die rol wat die gesin in die bevordering daarvan speel, bestaan. Die uitgebreide konseptuele sowel as empiriese aandag (vgl. oa hieroor Walker, Hennig & Krettenauer, 2000; White, 2000; White & Matawie, 2004; Knafo & Schwartz, 2003) wat steeds daaraan gegee word, laat iets blyk van die belang wat daaraan geheg word. Daar word uitgebreid besin oor juis hoe morele waardes by die individu in die kinderjare gevorm word, en sondermeer staan die oorweging oor die rol van ouers, sy dit in samewerking met ander entiteite soos portuurgroepe of ondergeskik aan ander invloede, voorop.

Die ontwikkeling van beskouings oor dusdanige invloede en prosesse, soos dit steeds voortgaan, is die resultaat van bepaalde filosofiese uitgangspunte wat oor jare ontwikkel het en terselfdertyd ook sielkundige benaderings wat veral in die twintigste eeu op verskillende tye en wyses die besinning oor hierdie onderwerp oorheers het.

### 4.4.1 Filosofiese perspektiewe

Soos Grusec (1997:3-4) aantoon, was daar van die vroegste tye af binne verskillende filosofiese tradisies intense besinning oor die morele ontwikkeling van die mens en veral oor hoe waardes van een geslag na die volgende oorgedra word. Dit is veral die filosofiese besinnings binne die Westerse tradisie wat moderne teorieë oor moraliteitsoordrag beïnvloed het of die intellektuele ruimte daarvoor geskep het. Grusec onderskei drie nie noodwendig opeenvolgende perspektiewe:

4.4.1.1 Die vraag oor hoe moraliteit ontwikkel of oor hoe dit van geslag tot geslag oorgedra word, moet noodwendig berus op of verband hou met die beskouing oor die basiese aard van die mens. Hieroor het die opvatting oor die inherente verdorwenheid van die mens, soos dit in die Joods-Christelike teologie gegrondves is, lank 'n bepalende rol gespeel. Grusec toon aan (1997:3) hoe die spore van hierdie beskouing in die opvattings van sulke uiteenlopende groepe of individue soos Hobbes, die Puriteine en John Wesley terug te vind is. Volgens Grusec (1997:4) is 'n minder ekstreme vorm van hierdie beskouing selfs terug te vind in die moderne psigoanalise, met dié se opvattings oor die jong kind wat deur die id gedomineer word, met instinktiewe begeertes wat onmiddellike bevrediging vereis.

4.4.1.2 Radikaal teenoor die opvatting oor inherente verdorwenheid staan die opvatting dat jong kinders inherent deugdelik is (Grusec, 1997:4). Hierdie beskouing het sy oorsprong by die Switsers-Franse filosoof Jean-Jacques Rousseau, wat die gemeenskap verantwoordelik gehou het vir die morele degenerasie van die individu. In die twintigste eeu het hierdie beskouing veral gemanifesteer in die opvattings van Jean Piaget en sy navolgers, en vind dit steeds meer of minder wetenskaplik gebaseer, sy neerslag in benaderings dat kinders meer verstaan en minder gedissiplineer moet word en ook toegelaat moet word om, as hulle ouer word, met ouers te onderhandel (Grusec, 1997:4).

4.4.1.3 Amper onvermydelik in die lig van die bostaande twee, is die derde benadering oor die morele status van kinders dié dat hulle nog kwaad, nog goed is, maar as 't ware 'n skoon lei of *tabula rasa* is waarop geskryf kan en moet word (Grusec, 1997:4). Hierdie was veral die benadering van die Engelse filosoof John Locke aan die einde

van die sewentiende eeu, en vind vandag nog sy wetenskaplike uiting veral in die behavioristiese benadering, wat die kind sien as die resultaat of produk van 'n verskeidenheid leerervarings.

### 4.4.2 Moderne wetenskaplike modelle van morele ontwikkeling

Terwyl elkeen van die breë filosofiese benaderings wat hierbo bespreek is, in een of ander groter of kleiner mate die betrokkenheid en verantwoordelikheid van ouers by die opvoeding van kinders en die oordrag van morele waardes impliseer, dui Walker (1999:261) aan dat ouers vir 'n groot deel van die twintigste eeu inderwaarheid na die kantlyn gerelegeer is betreffende die morele opvoeding van hulle kinders. Hy skryf dit toe aan die periodieke oorheersende invloed van veral een van die belangrike psigologiese benaderings tot waardevorming en -oordrag oor die afgelope eeu, te wete die kognitiewe ontwikkelingsbenadering of, soos dit ook bekend staan, die strukturele ontwikkelingsbenadering. Naas hierdie benadering staan ook twee ander benaderings wat 'n groter rol aan ouers toeken. Dit moet hier beklemtoon word, en so blyk dit ook uitvoerig uit die literatuur, dat die tipering van verskillende benaderings allermins 'n eksakte oefening kan wees. Die wyse waarop benaderings oor tyd ontwikkel en in die werk van wetenskaplikes selfs mag saamvloei, veroorsaak dat daar hoogstens sprake kan wees van 'n algemene groepering daarvan.

#### 4.4.2.1 Strukturalistiese beskouing

Die strukturalistiese beskouing of benadering het vir 'n groot gedeelte van die twintigste eeu die navorsing en ontwikkeling op die gebied van waardevorming en -oordrag gedomineer, soos reeds hierbo aangedui is. Volgens Windmiller (1980:2) het hierdie benadering veral sy oorsprong in die Kantiaanse beskouing dat die individu 'n self-organiserende entiteit is wat grootliks deur sy eie optrede ontwikkel. Dit hou in dat die mens sekere inherente vermoëns het wat 'n invloed het op watter ervarings hy of sy sal hê en hoe dit hom sal beïnvloed. Die mens struktureer dus sy eie ervarings (Windmiller, 1980:2).

Een van die vroegste en belangrikste verteenwoordigers van die strukturalistiese beskouings was Jean Piaget, met die studies wat hy veral in die dertigerjare gedoen het oor die morele ontwikkeling by jong kinders en adolessente en die verskillende stadia wat hy daarin onderskei het. Dit was egter veral Kohlberg wat die werk van Piaget oor die stadia van morele ontwikkeling met mening voortgesit het (Windmiller, 1980:2). Wat van belang is om in ag te neem by die beoordeling van hierdie benadering, is dat dit vir die voorstanders daarvan sterk gegaan het oor die ontwikkelde vorms van redenering oor morele kwessies en oor hoe daar tot oordele gekom word, eerder as hoe daar op grond van daardie oordele

opgetree word. Die kognitiewe ontwikkeling van die kind bepaal sy morele ontwikkeling en namate kognitiewe strukture meer kompleks word, is 'n groter kompleksiteit van morele redenering ook moontlik. Daarbenewens gaan dit vir die voorstanders van hierdie benadering oor moraliteit as geregtigheid wat 'n universele verskynsel is. Die opvatting dat morele ontwikkeling die resultaat is van kulturele norms oor wat reg of verkeerd is, word dus verwerp (Windmiller, 1980:3). Dit is waarskynlik juis hierdie afwysing van kulturele beïnvloeding wat lei tot 'n geringskatting by hierdie siening oor die rol van ouers in die morele ontwikkeling van die kind. Die fokus op die invloed van portuurgroepe weerspieël volgens Walker (1999:261) iets van die optimisme van hierdie beskouing dat uit die interaksie met gelykes daar as 't ware uit die niet morele insig en volwassenheid sou ontwikkel.

#### 4.4.2.2 Sosiale leer-beskouing

Die sosiale leer-benadering kan beskou word as die direkte afstammeling van die ouer filosofiese beskouing waarna hierbo verwys is, naamlik dat die mens 'n skoon lei is waarop die gemeenskap die ervarings van die individu skryf. Dit het sy oorsprong in die empirisme van John Locke en die behaviorisme van John Watson (Windmiller, 1980:4). Verskillende instellings soos die gesin, die sosiale klas waartoe mense behoort, en die kultuur bepaal die lewe van die individu.

Hierdie benadering is, soos Windmiller (1980:4) aantoon, die een wat ouers die meeste verantwoordelik hou vir die ontwikkeling van kinders se morele bewussyn, en is terselfdertyd die beskouing wat ten grondslag lê aan skoolprogramme in die VSA (en sekerlik ook hier te lande in 'n vroeëre en veral die huidige politieke bedeling) wat daarop gemik is om aan kinders morele waardes en 'n positiewe burgerskapsingesteldheid te leer. Nie net formele onderrig nie, maar ook die sosialisering van die kind is 'n legitieme verantwoordelikheid en opdrag van 'n instelling soos die skool (Windmiller, 1980:4).

Die gevaar inherent aan hierdie benadering is dat dit die klem eerder sal lê op daardie samelewingsverbande wat klaarblyklik die taak meer effektief kan verrig om 'n verskeidenheid van redes. Vir die sosioloog Emile Durkheim was die gesin gewoonweg te klein en te persoonlik om dit wat belangrik vir die kultuur is, te kan oordra (Windmiller, 1980:4). Ouers moet dus vrywillig van hulle taak en reg in hierdie verband afstand doen ten gunste van die skool.

Dis duidelik veral op die punt van die sosiale aard van reëls dat die paaie tussen hierdie benadering en die strukturalistiese uiteengaan. Terwyl laasgenoemde ook die bestaan van reëls erken en daaroor begaan is, is reëls vir hulle veral iets wat deur die individu self

gegenereer word en wat universeel van aard is, eerder as dat dit kultureel bepaald is en as 't ware deur die gemeenskap aan die individu oorgedra of opgedwing word.

#### 4.4.2.3 Psigoanalitiese beskouing

Freud, wat algemeen aanvaar word as die grondlegger van die psigoanalise, is ook die eerste wat 'n formele analise van dissipline en die internalisering van waardes gegee het (Grusec, 1997:6). In terme van die psigoanalise lei ouers se afdwinging van waardes op kinders onvermydelik tot gevoelens van afkeer en vyandigheid, maar dié word onderdruk uit vrees vir straf. Die vermyding van skuld is die meganisme wat kinders se internalisering van waardes onderlê. Hierdie benadering aanvaar ook dat ouerlike waardes in hulle geheel deur kinders oorgeneem word sonder modifikasie (Grusec, 1997:6).

Vir Windmiller (1980:5) is die psigoanalitiese benadering van morele ontwikkeling soortgelyk aan dié benadering se beskouing van die individu: mense word aangedryf deur irrasionele impulse wat beheer moet word deur sosiale reëls of verbiedinge. Hierdie benadering tot die morele ontwikkeling van kinders is nie een wat dikwels na vore kom of gevolg word nie. Windmiller (1980:6) beskou dit nogtans om twee redes as belangwekkend:

- Dit is die enigste teorie oor morele ontwikkeling waarin die kragte wat die persoonlikheid van die kind vorm ook die meganisme van morele beperking is wat die persoonlikheid in stand hou.
- Dit vind sy oorsprong tot 'n groot mate in die Bybelse leerstellings oor die erfsonde.

### 4.4.3 Die rol van ouers binne die verskillende modelle

Soos reeds aangedui, lê die verskillende benaderingswyses wat hierbo bespreek is, wisselende klem op die rol van die ouer. Dis is egter steeds belangrik om hieraan aandag te gee as daar besin wil word oor die rol van die gesin en oor tot watter mate die rol van die ouer en gesin ten opsigte van hierdie aspek as analoog kan dien vir die geloofsontwikkeling van kinders binne die gesin.

#### 4.4.3.1 Strukturalistiese beskouing

Dis veilig om te stel dat van die drie beskouings wat hier oorweeg is, die strukturalistiese benadering die mins belangrike rol aan ouers in die ontwikkeling van morele waardes by die kind toeken en in die plek daarvan eerder die invloed van portuurgroepe hoog geskat het en steeds skat. Dit kom onder ander voort uit Piaget se opvatting dat die kind self 'n aktiewe rol speel in sy morele vorming en interaktief met die omgewing omgaan in die daarstelling van sy of haar eie intellektuele en geestesstrukture (Windmiller, 1980:14). Nogtans misken

Piaget nie die rol van die ouer in hierdie proses geheel en al nie. Enersyds ken die kind inderwaarheid gesag aan die ouer toe en andersyds verskaf die ouer steeds leiding gedurende die kinderjare, totdat sy rol later deur dié van die portuurgroep oorgeneem word (Windmiller, 1980:14).

Kohlberg as navolger en uitbouer van Piaget se idees (Windmiller, 1980:18) ken nog 'n kleiner rol aan die ouer toe en beskou die rol van die ouer nie as krities in die morele vorming van die kind nie. Walker (1999:261) skryf Kohlberg se geringskatting van die ouerlike rol en die belangriker rol wat hy aan portuurgroepe toeken, juis toe aan sy hoogskatting van die Israeliese kibboetsstelsel.

#### 4.4.3.2 Sosiale leer-beskouing

Die sosiale leer-beskouing is van die drie ongetwyfeld die een wat aan ouers die belangrikste en mees 'normale' rol toeken by die ontwikkeling van kinders se morele waardes. Anders egter as by die strukturalistiese benadering is daar nie so 'n duidelike groep aantoonbare teoretici wat 'n oorheersende rol speel by die formulering van hierdie benadering nie.

Die veronderstelling wat sterk ten grondslag van hierdie benadering lê, is dat waardes op 'n betreklike jong leeftyd van ouers aangeleer word deur modellering en nabootsing. Waardes word dan gaandeweg geïnternaliseer en op positiewe of negatiewe wyses versterk (Windmiller, 1980:22). Die rol wat ouers hierin te speel het, is klaarblyklik. Dit word in die literatuur veral aan die hand van drie aspekte onderskei (Windmiller, 1980:22):

- Die direkte modelleringsrol wat die ouer speel.
- Die toepassing van 'n stelsel van beloning en straf.
- Die algemene impak van kinderopvoedingmaatreëls op morele gedrag.

#### 4.4.3.3 Psigoanalitiese beskouing

Soos reeds gestel, het die grootste gedeelte van die psigoanalitiese benadering te doen met die grondliggende idees wat Freud neergelê het. Van kernbelang hier is die gedagte van die superego, oftewel die gewete, wat in wese by die individu sy unieke eienskappe aan die ouers te danke het (Windmiller, 1980:25).

Vir Freud is die superego die direkte weergawe van die ouers se waardestelsel, wat deur die kind geabsorbeer word en nagevolg word, sy dit uit liefde, op grond van die gevoel dat dit wys is, of uit vrees dat hy of sy andersins die liefde van die ouers sal verloor. Op die ou end

lê die oorsprong van alle waardes, moreel of andersins, in die vroeë verhouding tussen die ouer en kind (Windmiller, 1980:26).

### 4.4.4 Determinante by effektiewe waarde-oordrag

Terwyl dit met betreklik min twyfel blyk dat die ouers en gesin volgens watter teoretiese beskouing ook al 'n rol te speel het in die morele vorming van kinders (al is dit volgens die opvattings van sekere denkers nie noodwendig belangriker as dié van portuurgroepe nie), is 'n belangrike opvolgende vraag na watter omstandighede binne 'n gesin veral suksesvolle oordrag van waardes waarborg. Dit kan sekerlik nie waar wees dat alle gesinne ewe effektief is in die oordrag van waardes nie. Ook as daar oorweeg moet word wat die waarde van insigte oor waarde-oordrag in die vorming van 'n uiteindelike beskouing moet wees, is dit dwingend noodsaaklik om na die omstandighede wat sodanige effektiewe oordrag fasiliteer, te kyk. Onderstaande is enkeles daarvan.

#### 4.4.4.1 Gesinskohesie

Verskillende studies het die noue verwantskap tussen gesinskohesie en effektiewe waarde-oordrag van ouer na kind geponeer en terselfdertyd 'n verwantskap tussen kohesie en meer gevorderde morele oordeel waargeneem (White, 2000:78). Een van die verklarings vir dié verskynsel lê waarskynlik in die konsep van gesinsgrense. Namate laasgenoemde meer geslote is, speel die ouerlike rol en voorbeeld 'n groter rol by die vorming van waardes, terwyl meer deurdringbare grense neig om die relatiewe rol van die gesin teenoor dié van die buitewêreld te verminder.

In 'n empiriese studie met meer as 500 gesinslede in Australië het White (2000:87) ondersteuning vir die hipotese gevind dat adolessente wat hulle gesinne as sterk onderling verbonde ervaar, 'n groter rol aan ouers sou toeken in die vorming van hulle morele waardes. Hierdie waarneming van gesinskohesie as versterkende omstandigheid impliseer uiteraard ook groter warmte in die gesin.

#### 4.4.4.2 Gesinsaanpasbaarheid

Net soos gesinskohesie is die vermoë van 'n gesin om sy gesagstruktuur, onderhandelingstyl en verhoudingsreëls aan te pas in reaksie op verskillende situasies en die spanning wat ontwikkeling teweeg bring, 'n fasiliterende omstandigheid vir en positiewe voorspeller van kinders se navolging van ouerlike waardes (White, 2000:79). Binne gesinne wat plooibaar en sensitief vir verandering is, is daar meer geleentheid vir die uiting van menings, om 'n verskeidenheid sienings te ervaar en om te leer wat samewerking behels. Daarteenoor kry adolessente binne meer rigiede gesinne minder geleentheid om 'n verskeidenheid van rolle

en standpunte te ervaar en daardeur verryk te word. Ook vir hierdie basiese hipotese het White in haar studie bevestiging gevind (2000:87).

#### 4.4.4.3 Gesinskommunikasie en ooreenstemming tussen ouer en adolessent

Wat hierdie aspek betref, gaan dit veral oor positiewe kommunikasievaardighede, soos empatie asook die vermoë om aandagtig te luister en ondersteunende kommentaar te lewer (White, 2000:79). Die belangrikheid van 'n saak vir die ouer tesame met die sigbaarheid van sodanige belangrikheid is belangrike determinante van ooreenstemming tussen ouer en kind oor waardes (White, 2000:79). Gereelde en oop besprekings oor sake van belang is verstaanbaar bevorderlik vir sodanige ooreenstemming. Daarteenoor is die kanse dat adolessente wat 'n negatiewe kommunikasiestyl, soos vyandigheid en kritiek, binne die gesin ervaar, geredelik hulle ouers se waarde-oordele sal oorneem, baie kleiner.

Samehangend hiermee moet die werk van Kuczynski *et al.* (1997) in ag geneem word met die klem wat hulle lê op die voordeel van 'n tweerigting-benadering tot waarde-oordrag, beide as 'n imperatief vir gesinne en as 'n ontledingsmaatstaf. Hulle toon aan (1997:23) hoedat die dominante metafoor vir die proses van waarde-oordrag een van eenrigtingverkeer was, met uiters beperkte erkenning van of aandag aan die invloed wat kinders self kan uitoefen op hulle sosialisering. Ouers wat besorg is oor die oordrag van waardes aan kinders, kan dit meer suksesvol doen in 'n situasie waar hulle die rol van kinders in ag neem, eerder as om dit te ignoreer (Kuczynski *et al.*, 1997:44). Ook Steyn (1996:146) beklemtoon die na vore kom binne 'n Suid-Afrikaanse konteks van groter klem daarop om oop tweerigting-verkeer tussen ouers en kinders daar te stel.

'n Interessante bevestiging vir die siening dat goeie kommunikasie binne die gesin bevorderlik is vir waarde-oordrag en -ooreenstemming, is te vinde in 'n studie op die politieke terrein. Jennings *et al.* (1999:13) het naamlik in hulle studie oor die oordrag van politieke affiliasie by verskillende geslagte Amerikaanse ouers en kinders gevind dat die duidelikheid en konsekwentheid waarmee ouers riglyne vir politieke denke oordra, positief korreleer met die ooreenstemming tussen ouer en kind.

## 4.5 Die ouer en godsdienstige ontwikkeling en oordrag

Waar dit in die vorige afdeling gegaan het oor die vorming en oordrag van waardes spesifiek by die kind in sy verskillende ontwikkelingstadia en oor die rol van die ouer al dan nie in dié proses, gaan dit in hierdie afdeling oor 'n meer toegespitste en spesifieke aspek, naamlik die rol van die ouer by die vorming en oordrag van godsdienstige waardes, inhoud en affiliasie by die kind. Meer as wat die geval is by die oordrag van morele waardes, is daar betreklik

groot ooreenstemming oor die rol van die ouer in hierdie verband. Boyatzis en Janicki (2003:252) stel dat daar heelwat invloede is wat meewerk in die religieuse vorming van die kind en dat, soos die Engelse gesegde dit het, 'it takes a village' om die kind te sosialiseer, maar dat die ouers in hierdie opsig die 'first village' is.

Opmerklik in verband met die ouerlike invloed op die godsdienstige ontwikkeling van die kind is die feit dat, terwyl by algemene waardevorming daar heelwat konseptuele modelle en teorieë ontwikkel is wat met mekaar meeding in die verklaring van verskillende aspekte, daar oor godsdiensoordrag opmerklik baie empiriese navorsing gedoen is:

- Bjarnason (1998) toets in sy studie met 'n aantal Yslandse tieners veral die Durkheim-model van sosiale samehang en ondersteuning soos dit betrekking het op die godsdiensbelewing en -ondersteuning van die betrokkenes.

- Beide die studies van Dickie *et al.* (1997) en Tamayo en Desjardins (1976) berus op opnames onder verskillende groepe kinders, maar konsentreer eerder op die samehang tussen kinders se beeld van God aan die een kant en hulle geloof en verhouding met ouers aan die ander kant.

- Boyatzis en Janicki (2003) het dit oor die kommunikasie tussen ouers en kinders oor godsdiens en oor die bidireksionaliteit daarvan, terwyl Giesbrecht (1995) spesifiek ondersoek instel na ouerskapstyle en die invloed daarvan op adolessente se godsdienstige verbintenis.

- Regnerus *et al.* (2004) kyk veral na die sosiale konteks in die ontwikkeling van adolessente se godsdienstigheid en na die invloed van ander partye naas ouers.

- Kelley en De Graaf (1997) gebruik inligting uit vyftien verkillende lande om die invloed van ouersosialisering op geloof te bepaal, terwyl die studie van Hayes en Pittelkow (1993) spesifiek op Australiese kinders en gegewens gemik is.

- Die studies van Francis en Gibson (1993), Hoge *et al.* (1982) en Dudley en Dudley (1986) is meer algemeen empiries van aard oor die verwantskap van ouers en geloofsoordrag (alhoewel veral Hoge en sy medewerkers die invloed van ouers in vergelyking met die kerk s'n nie besonder hoog aanslaan nie), terwyl Okagaki en Bevis (1999) hulle studie meer spesifiek rig op ouerlike invloed op die geloofsbelewing van dogters.

- *Die plaaslike studie van Steyn (1996) is nie uitsluitlik gerig op die verband tussen ouerlike* waardes, dié van kinders en die oordrag daarvan nie, maar gee wel deeglik aandag aan die ouer-kind-verhouding.

Daar is dus 'n ryke verskeidenheid van empiriese studies waarvan die bostaandes maar 'n seleksie verteenwoordig. Opmerklik, soos reeds gestel, is die algemene aanvaarding van die sentraliteit van ouerlike invloed.

### 4.5.1 'n Algemene model

Bjarnason (1998:741) toon aan dat binne die wye verskeidenheid van konsepte oor die positiewe invloed van godsdiens in die lewe van die individu en die gemeenskap, twee benaderings veral na vore kom, te wete dié oor die godsdienstige gemeenskap as 'n belangrike rolspeler as integreerder en beheerder van die individu se inskakeling in die gemeenskap, en aan die ander kant die benadering wat klem lê op godsdienstige opvattings as singewend vir die individu se opvattings oor die wêreld en die werklikheid. Bjarnason gebruik dan in hierdie verband veral die konsepte van Durkheim om 'n model van sosiale integrasie deur middel van ondersteuning en godsdiensoordrag te skep.

In essensie kom dit daarop neer dat gemeenskaplike betrokkenheid en identiteit aan mense 'n sin van samehangendheid en betekenisvolheid verskaf wat bydra tot hulle welsyn (Bjarnason, 1998:743). Hierdie effek is net moontlik waar die gemeenskap as 'n sinvolle eksterne realiteit waargeneem word. Waar dit nie die geval is nie, tree vervreemding in. Vervreemding is nie bloot distansiëring van die gemeenskap nie, maar inderwaarheid die onttrekking van 'n gemeenskapsbelewing (Bjarnason, 1998:743). Die rol van gemeenskaplike godsdiensbelewing is tweërlei van aard: dit skep 'n eksterne realiteit wat as objektief en voorspelbaar waargeneem kan word en dusdoende stabiliteit aan die individu verskaf, en dit speel 'n rol as beperking ('constraint') waardeur die individu 'n persoonlike verpligting teenoor die eise en verwagtinge van die gemeenskap beleef.

Soos dit spesifiek deur Bjarnason (1998:746) op adolessente toegepas word, is ouers en die gesin en die godsdiensbelewing en -oordrag daarbinne 'n spesifieke bron van integrasie in en regulering deur die gemeenskap. Integrasie is inderwaarheid die sentrale konstruk in die opvattings van Durkheim (Bjarnason, 1998:746) en vir die adolessent geskied dit hoofsaaklik deur die wyse waarop ondersteunende en versorgende ouers 'n ooreenstemmende beeld van God by adolessente skep en deur die wyse waarop die reëls wat ouers neerlê, die beeld van 'n sinvolle eksterne realiteit bevestig.

Hierdie model word sterk bevestig deur Bjarnason se empiriese studie. Adolessente se ervaring van 'n eksterne sosiale werklikheid word sterk en positief beïnvloed deur ouers se ondersteuning en godsdienstige betrokkenheid (Bjarnason, 1998:72). Dit lei terselfdertyd daartoe dat kinders wat hulle ouers as sorgsaam en ondersteunend ervaar, groter godsdienstige betrokkenheid aan die dag lê. Volgens Bjarnason bestaan die moontlikheid inderdaad dat die algemene welsyn van adolessente langs die weg van godsdienstige meganismes deur verhoudings met ouers beïnvloed word (Bjarnason, 1998:752).

### 4.5.2 Relatiewe invloed van ouers

Daar is reeds melding gemaak van die feit dat daar 'n oorvloedige hoeveelheid empiriese studies met uitvoerige statistiese verwerkings bestaan oor die invloed van ouers op die godsdienstige waardes en vorming van kinders op verskillende leeftydstadia. Juis hierdie uitvoerigheid maak dit moeilik om altyd te kies tussen resultate wat in verskillende kleiner opsigte teenstrydige rigtings aandui. Twee aspekte van die relatiewe invloed van ouers onderling en in vergelyking met ander verbande verdien egter vermelding.

#### 4.5.2.1 Vaders en moeders

Meer as een van die studies vestig die aandag op die belangrike plek van moeders in die godsdienstige vorming van kinders. In hulle studie oor die aard en invloed van kommunikasie tussen ouers en kinders oor godsdiens lê Boyatzis en Janicki (2003:263, 265) klem op die wyse waarop veral moeders 'n rol gespeel het in hulle studie deurdat dit veral dié was wat die meeste gesprekke met kinders oor godsdienstige onderwerpe gevoer het en ook grootliks verantwoordelik was vir die voltooiing van die dagboeke wat in die studie gebruik is. In regverdigheid teenoor vaders toon hulle egter wel aan dat dit die gevolg van beroepspatrone is wat moeders meer geleentheid gee om met kinders te kommunikeer en ook die administrasie te verrig wat met hierdie spesifieke studie gepaard gegaan het.

Ook Francis en Gibson (1993:250) en Dudley en Dudley (1986:13) bevind in hulle studies dat die godsdienstige praktyke en waardes van moeders beter voorspellers is van die ontwikkeling by kinders as dié van vaders.

#### 4.5.2.2 Ander verbande se invloed

Daar is, in teenstelling met wat vroeër oor die aanleer van waardes in verband met die strukturalistiese benadering gesê is, in die literatuur oor die oordrag van godsdienstige waardes geen verskil oor die primêre posisie van die ouers en die gesin nie. Dit beteken egter nie dat daar nie ruimte gelaat word vir die invloed van ander verbande in die lewe van kinders nie.

Op die wydste vlak is dit veral Kelley en De Graaf (1997:654-655) wat die aandag vestig op **nasionale invloede**. Hulle is bereid om sover te gaan om in sommige gevalle aan die nasionale konteks 'n groter rol as familie-agtergrond te gee by die vorming van godsdienstige waardes (1997:654). Heel direk skryf hulle dit in die eerste plek toe aan die beskikbare poel van vriende, kollegas en potensiële huweliksmaats wat 'n invloed kan uitoefen en wat in 'n grotendeels godsdienstige land 'n sterker positiewe invloed kan uitoefen as in 'n sekulêre een. In die tweede plek oefen nasionale konteks ook 'n invloed uit op die vermoë van ouers om godsdienstige waardes aan hulle kinders oor te dra. In sekulêre gemeenskappe word die posisie van nie-godsdienstige ouers versterk terwyl dié van godsdienstige ouers nie verswak word nie en hulle in staat is om hulle kinders van die invloede van die sekulêre gemeenskap te isoleer. Ironies genoeg is sekulêre ouers in godsdienstige gemeenskappe minder in staat om hulle kinders van die invloed van die gemeenskap af te skerm (Kelley & De Graaf, 1997:655).

Die gegewens oor die invloed van **skoolkonteks** en **portuurgroep** in die geraadpleegde bronne is nie ondubbelsinnig nie. Terwyl die primaat van ouers en gesinsverband steeds gehandhaaf word, is daar duidelike aanvaarding dat vriende en skoolverband ook 'n invloed kan uitoefen. Veral Regnerus *et al.* (2004) gee aandag aan hierdie invloede en toon aan dat waar die kerkbywoning van vriende laag is, dit 'n duidelike invloed op die kerkbywoning van jeugdiges het (1997:34). Insgelyks is daar 'n duidelike verband tussen die algemene vlak van godsdienstigheid in 'n skool en die godsdienstigheid van kinders in die skool (1997:35). Hulle toon egter aan dat die invloed van ouers ook op hierdie aspek en die gevolglike seleksie-effek nie onderskat moet word nie. Dit is meer as waarskynlik dat ouers wat bogemiddeld godsdienstig is, hulle kinders sal aanmoedig om vriende te maak met ander kinders wat ook godsdienstig is (1997:25). Ook Cornwall (1988:227) bevestig die invloed van die portuurgroep op die godsdienstige ontwikkeling van kinders, maar maak onmiddellik melding van die invloed van ouers ook hierin deurdat kinders na aktiwiteite en netwerke gekanaliseer word wat dit wat in die huis oorgedra is, verder versterk.

### 4.5.3 Die proses van godsdienstige ontwikkeling

Terwyl daar heelwat navorsing gedoen word oor die relatiewe invloed van ouers onderling en in verhouding tot ander verbande, is dit ook belangrik om nie net aan die *dat* nie, maar ook aan die *hoe* van godsdienstige ontwikkeling aandag te gee. Cornwall onderskei in haar studie (1988:227-228) drie subprosesse waardeur ouers aan die godsdienstige ontwikkeling van hulle kinders gestalte gee:

4.5.3.1 **Simboliese verwysings en die daarstel van religieuse betekenis.** In die ontwikkeling van 'n wêreldbeskouing of betekenissisteem is verhale of gesprekke om die mens (en dus die kind) in staat te stel om betekenis aan die werklikheid te gee en die kind in staat te stel om die wêreld en hoe dit inmekaar steek, te verstaan, uiters belangrik. Die gesinsomgewing is die fondamente waarop die kind sy wêreldbeskouing bou, en hoe meer godsdienstig hierdie gesinsomgewing is, hoe solieder die godsdienstige vorming van die kind.

4.5.3.2 **Modellering van godsdienstige gedrag.** Die kind moet nie net 'n bepaalde beskouing oor die werklikheid (en die onstaan en sin daarvan) ontwikkel nie, maar moet ook in staat wees om in te skakel in 'n bepaalde godsdienstige groepering met verwagting aan sy lede oor houdings en optrede. Alhoewel hierdie kennis kan voortvloei uit die besondere wêreldbeskouing wat by die kind gevorm is, word dit veral geskoei op die voorbeeld van die optrede van meer ervare lede van die groep en dan veral van die ouers met wie die kind in daaglikse wisselwerking is. Martinson en Martinson (1998:69) sien die wyse waarop ouers regverdige en samewerkende gedrag modelleer juis as die meganisme waardeur kinders in ervarings en verhoudings geplaas word wat hulle karakter bou.

4.5.3.3 **Kanalisering.** Daar is reeds vroeër verwys na die wyse waarop ouers deur kanalisering bepaal watter invloed ander verbande op die godsdienstige ontwikkeling van die kind het. Godsdienstige groepe is soos alle ander groepe ingestel op die aanmoediging van die toewyding van sy lede (Cornwall, 1988:228). Die lewenskragtigheid en oorlewing van die groep is daarvan afhanklik. Daarom is die aanmoediging en vorming van bande binne die groep of met individue van soortgelyke oortuiging van die grootste belang en is dit een van die primêre wyses waarop ouers die vorming en ontwikkeling van hulle kinders binne 'n bepaalde oortuigingsraamwerk aanmoedig.

### 4.5.4 Determinante van godsdienstige ontwikkeling

Dit spreek eintlik vanself dat daar in die beoordeling van die godsdienstige ontwikkeling van die kind nie net gelet moet word op die dat en die hoe nie, maar ook op die waarom, oftewel op die faktore wat, wanneer dit teenwoordig of afwesig is in die gesinsopset, onderskeidelik bevorderlik of belemmerend op die godsdienstige ontwikkeling van die kind kan inwerk. Hoge *et al.* (1982:576-578) het in hulle studie vyf sodanige invloede bevind wat in mindere of meerdere mate ook deur ander studies bevestig is:

4.5.4.1 **Ouerkenmerke.** Demografiese kenmerke van ouers is waarskynlik die mins belangrikste determinant. Alhoewel Hoge *et al.* (1982) na 'n aantal verskillende aspekte gekyk het, was slegs een daarvan positief verbind met die ontwikkeling van kinders, naamlik dat hoe jonger die ouers was, hoe effektiewer het waarde-oordrag tussen hulle en kinders plaasgevind.

4.5.4.2 **Ooreenstemming tussen ouers.** Waar ouers saamstem oor godsdienstige sake, is daar 'n positiewe invloed op waarde-oordrag en godsdienstige vorming. Ook waar ouers saamstem oor ouerskapstyl en waar 'n gesagvolle en ondersteunende ouerskapstyl gehandhaaf word, is dit bevorderlik om intrinsieke godsdienstige toewyding te bevorder (Giesbrecht, 1995:236). Waar ouers rusie maak, is die effek uiteraard negatief, nie net as gevolg van die gebrek aan ooreenstemming nie, maar ook omdat kinders daarin 'n model vir eie verskil vind (Spilka *et al.*, 1985:84).

4.5.4.3 **Ouers se godsdiens.** Soos te verwagte, het die Hoge-studie bevind dat waar die ouers se godsdienstige betrokkenheid ('creedal assent' – Hoge *et al.*, 1982:577) hoog is, die oordrag van waardes na veral dogters suksesvol is.

4.5.4.4 **Godsdienstige sosialisering.** Ouers se erns met die godsdienstige sosialisering van hulle kinders en die druk wat hulle bereid is om op kinders uit te oefen om hulle daarin na te volg, asook die mate waartoe ouers met hulle kinders oor godsdiens praat, het veral in die geval van dogters beduidend tot suksesvolle waarde-oordrag gelei, terwyl dit, vreemd genoeg, in die geval van seuns nie voorspellende waarde gehad het nie (Hoge *et al.*, 1982:577). Waar ouers reëls neerlê, lei dit tot groter godsdienstige betrokkenheid by kinders (Bjarnason, 1998:750). Martinson en Martinson (1998:68) beklemtoon die daarstelling van 'n positiewe emosionele klimaat binne 'n gesin om die regte waardes aan kinders oor te dra.

4.5.4.5 **Verhouding met ouers.** Soos amper te verwagte is, is hierdie die een veranderlike wat veral 'n positiewe verband met waarde-oordrag vertoon. Alhoewel daar nie in die Hoge-studie verwys word na die invloed van kinders se verhouding met ouers op hulle beeld van God nie, is dit tog deeglik hier ter sake. Dickie *et al.* het in hulle studie bevind dat waar die ouer as versorgend gesien word, dieselfde beeld van God by kinders bestaan (1997:31). Ook Bjarnason (1998:750) bevestig dat ondersteuning deur ouers 'n positiewe invloed op die belewing van Goddelike ondersteuning aan die kind het.

## 4.6 Gevolgtrekkings

Daar kan weinig twyfel of verskil van mening bestaan oor die belang en die rol van die gesin binne 'n breër gemeenskapstruktuur en in die vorming en inkleding daarvan. Die wyse waarop ouers instrumenteel is in die vorming van hulle kinders deur die oordrag van gebruike, houdings en waardes word feitlik universeel erken, al is dit dan soms in die wyses waarop die relatiewe ondergeskiktheid daarvan aan ander verbande verduidelik en verdedig moet word. Waar daar verskille oor die rol van die gesin is, is dit dikwels gesetel in kleiner aspekte daarvan (moontlik selfs oor die positiwiteit of negatiwiteit van optredes) en nie oor die wesentlike nie.

Onderstaande gevolgtrekkings poog om oorsigtelik sekere tendense uit die voorafgaande bespreking en oorweging uit te lig en daarmee veral 'n basis te skep vir die verdere ontwikkeling, in samehang met wat reeds basisteoreties in die vorige hoofstuk aan die orde gestel is, vir die formulering van 'n praktykteorie. Dit moet daarom nie in isolasie of as geïsoleerde stellings gelees word nie.

4.6.1 Daar moet baie versigtig omgegaan word met die gesin, en veral die kerngesin, as konsep en veral met die verheffing daarvan tot tydlose norm. Alhoewel daar, ook op grond van die Skrif, geen twyfel kan bestaan oor die belangrikheid van die huwelik en oor die belangrikheid van die verhouding tussen ouer en kind nie, het die struktuur wat breedweg as die gesin of familie bekend staan, deur die eeue en in verskillende kultuurgroeperinge altyd groot wisseling vertoon en sal dit sekerlik voortgaan om in die vorm daarvan deur 'n verskeidenheid van ekonomiese, sosiale en kulturele faktore bepaal te word. Dit sal daarom verstandig wees, ook in hierdie werk, om telkens te konsentreer op die wesentlike van persoonlike verhoudings, waarvan dié tussen ouer en kind primêr is, eerder as op die wisselende strukture waarbinne sodanige verhoudings bestaan.

4.6.2 Net soos die gesin self is die wetenskaplike bestudering daarvan ook tydgebonde en word dit bepaal nie net deur filosofiese beskouings wat van tyd tot tyd oorheersend is nie, maar ook deur die praktiese (veral ekonomiese en sosiale) omstandighede van gemeenskappe waarbinne sodanige bestudering plaasvind. Dit ly min twyfel dat die besondere klem wat tans veral in die VSA op die kerngesin en die handhawing daarvan geplaas word, veral die produk is van 'n hoogsontwikkelde en individualistiese gemeenskap.

4.6.3 Veral die kerk mag nie toelaat dat in sy bedieningswerk die klem buitensporig op 'n 'ideale' vorm van gesinsopset, naamlik die kerngesin, geplaas word tot nadeel van

die meer gemarginaliseerde lede van die gemeenskap wat om 'n verskeidenheid van redes buite so 'n verband staan nie. Terwyl daar sensitiwiteit moet wees om die oorsake van gesinsverval teen te werk, moet die onvermydelike slagoffers daarvan nie verbygegaan word nie.

4.6.4 Terwyl daar min onduidelikheid kan bestaan oor die primêre posisie van die gesin in die vorming van kinders, moet die verband daarvan met ander samelewingsverbande en ander verhoudinge waarbinne gesinslede hulle bevind, nie misgekyk word nie. Die gesin is nie 'n doel op sigself nie, maar is saam met ander verbande diensbaar in die volle vorming van die individu om haar of sy verantwoordelikheid ten volle te kan uitleef. Daar moet daarom gewaak word teen 'n totalitêre benadering waar die belange van die gesin ander regmatige verbintenisse oorheers of selfs uitsluit.

4.6.5 Die kerk en die gesin en 'n veelheid van ander verbande ontkom nie aan die gevolge van 'n steeds groter geneigdheid tot individualisme en 'n afkeer aan gebondenheid nie. Sulke tendense moet nie sondermeer afgewys word nie, omdat daarin ook 'n basis van vernuwing en kritiese oorweging van die bestaande lê. Veral ouers moet egter bewus wees daarvan dat dit juis in die intieme binding van die gesin 'n groter verpligting op hulle plaas om leiding te gee wat nie meer as vanselfsprekend in ander verbande aanvaar kan word nie.

4.6.6 Dit is duidelik dat daar besliste determinante is vir die effektiewe oordrag van waardes en godsdienstige ingesteldheid van ouer tot kind.

4.6.6.1 Die struktuur van die gesin en die onderlinge verbondenheid en aanpasbaarheid daarvan speel 'n bepalende rol.

4.6.6.2 Die positiewe gesindheid en eie geloofsoortuiging van ouers is noodsaaklik om effektiewe oordrag aan kinders moontlik te maak. Inderdaad word 'n positiewe Godsbeeld by kinders sterk gekoppel aan hulle beeld van hulle ouers self.

4.6.6.3 Die gemaklike en liefdevolle verhouding tussen ouers en kinders en positiewe onderlinge kommunikasie is 'n voorvereiste vir waarde- en godsdiensoordrag.

4.6.7 Ouers is nie bloot amorf ouers nie. Dit is duidelik dat daar op 'n besondere wyse vir beide moeders en vaders 'n eie, maar ook wedersyds ondersteunende rol te speel is in hierdie aspek van hulle kinders se vorming.

4.6.8 Die proses van die vorming van kinders is eweneens een wat onderskei kan word in verskillende aspekte, waaronder modellering en kanalisering van die belangrikste is wat verdere aandag verdien.

# HOOFSTUK 5

# Gesinsbelewenisse oor waardes, geloof en kerk: 'n empiriese studie

## 5.1 Inleiding

In hoofstuk 2 van hierdie proefskrif is daar, as deel van die basisteoretiese ondersoek na die plek van die gesin, aandag gegee aan die Skrifgegewens oor die herkoms en die wesensaard van die gesin in die openbaringsgeskiedenis van God se koninkryk. Op grond daarvan is daar tot 'n bepaalde sistematiek gekom oor die doelstellings van die gesin, oor die verhouding van die gesin tot die kerk van God, en oor die verskillende gegewens wat uit die Skrif blyk oor dié besondere verhouding. Hoofstuk 3, in sy behandelinge van (weliswaar geselekteerde) historiese gegewens oor die ontwikkeling van die gesin van die antieke tyd tot die hede, was 'n poging om ter aanvulling van die basisteorie aan te dui hoedat die gesin oor baie eeue en deur verskillende vorms ontwikkel het, maar hoe die lyn van sekere basiese funksies, waaronder vorming en waarde-oordrag, konstant deur die geskiedenis teenwoordig was. Daar is terselfdertyd in hierdie hoofstuk aandag gegee aan fasette van die postmodernisme nie net as 'n diffuse filosofie nie, maar veral as die manifestasie van bepaalde tendense in die breër gemeenskap wat klaarblyklik hul implikasies vir en invloede op die gesin se belewing van homself en van die breër gemeenskap het. 'n Mens sou by laasgenoemde kon voeg die effek van 'n algemene negatiwiteit of sinisme oor openbare en gemeenskapsinstellings wat in Suid-Afrika veral in Afrikanergeledere bemerkbaar is. In hoofstuk 4 is daar, as die metateoretiese komponent van hierdie opname van die gesin, gekyk na veral sosiologiese en psigologiese gegewens oor die stand van die gesin en veral oor die proses en determinante van waardevorming en geloofsoordrag binne hierdie verband.

In hierdie hoofstuk is 'n empiriese opname van die stand van en gesinne se eie belewenisse oor waarde-oordrag en geloofsvorming binne die gesin en die gesin se verhouding tot die kerk aan die orde. Dat die verhouding met die kerk hier ter sprake is, kan nie anders nie: as die liggaam van Christus wat die gelowiges vir hulle dienswerk moet toerus, is ook die toerusting van ouers vir hulle dienswerk in die gesin en in die lewens van hulle kinders van die grootste belang in die werk van die kerk. Om tot 'n sinvolle eenheid van rekenskap oor hierdie sake te kom, moet die empiriese ondersoek wat nou volg, weldeeglik bepaal of geïnformeer word deur die gevolgtrekkings waartoe in die basisteoretiese en metateoretiese gedeelte van hierdie studie gekom is, sodat die empiriese gegewens, saam met die voorafgaande, in die slothoofstuk tot 'n sinvolle praktykteoretiese model kan lei. Anders

beskou is hierdie hoofstuk 'n logiese stap om die geldigheid van die sentrale teoretiese argument van hierdie studie te toets deur dit wat in die voorafgaande hoofstukke aan die orde gestel is, deur die empiriese studie aan te vul.

Daar is dus 'n duidelike struktuur van elemente wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom:

- Wanneer daar sprake is van 'n empiriese opname oor gesinsbelewenisse van kerk en geloof, is dit noodsaaklik dat daar rekenskap gegee word oor verskillende hoofkategorieë of -metodes van empiriese navorsing om binne die Praktiese Teologie tot 'n beredeneerde keuse van 'n bepaalde benadering en selfs sub-benadering te kom.

- Ongeag die benadering wat gekies word, sal daar rekenskap gegee word oor die aantal en aard van deelnemers of ondersoekeenhede, in hierdie geval uit die aard van die saak gesinne, wat gekies word vir die verkryging van empiriese inligting.

- Juis op grond van die besinning in die vorige paragraaf oor die basis- en metateoretiese besinning in die voorafgaande drie hoofstukke, moet die aard van die inligting wat verkry word deur die empiriese opname, bou op en 'n duidelike verband vertoon met die sistematiek wat uit die voorafgaande hoofstukke verkry is. Daar word vooraf in hierdie hoofstuk rekenskap gegee oor die belangrikste hoofsake wat verdiskonteer moet word in die skedule wat in die empiriese opname gebruik gaan word.

- Die meer gedetailleerde vrae wat in die empiriese opname gebruik gaan word, sal uiteengesit moet word. Die uitvoering van die opname sal geskied ooreenkomstig die toepaslike voorskrifte wat daarvoor by die NWU van krag is en soos dit saamgevat en verkrygbaar is by https://intranet.nwu.ac.za/opencms/export/intranet/html/af/in-im-rs/researchethics/index.html, asook die goedkeuring wat vir die uitvoering van hierdie tipe navorsing aan die Skool vir Kerkwetenskappe verleen is.

- Afhangende van die aard van die opnametegniek wat gekies word, sal die resultate van die empiriese opname opsommenderwys weergegee word, gevolg deur 'n interpretasie en waardering daarvan, uit die aard van die saak sonder om wat in die volgende hoofstuk aan die orde moet kom, vooruit te loop.

## 5.2 Metodologiese verantwoording

### 5.2.1 Verskillende paradigmas

Dit is gemene saak dat daar, veral in die sosiale wetenskappe, hoofsaaklik twee hoofbenaderings is vir die aanpak van die beplanning van empiriese navorsing en die insameling van data, te wete die kwantitatiewe en die kwalitatiewe benadering. Corbetta (2003:9) voer die onderskeid tussen hierdie twee benaderings terug na niks minder nie as wat hy 'n paradigmaverskuiwing noem, aan die hand van die konsep wat deur die wetenskapsfilosoof Thomas Kuhn ontwikkel is. Hy dui aan (Corbetta, 2003:13) hoedat kwantitatiewe navorsing veral die produk is van die positivisme wat gedurende die negentiende eeu ontwikkel het op die model van die natuurwetenskappe, met die klem veral op die tegnieke van waarneming en meting, die gebruik van wiskundige ontleding en die maak van afleidings daaruit (vgl ook Babbie & Mouton [2001:20-28] vir 'n meer uitgebreide uiteensetting oor die ontwikkeling van die positivisme). In die twintigste eeu het hierin aanpassings gekom met die ontwikkeling van die neo- en die postpositivisme en die ontwikkeling van die insig dat sosiale teorieë nie slegs in deterministiese terme uitgedruk hoef te word nie, maar in waarskynlikheidsterme, en die gelyktydige erkenning van die teoriegeladenheid van empiriese waarneming (Corbetta, 2003:27; vgl Babbie & Mouton [2001:28-33] vir 'n meer uitvoerige uiteensetting). Hierdie ontwikkelingslyn het uiteindelik gelei tot die ontwikkeling van wat interpretivisme genoem word en wat aan die hart lê van wat vandag algemeen as kwalitatiewe navorsing bekend staan.

Henning *et al.* (2004:22-25) onderskei naas 'n positivistiese en interpretivistiese raamwerk ook nog 'n kritiese raamwerk, wat vrae vra oor die politieke geldigheid van die navorsingsproses en oor die strukture waarbinne dit gebeur. Vir hierdie beperkte besinning is dit nie nodig om dieper hierop in te gaan nie.

'n Ander belangrike ontwikkeling en konsep om van kennis te neem, is dié van 'mixed methods research', wat soos die naam impliseer, aspekte van beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe ontgin en gebruik. Creswell en Plano Clark (2007:5) lê klem daarop dat die gebruik van 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes tot 'n beter begrip van navorsingsprobleme lei as een van die twee alleen, terwyl Teddlie en Tashakkori (2003:14-15) die voordeel van dié benadering daarin sien dat dit vrae kan beantwoord wat ander nie kan nie, dat dit beter en sterker afleidings bewerkstellig, en dat dit die aanbieding van 'n groter diversiteit uiteenlopende menings moontlik maak.

Dis binne die konteks van 'mixed methods' dat die konsep van triangulasie ook na vore kom. Dié term is 'n navorsingsmetodologiese metafoor wat aan die driehoeksmeting ontleen is.

Alhoewel Erzberger en Kelle (2003:461) toegee dat die oordrag van dié begrip uit sy oorspronklike tegniese betekenis na die domein van navorsing dit 'n 'fuzzy idea with a variety of possible meanings' laat word het, is dit nie onbelangrik of onnuttig nie. Dit verwys naamlik na die gebruik van verskillende meetinstrumente vir empiriese gegewens, of selfs wyer uiteenlopende metodes, om na analogie van die driehoeksmeting of landmeetkunde die nadere posisie van 'n punt (in die geval van sosiale navorsing die stand van sake oor een of ander veranderlike) ten beste te bepaal. Sodanige bepaling van die stand van sake deur die aanwending van verskillende metodes en die konsep van triangulasie lei dan enersyds tot die wedersydse validering van bevindings of ten minste tot komplementerende bevindings oor dieselfde aspek (Erzberger & Kelle, 2003:484).

Om terug te keer na interpretivisme: volgens Corbetta (2003:24) word dié benadering gekenmerk deur die ontologiese uitgangspunt dat die kenbare werklikheid dié is van die betekenisse wat deur individue daaraan toegeken word, en deur die epistemologiese uitgangspunt dat die skeiding tussen die navorser en die studie-objek vervaag en dat navorsing nie meer eksperimenteel op soek na wette nie, maar interpretatief op soek na betekenis is. Daarnaas staan ook nuwe metodologiese insigte, naamlik dat die interaksie tussen ondersoeker en ondersoekte juis positief is en dat die ondersoekmetode van geval tot geval mag wissel. Op epistemologiese vlak maak Swinton en Mowat (2006:40-43) die onderskeid tussen kwantitatiewe navorsing se nomotetiese kennis, wat in Popperiaanse terme *falsifieerbaar*, *herhaalbaar* en *veralgemeenbaar* is, teenoor idiografiese kennis, in die geval van kwalitatiewe navorsing, wat van die standpunt uitgaan dat betekenisvolle kennis in unieke en nie-herhaalbare ervarings ontdek kan word.

Die onderskeid tussen nomotetiese en idiografiese kennis as die onderskeie oogmerke van die natuur- en historiese wetenskappe is terug te voer na die neo-Kantiaanse filosoof Wilhelm Windelband, wat die onderskeid reeds in 1894 gemaak het (Van der Linden, 1999:976) en wat dus aan die kwantitatiewe/kwalitatiewe onderskeid 'n ouer herkoms gee as wat algemeen aanvaar word. Aan die ander kant van die historiese spektrum is dit kwalik te misken dat kwalitatiewe navorsing, met sy klem onder andere op die individuele weergawe van belewenisse, juis besondere raakpunte vertoon met die postmodernistiese afwysing van groot sekerhede en van die vooruitgangsgeloof en met die klem – of ten minste hernude aandag – aan die belewing van die individu.

Oorhoofs bestempel Henning *et al.* (2004:1) die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing as een van diepte en oriëntasie. In praktiese terme sistematiseer Corbetta (2003:37) die hoofverskille tussen die kwantitatiewe en die kwalitatiewe benadering soos in die tabel hieronder onder verskillende aspekte. Baie ander bronne gee uit ander oogpunte

en in wisselende diepte tabellaries dieselfde tipe vergelyking, soos byvoorbeeld Babbie en Mouton (2001:273), De Vos (1998:242-243) en Swinton en Mowat (2006:45), sodat daar nie 'n definitiewe keuse nodig is nie.

| ***Aspek*** | **Kwantitatiewe navorsing** | **Kwalitatiewe navorsing** |
|---|---|---|
| *Navorsingsbeplanning* | Gestruktureerd, logiese opeenvolgende fases. Afstandelike benadering met passiewe objekte. | Oop, interaktief met noue kontak met aktiewe navorsingsobjekte. |
| *Dataversameling* | Gestruktureerd, statisties verteenwoordigend. Gestandaardiseerde metodes met 'harde' data. | Oop en gevorm in loop van navorsing. Dikwels enkele gevalle en verskillende metodes met 'sagte', en diep data. |
| *Data-ontleding* | Analise aan hand van veranderlikes, met intensiewe gebruik van statistiese tegnieke om verskille te verduidelik. | Analise van navorsingsobjekte (meesal individue) self, met die oog daarop om te verstaan. |
| *Aanbieding van bevindings* | Korrelasie van gegewens, dikwels deur tabelle, met die oog op veralgemening. | Uittreksels uit onderhoude en tekste. Konstruksie van ideaaltipes. Gemik op spesifiekheid. |

Omdat die terme 'harde' en 'sagte', asook 'diep', in die konteks van data en beskrywings gebruik word om die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering te kontrasteer, is dit nodig om iets meer daaroor te sê. Dit is duidelik dat dit by die skrywers wat hierdie metaforiese aanduidings gebruik, daarom gaan dat by die kwantitatiewe benadering hoofsaaklik gebruik gemaak word van diskrete veranderlikes wat hulle leen tot kwantifisering. Daarteenoor leen die kwalitatiewe benadering, met sy klem op beskrywing, hom tot omvattender en meer geïntegreerde oorweging en beskrywing van sake in hulle samehang, met minder noodsaak vir diskrete onderskeide.

### 5.2.2 Kwalitatiewe navorsing

#### 5.2.2.1 Aard en kenmerke

Uit die voorafgaande oor die verskillende paradigmas waaruit kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing na vore gekom het en oor die breë verskille tussen hierdie twee benaderings, moet iets al blyk oor die wesensaard van kwalitatiewe navorsing. Volgens De Vos (1998:241) is kwalitatiewe navorsing, uit die interpretivistiese tradisie, meer idiografies en holisties van aard. Dis terselfdertyd eerder induktief in sy wyse van redenasie teenoor die deduktiewe aanslag van kwantitatiewe navorsing. Steyn en Lotter (2006:106) stel op hulle beurt dat die doel is om by 'n egte of betroubare *verstaan* van mense se ervarings uit te kom, en nie om te tel nie – hierdie benadering rig hom juis op die dinge wat moeilik is om met 'n vraelys te toets. Flick *et al.* (2004:3) sien die aard van kwalitatiewe navorsing in dié se beskrywing van dinge 'from the inside out'.

Dis by uitstek 'n meer betrokke benadering wat wegneig van 'n streng objektiewe benadering. Die wêreld lê nie net daar buite om ontdek te word nie. Dis eintlik 'n plek van komplekse interpretatiewe en interaktiewe prosesse waarbinne mense sukkel om betekenis te gee aan hulle belewenisse van God (Swinton & Mowat, 2006:29-30). Kwalitatiewe navorsing neem daarom menslike ervaring ernstig op en poog om daardie ervaring op 'n verskeidenheid wyses te verstaan en te interpreteer (Swinton & Mowat, 2006:29-31).

Flick *et al.* (2004:3) maak melding van die 'dik' beskrywings waarvan kwalitatiewe navorsing gebruik maak om die werklikheid te verstaan en so verdere moontlikhede vir herkenning oop te maak. Steyn en Lotter (2004:108) lig vier kenmerke van kwalitatiewe navorsing uit:

- Daar word 'n verband tussen betekenis en aksie getrek
- Betekenisvolle aksies word in hul natuurlike konteks bestudeer.
- Die navorser is terselfdertyd betrokke interpreteerder of 'interpretive subject'. Flick *et al.* (2004:5) maak melding van die groter betrokkenheid van die navorser. Die klem val dus sterker op wisselwerking tussen dié van wie inligting verkry word, wat as medenavorsers eerder dan as blote studie-objekte funksioneer, en die navorser, wat 'n intens betrokke fasiliteerder eerder as 'n afstandelike waarnemer word.
- Respondente is aktief betrokke by die betekenisgewing aan die werklikheid of ervaring

#### 5.2.2.2 Toepassing

Soos dit altyd gaan met verskillende benaderings, nie net in die wetenskap nie, maar op 'n verskeidenheid lewensterreine, is ook die keuse tussen die kwantitatiewe en die kwalitatiewe benadering nie 'n eenvoudige en maklike binêre een nie. Veral Flick *et al.* (2004:9) lê klem op die feit dat kwalitatiewe navorsing sy eie besondere plek het en dikwels aanvullend by 'harder' navorsing gebruik kan word. Ter nadere identifikasie van juis hierdie plek stel Steyn en Lotter (2006:107) dat dit by hierdie benadering gaan oor die natuurlike situasie, om daarmee nuwe velde van navorsing te open. In teenstelling met die positivisties-kwantitatiewe sluit dit aan by die postmoderne denke, waar *elke* individu se mening van waarde is. Dit gaan dus oor die ervaarde werklikheid en die oortuigings daaragter. Juis met hierdie klem op ervaring en die besondere waarde van die individu, volg dit dat die gebruik van 'n groter aantal onderhoude/deelnemers nie noodwendig beter kennis en 'n dieper verstaan verseker nie (Steyn & Lotter, 2004:109). Janse van Rensburg (2007b:8) lê klem op die oorwegend deskriptiewe aard van kwalitatiewe navorsing en die feit dat dit dus op 'n heelwat kleiner skaal as kwalitatiewe navorsing werk, 'n kenmerk wat egter juis groter eise stel aan die sorgvuldige seleksie van deelnemers.

De Vos (1998:15) identifiseer drie situasies waarin die gebruik van 'n kwalitatiewe benadering veral aangewese is, naamlik waar metodes nie so sterk geformaliseer is nie, waar die bestek van die navorsing minder gedefinieerd is, en waar 'n meer filosofiese benadering gevolg word. Dieselfde konsep van 'n vryer benadering en 'n meer filosofiese instelling kom na vore in Swinton en Mowat (2006:33-34) se identifikasie van drie tipes kennis wat verkry kan word deur kwalitatiewe navorsing:

- Kennis van ander (mense)
- Kennis van verskynsels
- Refleksiewe kennis, waar navorsers bewustelik hulle aandag rig op hulle eie prosesse om die wêreld te konstrueer en te verstaan.

#### 5.2.2.3 Komponente en metodes

Tot dusver is daar redelik algemeen verwys na kwalitatiewe navorsing, wat die gevaar laat ontstaan dat dit as 'n enkelvoudige metodologiese benadering kan voorkom. Dit is hoegenaamd nie die geval nie. Dit sou beter bestempel kon word as 'n kompleks van benaderings wat struktureel betreklik min ooreenkomste vertoon, maar wat hulle eenheid of ooreenstemming vind in die strewe na 'n dieper verstaan. Flick *et al.* (2004:5-6) identifiseer 'n aantal verskillende sub-benaderings:

- Die simboliese interaksionisme, wat subjektiewe betekenisse en betekenistoeskrywings ondersoek.
- Etnometodologie en konstruktivisme, wat gaan oor alledaagse roetine en die konstruksie van die sosiale werklikheid.
- Strukturalistiese of psigoanalitiese benaderings, wat kyk na latente sosiale strukture en onbewustelike psigiese strukture en meganismes.

Op sy beurt onderskei De Vos (1998:80-81), aan die hand van ander outeurs, onder andere die volgende:

- Etnografie, wat deur waarneming gedrag wil beskryf.
- Fenomenologie en etnometodologie, wat die betekenis wat respondente aan hulle lewe gee, wil verstaan en beskryf, en wat gebruik maak van gesprekke en interaksie.
- Die biografiese metode, wat klaarblyklik 'n persoon of persone se lewe wil dokumenteer en beskryf, en die historiese metode, wat verskynsels in hulle historiese konteks wil ondersoek.
- Simboliese interaksionisme, soos reeds beskryf.

Een van die onmiddellike implikasies van hierdie onderskeid van verskillende benaderings is dat dit op gewoon praktiese vlak 'n uiteenlopende aantal benaderings en aksies impliseer. Van die belangrikste hiervan is sekerlik die tegnieke wat gebruik word vir die insameling van data. In hierdie verband onderskei Babbie en Mouton (2001:288-303) 'n hele aantal tegnieke. Ook Henning *et al.* (2004:50-100) en Maree (2007:81-90) gee met verskillende sistematisering basies aan dieselfde tegnieke aandag.

- Basiese individuele onderhoude. Dis gewoonlik 'n oop onderhoud wat die respondent die geleentheid gee om te praat. Dis gewoonlik plooibaar, iteratief en deurlopend, en is dus 'n interaksie met 'n algemene plan maar nie 'n voorgeskrewe stel vrae nie.
- Individuele onderhoude in diepte. Hier gaan dit nie primêr oor die inhoud van die respondent se menings of beskouings nie, maar oor die proses wat tot die vorming daarvan gelei het. Dit gaan dus baie meer oor die 'hoekom' as die 'wat', en die klem behoort veral sterk te val op die ervarings en spesifieke persepsies van individue. Swinton en Mowat se konsep van refleksiewe kennis onder 5.2.2.2 hierbo is hier ook ter sake.

- Fokusgroep-onderhoude. Dié kan gebruik word enersyds om meer effektief of ekonomies inligting te verkry, of andersyds om die voordeel te hê van die betekenis wat 'n groep in staat is om deur onderlinge interaksie te skep.

- Waarneming of deelnemerwaarneming. Hier gaan dit oor die waarneming deur die navorser, hetsy as 'n buitestander of as deel van die groep, van verskillende aspekte van 'n situasie, waaronder eksterne fisiese tekens, liggaamstaal of taalgedrag.

- Gebruik van dokumente. Verskillende tipes persoonlike dokumente kan gebruik word in navorsing oor individue en hulle verhoudings, waaronder outobiografieë, dagboeke en briewe.

## 5.3 Keuse van 'n benadering

In die vergelyking wat in 5.2.1 hierbo gemaak is tussen wat as basies twee verskillende paradigmas bestempel kan word, is daar aan die hand van verskillende fasette duidelike verskille tussen 'n kwantitatiewe en 'n kwalitatiewe benadering na vore gebring. Kripties gestel sou mens kon sê dat die kwantitatiewe benaderingswyse homself veral, indien nie noodwendig uitsluitend nie, leen tot verklaring, korrelasie en verbandlegging, terwyl dit by die kwalitatiewe veral gaan om die verkenning en verstaan van verskynsels.

(Die gevaar bestaan by baie tipe studies dat selfs maar die aanvanklike definisie van die onderwerp en die verskillende veranderlikes wat daaromheen in verband gebring word, die vermoede kan laat ontstaan dat die resultate by voorbaat voorspelbaar is. Dit hoef nie vreemd aan te doen nie: dit is per slot van rekening die basis van hipotesestelling in die wetenskap. In die geval van 'n kwantitatiewe benadering, met die ingeboude aspek van kousaliteit en kwantifisering, kan hierdie vermoede dalk nog weerstaan word. Juis die verken en verstaan wat eie is aan kwalitatiewe navorsing impliseer egter al by voorbaat bepaalde verwagtinge of ten minste aanvoelings. Daarom is dit juis die hantering van bepaalde situasies rondom of aspekte van 'n verskynsel, soos dit in die vorming van praktykteorie in die volgende hoofstuk na vore gebring het, wat die bydrae van 'n studie soos hierdie moet kenmerk, en nie die onverwagte of verrassende resultate nie.)

Dit gaan in hierdie studie oor die rol van die gesin as basiese entiteit in die oordrag van waardes en in die geloofsvorming van kinders en uiteindelik ook oor die wyse waarop 'n verskeidenheid omstandighede dit beïnvloed en op welke wyse hierdie prosesse deur byvoorbeeld die kerk gefasiliteer kan word.

Byna intuïtief moet dit duidelik wees dat dit die tipe onderwerp is wat hom uitstekend leen tot 'n kwalitatiewe benadering. Om dit sterker te stel: die 'sagte' aard van die onderwerp vereis eintlik 'n kwalitatiewe benadering. Meer spesifiek lyk 'n kwalitatiewe benadering, aan die hand van die fasette wat in die tabel na vore gebring word, ook aangewese bo die kwantitatiewe:

- Ten opsigte van **navorsingsbeplanning** vereis 'n kwantitatiewe benadering 'n duidelik vooraf gestruktureerde benadering, wat 'n groot mate van duidelikheid oor die aard van die inligting wat verkry moet word, impliseer. Terselfdertyd vra dit vir 'n meer afstandelike benadering en passiwiteit by die navorsingsobjekte. Beide hierdie subaspekte maak die noodsaaklikheid om 'n kwalitatiewe benadering te volg, egter oorvloediglik duidelik: in die eerste plek is daar weinig duidelikheid oor die presiese kwantifiseerbare aard van die inligting wat verkry moet word, en tweedens is die hele onderwerp van presies so 'n persoonlike aard dat 'n positiewe wisselwerking met betrokke deelnemers juis vereis word.

- Met bostaande is die aard van **dataversameling** reeds ook geïmpliseer. Die onderwerp leen hom nie tot gestandaardiseerde metodes van dataversameling by statisties verteenwoordigende respondente nie, maar vra vir 'sagte' data wat juis in die proses van gesprek of insameling nader gespesifiseer en aangevul moet word. Natuurlik moet mens waak daarteen om sekere kategorieë aspekte outomaties tot die terrein van die kwalitatiewe te beperk, asof dit inherent onmoontlik of onwys is om dit kwantitatief te benader. Waar bepaalde kenmerke van individue maklik binêr gespesifiseer kan word en daar op grond van bestaande navorsing reeds duidelik kategoriseerbare konsepte bestaan, is 'n benadering wat gemik is op blote korrelasie sekerlik nie onmoontlik nie: om byvoorbeeld vas te stel of die insidensie van voorhuwelikse swangerskappe negatief met aktiewe kerkbywoning korreleer, is sekerlik kwantitatief-metodologies goed moontlik, al is dit nie altyd nuttig nie. Selfs in so 'n geval sal 'n meer verkennende benadering egter verseker tot groter begrip van die verskynsel lei.

- Oor die aspek van **data-ontleding** is die keuse sekerlik nou ook meer duidelik. Die doelbewuste afwesigheid van duidelik gespesifiseerde veranderlikes maak grootskaalse dataversameling met die oog op statistiese ontleding en die verduideliking van korrelasies en verskille nie net onwenslik nie, maar tewens onmoontlik. Die verstaan van verskynsels en die verkenning daarvan met die oog op formulering en definisie en fasilitering staan hier voorop.

Met die algemene keuse van 'n kwalitatiewe benadering is alles nog nie gesê nie. Binne die breër domein van die kwalitatiewe benadering kan die verskillende benaderings wat in 5.2.2.3 vermeld is, waarskynlik tot twee breë sub-benaderings gereduseer word:

- Dié wat dit rig op die betekenismoontlikhede en -vlakke wat na vore kom uit artefakte en strukture en optredes en wat dus veral gebruik maak van waarneming of ontleding sonder die bewuste tussenkoms van respondente.
- Dié wat te doen het met die vertolkings en terugvoer van bewuste en aktiewe respondente en die subjektiewe betekenis wat hulle aan aspekte uit hulle leefwêreld toeken.

Ook op hierdie subvlak is die keuse voor die hand liggend. Die onderwerp leen hom nie tot ontginning deur waarneming nie, maar vereis die bewuste en aktiewe meewerking van gesinne as ondersoekeenhede. Die keuse moet dus onvermydelik wees vir onderhoude, beide met individuele ondersoekeenhede – in hierdie geval gesinne – en met fokusgroepe.

### 5.3.1 Basiese individuele onderhoude

Soos reeds hierbo onder 5.2.2.3 uiteengesit is, is die basiese individuele onderhoud gewoonlik 'n oop onderhoud wat die respondent die geleentheid gee om te praat. Dis gewoonlik plooibaar, iteratief en deurlopend, en is dus 'n gesprek met 'n algemene plan maar nie 'n voorgeskrewe stel vrae nie. Dit moet onderskei word van onderhoude wat binne die konteks van kwantitatiewe navorsing gevoer word en wat in baie opsigte nie verder gaan of bedoel is om verder te gaan as 'n vraelys nie, en ook van die in-diepte persoonlike onderhoud, waar dit nie primêr gaan om die inhoudelike van 'n respondent se sienings of benaderings nie, maar oor die agterliggende redes daarvoor (vgl oa Babbie & Mouton [2001:289-291] vir 'n bespreking van verskillende onderhoudtipes). Een van die uitdagings vir die navorser of onderhoudvoerder is om die temas vir die onderhoud, wat eintlik maar 'n gesprek is, sodanig te definieer en gedurende die gesprek te hanteer dat dit nie onnodig bindend van aard is nie, maar terselfdertyd ook verseker dat die volle bestek van die ondersoekveld en die verskillende temas aan die orde kom.

### 5.3.2 Fokusgroep-onderhoude

Soos ook reeds in 5.2.2.3 aangedui is, is die voordeel van fokusgroep-onderhoude nie net daarin geleë dat dit die navorser in staat stel om betreklik vinnig inligting en response van 'n relatief groter groep respondente te verkry nie, maar veral dat die navorser baat by die betekenis wat die groep onderling skep. Wilkinson (2004:177) lê klem op die voordele van fokusgroepe as informele groepsbesprekings, met die analise van interaksie tussen

groepslede as een van die belangrikste kenmerke en tewens voordele van dié struktuur. Formeel moet die voordeel van fokusgroepe ook daarin gesoek word dat dit juis die moontlikheid bied om deur 'n proses van triangulasie aspekte en insigte wat uit onderhoude na vore gekom het, te kontroleer. Gegewe die onderwerp van hierdie studie sou die beskikbaarheid van so 'n groep juis binne die konteks van geloofsbelewing binne die gemeenskap van die kerk besonderhede moontlikhede bied vir die skep deur konsensus oor sodanige betekenisse.

Soos in die geval in die vorige afdeling ten opsigte van die individuele onderhoude, moet hier beklemtoon word dat daar nie met die samestelling van die fokusgroep, soos by die keuse van die respondent-gesinne, gepoog word om die kulturele en etniese diversiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing te verreken nie. Terwyl dit wel deeglik die oogmerk van 'n studie sou kon wees, word die keuse hier gemaak vir 'n meer beperkte studie en dus teikengroep binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, om daarmee 'n eiesoortige bydrae te maak wat andersins nog ontbreek.

### 5.3.3 Keuse van respondente

In die lig van die bostaande klem op die verkennende en om te verstaan, volg dit dat van betreklik min respondente gebruik gemaak kan word (kyk ook wat hierbo onder 5.2.2.2 daaroor beredeneer is). Daar is besluit op beide basiese individuele onderhoude, in hierdie geval uiteraard met gesinne of ten minste met egpare, en op 'n fokusgroep-onderhoud, ten einde die beste gebruik te maak van 'n respondente-poel wat die navorser tot sy beskikking het. Daar word naamlik beoog om onderhoude te voer met 'n aantal verskillende gesinne/egpare uit 'n Gereformeerde Kerk in 'n betreklike ontwikkelde semistedelike omgewing, te wete Potchefstroom. Daarby sal vir die fokusgroep-onderhoud gebruik gemaak word van 'n kleingroep binne dieselfde gemeente.

Wat die keuse van die gesinne/egpare betref, is dit noodsaaklik om te verseker dat die respondente nie té homogeen is nie. Daar word daarom beoog om die gesinne uit verskillende leeftydgroepe, van dié met voorskoolse kinders tot en met betreklik bejaarde egpare, te kies. Dit het die onvermydelike gevolg dat hoogstens twee of drie van die vyf respondentgroepe kinders sal insluit wat onafhanklik kan reageer.

Die kleingroep wat geïdentifiseer is vir die fokusgroep-onderhoud, is een wat, soos dikwels by 'n kleingroep verwag kan word, betreklike homogeniteit vertoon. Dit kan die risiko inhou van minder onderlinge stimulasie as gevolg van uiteenlopende omstandighede, maar is ook voordelig daarin dat dit beter moontlikhede inhou vir identifikasie met mekaar se omstandighede.

## 5.4 Identifikasie van temas vir onderhoude

Twee sake word in hierdie afdeling aan die orde gestel:

- In die eerste plek word op oorhoofse vlak 'n aantal aspekte uit die voorafgaande hoofstukke geïdentifiseer wat hanteer moet word in die skedule van vrae vir die individuele en fokusgroep-onderhoude.
- Tweedens word op grond van hierdie aspekte of temas die meer spesifieke vrae afgelei vir gebruik in die onderhoude.

### 5.4.1 Resultate van basis- en metateorie

In die inleidende paragrawe van hierdie hoofstuk is in die vooruitsig gestel dat ten einde die ondersoek waarvan in hierdie studie rekenskap gegee word, tot 'n sinvolle eenheid saam te snoer, die empiriese ondersoek uiteindelik bepaal moet word deur die resultate van die basis- en metateoretiese hoofstukke. Laasgenoemdes moet as 't ware die agenda vir hierdie hoofstuk daarstel. Vroeër in hierdie hoofstuk (kyk 5.2.1) is melding gemaak van die konsep van triangulering, waar die inhoud van konsepte of aspekte van die werklikheid nader bepaal word deur die korrelasie van òf verskillende navorsingsmetodes òf die gegewens uit verskillende situasies. Op dieselfde wyse moet die gemeenskaplike teenwoordigheid van aspekte in die basis- en metateorie hier rigtinggewend wees.

As daar nadere ondersoek ingestel word na die belewenis van gesinne in verband met geloofsgroei en die vorming en oordrag van waardes, moet daar aanvaar word dat dit nie in 'n lugleegte geskied nie. Dit hou grondliggend verband met wat reeds uit die Skrif en uit omringende wetenskappe vasgestel kon word oor hierdie prosesse, en dit is ook ten nouste verbonde en die resultaat van die praktiese omstandighede waarin gesinne hulleself bevind. Die onderstaande is 'n opgaaf van daardie hooftemas wat reeds na vore gekom het. Afgesien daarvan dat die temas inhoudelik afgelei word uit die belangrikste sake wat vooraf aan die orde gestel is, word ook gepoog om aan die hand van die leefwêreld waarin gesinne hulle *tans* bevind, aan te dui waarom dit spesifiek oorweging verdien. Waar dit logies volg, word ook aanduidings gegee van die praktiese aspekte waarna ondersoek ingestel behoort te word.

#### 5.4.1.1 Die gesin en die Skrif

Dit is haas nie nodig om die verhouding tussen die gesin en die Bybel en hulle gebruik daarvan en gehoorsaamheid daaraan as 'n afsonderlike tema te konstateer nie. Die gesag van die Skrif as riglyn vir die lewe van individuele gelowiges en van gesinne is eintlik

vanselfsprekend. In 2.4.4, in die gedeelte oor die sogenaamde huistafels, is aangedui dat wat oor die verhouding van gesinslede onderling gevra word, uiteindelik rus in die liefde en genade wat God skenk en wat Hy op grond daarvan ook eis.

Ongelukkig is die aanslag op die gesag van die Skrif in die lewe van gelowiges ewe vanselfsprekend, of dit nou geskied deur die doelbewuste aantasting daarvan of, soos helaas dikwels die geval is, deur die verwaarlosing van die Woord. In 3.4.3 is verwys na die postmodernistiese ontkenning van absolute waarde en sekerhede, en veral na die afbraak en relativering van morele sekerhede. Insgelyks is daar in 3.4.3 verwys na 'n toenemende openheid vir die waarheidsaansprake van ander filosofieë en godsdienste.

In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat beoordeel sal word tot watter mate gesinne die Bybel as praktiese riglyn vir hulle gesinslewe beskou en prakties gebruik. Dit sal tewens ewe belangrik wees om vas te stel tot watter mate aanslae op die gesag van die Woord ervaar word en hoe die kerk gesinne in hierdie verband kan bystaan.

#### 5.4.1.2 Die gesin se verhouding tot die kerk

Reeds in die oriënterende gedeelte (1.1.1) van hoofstuk 1 is na vore gebring dat die besinning oor die gesin en waardevorming en geloofsoordrag grootliks binne die konteks van die gesin se verhouding tot die kerk oorweeg word, juis as gevolg van die belang van die gesin as bousteen van die kerk. Terselfdertyd is die effek van 'n postmoderne gesagskrisis in die kerk en die rol van die diensbare gesin om dit teen te werk, ook na vore gebring. In 2.4.2 is daar aangedui hoe, in die Nuwe-Testamentiese bedeling, daar in die gebruik van die term 'huis' juis 'n groeiende verhouding tussen die gesin en die kerk as volk van God ontwikkel het.

Van die belangrikste gevare wat hierdie verhouding tussen die kerk en die gesin bedreig, naas die gesagskrisis wat vermeld is, is dié van isolasie. Daar is 'n wesentlike gevaar dat die gesin in 'n postmoderne era al meer doel op sigself kan word en hom toenemend van 'n intieme betrokkenheid by die kerk kan afwend. Dit lei min twyfel dat 'n geprivatiseerde godsdiens, waarna in 3.4.3 verwys word, en toenemende individualisering (4.2.1) 'n al reëler gevaar word.

Dit sal dus noodsaaklik wees om aandag te gee aan hoe sodanige privatisering reeds in die lewe van gesinne gestalte kry, hoe die kerk self daaraan skuld kan hê en hoe die onderlinge meelewing van en met gesinne dit kan teëwerk.

#### 5.4.1.3 Die priesterskap van die gesin

Veral in 2.3.5 is daar aan hierdie aspek aandag gegee. Die klem het hier in die eerste plek geval op die liturgie en die belewenis van God se genadige bemoeienis binne die gesin. Ouers, maar tewens ook alle gesinslede, speel 'n belangrike rol om die liefde en genade van God teenoor mekaar te betuig en te bedien. Dit bly egter nie hiertoe beperk nie. God wil ook die gesin, as sy skepping, in 'n wyer verband tot heil gebruik. Daarom is ook die vraag na vore gebring oor die rol van die gesin as uitdraer van God se genade binne 'n wyer kerklike en gemeenskapsverband. Die bespreking in 2.3.6 oor die gesin as metafoor vir die verhouding tussen God en sy volk sluit hierby aan en is vandag belangriker as ooit.

Meer as by ander aspekte van die gesin se rol gaan dit hier om 'n aktiewe wilsbesluit, veral teen populêre tendense van isolasie, eiewilligheid en relativering in. In die konteks van 'n toenemende verwagting van amptelike strukture en te min klem op die verantwoordelikheid van die amp van die gelowige, bestaan die gevaar dat selfs die konsep van die priesterskap binne en van die gesin by baie gelowiges vreemd sal aandoen. Ouers se belewing daarvan en bereidheid daartoe verdien aandag.

#### 5.4.1.4 Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline

In 2.5.2.4 is daar besonderlik aan hierdie aspek aandag gegee en word daar uitgewys hoe hierdie funksie by uitstek die domein van die gesin is en hoe dit van die ouers 'n positiewe en aktiewe ingesteldheid vereis, terwyl daar in 3.3.2 uitgewys is dat liefde en koestering nie 'n doel op sigself is nie, maar afgestem is op die vorming van kinders.

In 4.4.4.2 is daar uit die literatuur bevind dat die aanpasbaarheid van gesinne, soos om die gesagstruktuur en die reëls wat geld aan te pas by verskillende ontwikkelingsbehoeftes, 'n positiewe rol speel by die oordrag van waardes. Dieselfde geld wat onder 4.4.4.3 bevind is oor effektiewe en oop kommunikasie binne die gesin. In 4.5.3.1 tot 4.5.3.3 is die aandag gevestig op drie prosesse waardeur ouers geloofswaardes in die lewe van hulle kinders oordra, te wete deur simboliese verwysings en deur die oordra van religieuse betekenis, deur die modellering van godsdienstige gedrag, en deur die kanalisering van kinders se betrokkenheid by ander groepe.

Soos 3.5.5 aantoon, spring die gesin nie die postmodernistiese relativering van waardes vry nie, maar bied juis hierdie omstandighede ook geleenthede vir die gesin om tot sy reg te kom. Meer as waarskynlik enige ander samelewingsverband is die gesin, deur die intimiteit en die positiewe geïsoleerdheid daarvan, in staat om veral kinders te koester teen sodanige aanslae. Die bewustheid van ouers van hierdie omstandighede en hulle bereidheid om te

midde van baie ander aansprake op tyd en aandag daarin 'n rol te speel, verdien veral aandag in hierdie studie.

#### 5.4.1.5 Onderlinge saamgebondenheid van die gesin

Die noodsaaklikheid van 'n sterk onderlinge verbondenheid van gesinslede het verskillende fasette. In 2.3.3.3 is daar verwys na die etiese solidariteit binne die gesin wat in sy bewustheid van onderlinge verantwoordelikheid vir mekaar as 't ware konsentries uitgebrei het binne breër verbande. In 3.2.2.2 is verwys na die sterk klem in die Grieks-Romeinse wêreld op die onderlinge verbondenheid tussen broers en susters. 2.5.3.3 lê in sy laaste paragraaf klem daarop dat die geloof wat ons aan Christus bind, ons ook aan medegelowiges bind en dat dit veral in die gesin behoort te geld. Onder 4.4.4.1 is daar in die literatuur beduidende ondersteuning gevind vir die opvatting dat gesinskohesie 'n sterk bevorderende rol by die oordrag van waardes speel.

'n Ander aspek wat in hierdie verband nie uit die oog verloor durf word nie, is die rol en plek van afstamming of genealogie binne die verband van God se uitverkiesende genade, waarna daar in 2.4.1 verwys is. Die mate waartoe die gesin beleef word as voortgang van God se genadige bemoeienis met mense deur die geslagte verdien besinning en ondersoek.

In 'n geestelik en fisies al gevaarliker wêreld is hierdie besef van wedersydse verantwoordelikheid en sorg stellig belangriker as ooit, maar terselfdertyd ook al meer onder druk. Hoe gesinne dit beleef en hulleself in hierdie verband bemagtig en toelaat dat hulle bemagtig word, moet ondersoek word.

#### 5.4.1.6 Die verhouding van vader tot moeder

Reeds in 2.3.4 is daar rekenskap gegee oor patriargaat en gesinstruktuur in die Ou-Testamentiese bedeling en is uitgewys hoe die Skrif op verskillende wyses korrektiewe op die onbeperkte rol van die vader na vore bring en die positiewe rol van die moeder beklemtoon. In 4.5.2.1 is dit uit die literatuur duidelik gemaak dat veral die moeder 'n sterker rol speel in die godsdienstige sosialisering van kinders as gevolg van beroepspatrone wat meer gesprekke moontlik gemaak het, terwyl in 4.5.4.2 die ooreenstemming tussen ouers oor godsdienstige sake en in ouerskapstyl uitgewys word as 'n positiewe determinant van geloofsoordrag.

In 'n era waarin die verhouding tussen die geslagte dikwels 'n slagveld geword het en die rol van die vrou in die kerk in meerdere kerklike gemeenskappe eerder 'n strydpunt as 'n seën geword het, is die korrekte funksionering daarvan binne die gesin belangriker as ooit en moet hulle daadwerklik hierin begelei word.

#### 5.4.1.7 Die openbare rol van die gesin

Die spesifieke openbare rol van die gesin is nie iets wat in die basisteoretiese of metateoretiese gegewens besonder sterk na vore kom nie, hetsy as gegewe of as opdrag nie. In 3.2.2 is egter melding gemaak van die onderskeid tussen die openbare rol van die gesin en die private sfeer van die huishouding, waar eersgenoemde veral die plek van die man en die seuns was, terwyl die vrou en dogters tot laasgenoemde beperk was.

Die gevaar wat elders vermeld is, naamlik dat die gesin hom in 'n postmoderne era al meer van die kerk kan afwend, geld byna sterker nog 'n moontlike isolasie van die gemeenskap of ten minste van eie openbare verantwoordelikheid en betrokkenheid. In 3.3.4 is uitgewys hoe daar veral in konserwatiewe kringe die gevaar na vore kom dat die gesin van die openbare lewe afgeskei word. Een van die effekte van die postmodernisme wat in 3.4.3 na vore gebring word, is dié van hiperindividualisme en die afwysing van die gemeenskap, met die gevolg dat die private sfeer by uitstek die terrein van vervulling vir die individu word.

As die gesin sy roeping in hierdie wêreld werklik wil uitvoer, ook in die priesterlike rol wat hierbo vermeld is, is 'splendid isolation' nie 'n opsie nie. Soos in beide 3.3.1 en 3.5.1 na vore gebring is, mag die gesin nie 'n private bastion of burg word nie. Hoe dit ten beste vermy kan word en hoe gesinne hierin veral deur die kerk bygestaan kan word, is 'n belangrike vraag wat aandag verg.

#### 5.4.1.8 Die verhouding met ander samelewingsverbande

In 'n steeds meer komplekse samelewing wat veral deur toenemende verstedeliking gekenmerk word, is dit vanselfsprekend dat die gesin toenemend sy ruimte met ander verbande begin deel en met dié moet meeding om die aandag van gesinslede. In 4.4.2.2 is aangetoon dat die sosiale leer-beskouing veral die klem laat val op die beter vermoë en die taak van byvoorbeeld die skool om kinders die regte waardes tuis te bring as gevolg van die gewaande groter effektiwiteit van sulke instellings in vergelyking met die gesin. Insgelyks verwys 4.4.3.1 na die mettertydse inskuif van die portuurgroep bokant die ouers as beïnvloedende element in kinders se vorming van waardes. Net so word in 4.5.2.2 melding gemaak van wat uit empiriese studies blyk oor die belangrike rol van die skool en van portuurgroepe.

Die teenwoordigheid van ander samelewingsverbande of individue in veral die lewe van kinders is iets wat nie vermy kan of hoef te word nie. Dié het tewens ook 'n plek in God se orde vir sy kinders. Waaroor dit egter behoort te gaan, is die korrekte verhouding tussen die

gesin en ander instellings en tewens ook oor die gevaar dat ouers dikwels hulle gesag en roeping na sulke verbande en individue kan delegeer.

#### 5.4.1.9 Die ekonomiese rol en waardes van die gesin

Dat die gesin 'n ekonomiese rol te vervul het, volg vanself uit die noodsaaklikheid van die lewensonderhoud van ouers en kinders waarin voorsien moet word. Reeds baie vroeg (in die oorweging van die wesensaard van die Ou-Testamentiese gesin) kom die sentraliteit van die ekonomiese funksie daarvan na vore (2.3.3.2). In 3.3.3 word aangedui hoe die gesin altyd deur die geskiedenis 'n ekonomiese rol vervul het en hoe die produksiekant daarvan al meer plek gemaak het vir die verbruikerskant, met die groot gevaar dat die ekonomiese en spesifiek verbruikersaspek van die gesin nadelig oorbeklemtoon kan word.

Soos met soveel ander fasette van die gesin se rol en roeping in hierdie wêreld bly die gevare egter nie uit nie. In 4.2.1 word daar verwys na die toenemende bestaan van 'n kultuur van gerief en genot en die potensiaal daarvan om na binne gerigte mense te skep. 'n Materialistiese instelling staan dikwels reëlreg in die pad van die oordrag van gesonde geestelike waardes.

### 5.4.2 Riglynvrae vir onderhoude

Die opskrif van hierdie afdeling is doelbewus gekies om aan te dui dat dit met die vrae wat hierop volg, gaan om breë riglyne eerder as 'n presiese skedule van vrae wat meganies aan die respondente gevra gaan word. Soos reeds aangedui is, behoort die individuele onderhoud binne die kwalitatiewe benadering meer die vorm van 'n gesprek aan te neem en nie onnatuurlik gestruktureer te word nie.

By die opstel van die onderstaande vrae is daar twee belangrike oorwegings ter sprake:

- As riglyn vir die gesprek moet dit die spoor volg van die belangrikste temas wat reeds hierbo in 5.4.1 vir ondersoek geïdentifiseer is.

- Die vrae moet dermate indringend en toetsend wees dat daar gewaak kan word teen die 'motherhood and apple pie'-effek, waardeur sekere aspekte en sienings dermate verhewe maar tewens ook algemeen is dat daar van geen respondent verwag kan word om enigiets negatief of afwykend daaroor te sê nie. As daar byvoorbeeld oor die verhouding van die gesin tot die kerk vrae gevra sou word, sou vrae oor die **dat** en **waarom** (of en hoekom 'n gesin kerklik meelewend moet wees) waarskynlik baie meer algemene en minder onderskeidende response ontlok as vrae oor die **hoe** en

die **waartoe** (op welke wyse dit spesifiek geskied en wat die respondente se verwagting daarvan is).

**5.4.2.1 Die gesin en die Skrif**

5.4.2.1.1 Op wattere wyse gee julle spesifiek inhoud en betekenis aan julle huisgodsdiens?

5.4.2.1.2 In watter opsigte sou julle meen is die Bybel waar en 'n riglyn vir julle lewe?

5.4.2.1.3 Op watter maniere, ook naas die prediking, behoort die kerk julle as gesin by te staan met die hantering, gebruik en toepassing van die Skrif?

**5.4.2.2 Die gesin se verhouding tot die kerk**

5.4.2.2.1 Hoe verantwoord julle julle lidmaatskap van die kerk, ook teenoor julle kinders?

5.4.2.2.2 Op watter wyses is julle as gesin betrokke by die kerklike lewe?

5.4.2.2.3 Hoe sou julle hierdie betrokkenheid wil uitbou?

5.4.2.2.4 Waar is die kerk nie bepalend in julle lewe nie en hoekom?

**5.4.2.3 Die priesterskap van die gesin**

5.4.2.3.1 Op watter wyses betuig en betoon julle God se genade en bemoeienis teenoor mekaar as gesinslede?

5.4.2.3.2 Hoe voel julle geroepe om draers van God se genade na ander mense te wees?

**5.4.2.4 Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline**

5.4.2.4.1 Hoe aanpasbaar is julle as ouers in die dissiplinering van julle kinders?

5.4.2.4.2 Wat doen julle spesifiek en prakties om kommunikasie juis oor moeilike sake te vergemaklik?

5.4.2.4.3 Hoe sorg julle as ouers dat julle positiewe waardemodelle vir julle kinders is?

**5.4.2.5 Onderlinge saamgebondenheid van die gesin**

5.4.2.5.1 Hoe beleef julle julle saamgebondenheid as gesin en hoe bou julle dit uit?

5.4.2.5.2 Hoe verseker julle as ouers en as kinders dat spesifiek die verhouding tussen broers en/of susters onderling betekenisvolle inhoud kry?

5.4.2.5.3 Hoeveel weet julle van en bemoei julle julle met julle afstamming van en verbintenis met vorige geslagte en 'n groter familieverband?

**5.4.2.6 Die verhouding van vader tot moeder**

5.4.2.6.1 Hoe probeer julle as ouers duidelik en sigbaar teenoor mekaar en teenoor die kinders julle onderskeie verantwoordelikhede as ouers definieer?

5.4.2.6.2 Hoe staan julle mekaar as ouers by in die uitvoering van julle opvoedingstaak?

5.4.2.6.3 Hoe verseker julle dat julle nie teen mekaar afgespeel word nie?

**5.4.2.7 Die openbare rol van die gesin**

5.4.2.7.1 By watter openbare liggame of aktiwiteite is julle as gesinslede individueel of gesamentlik betrokke? Hoekom?

5.4.2.7.2 Is daar 'n beduidende verskil tussen die aktiwiteitsvlakke hierin van man en vrou? Het die kinders ander betrokkenhede?

**5.4.2.8 Die verhouding met ander samelewingsverbande**

5.4.2.8.1 Hoe betrokke is julle by die skool en by die ander buitenshuise aktiwiteite van julle kinders?

5.4.2.8.2 Hoe verseker julle dat wat kinders by die skool en tussen hulle portuurgroepe ervaar, nie in stryd is met die opvoeding in die ouerhuis nie? Indien dit gebeur, hoe hanteer julle dit?

**5.4.2.9 Die ekonomiese rol en waardes van die gesin**

5.4.2.9.1 Hoe sien julle julleself as rentmeesters van wat julle besit?

5.4.2.9.2 Watter probleme ondervind julle om julle kinders die regte gesindheid oor geld en besittings aan te leer?

5.4.2.9.3 Wat is julle bereid om prys te gee ter wille van die regte opvoeding van julle kinders?

## 5.5 Bespreking van onderhoudresultate

Soos in 5.3.3 hierbo verantwoord en in die vooruitsig gestel is, is onderhoude met ses gesinne as deelnemers aan die navorsingsprojek gevoer. In 5.5.1 hieronder word 'n kort

kensketsing van elkeen van die gesinne gegee, ook ter verantwoording van die keuse van elk daarvan as verteenwoordigend van 'n bepaalde fase in die lewe en ontwikkeling van gesinne. Die gesprekke is gevoer aan die hand van die saakmakende temas wat hierbo in 5.4.1 aan die orde gekom het, en spesifiek deur gebruikmaking van die vrae wat hierbo in 5.4.2 uiteengesit is. Omdat in die dinamiek van gesprekvoering, ook met die situasie van verskillende gesinne in gedagte, al die spesifieke vrae nie altyd ewe toepaslik was nie, is dit nie slaafs gebruik nie. Waar daar dus in 5.5.2 hieronder 'n bepaalde sistematisering gegee word van die inhoud van die gesprekke, word dit nie aan die hand van elke individuele vraag gedoen nie, maar opsommenderwys na die mate waartoe die inhoud van die gesprekke empiriese lig werp op die temas wat aan die hand van die basis- en metateoretiese studie na vore gekom het.

Hierdie gesprekke met individuele gesinne is, soos ook in 5.3.3 geantisipeer, opgevolg met 'n gesprek met 'n fokusgroep wat 'n bestaande kleingroep in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos is. Die oogmerk met die gebruik van die fokusgroep was om as 't ware 'n meer gekonsentreerde, gevarieerde en interaktiewe terugvoer oor die sake wat in die vraelys aan die orde kom, te kry. Omdat die kleingroep bestaan uit egpare wie se kinders feitlik deurgaans reeds die huis verlaat het en wat andersins wat kerklike betrokkenheid betref nie 'n groot verskil vertoon met die ses ander gesinne wat as deelnemers opgetree het nie, het daar van 'n gevarieerdheid nie veel tereggekom nie. 'n Onbedoelde voordeel van dié gesprek was egter dat, veel meer as by die individuele gesinne, daar baie meer van die imperatief, met ander woorde oor wat die kerk, gesinne onderling en die gesin self te doen staan, aan die orde kon kom in plaas van 'n blote weergawe oor die stand van bepaalde sake binne die eie gesin. Daarmee is reeds 'n waardevolle bydrae tot die formulering van 'n praktykteorie gelewer.

### 5.5.1 Deelnemende gesinne

Soos reeds aangedui, is die deelnemende gesinne gekies om verteenwoordigend te wees, aan die hand van ouderdom, posisie van kinders en dies meer, van die verskillende ontwikkelingsfase in die lewe van gesinne. Onderstaande opskrifte en bespreking poog om daarvan rekenskap te gee, asook van die meer kritiese sake wat in elk van die onderhoude na vore gekom het, sonder om daarmee die bespreking van die verskillende temas in 5.5.2 te dupliseer.

#### 5.5.1.1 Gesin met kleuters

Hierdie gesin het twee kinders van onderskeidelik sewe en vier jaar oud. Die groot eise wat beide 'n beroep en die opvoeding van hulle kinders stel, maak dit vir die ouers moeilik om

selfs meer betrokke by die kerklike lewe te wees was wat hulle reeds is, maar daar word met groot intensiteit gelet op die godsdienstige vorming van die kinders deur toepaslike huisgodsdiens en leiding aan die kinders om self te bid en begrip te ontwikkel.

#### 5.5.1.2 Gesin met laerskoolkinders

In hierdie gesin is een van die kinders reeds in die hoërskool, wat sy eie intensiewe eise aan die ouers tel, maar die twee ander kinders is nog in die laerskool, die een daarvan nog aan die begin. Hierdie groot ouderdomsgaping veroorsaak dat die gesinsdinamika dikwels versteur word, en dit stel ook groot eise ten opsigte van kommunikasie, beide tussen die ouers en kinders en tussen die kinders onderling.

#### 5.5.1.3 Gesin met groter skoolkinders

Dié gesin het twee kinders, waarvan die een reeds op hoërskool is en die ander byna klaar met die laerskool. Die kleiner ouderdomsgaping in vergelyking met die situasie by ander gesinne vergemaklik sake duidelik. Die groot eise wat die werk van beide die vader en die moeder stel, maak dit noodsaaklik om verbeeldingryk geleentheid te skep vir kommunikasie. Terselfdertyd stel die feit dat die kinders al groter is, die gesin in staat om te soek na geleentheid vir groter gesamentlike en betekenisvolle betrokkenheid in die kerk en die gemeenskap.

#### 5.5.1.4 Gesin met een kind in die hoërskool

Alhoewel daar in hierdie gesin net een matriekdogter is wat nog in die huis woon, is daar ook 'n seun wat reeds die huis verlaat het en wat in 'n ander stad woon. As gevolg van die baie hoë eise wat die seun se ontwikkelende loopbaan stel, is beide die ouers en suster steeds baie intensief, selfs op 'n daaglikse grondslag, by hom betrokke. Dit stel besondere eise vir effektiewe kommunikasie, maar omdat beide ouers baie bedrywige professionele persone is, kon die gesin oor jare hulleself reeds oefen in alternatiewe patrone en metodes om hulle klaarblyklike baie nou saamgebondenheid en betrokkenheid by mekaar uit te leef en tot sy reg te laat kom.

#### 5.5.1.5 Gesin met studente en groter hoërskoolkinders

Hierdie gesin se oudste kind is reeds 'n student en die tweede betreklik ver gevorderd in die hoërskool, wat dit moontlik maak om 'n baie groter kritiese wisselwerking tussen ouers en kinders in die gesin te hê, uiteraard ook as gevolg van die oper ingesteldheid van die ouers en die aanmoediging tot betrokkenheid deur die kinders wat dit meebring. Die bedrywigheid van uiteenlopende dagprogramme wat die samestelling van die gesin meebring, veroorsaak

dat daar veel minder sprake van roetine kan wees as wat by ander gesinne die geval mag wees.

#### 5.5.1.6 Gesin met getroude kinders en kleinkinders

In die geval van hierdie gesin was baie van die antwoorde en beskouings oor vrae en die temas wat aan die orde gekom het, eintlik terugskouend van aard oor die opvoeding van kinders in wat in die Suid-Afrikaanse konteks 'n ander era was. Terselfdertyd kon dit ook vooruitskouend wees oor die verwagting wat daar is oor die opvoeding van kleinkinders. Anders as by die meeste van die ander gesinne was die verdeling van ouerlike verantwoordelikhede hier baie meer tradisioneel van aard omdat die moeder nie gewerk het nie, terwyl die vader baie intens by sy werk betrokke was en dus meer op die moeder vir die hantering van die kinders moes en kon staatmaak.

### 5.5.2 Belangrikste temas

In 5.4 hierbo is 'n aantal temas, uiteindelik nege in getal, uit die resultate van die basis- en metateoretiese studie geïdentifiseer wat moes dien as insette by die empiriese studie en waardeur laasgenoemde geïnformeer moes word. Dit kan tewens nie anders as dat die empiriese studie direk 'n wyse is om te bepaal en te meet of dit wat in die ander hoofstukke hoofsaaklik op grond van die literatuur geïdentifiseer is, inderdaad ook in die praktyk vergestalt word in die lewens van (gelowige) gesinne nie. Waar daar in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan die daarstelling van 'n praktykteorie, moet dit onvermydelik gebaseer wees op die gesamentlike resultate van basisteorie, metateorie en empiriese bevindinge. Terselfdertyd moet gewaak word teen 'n oorskatting van die empiriese bevindinge. Dis uiteindelik slegs 'n beperkte toets of kontrole van dit wat elders bevind is en as sodanig uiteraard 'n belangrike praktiese inset by die vorming van 'n praktykteorie. Oorheersend kan dit egter nie wees nie. Wat dus hier volg, gebruik dieselfde temas as onder 5.4.1, maar dan inderwaarheid as kommentaar daarop uit die ervaringswêreld van 'n aantal gesinne.

#### 5.5.2.1 Die gesin en die Skrif

In 5.4.1.1 is klem gelê op die gesag van die Skrif as riglyn vir die lewe van gesinne, die aanslae wat daar gerig word op hierdie gesag, en op die wyse waarop die kerk die gesin hierin kan bystaan.

Uit die empiriese studie is dit duidelik dat al die gesinne poog om binne hulle gesinslewe erns te maak met die gebruik van die Woord, veral dan deur middel van die huisgodsdiens. (Hierdie eenstemmigheid bring al klaar die kritiese vraag na vore of daar in die keuse van die

deelnemers nie dalk te veel klem gelê is, deur middel van wat effektief 'n gerieflikheidsteekproef is, op gesinne wat klaarblyklik warm en meelewende lidmate van 'n kerk is nie. Terwyl dit inderdaad 'n beperking mag wees, het dit egter die voordeel van vrymoedige gesprek tussen die deelnemers en die navorser as teenpool.) Daar is 'n deurlopende poging, uiteraard meer eksplisiet waar daar nog kinders is, om die inhoud van die huisgodsdiens van toepassing te maak op die probleme wat die gesin en veral die kinders in hulle eie lewens ondervind. Daar word deurgaans klem gelê op die betrokkenheid van die kinders deur samesang en deur die kinders ook te laat bid, terwyl daar deurgaans vermelding is daarvan om persoonlike godsdiens deur die kinders te stimuleer en te oefen. In die meerderheid van die gevalle word melding gemaak dat daar gebruik gemaak word van dagstukkies, meesal uit die jaarlikse Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In ten minste een geval is daar egter 'n bewustheid van die gevaar wat sodanige gebruik meebring om die persoonlike soeke na stof wat op die eie situasie van toepassing is, te verhinder. Daar is egter deurgaans vermelding van pogings om dit op die eie situasie van toepassing te maak.

By ten minste een van die gesinne en ook in die fokusgroep was daar 'n ruiterlike erkenning dat die formele huisgodsdiens van die volledige gesin bymekaar nie altyd tot sy reg kon kom nie, ook ten spyte van pogings om dit op ander tye in te pas. In sulke gevalle, juis as gevolg van die erns waarmee die onderlinge godsdienstige meelewing van die gesin bejeën word, is daar gesoek na alternatiewe en het daar inderdaad ander gesinsrituele tot stand gekom, soos byvoorbeeld gereelde en intense preekbesprekings en van die inhoud van katkisasiewerk na die oggend-erediens, of om tyd tydens reise in te ruim om aktuele kwessies aan die hand van die Skrif te bespreek. In die fokusgroep is daar eweneens klem gelê op die vermoë van ouers om geleenthede raak te sien en te skep vir besprekings en om die kans te gee om verskille nie net tussen kinders en ouers nie, maar ook tussen kinders onderling oor geloofsake aan die orde te stel.

Terwyl dit andersins as verblydend gereken moet word, is daar, waarskynlik as gevolg van die wyse waarop die respondente gekies is, weinig sprake van persoonlike twyfels oor die gesag van die Skrif. Hoogstens is daar by een van die gesinne sprake daarvan dat die Skrif nie fundamentalisties hanteer word nie, sonder dat dié beskouing nader geëkspliseer word. Een van die gesinne maak melding van 'n bewustheid daarvan dat daar by ander gesinne waarmee die kinders te doen het, ander beskouings mag wees, sonder dat dit as bedreigend beskou word.

Oor die vraag na hoe die kerk die gesin kan bystaan in die hantering van die Skrif in hulle gesinslewe, is daar 'n verskeidenheid, nie noodwendig uiteenlopende, gedagtes. Deurgaans

is daar sterk klem op Skrifgetroue prediking wat die groei van die eie geloof moet ondersteun, terwyl die behoefte daaraan om die jeug in die preek te betrek, ook vermeld word. Daar is waardering vir en 'n sterker behoefte aan jeugaande wat ten doel het om die jeug toe te rus vir die gebruik van die Skrif in hulle eie lewe en stryde. Terwyl daar sporadiese vermelding is van formele toerustingsgeleenthede, lê die klem deurgaans sterk op die belewing van gemeenskap binne die kerk en die bevordering daarvan om gesinne in staat te stel om mekaar te ondersteun. 'n Duidelike weergawe van die gevoel dat blote gemeensaamheid nie 'n doel op sigself kan wees nie, word saamgevat in die versugting by een gesin dat plesier ook inhoud moet hê.

### 5.5.2.2 Die gesin se verhouding tot die kerk

In 5.4.1.2 is daar klem gelê op die organiese verhouding tussen die gesin en die kerk, met die gesin as bousteen van die kerk en die wyse waarop dié twee samelewingsverbande eintlik beelde van mekaar vorm. Negatief is ook aangetoon hoedat toenemende postmodernistiese invloede 'n neiging tot isolasie by die gesin kan teweeg bring.

In die empiriese studie, weer eens moontlik as gevolg van die wyse waarop die deelnemers geselekteer is, is geen blyke van isolasie of selfs van 'n bekommernis oor die neiging daartoe by ander bespeur nie. In die wyse waarop daar egter deurgaans klem gelê is op die noodsaak van gemeenskap en die kerk as die samekoms van die gelowiges, mag implisiet 'n erkenning lê van die gevare wat in dié verband bestaan. By een van die gesinne het die baie mooi perspektief na vore gekom van die gemeenskapsbelewing as groeibodem vir die werking van die Heilige Gees en dat mens nie dié seën in jou lewe en in die van jou gesin kan verwag as mens nie die gemeenskap van gelowiges doelbewus opsoek nie.

Positief beskou is daar egter 'n feitlik eendragtige erkenning van die kerk as gemeenskap van die gelowiges, 'n waardering daarvoor in hoe dit in die plaaslike kerk beleef word en 'n sug daarna om dit verder uit te bou. Oor 'n positiewe verantwoording van die roeping om mens self by die kerk te voeg, is daar slegs by een gesin spesifieke sprake in 'n vermelding dat juis die bediening van die sakramente as geleentheid gebruik word om oor die eie lidmaatskap te besin. Daarmee word sodanige besinning by die ander gesinne nie uitgesluit nie, maar dit is klaarblyklik nie besonderlik aktueel nie. By een gesin met hoërskoolkinders is daar wel sprake daarvan dat die bestaan van 'n charismatiese kerk met groot trekkrag en waarby baie vriende van kinders hulle reeds saam met gesinne gevoeg het, vrae by die kinders laat ontstaan. In die fokusgroep het oor meer as een gesin na vore gekom dat kinders hulleself as gevolg van 'n huwelik of ander redes by ander kerkverbande voeg, iets wat nie altyd

terloops te aanvaar is nie en wat 'n besondere besinning en verantwoording by ouers verg as die eie belewing van 'n verbintenis met die kerkverband besonder sterk is.

Terwyl al die deelnemers veral deur formele betrokkenheid in byvoorbeeld die besonder ampte deeglik betrokke is by die plaaslike kerk, is daar nie eenvormige menings oor hoe kerklike betrokkenheid uitgebou kan word nie. By veral jonger gesinne word daar weggeskram van verdere formele betrokkenheid en lê die klem eerder op hoe die kerk gesinne kan ondersteun om mekaar by te staan. Veral waar daar groter kinders is, is daar by een gesin 'n sterk voorkeur vir betrokkenheid as gesin by die nood van ander, beide binne die kerk en daarbuite. In die fokusgroep is daar besonderlike klem gelê op die verantwoordelikheid van die kerk om die Woord voete en hande te gee deur dit van toepassing te maak op konkrete probleme wat in die gemeente beleef word. Daar moet nie geskroom word om probleme te vermeld nie, natuurlik sonder die vermelding van name, en om die Skrif spesifiek op sulke eksakte situasies van toepassing te maak nie. Daar is ook klem gelê op die noodsaak dat binne die kerk mense bymekaar gebring moet word wat gewoonlik nie die geleentheid daartoe het nie en dat op hierdie wyse individue en gesinne wat andersins randfigure sou bly, betrek moet word.

Vraag 5.4.2.2.4 is telkens byna as 'n nagedagte ingevoeg om die bewustheid by deelnemers te toets dat die kerk nie allesbepalend is in hulle verhouding tot en gebruik van die Skrif nie. Opmerklik is dat dié vraag telkens iets van 'n verleë of onbegrypende respons tot gevolg gehad het, met min begrip moontlik vir die outonomiteit van die gesin voor God naas die kerk.

#### 5.5.2.3 Die priesterskap van die gesin

By 5.4.1.3 is klem nie net gelê op die priesterskap van gesinslede beide na binne teenoor mekaar en na buite in die uitleef en oordra van God se liefdevolle genade nie, maar ook daarin dat veral hierdie aspek 'n aktiewe wilsbesluit van die gesin en sy lede verg, veral oor die nabuitegerigtheid van die priesterskap.

Dit is duidelik dat oor hierdie aspek by al die gesinne 'n sterk onderlinge bewustheid is van hulle verantwoordelikheid om mekaar in liefde te bejeën en te verdra en om byvoorbeeld as ouers daarin 'n voorbeeld vir hulle kinders te wees en om dit in die huisgodsdiens en veral in die gebed ook aan die orde te stel. Daar is 'n bewustheid dat ouers hulle kinders deur die ontwikkelingsvlakke van grootword moet lei en dat 'n belangrike onderdeel hiervan nie net selfhandhawing en die eie selfbeeld is nie, maar ook om empaties teenoor ander op te tree.

Wat die gerigtheid na buite betref is daar 'n baie klaarblyklike behoefte veral by gesinne met groter kinders om self meer daadkragtig betrokke te raak by projekte van gemeentes, en dan nie primêr deur betrokkenheid by kommissies nie, maar deur aktiewe dienslewering, asook deur die gebed dat God geleenthede sal uitwys om sulke hulp te verleen. By een gesin met 'n groot dogter het dié spontaan vertel van 'n geleentheid toe sy 'n vriendin saamgeneem het op vakansie juis om iets van die gesin en dié se onderlinge saamleef en ondersteuning te beleef.

Alhoewel daar in gesprekke met gesinne sporadiese pragtige perspektiewe hieroor na vore gekom het, is dit duidelik dat die hele konsep van die gesin en individu as priester (tewens ook as profeet en koning in ander opsigte) in kleiner en in groter verbande, nie een is wat duidelik gekonkretiseer word nie.

#### 5.5.2.4 Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline

In 5.4.1.4 is klem gelê op hierdie aspek as by uitstek die domein van die gesin en op die verantwoordelikheid van ouers om 'n atmosfeer binne die gesin te skep waar die opvoeding van die kinders en hulle dissipline optimaal kan geskied. Ook hier is die invloed van die postmodernisme uit die literatuur duidelik sigbaar.

In die hantering deur ouers van hierdie sake is daar in die gesprekke met deelnemers 'n verskeidenheid van patrone en reaksies waargeneem, telkens egter met die klem op die liefde waarmee sodanige beheer moet geskied. Opmerklik was dat die klem by gesinne met kleiner kinders veral op groter buigsaamheid lê – al is daar groot beslistheid oor die onaanvaarbaarheid van sekere gedrag, word kinders daarin met sagmoedigheid hanteer. By groter kinders is daar verstaanbaar 'n groter geneigdheid, veral in die geval van seuns, om strenger te wees.

Wat gesprekke en kommunikasie betref, is daar deurgaans groot klem op rustige gesprekvoering en aanmoediging aan kinders om openlik te praat. By een gesin in die fokusgroep is daar spesifiek aandag gegee daaraan om kinders soms individueel saam te neem op 'n korter reis of ander geleentheid om sodoende afsonderlike en onbelemmerde geleentheid te gee vir onderling gesprek. Daar is melding by 'n gesin van 'n definitiewe poging om telkens na 'n Skrifperspektief te soek, terwyl daar by die ouer egpaar waar die kinders reeds uit die huis is, 'n besef is van die voordele wat gesinsvergaderings waar elkeen geleentheid het om te praat, kon ingehou het.

Daar is insgelyks 'n sterk besef van die noodsaak dat ouers positiewe modelle vir hulle kinders moet wees, onder andere ook daarin om hulle eie foute te erken, om voor die kinders

gesprek te voer om sodoende te demonstreer hoe probleme en verskille op 'n liefdevolle en beskaafde manier bygelê kan word, en om in werks- en ander openbare verband vir die kinders 'n positiewe voorbeeld te stel van hoe moeilike situasies hanteer kan word.

### 5.5.2.5 Onderlinge saamgebondenheid van die gesin

In 5.4.1.5 is daar klem gelê op verskillende aspekte van die samehorigheid van die gesin en die effek daarvan. Ten grondslag van almal lê die konsep van hierdie saamgebondenheid as noodsaaklike voorwaarde vir die oordrag van positiewe waardes binne die gesin en vir die wyse waarop die gesin as waardevolle konstituent van 'n groter gemeenskap optree. In 5.4.1.6 is eweneens die verhouding tussen die vader en moeder as 'n soortgelyke voorwaarde geïmpliseer. (In die lig van die soortgelykheid van dié twee aspekte word dit hier en voortaan as een behandel.)

By al die gesinne waar die gesprek natuurlikerwys by hierdie aspek uitgekom het, is daar entoesiastiese vermelding van die onderlinge verbondenheid van die gesin. Daar is tewens ook heelwat voorbeelde van hoe hierdie verbondenheid belewe word. Spesifiek oor die verhouding tussen broers en susters onderling is daar bevestiging van, maar ook by een gesin spesifiek vermelding daarvan dat dit nie outomaties kom nie, maar dat daaraan gewerk moet word. Daar moet spesifiek kennisname en besinning wees oor die verskillende vermoëns van kinders en dan moet daar erns gemaak word met aktiwiteite wat wedywering sal teëwerk en samewerking bevorder. In dieselfde verband moet kinders geleer word om mekaar te waardeer en mekaar aan te moedig.

Opmerklik in die response van die verskillende gesinne is dat, alhoewel daar geen twyfel kan bestaan oor die onderlinge liefde nie, daar betreklik weinig besinning is oor die feit dat dit uitgebou moet word en oor die noodsaak daarvan vir die positiewe funksionering van die gesin. Daar is heelwat vermelding van redelik vanselfsprekende aspekte van saamleef en saamdoen en ondersteuning en van 'n outomatiese aanvaarding dat dit goed is, sonder dat daar gevra word na of 'n klaarblyklike behoefte is aan metodes en geleenthede om dit verder uit te bou. Selfs in die geval van 'n gesin met groter kinders waar daar erkenning is van 'n intensiewe betrokkenheid by mekaar wat uiting vind in intensiewe en gerigte gesprekke oor daaglikse aktiwiteite, ontbreek die besinning oor die wesentlike aard en noodsaak van sodanige verbondenheid.

Daar is insgelyks 'n feitlik eenstemmige bevestiging van betrokkenheid by en deur ander familielede, veral grootouers, sonder 'n duidelike besinning daaroor dat so 'n binding draer is en blyke gee van God se genadige verbondsbemoeiing oor geslagte heen.

Oor die verhouding tussen man en vrou is daar iets van 'n patroon op te merk: by die twee gesinne met kleiner kinders is daar 'n groter bewustheid van geslagsrolle en die vestiging van die vader- en moederfiguur. By die heelwat ouer gesin is daar, beide as gevolg van die era waarin hulle kinders grootgemaak het en die feit dat die moeder nooit buitenshuis gewerk het nie, ook 'n duidelike aanvaarding van 'n geskeidenheid van rolle. By die twee gesinne met groter kinders en waar beide moeders ook buitenshuis werk, is daar groter klem op gedeelde verantwoordelikheid en van 'n gevoel dat rolle nie oorbeklemtoon moet word nie.

#### 5.5.2.6 Openbare betrokkenheid van die gesin

In 5.4.1.7 en 5.4.1.8 en 5.4.1.9 is daar onderskeidelik verwys na die openbare betrokkenheid van die gesin, die verhouding daarvan met ander samelewingsverbande en die ekonomiese funksie van die gesin. Alhoewel daar in die gesprekke met die verskillende gesinne aandag gegee is aan al hierdie aspekte, het dit geblyk dat dit nie dieselfde aandag geniet beide in aktiewe betrokkenheid en in die besinning oor die noodsaak daarvan nie, en dit word hier as 'n enkele saak verder hanteer.

Uit die response is dit duidelik dat daar van 'n algemene betrokkenheid by die breëre gemeenskap en deur lidmaatskap van allerlei liggame, veral buite die beroepsveld om, betreklik weinig sprake is. Dit kan waarskynlik toegeskryf word, al is daar nie spesifiek in die gesprek met die deelnemers daarop ingegaan nie, aan 'n algemene openbare apatie by baie blanke Suid-Afrikaners in 'n nuwe politieke bedeling. In die geval van die skole waar die kinders betrokke is of was, is daar egter 'n duidelike baie aktiewe betrokkenheid, selfs in een geval deur lidmaatskap van die bestuurskomitee van die skool. Ewe duidelik, in ten minste vier van die vyf gesinne (en dit kan vyf uit die vyf wees soos die kinders groter word) is die betrokkenheid van ouers by en die bereidheid om heelwat tyd af te staan aan die kinders se deelname aan sport.

Ook wat die ekonomiese rol van die gesin betref en die ingesteldheid van kinders teenoor besittings, is daar 'n baie eenstemmige houding dat ouers daarin 'n voorbeeld moet stel en van die noodsaak om vir kinders die waarde van geld en besittings te leer, ook, soos dit een geval gestel is, daarin dat alles wat ons het, eintlik die Here s'n is. Daar is 'n algemene instelling by die gesinne met groter kinders dat kinders geleer moet word om self te werk vir wat hulle wil hê.

## 5.6 Slot

Met die voorafgaande empiriese ondersoek is daar nie onafhanklik te werk gegaan nie, maar is die insigte wat in die basis- en metateoretiese ondersoek aan die lig gekom het, as 't ware

verder in die (weliswaar beperkte) praktyk getoets. Daarmee is 'n derde pyler ingeslaan waarom die ontwikkeling van die praktykteorie in die volgende hoofstuk moet rus.

# HOOFSTUK 6

# Gesin, geloof en waardes: kontoere van 'n praktykteorie

## 6.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke is agtereenvolgens gepoog om basisteoreties uit die Skrif gegewens te bepaal oor die herkoms en die wese van die gesin en die roeping van die gesin tot vorming van geloof en die oordrag van geloofswaarhede en van waardes. Daaropvolgend is metateoreties op grond van gegewens uit die sosiologie en psigologie insigte verkry oor die wyse waarop die gesin, ook histories, ontwikkel het en 'n rol speel in waarde-oordrag na en geloofsvorming by kinders, asook na 'n verskeidenheid van determinante in daardie proses. Daar is insgelyks gekyk na 'n baie belangrike sosiaal-historiese ontwikkeling wat 'n ongetwyfelde rol te speel het in die funksionering van die gesin, naamlik die postmodernisme. In die voorafgaande hoofstuk is verantwoording gegee oor die wyse waarop empiriese studie 'n addisionele bydrae tot hierdie insigte kan lewer en is die proses en resultate van 'n sodanige studie verantwoord. In hierdie hoofstuk kom 'n poging tot die daarstel van 'n praktykteorie aan die orde.

Binne die praktiese teologie sou daar op verskillende wyses rekenskap gegee kon word oor die wese van 'n praktykteorie. Ten diepste gaan dit daarom om op grond van die waarhede uit die Skrif, die insigte wat uit omringende wetenskappe verkry word en die probleme wat in die teologiese praktyk ervaar word, tot 'n verantwoorde benadering te kom oor hoe daar in die praktyk gestalte gegee kan word aan die roeping waarmee God in die Woord tot die gelowige en die kerk kom. Daar is dus sprake van 'n wisselwerking tussen die rykdom van insigte waarvan die praktiese teologie homself kan bedien, maar telkens met 'n terugkeer na die Skrif. Voordat daar verder uitgewerk kan word aan 'n praktykteorie binne hierdie studie, is dit nodig om kortliks te besin oor drie aspekte van die konsep van 'n praktykteorie:

6.1.1 Die aard van praktykteorie. Vir hierdie studie sal dit nie net kan gaan oor 'n definisie van praktykteorie aan die hand van die literatuur nie, maar ook oor die vraag hoe fundamenteel die te geformuleerde praktykteorie sou moes opereer in vergelyking met ander pogings tot sodanige teorievorming.

6.1.2 Die (potensiële) bestek daarvan. In terme van hierdie studie gaan dit ten minste oor die vraag oor watter aspekte van die praktyk aan die orde moet kom in die model of voorstelle wat daargestel word vir die hantering van 'n situasie of situasies uit 'n bepaalde veld.

6.1.3 Die bestemming daarvan. Weer eens in terme van hierdie studie is die vraag wat ter sprake is wie die adres van sodanige model of voorstelle ter verbetering van die bestaande praktyk moet wees.

## 6.2 Oor praktykteorie

### 6.2.1 Aard en doel

Oor wat 'n praktykteorie is en oor die verhouding daarvan met basisteorie is daar in die literatuur nie besondere uiteenlopende sienings of modelle nie. Selfs waar die terme basisteorie en praktykteorie nie gebruik word nie, is dieselfde klaarblyklike verhouding terug te vind.

In sy definisie van die twee entiteite gaan Venter (1995:198-200) uit van die konsep van verskillende 'refleksiedomeine', naamlik die opskrifgestelde openbaring en die konkrete bediening daarvan in die kerk. In die eersgenoemde sou daar dan basisteoreties te werk gegaan word in die sin dat 'n basisteorie op grond van die Skrif die wese en aard van 'n saak stelselmatig beskryf. Daarteenoor is dit die aard van 'n praktykteorie om te beskryf hoe die basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer. Omdat beide met dieselfde werklikheid te doen het, tree hulle onvermydelik met mekaar in hermeneutiese wisselwerking. Aan die hand van Zerfass beskryf Venter dan die proses waar met 'n basisteorie en 'n empiriese ontleding van die situasie waarin een of ander aspek nie bevredigend funksioneer nie, en met integrasie van metateoretiese insigte 'n verstelde praktykteorie geformuleer word.

Swinton en Mowat (2006:80-82) gee aan die hand van Pattison 'n uiteensetting wat wesentlik op dieselfde as Venter se siening neerkom, maar sonder gebruikmaking van die spesifieke terme basisteorie en praktykteorie. Hulle stel wel, anders as Venter/Zerfass se vermelding van onbevredigende funksionering, die aanleiding tot so 'n moontlike ondersoek sagter of wyer as 'a situation ... within the contemporary practice of the Church or the world which the practical theologian decides is worthy of reflection and exploration' (Swinton & Mowat, 2006:81). Die uitkoms is steeds 'n hersiene praktyk.

Ten minste twee vrae dring by die oorweging van die voorafgaande na vore:

- Hoe *disfunksioneel* behoort 'n situasie te wees om sodanige ondersoek en formulering van 'n verstelde praktykteorie te regverdig?

- Hoe *spesifiek*, *eksak* en *gerig* behoort sodanige verstelde praktykteorie te wees?

Daar word nie gesuggereer dat op elk van hierdie vrae 'n enkele algemene antwoord moontlik en noodsaaklik is nie, maar wat hierdie studie betref behoort daar vooraf ten minste 'n breë aanduiding gegee te word oor wat beoog word. Moontlik kan 'n blik op enkele proefskrifte binne die vakgroep Praktiese Teologie aan die NWU waarin die formulering van 'n praktykteorie aan die orde kom, verhelderend wees:

- Van der Schyff (2008) se uitvoerige ontleding van die verhouding tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe vind blykens sy probleemstelling (Van der Schyff, 2008: 6-7) sy oorsprong hoofsaaklik in ontwikkelinge rondom die konsep liturgie. Daar het naamlik naas 'n meer konvensionele beskouing oor die begrip as beperk tot die erediens, mettertyd ook 'n breër opvatting daaroor ontwikkel as slaande op die liturgie van die lewe. Oor laasgenoemde het daar tot op hede eintlik betreklik weinig wetenskaplike ontginning plaasgevind. Die praktykteorie soos dit op grond van die studie geformuleer word, neem nie die vorm aan van byvoorbeeld 'n definitiewe voorgestelde gewysigde liturgie of watter ander skema nie, maar is hoofsaaklik (dikwels verfrissende en baie praktiese, maar tog diepliggende) aanbevelings oor hoe die liturg en die kerk amptelik verskillende sake rondom die liturgie beter tot sy reg kan laat kom.

- Steyn (2005) se studie oor die impak van die postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings word gebaseer op die klaarblyklike groot druk op voorhuwelikse verhoudings in die moderne tydsgewrig. In sy empiriese studie word hierdie druk en die effek daarvan verder ondersoek. Alhoewel die onderwerp van die studie klaarblyklik 'n kritiese probleem vir hantering deur pastors veronderstel, is ook die praktykteorie in hierdie geval beperk tot die formulering van beginsels vir sodanige verhouding en riglyne vir die bediening en toerusting van individue binne sulke verhoudings. Die outeur verantwoord hom tewens oor die aard van sy praktykteorie wanneer hy dit eksplisiet stel: " 'n Praktykteorie kan nooit net 'n program wees nie. Die oplossings kan nooit net geleë wees in strukture, planne en formules nie." (Steyn, 2005:171)

- Grobbelaar (2007) se studie oor streshantering by predikante in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika begin in haar probleemstelling (Grobbelaar, 2007:7) met die vraag oor hoe sulke predikante begelei kan word in streshantering (dus 'n baie praktiese probleem vir die pastor en die pastor se pastor), sonder eksplisiete vermelding van 'n huidige disfunksionele praktyk. Die empiriese studie gee egter genoegsame blyke van die nood wat bestaan. In die praktykteorie wat aangebied

word, word daar, soos by die voorafgaande studies, aanvanklik heelwat klem gelê op die beginsels wat geld by die hantering van predikante met stres, maar dit word opgevolg (Grobbelaar, 2007:136-162) met 'n aantal baie spesifieke 'intervensies' wat gevolg kan word in die benadering van sodanige predikante.

As 'n minimum moet dus uit die voorafgaande blyk dat die begrippe wat onderskeidelik as nie-funksionele praktyk en verstelde praktyk aangedui kan word, nie rigied vertolk moet word daarin dat 'n patologiese toestand moet bestaan en dat die oplossing daarvoor resepmatig aangebied moet word nie. Die versoeking is om die begrippe van grondige of eenmalige bekering en daarteenoor die daaglikse bekering ook hier van toepassing te maak: die praktyk van die kerk en sy lewe en dié van gelowiges noodsaak voortdurende vernuwing en verstelling, sonder dat 'n totale afwyking beweer of 'n genoegsame en altyddurende herstel verwag word. Waar die onderwerp van studie wel 'n vlak van konkretisering in 'n praktykteorie daarstel wat onmiddellike toepassing moontlik maak, moet dit as 'n bonus beskou word. Wat hierdie studie betref, is Swinton en Mowat (2006:81) se 'reflection and exploration', waarna hierbo verwys is, 'n beter korrelasie met die oogmerke daarvan eerder as 'n spesifieke verstelde teorie of praktyk.

### 6.2.2 Die pastorale dimensie van die studie

'n Vraag wat tereg aan hierdie studie gevra kan word en wat daarom oorweging verdien, is of hier werklik, soos die subtitel van hierdie proefskrif aandui, sprake is van *'n pastorale studie*, en voortvloeiend daaruit en binne die bestek van hierdie hoofstuk, of dit neerslag vind in spesifieke pastorale riglyne of 'n pastorale praktykteorie. Gewoonlik word, sonder om hier spesifiek wetenskaplik-definiërend te werk te gaan, die veld van die pastoraat verstaan as die gespesialiseerde toegespitste versorgende werk van die bedienaar van die Woord, of sy of haar gespesialiseerde en opgeleide medestanders, in die hantering van die geestelike en eksistensiële nood van lidmate in 'n gemeente, of dan ten minste in die opbou van sulke lidmate. Primêr gaan dit hier om die werk van die herder in die versorging van die kudde. Dit is veilig om te konstateer dat pastorale werk normaalweg gesien word as gespesialiseerde werk. Terwyl daar geen bedoeling is om hierdie primêre fokus van die pastoraat te ontken nie, word daar tog binne die bestek van hierdie studie geredeneer dat die pastor geroepe en gerade is om ter wille van die welsyn van die gemeente, maar ook ter wille van die beste aanwending van haar of sy eie kragte, die gemeente te bring tot en toe te rus vir wedersydse versorging, oftewel onderlinge pastoraat.

Dijkstra-Algra se siening in hierdie verband is van duidelike belang. Volgens haar (2000:9) is die pastoraat 'n opdrag aan die hele gemeente, al is die gawes wat daarvoor beskikbaar is

verskillend van omvang. In die verband haal sy uit artikel 20 van die Nederlandse Hervormde kerkorde van 1951 aan: "De leden der gemeente onderhouden de herderlijke zorg ten opzichte van elkander."

In sy studie wat veral 'n beeld skep van 'n sodanige versorgingspatroon in 'n gemeente in die VSA, verwys Holland (2007:23-24) aan die hand van meerdere bronne na die beweging wat in die laaste kwart van die twintigste eeu plaasgevind het van 'n beskouing van pastorale sorg as die eksklusiewe domein van bedienaars van die Woord na een wat dit sien as een van die gemeenskaplike verpligtinge van die gemeente. Die erns en belang van sodanige onderlinge sorg kan nie ontken word nie, en daarom is daar verkillende benaderings ontwikkel vir die opleiding en aanwending van 'gewone' lidmate in hierdie rol. (In die situasie wat Holland beskryf, word na hierdie versorgers uit die gemeente as 'Paraklete' verwys.)

Heystek (2000) gaan in sy studie uitvoerig in op die *mekaar*-opdragte in die briewe van Paulus en op die implikasies daarvan vir die kerklike geloofsgemeenskap. In die grafiese model van 'n moontlike bedieningstrategie wat hy op grond daarvan ontwikkel (Heystek, 2000:253) lê die klem sterk op die wyse waarop lidmate deur die prediking en deur die lering van gemeenskapsgroepe op Sondae toegerus moet word om gedurende die week in staat te wees om mekaar doelgerig te bedien op grond van die prediking. Terwyl daar sekerlik geredeneer kan word dat 'n groot deel van hierdie bediening eerder oor die verkondigings- en leringsaspek handel, kan die dra van mekaar se laste (Gal 6:2), die wedersydse vermaning (Rom 15:14) en die bemoediging van mekaar (1 Tess 4:18) op geen manier losgemaak word van dit wat algemeen aanvaar word as die roeping tot pastorale versorging nie. Die pastoraat durf nie as 'n vertikale eenrigtingpyl gesien word nie, maar is in 'n gemeente waar die vurige liefde van Christus uitgeleef word, baie meer dinamies en diffuus.

Dis in hierdie gees, en tewens met 'n sensitiwiteit vir die problematiek wat Grobbelaar (2007) in haar studie oor streshantering by predikante na vore bring, dat hierdie benadering hier gevolg en aan die hand gedoen word. Ten diepste gaan dit om die beste en verantwoordelike aanwending van die gawes wat God in 'n gemeente gee. Daarom sou daar ook verskillende vlakke van pastorale sorg aan die hand gedoen kan word (sonder om daarmee 'n hiërargie te impliseer): waar die herder met sy eie gespesialiseerde gawes (en desnoods met die byhaal van ander spesialiste) primêr nodig is, moet dit noodsaaklik en ten beste gebruik word, maar eers nadat duidelik geblyk het dat die onderlinge versorging in die gemeente ook sy rol gespeel het.

### 6.2.3 Bestek

Daar is in die loop van die studie en veral in die vorige hoofstuk reeds tot 'n bepaalde sistematiek gekom oor sake wat die nadere skema van geloofsvorming en waarde-oordrag binne die domein van die gesin presiseer. Juis op grond van die bevindinge van die empiriese studie en die ervaring van die navorser in wisselwerking met die ander deelnemers is die aanvanklik nege sake waaroor dit gehandel het, uiteindelik tot ses verminder:

6.2.3.1 Die gesin en die Skrif

6.2.3.2 Die gesin se verhouding tot die kerk

6.2.3.3 Die priesterskap van die gesin

6.2.3.4 Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline

6.2.3.5 Onderlinge saamgebondenheid van die gesin

6.2.3.6 Openbare betrokkenheid van die gesin

### 6.2.4 Bestemming

Nog 'n vraag waaroor kritiese rekenskap gegee moet word, is die bestemming van die te geformuleerde aanbevelings oor die hantering van bostaande. Daar bestaan 'n reële gevaar dat sodanige bestemming outomaties as bekend aanvaar kan word: omdat sulke studies meesal binne die bestek van die praktiese of pastorale teologie val, kan aanvaar word dat dit vanselfsprekend gerig is op pastors of beraders, of in gevalle waar dit, soos in die huidige, nie spesifiek oor individuele probleemgedrag gaan nie, op hoogstens die kerk en sy ampte in hulle amptelike verantwoordelikheid.

So eenvoudig kan dit egter nie wees nie. Natuurlik is die bediening van die gesin en gesinslede en hulle toerusting altyd 'n verantwoordelikheid van die kerklike ampte. Daarmee is ten minste die eerste item op hierdie lys voltooi. Daar word egter te maklik aanvaar dat die verantwoordelikheid van die kerk afgehandel is wanneer die verantwoordelikheid van predikant en ouderling bepaal is (kyk ook die beredenering onder 6.2.2 hierbo). Daarmee word die belangrike aspek van die kerk as gemeenskap van die gelowiges wat *onder leiding van* en nie net *in* die besonder ampte funksioneer nie, misgekyk. Die amp van die gelowige moet en kan juis geaktiveer word in die wyse waarop die lidmate as gemeenskap, en tewens ook gesinne as medegeroepenes, mekaar bystaan en toerus en mekaar se laste help dra.

Die moontlikheid dat die kerk as instituut nie gesinne op non-aktiwiteit stel nie, maar dié juis moet toerus om hulle eie roeping ten volle uit te leef as selfstandige samelewingsverband, vestig die gesin in sy eie verantwoordelikheid vanselfsprekend as derde item op die lys.

Daar moet hier ook verwys word na die wisselwerking tussen twee aspekte wat vroeër in hierdie proefskrif aan die orde gekom het:

- In die titel hiervan word dit reeds aangedui as 'n pastorale studie, wat met ander woorde gemik is op die versorgingsaspek en op die wyse waarop veral die kerk daarmee omgaan. As bestemming van die praktykteorie kan dit nie misgekyk word nie.

- In 3.4 is besonder aandag gegee aan die plek van die gesin in 'n postmoderne tydsgewrig. Van die aspekte wat daar veral uitgelig is, is die losgeslaandheid van baie individue en gesinne, die toenemende neiging tot privatisering, en die byna vanselfsprekende reaksie teen gesag en gesagsfigure.

Dit in ag genome, is dit byna vanselfsprekend dat daar by baie mense en gesinne in die kerk 'n reaksie teen die gesagsuitoefening van die besondere ampte sal wees. As die kerk daarin wil slaag om in sy pastorale roeping effektief met gesinne te werk, is dit dringend noodsaaklik om dit verbeeldingryk en selfs indirek te doen, veral deur middel van kleingroepe en ander gesinne. In artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis gaan dit, naas die kenmerke van die ware en valse kerk, ook oor die merktekens van die ware gelowige, en dan word liefde tot die naaste pertinent gestel. As predikante en die kerk as instituut dit al moeiliker vind om alles te doen wat verwag word, en as predikante onder andere daarin en as gevolg daarvan al meer stres beleef (Grobbelaar, 2007), is die tyd vir uitgebreider en sinvolle onderlinge pastoraat ryper as ooit.

## 6.3 Op weg na 'n praktykteorie

### 6.3.1 'n Matriks van roepings

Op grond van bostaande kan die toepassing van dit wat in die praktykteorie daargestel wil word en die aanbevelings wat gemaak word, soos volg in 'n matriks uitgedruk word met die verantwoordelikes in die kolomme aangedui en die sake waaroor dit gaan, in die rye. In die selle van die matriks word 'n kriptiese, dikwels slegs generiese, aanduiding gegee van die belangrikste verantwoordelikhede en roepings soos dit in die res van die hoofstuk verder uitgewerk sal word.

| | Die kerk in sy amptelike verantwoordelikheid | Die kerk as gemeenskap | Die gesin as selfstandige eenheid |
|---|---|---|---|
| **Die gesin en die Skrif** | Temas.<br>Gebedsopleiding.<br>Volwasse kategese. | Samewerking. | Huisgodsdiens.<br>Persoonlike Skrifstudie en godsdiens. |
| **Die gesin se verhouding tot die kerk** | Geleentheid vir herbevestiging. | Ondersteuning.<br>Toerusting en onderrig. | Besinning.<br>Viering. |
| **Die priesterskap van die gesin** | Organisasie na buite.<br>Toerusting | Identifikasie van geleenthede binne die kerk. | Seëntoesegging.<br>Bystand binne gesin. |
| **Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline** | Kursusse. | Toegespitste groepe. | Katkisasie.<br>Onderlinge liefde, verdraagsaamheid. |
| **Onderlinge saamgebondenheid van die gesin** | Geleenthede organiseer. | Huweliksbystand. | Betrek van grootouers.<br>Skoonkinders.<br>Gesinslojaliteit. |
| **Openbare betrokkenheid van die gesin** | Prediking.<br>Toerusting. | Samewerking by identifikasie van geleenthede. | Soberheid.<br>Getuienis. |

Natuurlik moet dit hier beklemtoon word dat die drieledige onderskeid van verantwoordelikes nie 'n geskeidenheid impliseer nie. Die funksionering van die kerk as gemeenskap onder leiding van die besondere ampte is reeds aangedui. Op dieselfde wyse kan die verantwoordelikheid van gesinne as gesinne net tot sy reg kom as dit ook die voordeel van die leiding van en toerusting deur die kerk as gemeenskap onder leiding van die besondere ampte ervaar. Waar daar dus in die onderstaande nadere uitwerking van die praktykteorie aandag gegee word en aanbevelings gemaak word oor die verskillende aspekte wat hierbo aangedui is, word dit nie rigied onderverdeel as 'n drietal uiteenlopende imperatiewe nie. Waar daar aangedui word dat daar 'n taak vir die kerk is om bepaalde aktiwiteite aan te pak of geleenthede daar te stel, is die bedoeling nie dat dit juis deur middel van die besondere ampte of 'n sogenaamde kerkraad moet geskied nie, maar dat daar toenemend organies ruimte ontwikkel vir kleingroepe en groter belangegroeperings binne kerke om sodanige verantwoordelikhede te onderneem. (Uiteindelik gaan dit, los van watter groeperings ook al, oor die gewone verantwoordelike funksionering van die amp van die gelowige.) Daar word wel gepoog om in 'n ander dimensie dit wat aangebied word, te verdeel: daar word telkens een of meer rigtende beginsels oor daardie aspek van die gesin gestel, met daarna enkele praktiese toepassings.

## 6.4 Spesifieke terreine

### 6.4.1 Die gesin en die Skrif

#### 6.4.1.1 Rigtende beginsels

In die lewe van die gesin as basiese geloofseenheid, ook en veral in 'n postmoderne tydsgewrig, staan die Skrif sentraal. Vir die opbou van die geloofslewe van gesinslede deur die Heilige Gees en vir die behoorlike funksionering van die gesin is dit noodsaaklik dat die Bybel as die Woord van God ten volle tot sy reg sal kom en as 'n lewende entiteit sal figureer.

#### 6.4.1.2 Praktiese toepassing

6.4.1.2.1 Daar moet nuut en ernstig gedink word oor huisgodsdiens in die lewe van die gesin. Gesinne moet self erns maak om die regte tyd en patroon te vind vir hulle eie godsdiensbeoefening. Daar moet byvoorbeeld gekyk word na die moontlikheid om na gelang van eie omstandighede persoonlike Bybelstudie te koördineer rondom bepaalde onderwerpe of Skrifgedeeltes, met informele geleenthede om daaroor gesprek te voer en mekaar daaroor op te skerp.

6.4.1.2.2 Van die kant van die kerk moet daar spesifieke metodes van toerusting geskep word om gesinne hierin by te staan. Dit sou die vorm kon aanneem van 'n verskeidenheid van temas wat beskikbaar gestel word en waarom kritiese en indringende vrae vir toepassing in die eie lewe gestel word. Daar moet gewaak word teen die preekpatroon van baie boeke met dagstukkies wat geen aktiwiteit of kritiese besinning van die leser verg nie en dikwels met min aktiwiteit die illusie van huisgodsdiens skep.

6.4.1.2.3 Waar dit enigsins moontlik is, moet daar geleentheid geskep word vir meerdere gesinne om as kleingroep bymekaar te kom en saam godsdiensoefeninge te hou om sodoende in 'n gaandeweg groter verband vrymoedigheid te skep. Dit kan veral ook die samesang, wat stellig een van die elemente is wat die maklikste in 'n kleiner gesin in die slag bly, beter tot sy reg laat kom, en dit kan ook die stimulus van ander wyses van benadering bied.

6.4.1.2.4 Daar moet baie indringender aandag gegee word aan leiding met en opleiding oor die gebed. In Luk 11:1 vra die dissipels Jesus nie net om hulle te leer bid nie, maar gee hulle ook te kenne dat die Doper dit vir sy dissipels geleer het. Die valse skroom dat die gebed sondermeer 'n private saak tussen die bidder en God

is, moet besweer word en gelowiges, veral ook ouers, moet toegerus word om deur hulle eie gebede ook hulle kinders daarin op te voed.

6.4.1.2.5 Daar moet opnuut groot erns gemaak word met die konsep van voortdurende opleiding of toerusting. Daar bestaan 'n wesentlike gevaar in kerke dat die kategese vir kinders as verpligtend hanteer word en dat die belydenisaflegging wat daarop volg, terselfdertyd 'n aflegging van enige formele verantwoordelikheid tot verdere toerusting impliseer. Die gevolg is dat volwasse lidmate dikwels 'n skreiende gebrek aan parate Bybelkennis of kennis van die belydenisskrifte openbaar en daarom apologeties swak toegerus is, wat kan lei tot onvolwasse geloof en geloofsbeoefening. 'n Ander moontlike gevolg is 'n gevoel van onmag om by die kategese van die eie kinders betrokke te wees.

## 6.4.2 Die gesin se verhouding tot die kerk

### 6.4.2.1 Rigtende beginsels

Die kerk as liggaam van Christus staan primêr in die bemoeiing van God met sy volk en die gesin as eerste en basiese geloofsgemeenskap is 'n bousteen daarvan.

### 6.4.2.2 Praktiese toepassing

6.4.2.2.1 Daar is 'n dringende en voortdurende behoefte daaraan dat lidmate veral in gesinsverband hulleself op 'n gereelde basis oor hulle lidmaatskap van die kerk besin en dit telkens as 't ware vier. Gesinne moet geleenthede skep waar die herdenking van 'n doop of belydenisaflegging eksplisiet gevier kan word, al is dit dan verkieslik met meer soberheid as wat gewoonlik met verjaardagvierings gepaard gaan.

6.4.2.2.2 Insgelyks moet kerke geleenthede bedink vir lidmate wat dit so verkies om telkens hulle verbintenis en lidmaatskap van die kerk te *herbevestig*, terwyl daar sensitiwiteit geopenbaar word vir 'n verskeidenheid van emosionele ingesteldhede en sonder dat die durendheid en ewigheid van God se uitverkiesende genade en van die doop daarmee in gedrag gebring word.

6.4.2.2.3 Kerke moet werk daarvan maak om die diversiteit ten opsigte van ouderdom, geslag, etnisiteit en dies meer 'n bate te maak eerder as 'n struikelblok en verskoning vir lidmate om binne bepaalde gemaksones te vertoef. Dit mag vereis dat daar van lidmate bewuste opofferings geverg word om mekaar daarin te benader en te bedien.

6.4.2.2.4 Daar moet geleentheid gegee word aan meer ervare en betrokke lidmate om ander toe te rus vir en te onderrig oor meer intense betrokkenheid by byvoorbeeld ondersteuningsgroepe.

6.4.2.2.5 Sonder dat dit die voorafgaande moet teenwerk, moet die verskeidenheid wat daar ten opsigte van bedieningsbehoeftes binne kerke mag bestaan, erken word deur die reël van verskillende style eredienste. Om te verhoed dat sodanige verskeidenheid opnuut in 'n geskeidenheid verval, moet lidmate oor sodanige grense aangemoedig word om van tyd tot tyd die ander eredienste by te woon.

### 6.4.3 Die priesterskap van die gesin

#### 6.4.3.1 Rigtende beginsels

Terwyl die gelowige geroep word om oral en altyd as profeet, priester en koning op te tree, bied die gesin besondere geleenthede vir gelowiges van alle ouderdomme en vir alle gesinslede om konkreet die liefde en versoening van God teenoor mekaar, teenoor ander gelowiges binne die kerk en teenoor mense buite die kerk te betoon.

#### 6.4.3.2 Praktiese toepassing

6.4.3.2.1 Daar moet deeglike studie van en erns gemaak word met die gebruik van die Christelike seën en die toesegging daarvan in gesinsverband en wyer (kyk 2.3.5 hierbo, asook Smalley & Trent [1990:27]).

6.4.3.2.2 Gesinslede moet hulleself voortdurend konkreet rekenskap gee oor en oefen in die wyse waarop hulle liefde en veral vergewensgesindheid teenoor ander vertoon. Kleingroepe moet hulle toespits daarop om juis gesprek oor hierdie aspek te stimuleer en die kerk moet in die prediking en ander toerustingsgeleenthede hierdie aspek aanpak.

6.4.3.2.3 Ouers moet die vrymoedigheid ontwikkel om openlik met hulle kinders te praat oor die wyse waarop hulleself spanning onder mekaar hanteer om so as voorbeeld vir kinders te dien.

6.4.3.2.4 Binne die kerk moet, onder leiding van die diakens, baie meer omvangryk en verbeeldingryk aandag gegee word aan die nood wat onder lidmate heers en oor metodes waarop gelowiges mekaar daarin kan bystaan.

6.4.3.2.5 Daar moet insgelyks sistematies gesoek word na geleenthede vir lidmate om veral in gesinsverband by die nood van die wêreld betrokke te raak. Waar sulke

geleenthede geïdentifiseer word, moet betrokkenheid en hulpverlening so beplan word dat dit vir groot en klein moontlik gemaak word om op beskeie skaal hulp te verleen en so in die ervaring van Christelike handreiking te deel.

### 6.4.4 Die gesin as die plek van koestering, opvoeding en dissipline

#### 6.4.4.1 Rigtende beginsels

Die gesin (en dus die ouers) is by uitstek die samelewingsverband wat deur God getaak en gebruik word om kinders op te voed en te laat groei in die geloof, en die kerk moet baie meer doelbewus betrokke raak en bly by hierdie kardinale aspek van sy lidmate se geloofsuitlewing en -verantwoordelikheid.

#### 6.4.4.2 Praktiese toepassing

6.4.4.2.1 Ouers (en veral nuwe ouers) moet geoefen word en toegerus word in die praktyk van dissipline en die hantering en vorming van hulle kinders. In hierdie verband moet die kerk baie ernstig aandag skenk aan kursusse oor gesprekvoering, vorms van dissipline en oor die hantering van pertinente probleemgevalle.

6.4.4.2.2 Kleingroepe moet spesifiek binne kerke gevorm word waarin ouers met mekaar kan saamleef oor en mekaar kan sterk en toerus oor die opvoeding van hulle kinders.

6.4.4.2.3 In 'n wêreld waar daar al meer klem gelê word op die emansipasie van kinders en op die reg om gehoor te word, moet ouers hulleself spesifiek toerus en geskool word in metodes van kommunikasie en oor byvoorbeeld die hou van gesinsvergaderings.

6.4.4.2.4 Kerke moet drasties nuut dink oor die aanbied van kategese op so 'n wyse dat ouers nie meer slegs in 'n ondersteunende rol daarby betrokke is nie, maar as groepe in ouderdomsverband gesamentlik verantwoording daarvoor aanvaar en die aanbieding daarvan beplan en verkieslik self hanteer, op so 'n wyse dat kinders daardeur die direkte verband tussen ouerlike geloofsopvoeding en die kategese ervaar.

6.4.4.2.5 Gesinne moet aangemoedig word om hulle onderlinge liefde en koestering uit te dra deur byvoorbeeld kinders uit minderbevoorregte huise of kinderhuise op gereelde basis in te neem en saam te neem op gesinsaktiwiteite.

### 6.4.5 Onderlinge saamgebondenheid van die gesin

#### 6.4.5.1 Rigtende beginsels

Die saamgebondenheid van die gesin berus nie in die eerste plek op die emosionele gevoelens van samehorigheid en onderlinge afhanklikheid nie, maar op die bevel van God wat ouers en kinders in 'n bepaalde verhouding tot en verantwoordelikheid vir mekaar stel en daarvoor gehoorsaamheid aan Hom eis.

#### 6.4.5.2 Praktiese toepassing

6.4.5.2.1 Binne die kerk moet daar soveel moontlik geleenthede geskep word waar gesinne as gesinne by sinvolle buitemuurse bedrywighede betrokke kan raak met ander gesinne as geloofsgenote om sodoende nie net die onderlinge verbondenheid met die eie gesin te bevorder nie, maar ook groter vrymoedigheid en ondersteuningsvermoë tussen gesinne.

6.4.5.2.2 Egpare moet hulle daarop toelê om geleenthede te skep om deur die tyd wat hulle aan mekaar kan bestee, aan die kwaliteit van hulle huwelike te werk as basis van 'n gesonder gesinslewe.

6.4.5.2.3 Binne gesinne, en met ondersteuning van geleenthede wat deur kerke gereël word, moet die onderlinge verhouding van en wedersydse ondersteuning deur kinders binne die gesin ook uitgebou word.

6.4.5.2.4 Gesinne moet hulle baie meer daarop toelê om die band met ander familie, en veral met grootouers, uit te bou en te bevorder en om daardeur 'n begrip by kinders te skep van die werking van God se Verbondsgenade deur die geslagte heen.

6.4.5.2.5 Ouer gesinne met getroude kinders moet baie pertinent werk maak daarvan om skoonkinders te betrek en duidelik en liefdevol as nuwe lede van die gesin in te neem.

6.4.5.2.6 Gesinne moet voortdurend en prakties besin oor wat onderlinge lojaliteit beteken en hoe dit beoefen moet word.

6.4.5.2.7 Te midde van toenemende privatisering of afsondering en wat mens sou kon noem sentimentalisering oor die gesin as 'n burg teen die wrede wêreld daarbuite, moet gesinne gehelp word om hulle gebondenheid aan mekaar met groot nugterheid en verantwoordelikheid te benader.

### 6.4.6 Openbare betrokkenheid van die gesin

#### 6.4.6.1 Rigtende beginsels

Alhoewel daar in 'n wêreld van toenemende spesialisering al minder geleenthede is vir gesinne om as groep in die openbare lewe betrokke te raak, moet gelowiges in hulle profetiese, priesterlike en koninklike roepings nooit hulle verantwoordelikheid teenoor die buitewêreld miskyk nie.

#### 6.4.6.2 Praktiese toepassing

6.4.6.2.1 Kerke moet veral in die prediking lidmate voortdurend opskerp om veral in die huidige politieke klimaat in Suid-Afrika nie in die versoeking te verval om hulle van die buitewêreld af te sonder en apaties terug te trek in private kokonne nie. Geleenthede moet pertinent geïdentifiseer word waar lidmate, veral ook as ouers ten behoewe van hulle gesinne, hulle lig moet laat skyn. Waar dit prakties is, moet kerke, sonder om self in drukgroepe te verval, lidmate prakties toerus om daardie betrokkenheid te beoefen.

6.4.6.2.2 Kleingroepe en ouers met gedeelde belange moet mekaar aanmoedig en toerus om betrokke te raak by byvoorbeeld die bestuursraad van skole of by ander liggame waar die belange van kinders en gesinne ter sprake kom, terwyl daar terselfdertyd gewaak word daarteen dat sodanige betrokkenheid in 'n spesifieke kerklike betrokkenheid, met sy histories bekende gevare van kerkisme op ander samelewingsterreine, verval.

6.4.6.2.3 Ter wille van onderlinge meelewing tussen lidmate, maar veral ook om die beoefening van gawes op 'n breër vlak te stimuleer, moet kerke aandag gee aan die stimulering van kulturele aktiwiteite deur die reël van byeenkomste.

6.4.6.2.4 Lidmate moet mekaar onderling bystaan in die beoefening van soberheid te midde van die skrikwekkende materialisme waaraan almal in die gemeenskap en die media blootgestel word. Dit kan gedoen word deur besprekingsbyeenkomste en onderlinge getuienis.

## 6.5 Ten slotte

Wat hierbo aangebied is, is inderdaad slegs enkele proewe oor hoe gesinne bemagtig moet word, en hulleself moet toerus, om hulle roeping te volvoer en werklik as lewende entiteite in die vorming van hulle kinders en as boustene in die opbou van die kerk as liggaam van

Christus te dien. Die omstandighede binne geen kerk en die lewensomstandighede van geen gesin is dermate dieselfde as dié van ander dat daar resepmatig te werk gegaan kan word nie. Dit vra uiteindelik slegs biddende roepingsbesef en gehoorsaamheid.

# HOOFSTUK 7

# Finale verantwoording

## 7.1 Inleiding

Alhoewel dit konvensioneel is om in 'n hoofstuk soos hierdie finale gevolgtrekkings en aanbevelings aan te bied, word dit in hierdie studie nie gedoen nie. Daar is deur die loop van die voorafgaande hoofstukke deurgaans gepoog om elke hoofstuk af te sluit nie net met 'n aantal opsommende gevolgtrekkings nie, maar om tot 'n sistematiek te kom van die sake wat in die betrokke hoofstuk aan die orde was, en dit op so 'n manier dat dit in volgende hoofstukke as inset en toets sou kon dien. Daarom was dit juis in hoofstuk 5, oor die empiriese studie, moontlik om baie duidelik en direk aansluiting te vind by wat sistematies uit die hoofstukke oor die basis- en die metateoretiese hoofstukke geëkstraheer is. Insgelyks is hoofstuk 6, oor 'n praktykteorie, op dieselfde sistematiek, weliswaar vereenvoudig op grond van die ervaring van die empiriese ondersoek, geskoei. In daardie opsig moet hoofstuk 6 dus reeds beskou word as die hoofstuk waarin beide finale gevolgtrekkings en aanbevelings op hulle logiese plek vervat word, sonder om dit hier kunsmatig weer aan die orde te stel.

In 'n meer formele opsig moet twee ander sake egter wel in hierdie hoofstuk aan die orde kom, naamlik die identifikasie van bepaalde tekortkominge in hierdie studie, sowel as aanbevelings vir verdere studie, vir sover dit nie logies voortvloei uit die geïdentifiseerde tekortkominge nie.

## 7.2 Tekortkominge van hierdie studie

Dit behoort eie te wees aan alle wetenskapbeoefening dat daar by die wetenskaplike 'n bewustheid bestaan van dit waarin die onderhawige studie te kort skiet, sonder dat dit wat enersyds gedoen is, ongeldig maak of andersyds 'n onmiddellike moontlikheid vir verdere studie bied. Die onderstaandes is enkele voorlopiges by 'n lys wat stellig aansienlik aangevul kan word:

7.2.1 In die hoofstukke waar dit sterk handel oor 'n literatuurstudie van historiese en tydgenootlike sosiale omstandighede rondom die gesin en oor metateoretiese gegewens, moes daar noodwendigerwys sterk gebruik gemaak word van die meer en selfs uitsluitlik beskikbare Amerikaanse bronne en word die kontrole van Europese en Suid-Afrikaanse gegewens tot 'n groot mate gemis.

7.2.2 In 5.3 hierbo is die keuse van 'n bepaalde vorm van kwalitatiewe navorsing deur individuele en fokusgroeponderhoude gemotiveer, terwyl 5.3.3 dit het oor die keuse van deelnemers. Agterna besien is dit duidelik dat 'n vorm van gemengde metodes, met gebruikmaking van vraelyste om 'n meer uitgebreide groep respondente, desnoods steeds in dieselfde kerk, te betrek, selfs ryker inligting, met die identifikasie van meer probleme en behoeftes, aan die lig sou gebring het. Insgelyks, soos reeds gesuggereer, was die keuse van deelnemers dalk net te gemaklik en uit 'n betreklike homogene groep. Alhoewel dit die voordeel ingehou het van groot vrymoedigheid tussen die navorser en die deelnemers, het die gebrek aan diversiteit 'n beperkende invloed op die uitdagendheid van die resultate.

7.2.3 In 6.2.1 hierbo is, aan die hand van 'n eenvoudige en voorlopige tipologie van wat 'n praktykteorie kan wees, 'n keuse gemaak vir 'n benadering wat besinning en ontginning behels, eerder as die identifikasie van 'n probleem of afwyking, die bestudering daarvan en die uitwerk van 'n gedetailleerde oplossing daarvoor. Dié benadering is uiteindelik al ingegee deur die aanvanklike identifikasie van die onderwerp as die gesin as geloofseenheid, sonder vermelding van spesifieke (potensieel afwykende of problematiese) aspekte. Die praktykteorie hierbo, selfs in die 'Praktiese toepassing'-gedeeltes onder 6.4, vra dus steeds vir verbesondering in konkrete omstandighede en het beslis nog nie die status (nut?) van 'n templaat of skema vir optrede nie.

## 7.3 Aanbevelings vir verdere studie

Sonder om hoegenaamd volledigheid te pretendeer, kan die volgende onderwerpe vir toekomstige studies in hierdie selfde verband aan die hand gedoen word:

7.3.1 Onderlinge pastoraat: kerklike versorging in 'n postmoderne era.

7.3.2 Die ouerlike of onderlinge seën: 'n verlore gawe?

7.3.3 Die gesin as metafoor vir die kerk en die implikasies daarvan vir die pastoraat.

7.3.4 Alternatiewe modelle vir huisgodsdiens by moderne gesinne met druk programme.

7.3.5 Die aanwending van kleingroepbediening in die ondersteuning van gesinne met tienerkinders.

7.3.6 Privatisering of terugtrekking as wesentlike gevaar vir kerklike bediening en samelewing in 'n postmoderne tydsgewrig.

7.3.7 Modelle waarop die kerk 'n langdurige tuiste vir lidmate in 'n postmoderne era kan skep.

## 7.4 'n Laaste woord

Die gesin word nie ten onregte die oudste samelewingsverband genoem nie. Met die skepping van Adam en Eva en die daarstel van die huweliksband tussen hulle het die eerste gesin outomaties tot stand gekom. Byna ewe onvermydelik word die eerste sonde van ongehoorsaamheid in die Paradys opgevolg deur die eerste gruwelike sonde *binne* gesinsverband toe Kain vir Abel doodslaan. Byna ewe onvermydelik volg die eerste verskriklike voorbeeld van verdraaide waardes in dieselfde hoofstuk (Gen 4), met Lameg se woorde van wraak teenoor sy vroue (met die kinders in die agtergrond?).

God se volharding met sy skepping en die mens blyk in die Ou Testament telkens in die wyse waarop Hy die gesin gebruik om voortdraer van die verbond met sy volk te wees, onder andere in die instelling van die besnydenis en in die identifikasie van opvolgende geslagte dienaars van Hom deur hulle afstamming. In die Nuwe Testament kom die nuwe verbondsteken opmerklik telkens tot sy reg in die bediening daarvan binne gesinne, en word die ryk metafoor van die gesin en gesinsbande om die verhouding tussen God en die gelowiges en die gelowiges onderling mee voor te stel, selfs ryker as in die Ou Testament voortgesit. Oor twee millennia daarna duur God se genadige bemoeiing met die gesin voort en gebruik Hy dit tot groei van sy kerk, ten spyte van menslike gebrokenheid

Nou, in 'n postmoderne samelewing wat ou ongehoorsaamhede en rebellies in nuwe togas tooi, word beide die kerk en die gesin met nuwe uitdagings gekonfronteer:

- vir die kerk om verbeeldingryk 'n ryk groeibodem te bied vir individue en gesinne wat soos hidroponiese plante wil rondspoel;
- vir die kerk om die gevare van privatisering en die terugtrek van gelowiges in 'n versentimentaliseerde en nuut-verafgode gesin teen te werk;
- vir die gesin self om 'n doel en nut en daadkrag te vind buite die eie kring van gewaande geborgenheid;

- en vir beide die kerk en die gesin om weë te vind om die kleinste en intiemste, dog durendste, samelewingsverband opnuut te bemagtig as 'n struktuur en draer van God se genade in hierdie wêreld.

Die nuwe omstandighede is vreemd en die uitdagings is groot, maar die bereidheid om nuut te dink en daarmee die uitdagings te aanvaar, sal vir beide die gesin en die kerk van Christus groot vrug oplewer.

# OPSOMMING EN SLEUTELWOORDE

Die oogmerk van hierdie studie was om ondersoek in te stel na die besondere rol wat die gesin as primêre geloofseenheid in 'n postmoderne konteks te speel het, die uitdagings waarmee dit gekonfronteer word, en na die wyse waarop die kerk die gesin daarin kan ondersteun.

Die studie is gedoen deur 'n basisteoretiese ondersoek van Skrifgegewens oor die gesin en die bestemming daarvan sowel as oor die historiese ontwikkeling en omstandighede van die gesin oor die afgelope twee millennia, deur 'n metateoretiese ondersoek na en ontleding van sosiologiese en psigologiese gegewens en sienings oor die verband van die gesin met waarde-oordrag en geloofsvorming, en deur 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek na die omstandighede van enkele gesinne uit 'n semistedelike gereformeerde kerk, welke studie geïnformeer is deur die insigte wat uit die basis- en metateoretiese studie verkry is. Op grond van die voorafgaande is 'n praktykteorie geformuleer wat die kerklike bediening van gesinne ten goede poog te wees.

In die basisteoretiese studie op grond van Skrifgegewens is daar aangedui dat, ten spyte van die wyd uiteenlopende gesinsvorms en -omstandighede oor baie eeue, daar enkele basiese funksies is wat die gesin deurgaans vervul het, waaronder die gesin as draer van verlossing en as medium vir koestering en opvoeding voorop staan. Sterk klem is ook gelê op die besondere wisselwerkende verhouding waarin die gesin tot die kerk staan, nie net as deel daarvan nie, maar ook as metafoor. Ook op grond van die oorsigtelike ontleding van die geskiedenis van die gesin oor eeue daarna is sekere essensiële aspekte van die gesin opnuut geïdentifiseer. In hierdie deel van die studie is ook besonderlik aandag gegee aan die postmodernisme as verskynsel en die implikasies daarvan veral vir gemeenskapsbelewing en die gesin.

In die empiriese studie is daar aan die hand van 'n aantal essensiële temas wat uit die voorafgaande studie geïdentifiseer is, onderhoude met ses gesinne gevoer om vas te stel wat hulle belewenisse oor en probleme met daardie aspekte van hulle lewe is. Daar is ook 'n gesprek met 'n fokusgroep oor dieselfde temas gevoer. Op grond hiervan is die basiese temas verder gereduseer tot 'n sestal en is 'n aantal deurlopende belangrike temas van besorgdhede of probleme of selfs gewoon optredes geïdentifiseer.

In die ontwikkeling van 'n praktykteorie is daar klem gelê daarop dat die adres van so 'n teorie of model nie in die eerste plek net die kerk soos dit in die ampte funksioneer, is nie, maar veral ook die kerk as gemeenskap van gelowiges onder leiding van die ampte, en ewe

belangrik ook die gesin as selfstandige samelewingsverband. Sonder om die onderskeie verantwoordelikhede van elk van dié drietal té rigied te onderskei, is 'n aantal aanbevelings gemaak oor terreine waarop die bediening van gesinne toegespits moet word om die tendens van toenemende privatisering en afskeiding deur gesinne teen te werk en van gesinne opnuut lewensvatbare boustene van die kerk van Christus te maak.

**Sleutelwoorde**: Gesin - kerk - waardes - geloof - postmodernisme - gemeenskap - ondersteuning.

# ABSTRACT AND KEYWORDS

The aim of this study was to investigate the specific role that the nuclear family as a primary faith unit has to play in a postmodern context, and the challenges that confront it, as well as the ways in which the church can support the family in this.

The study was done through a basis-theoretical investigation of Biblical evidence about the family and about its destiny as well as about the historical development and vicissitudes of the family over the past two millennia, through a meta-theoretical investigation into and analysis of sociological and psychological evidence and views about the relationship between the family and value transfer and faith formation, and through a qualitative empirical investigation into the situation of a number of families in a suburban reformed church, the latter part being informed by the insights derived from the basis- and meta-theoretical study. On the basis of the aforesaid a practice theory was formulated that aims to support the ministry to families.

In the basis-theoretical study of Biblical evidence it was indicated that, in spite of widely divergent family forms and situations over many centuries, there were a number of basic functions always common to families, among which the most important is that of the family as the conduit of salvation, as well as its role of nurturance and education. Strong emphasis was also put on the interactive relationship between the church and the family, not only in the family being a part of the church but also in it being a metaphor for the church. On the basis of an analysis of the history of the family over centuries, certain basic aspects of the family were again identified. In this part of the study specific attention was paid to the postmodernism as phenomenon and its implications for the experience of community and for the family.

In the empirical study interviews were conducted with six families on the basis of a number of essential themes identified from the study thus far, to determine what their experience of and problems with those facets of their family life are. An interview with a focus group about the same themes was also conducted. On the basis of these conversations the basic themes were further reduced to six in number, and a variety of common concerns or problems, or merely ways of handling certain matters, were identified.

In the development of a practice theory emphasis was put on the fact that the address of such a theory or model cannot be in the first place only the church as it performs its work through its offices, but that it needs also to be the church as a community of the faithful, with the family itself as an autonomous body. Without running the risk of making too rigid a

distinction between the various responsibilities of these three, recommendations were made about a number of fields in which the ministry to families can concentrate to counteract the growing danger of privatisation and isolation of families, and again to make families viable building blocks of the church of Christ.

**Keywords**: Family - church - values - faith - postmodernism - community - support.

# BIBLIOGRAFIE

ALMANAK ***kyk*** DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Almanak.

ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. 1998. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. 345p. (The family, religion, and culture.)

ANON. 1998. Editorial. *Interpretation*, 52(2):116.

ASTLEY, J. 1996. The role of the family in the formation and criticism of faith. (*In* Barton, S.C., *ed*. The family in theological perspective. Edinburgh: Clark. p.187-202.)

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. The practice of social research. Oxford: University Press. 674p.

BARCLAY, J.M.G. 1997. The family as the bearer of religion in Judaism and early Christianity. (*In* MOXNES, H., *ed*. Constructing early Christian families: family as social reality and metaphor. London: Routledge. p.66-80.)

BARRET, C.K. 1998a. A critical and exegetical commentary on the Acts of the Apostles: Volume I: Preliminary introduction and commentary on Acts I-XIV. Edinburgh: Clark. 693p. (The international critical commentary on the Holy Scriptures of the Old and New Testaments.)

BARRET, C.K. 1998b. A critical and exegetical commentary on the Acts of the Apostles: Volume II: Introduction and commentary on Acts XV-XXVIII. Edinburgh: Clark. 1272p. (The international critical commentary on the Holy Scriptures of the Old and New Testaments.)

BARTCHY, S.S. 1998. Families in the Greco-Roman world. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.282-286.)

BARTON, S.C. 1996. Biblical hermeneutics and the family. (*In* Barton, S.C., *ed*. The family in theological perspective. Edinburgh: Clark. p.3-23.)

BARTON, S.C. 2001. Life together: family, sexuality and community in the New Testament and today. Edinburgh: Clark. 256p.

BAYME, S. 1998. Family: a Jewish perspective. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.28-30.)

BERNARDES, J. 2003. Do we really know what 'the family' is? (*In* CHEAL, D., *ed.* Family: critical concepts in sociology. London: Routledge. p. 83-102.)

BJARNASON, T. 1998. Parents, religion and perceived social coherence: a Durkheimian framework of adolescent anomie. *Journal for the scientific study of religion*, 37(4):742-754.

BLOCK, D.I. 2003. Marriage and family in ancient Israel. (*In* Campbell, K.M., *ed.* Marriage and family in the biblical world. Downers Grove, IL: InterVarsity. p.33-102.)

BOGGS, C. & POLLARD, T. 2003. Postmodern cinema and the demise of the family. *The journal of American culture*, 26(4):445-463.

BOSS, P.G., DOHERTY, W.J., LAROSSA, R., SCHUMM, W.R. & STEINMETZ, S.K., *eds.* 1993. Sourcebook of family theories and methods: a contextual approach. New York, NY: Plenum. 748p.

BOTHA, M.E. 2005. Metaphors, domains and embodiment. *Koers*, 70(3):401-423.

BOYATZIS, C.J. & JANICKI, D.L. 2003. Parent-child communication about religion: survey and diary data on unilateral transmission and bi-directional reciprocity styles. *Review of religious research*, 44(3):252-270.

BROWNING, D. 1998. Families in the nineteenth and twentieth centuries. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.295-299.)

BROWNING, D. 2001. The world situation of families: marriage reformation as a cultural work. (*In* THATCHER, a., *ed.* Celebrating Christian marriage. Edinburgh: Clark. p. 3-20)

CHEAL, D. 1993. Unity and difference in postmodern families. *Journal of family issues*, 14(1):5-19.

CLAPP, R. 1993. Families at the crossroads: beyond traditional & modern options. Downers Grove, IL.: InterVarsity Press. 208p.

CLARK, D.K. 1995. Biblical and theological foundations of marriage and the family. (*In* NEFF, B.J. & RATCLIFF, D. *eds.* Handbook of family religious education. Birmingham, Al.: Religious Education Press. p.5-35.)

COLIJN, B.B. 2004. Family in the Bible: a brief survey. *Ashland theological journal*, 36:73-84.

COMPAAN, A. 2005. Hartlike kuier of 'n verspeelde kans?: NGK-konferensie het op 'n profetiese vlak misluk. *Beeld*, 4 Julie 2005:10.

CORBETTA, P. 2003. Social research: theory, methods and techniques. London: Sage. 328p.

CORNWALL, M. 1988. The influence of three agents of religious socialization: family, church and peers. (*In* THOMAS, D.L., *ed.* The religion and family connection: social science perspectives. Provo, UT: Religious Studies Center, BYU. p. 207-231.)

CRESWELL, J.W. & PLANO CLARK, V.L. 2007. Designing and conducting mixed methods research. Thousand Oaks, CA: Sage. 275p.

D'ANTONIO, W.V. 1980. The family and religion: exploring a changing relationship. *Journal for the scientific study of religion*, 19(2):89-104.

D'ANTONIO, W.V. & ALDOUS, J., *eds.* 1983. Families and religions: conflict and change in modern society. Beverly Hills, CA: Sage.

DAVIES, G.I. 1992. Hosea. Grand Rapids, MI: Eerdmans. 315p. (New century Bible commentary.)

DAY, R.D., GILBERT, K.R., SETTLES, B.H. & BURR, W.R., *eds.* 1995. Research and theory in family science. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole. 361p.

DEARMAN, J.A. 1998. The family in the Old Testament. *Interpretation*, 52(2):117-129.

DEKKER, G. 1996. The changing position and meaning of religion and the church in Western Europe – a sociological analysis. *Religion and theology*, 3(2):246-258.

DE KLERK, B.J. 2001. Die liturgie van die huisgesin. (*In* Van Wyk, J.H., *red.* Kerk- en Christenwees vandag. Potchefstroom: PTP. p.90-109.)

DEPARTMENT of Social Development ***kyk*** SOUTH AFRICA. Department of Social Development.

DE VOS, A.S., *red.* 1998. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik Academic. 436p.

DICKIE, J.R., ESHLEMAN, A.K., MERASCO, D.M., SHEPARD, A, VANDER WILT, M. & JOHNSON, M. 1997. Parent-child relationships and children's images of God. *Journal for the scientific study of religion*, 36(1):25-43.

DIJKSTRA-ALGRA, N. 2000. Pastoraat voor iedereen. Zoetermeer: Boekencentrum. 103p.

DOHERTY, W.J., BOSS, P.G., LAROSSA, R., SCHUMM, W.R. & STEINMETZ, S.K. 1993. Family theories and methods: a contextual approach. (*In* BOSS, P.G., DOHERTY, W.J., LAROSSA, R., SCHUMM, W.R. & STEINMETZ, S.K., *eds.* Sourcebook of family theories and methods: a contextual approach. New York, NY: Plenum. p. 3-30.)

DRINKARD, J.F. 2001. An understanding of family in the Old Testament: maybe not as different from us as we usually think. *Review and expositor*, 98(Fall):485-501.

DUDLEY, R.L. & DUDLEY, M.G. 1986. Transmission of religious values from parents to adolescents. *Review of religious research*, 28(1):3-15.

DUNN, J. 1996. The household rules in the New Testament. (*In* Barton, S.C., *ed.* The family in theological perspective. Edinburgh: Clark. p.43-64.)

EERDMANS ***kyk*** FREEDMAN, D.N.

ELKIND, D. 1994. Ties that stress: the new family imbalance. Cambridge, MA: Harvard University Press. 260p.

ERZBERGER, C. & KELLE, U. 2003. Making inferences in mixed methods: the rules of integration. (*In* TASHAKKORI, A. & TEDDLIE, C., *eds.* Handbook of mixed methods in social and behavioral research. Thousand Oaks, CA: Sage. p. 457-488.)

EXALTO, K. 1977. Het gezin in de Reformatie en de Nadere Reformatie. (*In* VAN DER GRAAF, J. & KOLE, I.A., *reds.* Het gezin vandaag en morgen. 's-Gravenhage: Boekencentrum. p. 29-52.)

FLICK, U., VON KARDORFF, E. & STEINKE, I. 2004. A companion to qualitative research. London: Sage.

FLOOR, L. 1986. 'n Lamp vir almal in die huis: Christelike leefreëls vir huwelik, gesin en samelewing. Pretoria: NG Kerkboekhandel. 80p.

FRANCIS, L.J. & GIBSON, H.M. 1993. Parental influence and adolescent religiosity: a study of church attendance and attitude toward Christianity among adolescents 11 to 12 and 15 to 16 years old. *The international journal for the psychology of religion*, 3(4):241-253.

FREEDMAN, D.N. *editor-in-chief.* 2000. Eerdmans dictionary of the Bible. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

FRIEDMAN, E.H. 1985. Generation to generation: family process in church and synagogue. New York, NY: Guilford. 319p.

FRYMER-KENSKY, T. 1998. Families in ancient Israel. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.277-281.)

GARLAND, D.R. 1999. Family ministry: a comprehensive guide. Downers Grove, IL: InterVarsity. 627p.

GARRETT, W.R. 1998. The Protestant ethic and the spirit of the modern family. *Journal for the scientific study of religion*, 37(2):222-233.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1986. Almanak. Potchefstroom. 256p.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2008. Almanak. Potchefstroom. 703p.

GIESBRECHT, N. 1995. Parenting style and adolescent religious commitment. *Journal of psychology and Christianity*, 14(3):228-238.

GRANT, B.W. 2000. The social structure of Christian families: a historical perspective. St Louis, MI: Chalice. 189p.

GREER, R.C. 2003. Mapping postmodernism: a survey of Christian options. Downers Grove, IL: InterVarsity. 286p.

GRENZ, S.J. 1996. A primer on postmodernism. Grand Rapids, MI.: Eerdmans. 204p.

GROBBELAAR, K.G. 2007. Hulpverlening tot streshantering by predikante van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA): 'n pastorale studie. Potchefstroom: NWU Potchefstroomkampus. (Proefskrif – PhD) 200p.

GRUSEC, J.E. 1997. A history of research on parenting strategies and children's internalization of values. (*In* GRUSEC, J.E. & KUCZYNSKI, L., *eds.* Parenting and children's internalization of values. New York, NY: John Wiley & Sons. p. 3-22.)

HAHLO, G. 1999. Millennium kids and the post-modern family. *Advertising & marketing to children*, Sep/Oct:229-237.

HARGROVE, B. 1983a. The church, the family, and the modernization process. (*In* D'ANTONIO, W.V. & ALDOUS, J., *eds.* 1983. Families and religions: conflict and change in modern society. Beverly Hills, CA: Sage. p. 21-48)

HARGROVE, B. 1983b. Family in the white American Protestant experience. (*In* D'ANTONIO, W.V. & ALDOUS, J., *eds.* 1983. Families and religions: conflict and change in modern society. Beverly Hills, CA: Sage. p. 113-140)

HAYES, B.C. & PITTELKOW, Y. 1993. Religious belief, transmission, and the family: an Australian study. *Journal of marriage and the family*, 55(3):755-766.

HEANEY-HUNTER, J. 1998. Family: a Catholic perspective. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.24-27.)

HENNING, E., VAN RENSBURG, W. & SMIT, B. 2004. Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik. 179p.

HERLIHY, D. 1991. Family. *American historical review*, 96(1):1-16.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998a. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria: Gnosis.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998b. A primer in practical theology. Pretoria: Gnosis.

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die 'mekaar'-opdragte in die *Corpus Paulinum* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. 300p. (Proefskrif, ThD – PU vir CHO.)

HILL, M.S. 2003. When is a family a family?: evidence from survey data and implications for family policy. (*In* CHEAL, D., *ed.* Family: critical concepts in sociology. London: Routledge. p. 55-82.)

HOGE, D.R., PETRILLO, G.H. & SMITH, E.I. 1982. Transmission of religious and social values from parents to teenage children. *Journal of marriage and the family*, 44(3):569-580.

HOLLAND, J.B. 2007. Solution-focused lay pastoral care. *Family and community ministries*, 22(2):22-30.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007a. Navorsingsmetodologie (ongepubliseerde notas vir 'n werkswinkel by die Fakulteit Teologie van die NWU se Potchefstroomkampus, 9 Maart 2007). 11p.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007b. Seminar on research methodology (unpublished notes for a seminar at the Faculty of Theology of the NWU's Potchefstroom Campus, 30-31 August 2007). 15p.

JENNINGS, M.K., STOKER, L. & BOWERS, J. 1999. Politics across generations: family transmission reexamined. ([Berkeley, CA?]: Institute of Governmental Studies: Working Paper 2001-15. www.igs.berkeley.edu/publications/workingpapers, 18 June 2004.)

KARANT-NUNN, S.C. 2000. Reformation society, women and the family. (*In* PETTEGREE, A., *ed.* The Reformation world. London: Routledge. p. 433-460.)

KELLEY, J. & DE GRAAF, N.D. 1997. National context, parental socialization, and religious belief: results from 15 nations. *American sociological review*, 62(4):639-659.

KNAFO, A. & SCHWARTZ, S.H. 2003. Parenting and adolescents' accuracy in perceiving parental values. *Child Development*, 74(2):595-611.

KNOTT, K. 2001. Religion: family and kinship. (*In* SMELSER, N.J. & BALTES, P.B., *eds.* International encyclopedia of the social & behavioral sciences. Amsterdam: Elsevier. p. 13066-13071.)

KöSTENBERGER, A. 2003. Marriage and family in the New Testament. (*In* Campbell, K.M., *ed.* Marriage and family in the biblical world. Downers Grove, IL: InterVarsity. p.240-284.)

KUCZYNSKI, L., MARSHALL, S. & SCHELL, K. 1997. Value socialization in a bidirectional context. (*In* GRUSEC, J.E. & KUCZYNSKI, L., *eds*. Parenting and children's internalization of values. New York, NY: John Wiley & Sons. p. 23-50.)

LESLIE, G.R. & KORMAN, SHEILA K. 1989. The family in social context. Oxford: Oxford University Press.

LOTTER, G.A. 2004. Die huwelik en die Reformasie. *Die Kerkblad*, 107(3168):26-27.

LOUW, D.J. 1989. Gesinsverryking: riglyne vir groei en kommunikasie. Pretoria: Academica. 254p.

LOUW, D.J. 1996. Metaphoric theology and God images in a hermeneutics for pastoral care and counselling. *Skrif en kerk*, 17(1):114-142.

LOUW, D.J. 1997. Die rol van Godsbeelde/voorstellinge in die ontwikkeling van lidmate se geloof – 'n pastoraal-diagnostiese model. *Praktiese teologie in S.A.*, 12(1):64-79.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. 2nd. ed. New York, NY: United Bible Societies. 2 vols.

MARCIANO, T.D. 1987. Families and religions. (*In* SUSSMAN, M.B. & STEINMETZ, S.K., *eds*. Handbook of marriage and the family. New York, NY: Plenum. p. 285-315.)

MAREE, K. *ed.* 2007. First steps in research. Pretoria: Van Schaik. 334p.

MARTINSON, R. & MARTINSON, S.A. 1998. Work of families: roles of families. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.63-70.)

MASTON, T.B. 1983. The Bible and family relations. Nashville, TN: Broadman. 266p.

MIDDLETON, J.R. & WALSH, B.J. 1995. Truth is stranger than it used to be: Biblical faith in a postmodern age. Downers Grove, IL: InterVarsity. 250p.

MOUNCE, W.D. 2000. World Biblical commentary: Volume 46: Pastoral epistles. Nashville, TN: Thomas Nelson. 641p.

MOXNES, H. 1997. What is family? Problems in constructing early Christian families. (*In* MOXNES, H., *ed*. Constructing early Christian families: family as social reality and metaphor. London: Routledge. p.13-41.)

MUDDIMAN, J. 2001. A commentary on the epistle to the Ephesians. London: Continuum. 338p. (Black's New Testament commentaries.)

MÜLLER, J. & DE KOKER, W. 2002. Spiritualiteit te midde van 'n kultuur van voorspoed: 'n fokus op die ooste van Pretoria. *Verbum et ecclesia*, 23(2):432-451.

MURDOCK, G.P. 2003. The nuclear family. (*In* CHEAL, D., *ed.* Family: critical concepts in sociology. London: Routledge. p. 19-54.)

ODEN, T.C. 2001. The death of modernity and postmodern evangelical spirituality. (*In* DOCKERY, D.S. *ed.* The challenge of postmodernism. Grand Rapids, MI: Baker Academic. p.19-33.)

OKAGAKI, L. & BEVIS, C. 1999. Transmission of religious values: relations between parents' and daughters' beliefs. *The journal of genetic psychology*, 160(3):303-318.

OOSTENBRINK, J. & LOTTER, G.A. 1999. Die groot God by kleingroepe. S.l.: DPM. 84p.

OSIEK, C. 1995. The New Testament and the family. (*In* CAHILL, L.S. & MIETH, D. The family. London: SCM Press. p.1-9.)

OSIEK, C. 1998. Families in early Christianity. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.287-290.)

O'TOOLE, R. 2001. Sociology of religion. (*In* SMELSER, N.J. & BALTES, P.B., *eds.* International encyclopedia of the social & behavioral sciences. Amsterdam: Elsevier. p. 13106-13112.)

PERDUE, L.G. 1997a. The Israelite and early Jewish family: summary and conclusions. (*In* PERDUE, L.G., BLENKINSOPP, J., COLLINS, J.J. & MEYERS, C. Families in ancient Israel. Louisville, KY: Westminster John Knox. p.163-222. [The family, religion and culture.])

PERDUE, L.G. 1997b. The household, Old Testament theology, and contemporary hermeneutics. (*In* PERDUE, L.G., BLENKINSOPP, J., COLLINS, J.J. & MEYERS, C. Families in ancient Israel. Louisville, KY: Westminster John Knox. p.223-257. [The family, religion and culture.])

PIENAAR, R. 1989. Die invloed van egskeiding op die skolastiese en sportprestasie van sekondêre skoolleerlinge. 208p. (Verhandeling, M.Ed. – Randse Afrikaanse Universiteit).

POST, S.G. 1998. Family: a Protestant perspective. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.21-23.)

POST, S.G. 2000. More lasting unions: Christianity, the family and society. Grand Rapids, MI: Eerdmans. 205p.

REGNERUS, M.D., SMITH, C. & SMITH, B. 2004. Social context in the development of adolescent religiosity. *Applied developmental science,* 8(1):27-38.

RODD, C.S. 1967. The family in the Old Testament. *The Bible translator*, 18(1):19-26.

ROGERSON, J. 1996. The family and structures of grace in the Old Testament. (*In* Barton, S.C., *ed.* The family in theological perspective. Edinburgh: Clark. p.25-42.)

SLAUGHTER, J.R. 1996. Toward a Biblical theology of family. (*In* GANGEL, K.O. & WILHOIT, J.C., *eds.* The Christian educator's handbook on family life education. Grand Rapids, MI: Baker. p.13-32.)

SMALLEY G. & TRENT, J. 1990. The Blessing. New York, NY: Pocket Books. 252p.

SOUTH AFRICA. Department of Social Development. 2003. Baseline document for the development of a national policy for families: 1st draft. Pretoria. 80p.

SPILKA, B., HOOD, R.W. & GORSUCH, R.L. 1985. The psychology of religion: an empirical approach. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

STACEY, J. 1991. Brave new families: stories of domestic upheaval in late twentieth century America. S.l.: BasicBooks. 328p.

STEYN, A.F. 1996. Values that support quality marital and family life. *South African journal of sociology*, 27(4):143-147.

STEYN, R.S. 2005. Die impak van die postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings: 'n pastorale studie. Potchefstroom: NWU Potchefstroomkampus. (Proefskrif – PhD) 210p.

STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voorhuwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 21(1):104-120.

STRAUSS, D.F.M. 2004. How 'postmodern' is 'postmodernism'? *Koers*, 69(2):259-276.

SUSSMAN, M.B., STEINMETZ, S.K. & PETERSON, G.W., *eds.* 1987. Handbook of marriage and the family. New York, NY: Plenum.

SUSSMAN, M.B. & STEINMETZ, S.K., *eds.* 1999. Handbook of marriage and the family. 2nd ed. New York, NY: Plenum.

SWINTON, J. & MOWAT, H. 2006. Practical theology and qualitative research. London: SCM. 278p.

TAMAYO, A. & DESJARDINS, L. 1976. Belief systems and conceptual images of parents and God. *The journal of psychology*, 92:131-140.

TEDDLIE, C. & TASHAKKORI, A. 2003. Major issues and controversies in the use of mixed methods in the social and behavioral sciences. (*In* TASHAKKORI, A. & TEDDLIE, C., *eds.* Handbook of mixed methods in social and behavioral research. Thousand Oaks, CA: Sage. p. 3-50.)

THORNTON, A. 1988. Reciprocal influences of family and religion in a changing world. (*In* THOMAS, D.L., *ed.* The religion and family connection: social science perspectives. Provo, UT: Religious Studies Center, BYU. p. 27-49.)

TOWNER, P.H. 1994. 1-2 Timothy & Titus. Downers Grove, IL: InterVarsity. 271p. (The IVP New Testament commentary series.)

VAN DER LINDEN, H. 1999. Windelband, Wilhelm. (*In* AUDI, R., *gen. ed.* The Cambridge dictionary of philosophy. Cambridge: University of Cambridge Press. p. 976.)

VAN DER SCHYFF, S.P. 2008. Die transformerende wisselwerking tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Potchefstroom: NWU Potchefstroomkampus. (Proefskrif – PhD) 429p.

VAN DER WALT, B.J. 1987. Bybelse verrassings oor die vrou. Potchefstroom: IRS. 39p. (IRS-studiestukke, no 228, 229.)

VAN DER WALT, B.J. 1995. Preface. (*In* VAN DER WALT, B.J., DE GRAAF, A., SCHROTENBOER, P.G., OLTHUIS, J.A., SPYKMAN, G & HART, H. Hope for the family. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies, PU for CHE. p. i-iv.)

VAN DER WALT, T. 2006. Die Messias het gekom: 'n gids in die Evangelies vir toegewyde Bybel-studente. Potchefstroom: PTP. 309p.

VAN GEMEREN, W.A., *gen. ed.* 1997. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids, MI: Zondervan. 5 vols.

VAN HAAREN, J. 1965. Het gezin als geloofsgemeente. 's-Gravenhage: Pax. 88p.

VAN HUYSSTEEN, J.W.V. 1986. Teologie as kritiese geloofsverantwoording: teorievorming in die sistematiese teologie. Pretoria: RGN. 232p. (RGN-studies in navorsingsmetodologie: 2.)

VEITH, G.E. 1994. Postmodern times: a Christian guide to contemporary thought and culture. Wheaton, IL.: Crossway. 256p.

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.

VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid: wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakoniologie. *In die Skriflig*, 29(1&2):181-202.

VENTER, H.V. 2004. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n prakties-teologiese benadering. 138p. (Skripsie, ThM – Noordwes-Universiteit.)

VERHOEF, G.C. 2000. Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading: enkele snitte uit die Skrif en die praktiese implikasies daarvan. Potchefstroom. 140p. (Verhandeling, MA – PU vir CHO.)

VERSTEEG, J.P. 1979. Oog voor elkaar: het gebruik van het woord 'elkaar' in het Nieuwe Testament met betrekking tot de onderlinge verhoudingen binnen de gemeente. Kampen: Kok. 109p.

VON WIELLIGH, J. 2003. Coping by kinders uit egskeidingsgesinne. 117p. (Skripsie, M.A. - PU vir CHO).

VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig*, 27(2):247-260.

VORSTER, J.M. 2008. Christian ethical perspectives on marriage and family life in modern Western culture. *Hervormde Teologiese Studies*, 64(1):463-481.

WALKER, L.J. 1999. The family context for moral development. *Journal of Moral Education*, 28(3):261-264.

WALKER, L.J., HENNIG, K.H. & KRETTENAUER, T. 2000. Parent and peer contexts for children's moral reasoning development. *Child Development*, 71(4):1033-1048.

WALL, J. & MILLER-McLEMORE, B. 2002. Marital therapy caught between person and public: Christian traditions on marriage. *Pastoral psychology*, 50(4):259-280.

WALTKE, B.J. 2001. Genesis: a commentary. Grand Rapids, MI: Zondervan. 656p.

WATTS, F. 2001. Psychology of religion. (*In* SMELSER, N.J. & BALTES, P.B., *eds*. International encyclopedia of the social & behavioral sciences. Amsterdam: Elsevier. p. 13102-13106.)

WEINER, A.B. 1997. The false assumptions of traditional values. (*In* DREMAN, S. *ed*. The family on the threshold of the 21st century: trends and implications. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates. p. 103-112.)

WHITE, F.A. 2000. Relationship of family socialization processes to adolescent moral thought. *The Journal of Social Psychology*, 140(1):75-91.

WHITE, F.A. & MATAWIE, K.M. 2004. Parental morality and family processes as predictors of adolescent morality. *Journal of Child and Family Studies*, 13(2):219-233.

WHITE, J.E. 2001. Evangelism in a postmodern world. (*In* DOCKERY, D.S. *ed*. The challenge of postmodernism. Grand Rapids, MI: Baker Academic. p.169-183.)

WILKINSON, S. 2004. Focus group research. (*In* SILVERMAN, D. *ed*. Qualitative research: theory, method and practice. London: Sage. p. 177-199.)

WINDMILLER, M. 1980. Introduction. (*In* WINDMILLER, M., LAMBERT, N. & TURIEL, E. Moral development and socialization. Boston, MA: Allyn and Bacon. p. 1-33.)

WITTBERG, P. 1999. Families and religions. (*In* SUSSMAN, M.B., STEINMETZ, S.K. & PETERSON, G.W., *eds*. Handbook of marriage and the family. 2nd ed. New York, NY: Plenum. p. 503-523.)

WITTE, J. 1998. Families in medieval Christianity and the Reformation. (*In* ANDERSON, H., BROWNING, D., EVISON, I.S. & VAN LEEUWEN, M.S. The family handbook. Louisville, Ky.: Westminster John Knox. p.291-294.)

ZEITLIN, M.F. *et al.* 1995. Strengthening the family: implications for international development. New York, NY: United Nations University Press. (Uittreksels by www.unu.edu/unupress/unupbooks/uu13se/uu13se03.htm.)

# 'N PERSOONLIKE NAWOORD

God kom 'n mens in die aanpak van 'n studie soos hierdie met onmeetbare gawes tegemoet, waarvoor jy nooit dankbaar genoeg is nie. Afgesien van die leiding deur sy Gees en die gawes van verstaan en insien, plaas Hy oor baie jare mense op jou pad wat 'n deel is van jou lewe en van hierdie werk, en wat meer erkenning en dank verdien as 'n paar woorde:

- Die bestuur van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, en my vriende daar, vir hulle ondersteuning en vir alles wat die Puk is.

- My te min besonge kollegas in die Ferdinand Postma-Biblioteek vir hulle onvergelykbare professionele hulp. Ek het seker 'n binnebaan gehad by die vra na en kry van hulp, maar ek weet dat hulle dieselfde vriendelike, geduldige en onverbeterlike hulp aan elke voor- en nagraadse student verskaf.

- My promotor, George Lotter, wat algaande 'n meer gewaardeerde vriend geword het en sal bly, vir sy opregte belangstelling en aanmoediging en wetenskaplike kennis waardeur ek kon groei. Dis beleefde gebruik om in geskrifte soos hierdie en ander al die deugde aan die promotor of adviseur toe te skryf en self verantwoordelikheid vir die tekortkominge te aanvaar. In hierdie geval moet die blaam meer gelykop verdeel word, omdat hy prokrastinasie (en perendinasie, en erger) goed kon diagnoseer, maar pastoraal niks daaraan kon doen nie.

- My Pa, Isak Larney, vir sy volgehoue belangstelling en aanmoediging, al het die navrae oor vordering in die jongste tyd uit versigtigheid minder gereeld geword. In my ouerhuis het ek van hom en my Ma Marie (en my twee Ma's daarna) geleer wat godvrugtigheid beteken. Soos ook in die huis van my skoonouers, Berend en Jantje Wierenga. My ouers en skoonouers is mense wat as gevolg van die Depressie in die dertigerjare in Suid-Afrika en Nederland die voordele van verdiende verdere studie moes ontbeer, maar wat niks ontsien het om dit vir hulle kinders moontlik te maak nie. Daarvoor eer ons hulle en dank ons God.

- My vrou Ment, ons dogters Janette, Mentje en Elisabet, en ons skoonseuns Marius en Rudie, vir hulle volgehoue liefde, belangstelling en ondersteuning. En lering. Toe ons tweede dogter en suster Annemarie in Oktober 2002 oorlede is, het ek van die eerste nag af net soveel van hulle geleer oor wat gesinne kan doen en behoort te wees, as wat ek kon wys word uit die boeke en artikels in die bibliografie.

**Tom Larney**

***Potchefstroom***
***1 September 2009***